

ALTERNATIEWE VONNISSE EN REHABILITASIE: 'n PENOLOGIESE STUDIE

deur

GIDEON ALBERTUS JACOBUS LAMBRECHTS

voorgelê luidens die vereistes
vir die graad

DOCTOR LITTERARUM ET PHILOSOPHIAE

in die vak

PENOLOGIE

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: PROF C H CILLIERS

JUNIE 2009

VOORWOORD

Alle eer aan God die Vader wat vir my die vermoëns gegee het om hierdie studie aan te pak en te voltooi. Hierdie studie word opgedra aan my vrou Ansie, en my dogters, Marloe en Denise. Baie dankie vir al die opofferings en ontberings gedurende hierdie tydperk wanneer ek nie altyd beskikbaar was nie.

Dit was 'n groot voorreg om onder die toesig en leiding van professor Charl Cilliers te kon werk. Sy kennis en ervaring van die penologiese terrein is merkwaardig. Sy objektiewe benadering tot die vakgebied wat gepaard gaan met sy positiewe gesindheid, was deel van die ervaring om aan hierdie projek te werk.

Spesiale dank ook aan almal wat insette tot hierdie studie gelever het en spesifiek aan mnr Gideon Morris by die kantoor van die Regterlike Inspektoraat vir Gevangnisse, mnr Hein Mans by die Goodwood gevangenis, me Feroza Mohideen by Statistics SA en mnr Victor Pama by die dokumentêre afdeling by die Parlement.

Ek verklaar hiermee dat **ALTERNATIEWE VONNISSE EN REHABILITASIE: 'n PENOLOGIESE STUDIE** my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.

G.A.J. Lambrechts

OPSOMMING

Gevangenis oorbevolking is 'n probleem waarmee die Suid-Afrikaanse korrektiewe stelsel reeds vir baie jare worstel. Suid-Afrika is een van die lande met die hoogste gevangenis bevolking in die wêreld. Een van die grootste probleme wat tot die situasie bydra, is die aantal oortreders wat nie in staat is om borg te betaal nie. 'n Ander probleem is die aantal verhoorafwagendes wat in aanhouding is. Die Suid-Afrikaanse Witskrif van die Departement van Korrektiewe Dienste, is vasberade om die rehabilitering van die oortreder te bevorder. Die fokus van die studie wentel om die rehabilitasie van die oortreder en die vraag of hierdie doelwit binne die korrektiewe stelsel haalbaar is. Heelwat klem word op die noodsaaklikheid van alternatiewe vonnisse geplaas asook rehabilitasie as strafoogmerk tydens vonnisoplegging. Dit is die navorsers se mening dat die korrektiewe stelsel nie die geskikste plek is vir die rehabilitering van die oortreder nie.

KEY TERMS

Alternative sentencing

Non-custodial sentencing

Rehabilitation

Community sentences

SLEUTEL TERME

Alternatiewe vonnisoplegging

Gemeenskaps gebaseerde vonnisse

Rehabilitasie

ABSTRACT

The South African Department of Correctional Services has a long history of overpopulated prisons. Many correctional centres are experiencing staff shortages which may pose a risk to the inmates and staff. There are many offenders in custody that is of no threat to society and should therefore rather serve their sentences within their communities. A large number of inmates are in custody due to their inability to afford bail. The number of awaiting trial prisoners adds an unnecessary burden to the already overpopulated correctional system. This research has outlined the historical development of the South-African correctional system. The prison population was investigated including the contributing factors which are responsible for the overcrowding situation. Rehabilitation as one of the sentencing goals, was evaluated against the other sentencing objectives. The important role which alternative sentencing could play was investigated in depth. Examples of empirical research findings were incorporated in this study including a number of practical examples of alternatives sentences in South Africa and other countries.

HOOFSTUK 1

ORIËTERING VAN DIE STUDIE

1.1 Inleiding

Die Suid-Afrikaanse korrektiewe stelsel het die laaste dekade drasties verander. Baie van die veranderinge was tot die korrektiewe stelsel se voordeel. Personeelveranderinge asook die skepping van 'n nuwe regsraamwerk vir die korrektiewe stelsel wat nie alleenlik rasse diskriminasie onwettig verklaar nie, maar wat ook primêr tot die spesifieke regte en pligte van gevangenes georiënteer is, is tot stand gebring. Dit stel die basis daar vir die ontwikkeling van 'n moderne korrektiewe stelsel wat aan die standaarde van 'n konstitusionele demokrasie konformeer (Van Zyl Smit & Dünkel 2001:606).

Hoewel die transformasie proses van die 1990's Suid-Afrikaners die geleentheid gebied het om hulle siening omtrent misdaad en straf te hersien, het dit nie sonder probleme geskied nie. Daar was 'n publieke persepsie dat die land vasgevang is in 'n misdaadgolf wat gevolglik heelwat publieke debat sowel as politieke konflik ontketen het. Daar was 'n toename in die vonnisoplegging van oortreders wat diegene ingesluit het wat die hervormingsproses teengestaan het. Senior figure in die *African National Congress* het 'n politieke siening omtrent misdaad ontwikkel gedurende hulle stryd teen apartheid. Hulle was van mening dat misdaad tussen swart mense sal verminder nadat apartheid omver gewerp was. Die denke was dat die verbeterde lewensverwagting van almal sou

verbeter. Die toename in geweldmisdad het egter 'n werklikheid van Suid-Afrika se nuwe demokrasie geword wat groot implikasies vir politiek sowel as gevangenisinhoud. Die hoë toename in misdadigheid het politieke druk op die regering geplaas om 'n "tough on criminals" houding aan te neem. Die aantal seksuele en aggressiewe oortreders alleenlik het gesamentlik met 75% gestyg vanaf 1995 tot einde 2005 (Muntingh 2006:22). Daar was sodoende 'n ondersoek gelas na die oprigting van maksimum sekuriteit gevangenis, die versoek aan voorsittende beamptes om langer vonnisse op te lê en om sekuriteit oor die algemeen by gevangenis te verskerp (Dissel & Ellis 2002:6;8).

Kern strydvrage oor gevangenis-oorbevolking, amnestie en parool het onder die soeklig gekom. Die drie belangegroepes by hierdie aangeleentheid was die breë publiek, die regering en die gevangenes. Dit was veral die verharde publieke mening oor die vroeë vrylating van gevangenes by wyse van amnestie of parool wat heelwat reaksie ontlok het. In 2005 was amnestie byvoorbeeld aan 31,865 gevangenes toegestaan nadat die gevangenisgetal in Januarie 1995 op 187,036 gestaan het (Giffard & Muntingh 2007:8). Daar was dus baie min publieke debat gevoer oor die kwessie van die rehabilitering van gevangenes of hulle herintegrasie terug in die gemeenskap. Die klem was eerder op vergelding, inkapasitasie en afskrikking. Die algemene gemeenskapsgevoel was 'n vermenging van woede en vrees (Pete 1998:51-52). Die meerderheid Suid-Afrikaanse burgers en baie ander belanghebbendes deel die siening dat gevangenis daar is om oortreders agter slot en grendel te hou. Daar is geen werklike verwagting dat rehabilitasie en die suksesvolle herintegrasie van gevangenes terug in die gemeenskap werklik gaan geskied nie. Volgens die publieke mening, is een ontsnapte, 'n veel erger probleem as die vrylating van ongeveer 16,374 gevonniste gevangenes elke maand en ons weet dat die oorgrootte meerderheid nie ondersteuningsdienste in die gevangenis ontvang om die risiko van heroortreding te verminder nie. Die totaal vrygelatenes tussen periode Januarie 2008 – Junie 2008 was 98,249 (Departement van Korrektiewe Dienste 2008:36).

Hoewel die Department van Korrektiewe Dienste se visie gedeeltelik lees: *“Placing rehabilitation at the centre of all Departmental activities...”* asook *“The cost-effective provision of correctional facilities that will promote efficient security, correction, care and development services within an enabling human rights environment”* (Departement van Korrektiewe Dienste Jaarverslag 2006/07:12), word die Suid-Afrikaanse Department van Korrektiewe Dienste se mandaat om aan die veilige bewaking sowel as die rehabilitering van aangehoudenes te voldoen, grootliks gemisk en vanweë die situasie wat landswyd in die gevangenisopset heers.

Die *Regterlike Inspektoraat vir Gevangenis* se 2005/2006 jaarverslag aan President Thabo Mbeki, spreek ook kommer uit oor die aanhouding en die moontlikheid van rehabilitasie binne die gevangenis deur te sê: *“We are failing in our constitutional obligation to honour the right of every prisoner to conditions of detention that are consistent with human dignity, including at least exercise and the provision, at state expense, of adequate accommodation, nutrition, reading matter and medical treatment. Because of the overcrowding, we are failing to rehabilitate offenders as we should but instead are fostering criminality – all at great expense”* (Fagan 2006:21). Ook die *Wetsgenootskap van Suid-Afrika* wat ’n landswye besoek aan gevangenis afdelings het, het weer in sy verslag gewaarsku, dat indien die lewensomstandighede van gevangenes nie verbeter, asook haalbare rehabiliterende maatstawwe en opleiding ingestel word nie, gaan die strafregstelsel soos hy dit stel: *“will increasingly produce a super breed of criminal”* (LSSA, *DeRebus*, May 2003).

Een van die vernaamste gevolge wat uit hierdie probleme voortspruit, is dat suksesvolle rehabilitasie van oortreders en gevolglik die herintegrasie in die gemeenskap in die wiele gery word. Die hoë residivisme syfer wat ervaar word, is ’n aanduiding dat rehabilitasie binne ’n gevangenisopset nie in die doel slaag nie. Volgens Professor Charl Cilliers, beland tot 80% van die gevangenes weer in die gevangenis (Karstens 2007:8). Daar moet aanvaar word dat ofskoon die oortreder gevangenisstraf ontvang of nie, dit ’n realiteit is dat die oortreder deel

van die gemeenskap is en een of ander tyd weer na die gemeenskap moet terugkeer. Dit is dus vanselfsprekend dat die gemeenskap nie onsimpatiek teenoor die oortreder staan nie, maar dat laasgenoemde deel van die samelewing vorm.

Dit is veral die staat wat 'n aanspreeklikheid teenoor die oortreder het ten opsigte van sy welsyn asook die land se belastingbetalers. Die staat se verpligting teenoor die oortreder strek veel verder as net die veilige bewaking van gevangenes aangesien daar ook aan konstitusionele vereistes voldoen moet word soos in die Grondwet vervat is. Daar is byvoorbeeld konstitusionele aspekte betrokke wat breër regs- implikasies inhou. Hier kan spesifiek verwys word na advokaat Ron Paschke, wat deur die Konstitusionele Hof aangestel is om drie kinders van 'n Kaapstad se moeder te verteenwoordig wat direkte gevangenisstraf opgelê is vir diefstal en bedrog. Die saak wentel rondom die kwessie of die hof daarin geslaag het om direkte gevangenisstraf aan die primêre versorger van die kinders op te lê met die vraag of gevangenisstraf in die beste belang van die kinders is (Ellis 2006:15).

Daar word ook groot druk op diegene in gesaghebbende regerings-posisies geplaas deur veral opponerende politieke partye asook die publiek omtrent die stand en die hantering van die huidige misdaadsituasie wat die strafregstelsel insluit. Mediaberiggewing is 'n duidelike reflektoring van wat die algemene publiek se mening en gevoel hieromtrent is. 'n Artikel in *The Citizen* se opskrif wat lui "*General public distrusts SAPS, justice system*" (Conradie 2000:12), sowel as 'n koerantberig in *Die Burger* met 'n opskrif wat heet, "*Al daal misdaadsyfers, dink SA nie so*" (Pretorius 2007:04), is 'n weerspieëling van die gemeenskapsgevoel teenoor die regering se hantering van die misdaadsituasie. Die gevolg hiervan is dat die algemene publiek minder simpatiek teenoor die strafregstelsel en die oortreder staan en glo dat oortreders hewiger strawwe verdien. Die moontlikheid van alternatiewe vonnisoplegging geniet dus min steun van die publiek en word dikwels met skeptisisme bejeen. Hierdie publieke

houding plaas ook toenemende druk op die vonnisopleggingsgesag om swaarder strawwe aan oortreders op te lê. Hierdie situasie het gevolglik 'n behoefte gelaat om publieke persepsies te verander ten opsigte van die regverdiging van alternatiewe vonnisoplegging in die gemeenskap in plaas van gevangenisskap van sommige oortreders.

1.2 Keuse vir die ondersoek

Die keuse vir hierdie ondersoek is 'n voortspruiting vanuit literatuurstudies sowel as toenemende mediadekking omtrent die stand van die Suid Afrikaanse gevangenis en die uitwerking hiervan op die oortreder. Voorbeelde van die literatuurstudies sluit in 'n tesis van Johann Mihalik wat gehandel het oor die noodsaaklikheid van alternatiewe en Lukas Muntingh sowel as Professor Julia Sloth-Nielsen wat ondersoeke na alternatiewe vonnisoplegging geloods het. Hierdie onderwerp is aktueel en val binne die studieveld van die penologie wat in die strafverskynsel gesetel is. Navorser beskou hierdie ondersoek as 'n uitdaging aangesien hier uiteenlopende penologiese aspekte teenwoordig is wat by hierdie studie aangeroe word. Daar is 'n groot aantal aspekte wat 'n invloed tydens die vonnisopleggingsproses het soos die oorbevolking van gevangenis en die toestande wat binne die gevangenis heers. Ander faktore wat deel vorm van die studie sluit in residivisme, rehabilitasie, die miskening van die gevangene se basiese regte asook die konstitusionele implikasies soos in die Suid Afrikaanse Grondwet vervat is en die impak wat die wet op minimumvonnis op gevangenis het.

1.3 Die navorser se belangstelling

Navorser se belangstelling in die gedragswetenskappe en spesifiek die straf verskynsel in die geheel, is een van die hoofredes vir hierdie ondersoek. Dit is veral om die moontlikheid te ondersoek om vas te stel of gevangenisstraf die gewenste omgewing skep om die oortreder te rehabiliteer. Omrede navorser van

mening is dat die kans vir die oortreder om suksesvol binne die gevangenis gerehabiliteer te word skraal is, is dit veral die vonnisopleggings fase wat navorser interesseer.

Die penologiese wetenskap in Suid-Afrika het die laaste aantal jare baie veranderinge ondergaan. Dit is veral die Departement van Korrektiewe Dienste se paradigma verskuiwing waarna in die Suid-Afrikaanse witskrif verwys word, wat nuwe betekenis aan die Suid-Afrikaanse korrektiewe stelsel gee (Departement van Korrektiewe Dienste Witskrif 2005:7). Daar word wegbeweeg van die veilige bewaking van gevangenes deur eerder na rehabilitasie te verwys. Dit is aspekte soos die wat die veld nog meer interessant maak en rede verskaf om hierdie area verder te ondersoek. Ander verbandhoudende aspekte rondom die rehabilitasie van die oortreder behels vonnisoplegging en die verskillende vorme van strafsanksies wat opgelê kan word.

1.4 Die doel van die ondersoek

Die doel van hierdie navorsing is om 'n bydrae tot die penologiese debat te lewer ten opsigte van die navorsings vraagstuk, naamlik, of rehabilitasie van die oortreder werklik binne die gevangenisopset kan geskied. Hier word gefokus op die huidige stand van Suid-Afrika se gevangnisse en die impak wat hierdie gevangenistoestande op die rehabilitasie van die aangehoudenes het. Hierna verskuif die klem na alternatiewe gevangenisoplegging en alle gepaardgaande aspekte hieromtrent wat rehabilitasie as strafoogmerk insluit.

Een van navorser se doelwitte is om die aard en omvang van gevangenisstraf wat deur die hof aan beskuldigdes opgelê word, te ondersoek. Die doel is om te probeer vasstel hoe die optimale benutting van alternatiewe vonnisse tydens vonnisoplegging bereik kan word ten einde die rehabilitasiedoelwit te verwenslik. Luidens 'n verslag van die *Portfolio Committee on Correctional Services on Solutions and Recommendations to Prison Overcrowding* (2004:9), word daar aangehaal dat: “*Sentencing officials thus make insufficient use of alternative*

sentencing options to incarceration“, dit ten spyte van die feit dat die *Strafproseswet 51 van 1977* wye diskresie aan vonnisopleggingsbeamptes gee om vonnisse op te skort en uit te stel en om innoverende alternatiewe in plaas van gevangenisstraf te gebruik. Hoewel navorsers glo dat die maksimale benutting van alternatiewe vonnisse nie die inkapasitasiesyfer drasties sal beïnvloed nie, sal ’n merkbare verskil wel waarneembaar wees indien alternatiewe strawwe op ’n groter skaal opgelê word.

1.5 Die formulering van ’n hipotese

’n Hipotese kan omskryf word as: *“A research idea that serves as a premise or supposition that organizes facts and guides observations* (Rosnow & Rosenthal 1996:407). Dit is dus ’n tentatiewe aanname van die verband tussen twee of meer veranderlikes wat deur eksperimentering of waarneming getoets gaan word. Eers wanneer die hipotese aan wetenskaplike navorsing onderwerp was of aan empiriese gegewens getoets is, kan werklike gevolgtrekkinge aangaande die geldigheid daarvan gemaak word of moontlike oplossings vir die probleem bied. Die hipotese wat hierdie ondersoek sal rig is soos volg: *“ Die rehabilitering van die oortreder kan nie tot sy volle reg binne ’n gevangenisopset geskied nie*“ (sien 7.2.1 (p.286) asook 7.2.2 (p.287). Dit is die primêre doel van hierdie ondersoek om vas te stel of dit die geval is in die hipotese wat getoets moet word. Hipoteses bevat dus ’n moontlike oplossing vir die navorsings-probleem en word daarvan verwag om inligting wat deur middel van die studie verkry word, te aanvaar of te verwerp.

Die belangrikheid van hipoteses is om as riglyn vir die ondersoek te dien en om die navorsingsproses te rasionaliseer deur op die belangrike aspekte van die navorsings tema te konsentreer en sodoende marginale en minder betekenisvolle sake uit die weg ruim.

1.6 Rasionaal vir die studie

Die Witskrif vir Korrektiewe Dienste in Suid-Afrika was op 30 Februarie 2005 geloods en het die 1994 weergawe vervang (Mti 2005:7). Die nuwe witskrif spruit voort uit die behoefte wat ontstaan het aan 'n langtermyn strategiese beleid en 'n operasionele raamwerk wat korreksies as 'n gemeenskaplike verantwoordelikheid erken.

Die Departement van Korrektiewe Dienste beskou gevangenis oorbevolking as die belangrikste uitdaging. Gevangenis- oorbevolking hou nie alleenlik negatiewe implikasies in vir die Departement in om sy kernfunksie te vervul nie, maar om ook aan konstitusionele vereistes te voldoen soos in die Suid-Afrikaanse Grondwet, wet nr 108 van 1996 vervat is.

Die Suid-Afrikaanse witskrif van die Departement van Korrektiewe Dienste (2005) doen 'n ernstige beroep vir die bestudering van alternatiewe vonnisopleggings opsies en word soos volg aangehaal: *“To achieve rehabilitation, serious study is needed into the deterring and rehabilitative effects of various alternative sentences in order to develop, as an integrated justice system, guidelines to assist the judiciary in sentencing convicted individuals. This entails an integrated justice system approach to both sentencing options and rehabilitation routes for particular categories of offence”*. (Witskrif 2005:49). Dit is verblydend dat die nuwe witskrif sterk klem plaas op aspekte soos rehabilitasie en alternatiewe vonnisopleggings opsies. Dit is dus 'n paradigma verskuiwing en hou langtermyn hoop in vir die vooruitgang vir die Suid-Afrikaanse strafregplegingstelsel. Die toets is steeds in die praktiese implementering hiervan. Dit is hierdie nuwe geïntegreerde- strafregpleging benadering met betrekking tot alternatiewe vonnisoplegging wat navorser oorreed het om 'n verdere ondersoek te loods (sien ook 2.2 en 4.9.1). Die klem val veral op die optimale benutting van alternatiewe vonnisse tydens vonnisoplegging sowel as die rol wat alternatiewe tydens die rehabilitasie proses van die oortreder kan speel.

Ander belangrike redes vir die behoefte aan verdere navorsing oor alternatiewe vonnisoplegging, spruit voort uit 'n uittreksel vanuit 'n verslag van die *Institute for Security Studies* (Muntingh 2005:1), en word as volg aangehaal: *“It is important to note at the outset that a discussion of alternative sentencing options in South Africa is not easy for the following reasons:*

- *There is a dire lack of accurate and up-to-date quantitative information. Reports on prosecutions, convictions and sentencing that were produced by the then Central Statistical Services were terminated in 1995/6 and other sources had to be consulted. While the Department of Correctional Services maintains an accurate database of the prison population, the same cannot be said for the Department of Justice and Constitutional Development as far as sentencing data is concerned.*
- *There does not appear to be an overall and comprehensive approach to sentencing that is in accordance with national policy or guidelines. It is therefore not possible to place non-custodial sentences – such as correctional supervision – within this framework and evaluate it against its intended outcomes.*

Daar bestaan dus geen twyfel dat die belangrikheid van hierdie studie van kardinale belang is nie, veral met verwysing na bogenoemde versoeke soos in die witskrif aangehaal is en wat deur navorsers soos *Muntingh* ondersteun word. Navorsers poeg om aan die einde van hierdie studie die leser te oortuig dat die optimale benutting van alternatiewe vonnisse tydens vonnisoplegging, heelwat meer voordele vir alle belanghebbenes (byvoorbeeld die Staat, oortreder en belastingbetalers), sowel as die Suid-Afrikaanse strafregstelsel inhou as konvensionele gevangenisskap.

Hierdie studie is nie alleenlik belangrik deurdat dit 'n platform vir verdere navorsing stel nie, maar behoort ook oor heelwat praktiese waarde te beskik. Dit

is prakties in die opsig dat navorser daarna streef om die waarde van alternatiewe vonnisoplegging uit te lig met in agneming van voorgenoemde probleme waarmee die korrektiewe stelsel worstel.

1.7 Probleemstelling

Daar is sekere probleem vrae wat navorser hoop meer lig op gewerp gaan word. Vrae wat in hierdie studie beantwoord moet word sluit die volgende in;

- 1.7.1 Kan die rehabilitering van die oortreder tot sy volle reg binne die gevangenisopset geskied ?
- 1.7.2 Hoe kan alternatiewe vonnisse op 'n groter skaal in Suid-Afrikaanse howe opgelê word ten einde rehabilitasie meer effektief laat geskied ?

(Sien 7.2.1 en 7.2.2 p.285-286).

1.8 Navorsingsmetodologie

Metodologie spesifiseer die praktiese werkswyse oor hoe die navorser die studie gaan benader. Metodologie is nie 'n doel op sigself nie, maar 'n middel tot 'n doel, naamlik die ontwikkeling van kennis.

Hierdie navorsing is 'n verklarende studie en is geskoei op die kwalitatiewe navorsings beginsel wat hoofsaaklik deur die onderwerp van die ondersoek bepaal is. Dit is verklarend in die opsig dat daarna gestreef word om sekere verskynsels te verklaar soos in die probleemstelling van afdeling 1.7 hierbo gemeld is.

Die ondersoek- metode berus grootliks op 'n literatuurstudie wat opgevolg met informele onderhoudvoering met kundiges wat betrokke is by strafregspleging (sien aanhangsel A). Aangesien die vonnisopleggings-opsies wat deur

verskillende voorsittende beamptes aan oortreders vir soortgelyke oortredings opgelê word soms verskil, is dit belangrik dat onderhoude gevoer word met diegene wat betrokke is by die strafregspelingstelsel. Die doel van die onderhoudvoering in die ondersoek is om te probeer bepaal wat die vonnisopleggingsgesag se algemene persepsie en houding ten opsigte van alternatiewe vonnisse en rehabilitasie as strafoogmerk is en hoe hierdie doelstellings van die studie bereik kan word soos in afdeling 1.6 van hierdie hoofstuk uiteengeset word.

1.8.1 Navorsingstegnieke

'n Navorsingsontwerp moet 'n uitdruklike plan van aksie verskaf. Dit dui die tegnieke aan wat gebruik gaan word in die uitvoering van die navorsing om die gegewens in te win. Benewens die literatuurstudie wat meer insig tot hierdie studie verleen maak navorsers ook gebruik van kwalitatiewe onderhoudvoering. Hierdie empiriese navorsingstegniek stel navorsers in staat om kennis wat by wyse van waarneming ingesamel word te toets. *Rosnow (1996:405)* beskryf empiriese navorsing as “*Any procedure of controlled experience, observation, or experiment used to explain how or why events happen as they do*”.

Onderhoudvoering as 'n kwalitatiewe metode van data versameling, stel die ondersoeker in staat om kennis in te win en om insig tot die verskynsel te bekom binne die spesifieke konteks van die ondersoek. Informele onderhoudvoering is gehou met diegene wat direk sowel as 'n indirekte belang het by die strafregspelingstelsel.

1.8.2 Kwalitatiewe Navorsing

Die insameling van data wat volgens die kwalitatiewe metode geskied, word deur *Sarantakos (1998:295)* beskryf as: ‘*a dynamic process of gathering, thinking, evaluating, analysing, modifying, expanding, gathering further, thinking again and so on*’. Die kwalitatiewe benadering poog om die realiteit te begryp. Kwalitatiewe

navorsers versamel inligting in by wyse van geskrewe formaat of verbaal, of in die vorm van waarnemings wat skrifwoordelik geïnterpreteer en aangeteken word en die analisering en identifisering van die data deur die kategorisering hiervan volgens temas. Kwalitatiewe metodes stel die navorser daarom in staat om geselekteerde aangeleenthede in diepte en in besonderhede te bestudeer soos dit geïdentifiseer word en daarna poog om die inligting in die verskillende kategoriee te verstaan soos dit uit die data mag voorkom. Die kwalitatiewe navorser het minder kontrolemeganismes om die navorsingsopset te manipuleer en kunsmatig te bewerkstellig omdat die situasie meer natuurlik is as in die geval van kwantitatiewe navorsing. Die *modus operandi* was grootliks bepaal deur die probleemstelling soos in 1.7 aangedui is. Die werkswyse was dienooreenkomstig aangepas soos deur die vordering van die studie genoodsaak is.

1.8.3 Literatuurstudie

Alvorens navorsers kan begin om navorsing oor 'n bepaalde onderwerp te beplan, moet hulle eers op hoogte wees van wat reeds oor 'n bepaalde onderwerp gedoen is. Deur 'n oorsig saam te stel van navorsing wat reeds oor 'n gegewe onderwerp gepubliseer is, word navorsers bewus van teenstrydighede en gapings wat verdere navorsing regverdig (Huysamen 1993:197). Die hoofdoel van 'n literatuuroorsig is ook om die navorser 'n beter begrip van die navorsingsprobleem te gee. Die probleemstelling kan gevolglik as 'n goeie riglyn dien vir die beplanning van die literatuuroorsig.

As 'n laaste gedagte hieromtrent, herhinner Terre Blanche & Durheim (2004:27) ons daaraan dat die mens in 'n inligtings era leef. Wat dikwels deur navorsers benodig word, is nie noodwendig meer bevindings nie, maar soos Terre Blanche et al dit stel: "...but an ability to integrate and synthesise the overwhelmingly large volume of information already available on a topic". Hier kan as voorbeeld na die bibliografie verwys word wat die omvang van die geraadpleegde inligtingsbronne reflekteer wat op hierdie studie van toepassing is.

1.9 Begrensing van die ondersoek

Om die praktiese uitvoering van hierdie studie te bewerkstellig, is navorser genoodsaak om hierdie studie te beperk tot alternatiewe vonnisoplegging en die rehabilitasie van die oortreder. Selfs binne hierdie grense is daar baie ander veranderlikes wat 'n impak op die studiegebied het. Faktore soos oorbevolkte gevangnisse het byvoorbeeld nie alleenlik 'n invloed op die aangehoudene nie, maar het ook 'n direkte invloed op die vonnisopleggingsbeamptes sowel as die rehabilitasie van die oortreder. Daar word om hierdie rede aparte hoofstukke afgestaan aan die stand van ons gevangnisse, gevangenis oorbevolking sowel as die vonnisopleggingsproses. Laasgenoemde speel 'n groot rol veral ten opsigte van die spesifieke vonnis wat opgelê word. In hierdie studie vind daar ook dikwels 'n oorvleueling tussen die hoofstukke plaas, aangesien rehabilitasie sowel as alternatiewe vonnisse 'n noue verbintenis met die inhoud van die ander hoofstukke het.

1.9.1 Tydsbegrensing

Die aard van die ondersoek vind plaas binne die huidige tydsgewrig. Die aanloop tot die studie het in Januarie 2007 begin waarvan die meeste tyd aan die literatuursoektog en literatuurstudie van die studie afgestaan is. Data insameling is in April 2009 voltooi waarna die studie gedurende Junie 2009 afgehandel is.

1.10 Begripsomskrywing

Daar is sekere kern begrippe wat duidelik omskryf moet word soos wat in die titel van hierdie ondersoek vervat is. Die noodsaaklikheid hiervan is dat dit in perspektief binne die penologiese raamwerk verstaan kan word.

1.10.1 Titel klarigheid

Begrippe wat in die titel van hierdie studie gesetel is, naamlik, *'Alternatiewe vonnisse en Rehabilitasie: 'n Penologiese Studie'* word die volgende begrippe omskryf;

1.10.1.1 Alternatiewe Vonnis

- ▶ Die Verenigde Nasies se Standaard Minimum Reëls vir Nie-Aanhoudings Maatstawe (*UN Standard Minimum Rules for Non-Custodial Measures*), gebruik die term alternatiewe vonnisse om te verwys na nie-aanhoudings verband wat voorverhoor, verhoor, vonnis en herintegrasie fases insluit (Office of the United Nations High Commissioner for Human Rights 1990:1).
- ▶ Alternatiewe vonnisoplegging behels die implementering van alternatiewe vonnisopsies in pleks van gevangenisstraf vir sommige oortreders wat nie 'n risiko vir die samelewing inhou nie, ter vervulling van die een of ander strafdoelwit in die gemeenskap soos deur die hof bepaal word, ten einde die dekonstruktiewe uitwerking wat gevangenskap vir die aangehoudene inhou, te vermy (Eie interpretasie).

1.10.1.2 Rehabilitasie

- ▶ *"The restoration of criminals to a law-abiding way of life through treatment; the result of any planned intervention focused on the offender that reduces criminal activity"*(Conklin 1995:561).
- ▶ Rehabilitasie binne 'n penologiese konteks kan omskryf word as die

aankweek van 'n wesenlike gedragsverandering by wyse van multidimensionele intervensies met die doel om die oortreder se gesindheid en karakter binne 'n bevorderbare omgewing laat geskied. Die rehabilitasie doelwit word bereik wanneer positiewe gesindheidsverandering die oortreder in staat stel om sy/haar plek weer sinvol in die samelewing te vervul. (Eie interpretasie).

1.10.1.3 Penologie

- ▶ “The branch of criminology dealing with prison management and prisoner rehabilitation”(Carney 1974:423).
- ▶ “Studie van straf, strafhervorming en die behandeling van die misdadiger”(Louw, Van Heerden & Smith 1978:63).
- ▶ Du Toit (1981:xxii) omskryf die term Penologie veel meer omvattend deur te sê dat dit daardie reëls is wat met straf en straftoemeting verband hou, wat in die algemeen op formele en materiële wyse strawwe voorskryf en riglyne neerlê vir vonnisoplegging, wat dan penologie of strafkunde uitmaak. Hy sê verder dat dit bestaande is uit alle regsreëls, beginsels en riglyne in die strafreg wat die oorwegingsproses en strafkeuse tydens vonnisoplegging beheers.

1.11 Hoofstukindeling

Vervolgens word 'n bondige oorsig van die studie weergee soos in die toepaslike hoofstukke bespreek is.

Hoofstuk 1

Oriëntering van die studie

Die hoofdoel van hoofstuk een is om vir die leser 'n agtergrond te skets van die veranderende politieke klimaat wat Suid-Afrika ervaar het en die invloed hiervan op die strafregspiegingsstelsel. Die keuse sowel as die doel van die ondersoek, die navorser se belangstelling en die formulering van die hipotese word bespreek. Die rasionaal vir die studie naamlik dat rehabilitering van die gevangene nie tot die volle reg binne die gevangenisopset geskied nie, is aandag aan gegee. Die probleemstelling asook die navorsingsmetodologie en navorsingstegnieke was beskryf. Kwalitatiewe navorsing, literatuurstudie en die begreping van die ondersoek is aangedui. Die tydsbegreping is beskryf waarna afgesluit word met die begripsomskeping en 'n uiteensetting van die hoofstukindeling.

Hoofstuk 2 :

Die Suid-Afrikaanse Korrektiewe stelsel

Hoofstuk twee gee 'n historiese oorsig van die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse korrektiewe stelsel waarna aandag spesifiek na die stand van die gevangenis gegee word. Die doel is om die toestande waaraan die gevangenes blootgestel word te ondersoek. Die moontlikheid van rehabilitasie binne die gevangenisopset kan beter verstaan word nadat die gevangenisstoestand behoorlik in oënskou geneem is.

Hoofstuk 3

Gevangenis oorbevolking

Die aard en omvang van die gevangenis probleme waarmee Suid-Afrikaanse gevangenisse mee worstel word ondersoek. Aandag word spesifiek aan die faktore gegee wat bydra tot die oorbevolking situasie.

Hoofstuk 4

Rehabilitasie as strafdoelmerk

Rehabilitasie as strafdoelmerk word in diepte aandag aan gegee. Die etiologie van die ontwikkeling van rehabilitasie word beskryf waarna die moderne rehabilitasiefilosofie beskryf word. Die rehabilitasie van die oortreder binne die Departement van Korrektiewe Dienste word bespreek sowel as die bydrae van die kriminoloog/penoloog tydens die vonnis ten opsigte van die rehabilitasie-proses.

Hoofstuk 5

Die doelstellings van straf

Die strafverskynsel wat die oorsprong van straf insluit sowel as die verskillende strafteorieë asook straf en die verantwoordelikheid van die oortreder word ondersoek en beskryf. 'n Suid-Afrikaanse vonnis oorsig word weergegee waarna aandag aan meningsverskille tydens vonnisoplegging gegee word.

Hoofstuk 6

Alternatiewe Vonnisoplegging

Die klem van die hoofstuk val op die probleme wat ervaar word met die behandeling van die oortreder in die gevangenis. Empiriese navorsing aangaande die doeltreffendheid van alternatiewe vonnisse word ondersoek. Praktiese voorbeelde van alternatiewe vonnisopsies word ook bespreek. Daar word ook na alternatiewe vonnisoplegging in die buiteland sowel as binne die Afrika konteks verwys.

Hoofstuk 7

Bevindinge en Aanbevelings

Die finale hoofstuk fokus op die hoof bevindinge en die beantwoording van die aanvanklike vrae wat in die probleemstelling in hoofstuk 1 gestel is naamlik:

- Kan die rehabilitering van die oortreder tot sy volle reg binne die gevangenisopset geskied ?
- Hoe kan alternatiewe vonnisse op 'n groter skaal in houe opgelê word ten einde rehabilitasie van die oortreder meer effektief laat geskied?

Hierdie hoofstuk weerspieël ook die navorser se mening en algehele indrukke aangaande die studie.

Slot

Finale slotbeskouings word in die hoofstuk gegee. Klem val op die hoof bevindinge wat uit die studie voortgespruit het en aanbevelings.

HOOFSTUK 2

DIE SUID-AFRIKAANSE KORREKTIEWE STELSEL

2.1 Inleiding

Die Suid-Afrikaanse korrektiewe stelsel soos dit vandag daar uitsien, het 'n lang en interessante geskiedenis. Die stelsel dateer terug sover as die 16de eeu tot die noemenswaardige koersaanpassing wat die Departement van Korrektiewe Dienste vanaf die 1990 tydperk ervaar het. 'n Konstitusionele revolusie is gesimboliseer met die verkiesing van Nelson Mandela as president na Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing in 1994.

Misdadige gedrag en straf was egter voor hierdie tydperk deur die sosiale orde van die apartheidsregering gedefinieer. Hiervolgens was baie persone na die gevangenis gestuur vir apartheid verwante oortredings soos in die *Groep Gebiede Wet* (artikel nr. 36 van 1966) asook die *Verbod op Gemengde Huwelike Wet* (artikel nr. 55 van 1949) vervat is. Baie mense was in aanhouding sonder 'n verhoor, of aangekla, of gevonnissen as gevolg van die opponering van die apartheidstelsel gedurende die 1960's en die daaropvolgende jare. Die strafstelsel wat in gebruik was, was om die beweging van swart mense te reguleer en sodoende is menigte persone tot gevangenisstraf gevonnissen vir paswetoortredings. Die wet het gelas dat swart mense 'n pasboek moes dra wat die vorm van 'n identiteitsboek was. Tussen 1975 en 1984 is 1.9 miljoen mense, waarvan meestal swart, gearresteer wat nie hierdie dokumentasie byderhand gehad het nie. Baie persone was ook in hegtenis geneem vir die betreding van 'n area wat nie vir hulle ras gereserveer was nie (Dissel & Ellis 2002:1). Gevangenisstraf was fel en die

stelsel was gemilitariseer gedurende die 1950's. Tronkbewaarders het militêre styl kleredrag gedra en het volgens militêre range gefunksioneer. Die strafstelsel was daarop ingestel vir die bevordering van die land se ekonomiese ontwikkeling deur aangehoudenes as arbeiders te gebruik vir die bou van paaie, hawens en arbeid in die myne. Die doel was om swart aangehoudenes van die gemeenskap en veral blankes te isoleer. Hul aanhouding het gepaard gegaan met swak aanhoudings-toestande en brutale hantering.

Die oogmerk van hoofstuk twee is om op die historiese ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse gevangenisstelsel te fokus. Aandag word ook geskenk aan die belangrike bydrae wat kommissies van ondersoek in die ontwikkeling van die Departement van Korrektiewe Dienste bygedra het. Hierdie kommissies van ondersoek sluit in die Lansdownekommissie, die Viljoenkommissie, die Krügelkomitee en die Jalikommissie van ondersoek na korrupsie en wanpraktyke binne die Departement van Korrektiewe Dienste.

Ter aansluiting hierby word gefokus op die belangrikheid van die transformasieproses en die veranderinge wat die Departement van Korrektiewe Dienste die afgelope paar jaar ondergaan het. Hierna verskuif die klem na die toestand binne die gevangenis. Dit is belangrik dat kennis geneem word van die omstandighede waaraan aangehoudenes binne die gevangenis blootgestel word en die impak wat dit op die rehabilitering van die oortreder het. Alleenlik dan kan die realiteite omtrent die moontlikheid van rehabilitasie binne die gevangenisopset beter verstaan word. Fyodor Dostoevsky sê dat: *“A society should be judged not by how it treats its outstanding citizens, but how it treats its criminals”* (Erasmus 2007:9).

2.2 Die historiese ontwikkeling van Suid-Afrika se gevangenisstelsel

Die ontwikkeling van Suid-Afrika se gevangenisstelsel kan verdeel word in die tydperk voor 1910 en die periode tydens die totstandkoming van 'n uniale

gevangenisstelsel in 1910. Die verwickelinge van die korrektiewe stelsel wat na inwerking stelling van die nuwe Gevangenis Wet (artikel 8 van 1959) ingetree het, word ook bondig in hierdie gedeelte ondersoek. Die belangrike transformasie-proses wat Suid-Afrika ondergaan het en die impak hiervan op die korrektiewe sisteem word ook in oënskou geneem.

Gedurende 1652 toe die Kaap deur die Nederlanders beset is, was die strafvorm vir oortredings tot die menslike ligaam gerig. Publieke terregstellings by wyse van 'n vuurpeleton en selfs publieke kruisiging was van toepassing. Gevangenisskap van skuldigbevindiges en die gebruik van hande- arbeid vir diegene wat oortredings begaan het, was nie 'n prioriteit nie. Massa deportasie van aangehoudenes na Robben-eiland en ander Nederlandse kolonies in die Ooste, was van toepassing (Oppler 1998:1).

Eers nadat Jan van Riebeeck 'n fort en later die kasteel in Kaapstad gebou het, kon gevangenes aangehou word. Strawwe tydens die 17de eeu het hoofsaaklik afskrikking as strafmotief in gedagte gehad. Wrede en onmenslike strawwe was opgelê om sodoende maksimale afskrikking te bewerkstellig. By die voltrekking van die doodstraf is die galg, deurboring met 'n ysterpen, kruisiging, gloeiende ysters, skroeflemme en verwurging as metodes aangewend. Na die Britse besetting van die Kaap van 1795 tot 1803, is belangrike strafhervormings geïmplementeer soos die afskaffing van fisieke lyding as strafvorm. Hoewel afskrikking steeds 'n belangrike rol in die Engelse Reg gespeel het, is openbare teregstelling in 1869 verbied (Coetzee, Krüger, Loubser 1995:30).

Nadat die eerste gevangenis in 1781 in die Kaap opgerig is, het desentralisasie tot gevolg gehad dat 22 gevangenisste teen 1848 in gebruik was. Tydens 1838 – 1842 is die eerste gevangenis in Natal in Pietermaritzburg opgerig (Coetzee et al 1995:30). Die eerste gevangenis in die Vrystaatse Republiek is in 1854 betrek en teen 1873 was daar reeds 13 ander gevangenisste in gebruik. In die Transvaalse Republiek was die eerste gevangenis in 1865 in Pretoria opgerig en teen 1893 was daar 33 oor die Transvaal versprei. Die uniale stelsel het tot gevolg gehad dat alle

gevangenis in die Unie van Suid-Afrika in 1877 onder direkte gesag van die Sentrale Owerheid sou staan (Coetzee et al 1995:30). Die Suid-Afrikaanse korrektiewe stelsel soos dit vandag daar uitsien, bestaan uit 237 korrektiewe sentrums landswyd met die hoofkantoor wat in Pretoria gesetel is.

Ingevolge Goewerments Kennisgewing 617 van 1909, is besluit dat gevangenis-administrasie onder die toesig van 'n permanente hoof van die Departement sou wees en die aanstelling deur die Minister gemaak word. Gevangenis en Justisie sou onder een departement val as gevolg van die volgende redes:

- 'n amptenaar van Justisie, is aan die hoof van die gevangenis-departement geplaas is;
- dit noodsaaklik vir die behandeling van gevangenes was dat die administrasie van gevangenis onder amptenare van justisie moes inskakel;
- dit voortsetting in die behandelingsproses van die misdadiger, van die regsbank tot die gevangenis, sou verseker;
- dit beter beheer oor gevangenis sou bevorder;
- daardeur verseker sou word gevangenisbeamptes die gevangenes regverdig sou behandel; en
- dit 'n bykomende las vir die skatkis sou wees indien 'n onafhanklike en selfstandige Departement van Gevangenis daargestel sou word (Neser 1993:66-67).

Gevangenis het saam met die Polisie diens, as 'n sub-departement van Justisie, gefunksioneer. Die Gevangenisdepartement was dus ondergeskik aan al die ander staatsdepartemente en het 'n minderwaardige posisie beklee in die sentrale uitvoerende gesag. Ten spyte van verskeie verwoë het die opset vir meer as 50 jaar voortgeduur (Neser 1993: 67). Die Departement van Korrektiewe Dienste funksioneer hedendaags as 'n volwaardige onafhanklike Departement.

Na die uniewording van die Republiek van Suid-Afrika op 31 Mei 1910, het belangrike ontwikkelinge in die Suid-Afrikaanse gevangenisstelsel plaasgevind. Mnr Roos is as Sekretaris van Justisie en Direkteur van Gevangenisse aangestel waarna hy spoedig aandag gegee het aan die Gevangenis Wet 13 van 1911, vanwaar die volgende aspekte van die wet met betrekking op die gevangensdiens na vore tree (Coetzee et al 1995:30):

- Die ontwikkeling van 'n eenvormige gevangenisstelsel vir die hele Unie van Suid-Afrika. Artikel 3(1) van die Wet bepaal: "*There shall be a department to be known as the 'Prisons Department' in charge of which shall be an officer to be styled the Director of Prisons, appointed by the Governor General.*"
- Die werksaamhede van die departement was hoofsaaklik daarop gemik om gevangenisse dwarsoor die Unie eenvormig te administreer. In die verband bepaal artikel 3(3) van die Wet: "*The duties of the Prisons Department shall be the performance of all work necessary for, arising from, or incidental to, and keeping of full statistics in relation to, the administration of...*"
- Administrasie en beheer was vooropgestelde aangeleenthede en word daar nie veel uitgewy oor die lot van die gevangene nie. Aspekte soos die menswaardige hantering van die gevangene, behandeling en dus rehabilitasie word buite berekening gelaat. Daar word egter vaagweg na behandeling in artikel 48 van die Wet verwys: "*For the more effective treatment of convicts and prisoners and to obtain advice as to the conditions (if any) to be imposed in remitting portions of sentences, the Governor General shall appoint boards of visitors to consist of such members, official and non-official, as he may think fit.*"

Hieruit kan afgelei word dat voor 1959, is die behandeling van gevangenes met die oog op hul verbetering aangepak deur middel van observasie deur Besoekersrade wat moes bepaal of gevangenes afslag op hulle vonnisse kon verdien.

- Dirk Van Zyl Smit in Coetzee et al (1995:31-32), wys daarop dat 'n besondere swakpunt van Wet 13 van 1911 is dat die doelstellings van die gevangenesetting nie duidelik omskryf word nie. Sou dit op enige stadium nodig wees om aandag aan rehabilitasie van die oortreder te skenk, sou dit nie na behore deur die hof getoets kon word nie, aangesien dit nêrens in die wet opgeteken was nie.
- Ten spyte van 'n eenvormige wet, het die invloed van die onderskeie kolonies nog sterk gegeld. Gevangenis se steeds instansies gebly waar die strafmotief vooropgestel is. Hier kan as voorbeeld verwys word na die toepassing van dwangarbeid wat as uitvloeisel hiervan is.
- Wet 13 van 1911 het ook voorsiening gemaak vir padkampe waarheen anderskleurige gevangenes gestuur is om arbeid te verrig. Die destydse Direkteur van Gevangenis se beleid was aanvaar dat gekleurde gevangenes vir buite-arbeid en blanke gevangenes vir binne arbeid in die werksinkels aangewend moet word.
- Die aanwending van arbeid buite die gevangenis het verder uitgekring toe al meer private kontrakteurs van sodanige arbeid gebruik gemaak het. In die depressie tydperk gedurende die dertigerjare was heelwat landbouboere genoop om van gevangenesarbeid gebruik te maak vanweë die goedkoop arbeid. Die boere moes in ruil hiervoor slegs die gevangenes huisves. Dit het aanleiding gegee tot die ontstaan van die sogenaamde plaastronke, of buiteposte soos wat dit vir baie jare bekend gestaan het. Hierdie buiteposte is weens buitelandse druk vroeg in die tagtigerjare afgestel (Coetzee et al 1995:30-32).

'n Ander belangrike kenmerk van Wet 13 van 1911 was die kwessie van rasse-skeiding en het artikel 9(1) van die wet spesifiek voorsiening hiervoor gemaak. Van Zyl Smit in Coetzee et al (1995:32), sê hieroor dat :“*In practice, segregation was now enforced rigorously through the new union prison system*“. Die nuwe gevangenis wetgewing wat in 1959 bekendgestel

is, was gebaseer op die apartheid beleid wat inbreuk gemaak het op die rasse verdeling binne die gevangenis. Hierdie afsondering het ook betrekking gehad op etniese verdeling van swart gevangenes. Roodie verklaar dat: “[*The Act*] not only.....[implemented] a two-stream correctional policy for Bantu and European offenders, but also (so far to a lesser extent) special arrangements for members of different Bantu nations in one institution. Placing the Bantu offender in a correctional institution for people of his own group and race not only recognises existing ethnological differences but is in accordance with the national policy of differential developments“ (Oppler 1998:1). Die omstrede Artikel 23 van wet 8 van 1959, wat afsonderlike aanhouding van die verskillende rassegroepe in Suid-Afrikaanse gevangenis beveel het, is as diskriminerend beskou. Na ’n ondersoek in 1986 is die wet gewysig nadat die Staatspresident dit op 28 Junie 1990 goedgekeur het (Neser 1993:72).

Binne die huidige korrektiewe stelsel, word geen onderskeid tussen rassegroepe getref nie en word gevangenes in gesamentlike aanhouding geplaas.

Die nuwe Wet op Gevangenis (wet 8 van 1959), soos gewysig op 1 September 1959, het ’n totaal nuwe bedeling tot gevolg gehad. Die volgende verantwoordelikhede van die departement word in artikel 2(2) van die wet beskryf soos in Neser (1993:68) vervat is;

- veilige bewaking van gevangenes;
- behandeling en rehabilitasie van veroordeelde gevangenes;
- doeltreffende bestuur van gevangenis; en
- ander pligte van tyd tot tyd opgedra.

Hoewel die nuwe wetgewing kennis neem van die Verenigde Nasies se *Standard Minimum Rules for the Treatment of Prisoners* met betrekking tot rehabilitasie van oortreders in aanhouding, is ander belangrike aspekte soos die verbod op lyfstraf as straf vir oortredings binne die gevangenis geignoreer (Witskrif 2005:27).

’n Nuwe geïndividualiseerde klassifikasiestelsel van gevangenes is in gebruik geneem. Gevangenis is hiervolgens in ultramaksimum, maksimum, medium

en oop gevangenis se geklassifiseer en observasiesentra is ingestel. Aan die begin van 1971 is 'n diepteklassifikasiesistelsel ingebruik geneem waarvolgens individue gediagnoseer en behandel is. Die stelsel het dit moontlik gemaak om tussen verskillende groepe gevangenes te onderskei op grond van persoonlikheid, intelligensie en prognose (Coetzee et al 1995:45). Vanweë die gebrek aan geskikte navorsing en praktiese bewyse van ander bevolkingsgroepe, was dit aanvanklik slegs op blanke gevangenes toegepas. Hierdie stelsel was in gebruik tot einde 1985 (Neser 1993:71-72).

Gevangenis se was sedert 1985 reeds oorbevolk vanweë die regering se instromings-beheer maatreëls wat as een van die groot oorsake hiervoor verantwoordelik was (sien ook 3.1). Hoewel sommige rehabiliterende maatreëls ingestel is, was dit onvoldoende. Die marginale verbetering van die gevangenisstoestand was gou oorskadu deur die regering se noodtoestand afkondiging op 21 Julie 1985 wat tot 1990 geduur het. Gedurende hierdie periode was daar 'n groot toename van oortreders weens politiek verwante oortredings (Witskrif 2005:28).

Die Suid-Afrikaanse Grondwet van 1993 het 'n menseregte kultuur aan die Departement van Korrektiewe Dienste bekendgestel. Hiervolgens moes die Departement van Korrektiewe Dienste verseker dat die aanhouding van gevangenes in veilig, beskermde sowel as binne menslike toestande geskied. Die strafstelsel het gedurende die tydperk na Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing in 1994, 'n fasinerende tydperk in die geskiedenis van straf betree. Gevangenis hervorming was op die agenda gedurende die land se transformasieproses. Reeds van die begin stadium af was die regte van gevangenes as belangrik beskou en het om die nuwe Suid-Afrikaanse Grondwet gesentreer. Gevangenisregte kwessies soos die beskerming van menswaardigheid, vryheid, gelykheid van alle mense en die algehele beskerming teen wrede, onmenslike en vernederende behandeling, asook vrae of straf is soos dit in die Suid-Afrikaanse Grondwet gesetel is ensomeer, het na vore getree. Dit is veral artikel 35 (2) (e) van die Suid-Afrikaanse Grondwet wat direk betrekking op die welsyn van aangehoudenenes het wat lees: "*....to conditions of detention that are consistent with human dignity,*

including at least exercise and the provision, at state expense, of adequate accommodation, nutrition, reading material and medical treatment; and..."

In die laaste dekade is die nuwe Suid-Afrikaanse Grondwet op die proef gestel terwyl sommige van die beginsels van 'n nuwe demokrasie getoets is wat 'n belangrike element van die beginsel van verantwoordings uitmaak.

Artikels 2 en 3 van die *Korrektiewe Dienste Wet 111* van 1998, maak voorsiening vir die regte van aangehoudenes en gearresterde persone, wat hulle voorwaardes en regte tydens aanhouding is en die ooreenstemming daarvan met menswaardigheid, die reg om oefeninge te kan doen en die voorsiening van voldoende akkommodasie op staats onkoste asook voeding, leesstof en mediese behandeling. In die saak van *Minister of Justice v. William A Hofmeyer* (240/91) 1993 ZASCA 40; 1993 (3) SA 131 (AD), het die hof op 26 Maart 1993 beslis dat alle gevangenes geregtig is op: "*all the personal rights not temporarily taken away by law or necessarily inconsistent with the circumstances in which they had been placed*". Die hof het ook tydens die uitspraak beslis dat gevangenes nie beperk moet word tot 'n paar basiese regte nie onderwyl alle ander regte as voorregte beskou word wat aan gevangenes toegestaan of weerhou word, volgens die diskresie van die gevangenis beamptes (Van Zyl Smit & Dünkel 2001: 593-594). Die Suid-Afrikaanse Grondwet het ook bevind dat van die beginsels soos verantwoordings doen, toeganklik- en oopheid, die kern waardes van 'n demokratiese stelsel vorm. Hoewel eksterne verantwoordelikheid op alle staatsdepartemente van toepassing behoort te wees, het die aard van gevangenis wêreldwyd 'n besondere betekenis hieraan toe en is Suid-Afrika geen uitsondering nie, of soos Dissel (2003:3) dit stel: "*Prisons are closed institutions, maintaining a distance from the public eye.*

Communications with the outside world are regulated and controlled.

Prisoners' access to families, lawyers, religious workers and councillors are subject to a rigid set of rules. Access by the media and to the media is equally controlled and restricted. The inmates' daily lives are heavily regulated by the prison rules, and by the discretion of the prison staff".

Gevangenes se kwesbaarheid ten opsigte van die skending van hulle menseregte word deur Muntingh (2006:4-5) aan die volgende redes toegeskryf:

- Gevangenis is geslote instellings en baie mense weet nie werklik wat binne die gevangenis gebeur nie. Met hoë mure, geëlektrifiseerde heinings en gewapende wagte, is die rede hoekom gevangenes binne gehou word en die gemeenskap buite. Dit maak vir gevangenes moeilik om met die buite wêreld te kommunikeer oor wat binne die gevangenis plaasvind.
- Daar is 'n algemene persepsie in die gemeenskap dat gevangenes 'n 'moeilike tyd' in die gevangenis moet ervaar as straf vir die oortreding wat begaan is. Hierdie mening laat ruimte vir die oortreding van hulle menseregte. Hoewel die skending somtyds klein is, word die amptenare nie streng hiervoor verantwoordelik gehou nie.
- Menseregte oortredings binne die gevangenis is moeilik om te ondersoek en gerapporteerde klagtes "verdwyn" dikwels of gevangenes word ontmoedig om oortredings aan te meld of om daarmee voort te gaan. Botsing tussen amptenare en ander gevangenes kan dit baie moeilik maak om die sake te ondersoek en om menseregte oortredings aan te spreek.

Daar bestaan geen twyfel nie dat Suid-Afrika 'n baie gevorderde en goed gedokumenteerde wetgewing vir die gevangenisstelsel het. Die wetgewing is in die algemeen in duidelik en eenvoudige wyse geskryf wat die doelstellings van die Grondwet duidelik reflekteer. Die standaard wat die wetgewing stel is haalbaar, maar om dit te bereik moet landsburgers hulle regte verstaan en die bepalinge waaraan voldoen moet word, moet deurlopend gemonitor word.

Op 21 Oktober 1994 was die witskrif vir die nuwe beleid van die Departement van Korrektiewe Dienste (DKD) bekendgestel. Dit het die Departement van Korrektiewe Dienste se korrektiewe stelsel in lyn gebring met die wetgewende vereistes wat eie aan 'n grondwetlike staat is. Die Wes-Kaapse Provinsiale kommissaris van die Departement van Korrektiewe Dienste, Mnr Gxilishe, het in 2004 'n verkorte uittreksel uit die Departement se diensleweringsoorsig

ander betekenisvolle veranderinge wat binne die Departement voortgespruit het aangehaal naamlik:

- Die inwerkingtreding van 'n regstellende aksie proses wat die verteenwoordigheid van die Departement van Korrektiewe Dienste personeel en bestuur op alle vlakke sou verseker.
- Die demilitarisasie van die korrektiewe sisteem van 'n para-militêr tot 'n burgerlike staats-departement. Die primêre doel was om die Departement van Korrektiewe Dienste se rehabilitasie-verantwoordelikheid vir gevangenes op 1 April 1996 te bevorder.
- Die totstandkoming van 'n onafhanklike meganisme om die Departement van Korrektiewe Dienste se aktiwiteite te bestudeer en ondersoek. Dit is om hierdie rede vir die aanstelling van die Inspekterende Regter van Gevangenis.
- Die aanneming van die Nasionale Misdaad Voorkoming Strategie (NMVS) deur die Kabinet in 1996 wat gebaseer is op die Geïntegreerde Regstelsel benadering. Een van die doelstellings van die NMVS was om die kriminele regstelsel meer doeltreffend te maak om te verseker dat 'n duidelike afskrikking vir misdadigers daargestel word en sodoende die risiko om weer te oortree te verminder.
- Die aanvaarding van die Suid-Afrikaanse Grondwet in 1996 het die oorhoofse raamwerk verskaf vir die bestuur van 'n demokratiese Suid-Afrika.
- Die goedkeuring van die *Korrektiewe Dienste Wet* (artikel nr. 111 van 1998), deur die Parlement het 'n totale omkeer van die 1959 Gevangenis wetgewing verteenwoordig. Dit het die Departement van Korrektiewe Dienste daartoe gedryf om die visie om 'n moderne, internasionale aanvaarbare korrektiewe stelsel te bereik wat binne die

raamwerk van die Suid-Afrikaanse Grondwet van 1996 ontwerp is. Die Departement van Korrektiewe Dienste kon dus die korrektiewe dienste met integriteit en toewyding dien (Gxilishe 2004: 69).

Gedurende 1995/96, het die Suid-Afrikaanse Kabinet 'n groot beleids besluit geneem om die Korrektiewe Dienste vanuit die Department van Justisie te onttrek om op sy eie te funksioneer. Hierdie besluitneming was grootliks beïnvloed deur ontwikkelinge op internasionale vlak. 'n Gevangenis is beskou as 'n plek van hopeloosheid, bitterheid, wraak en menslike afwyking. In teendeel is 'n korrektiewe sentrum 'n plek vir nuwe begin of hoop, en rehabilitasie waar die individu die geleentheid gegun word om sy/haar weë te verander. Faktore wat tot hierdie beleidsveranderinge bygedra het, was die aanvaarding van die Suid-Afrikaanse Grondwet (wet 108 van 1996), wat in 1996 'n nuwe menseregte kultuur tot stand gebring het. Dit is 'n kultuur wat elke persoon sowel as gevangene insluit (Gxilishe 2004:68).

Hoofstuk 3 van die Handves van Menseregte, vorm nou die hoeksteen van demokrasie in Suid-Afrika. Daar is wêreldwye erkenning wat op die mening berus en duidelik aandui dat gevangenisstraf as silks en veral 'n strafwekkende benadering, nie die gewenste resultate lewer wat deur die aanvanklike argitekture van die gevangenisstelsel beplan was nie (Muntingh 2008:1). Die rede hiervoor is dat dit eerder aangehoudenes in geharde misdadigers verander.

Die periode 2000 – 2003 was gekenmerk as 'n tydperk van konstante strategiese koers aanpassings wat gemaak is in die Departement van Korrektiewe Dienste. Rolspelers het daarna gestreef om die doel van die korrektiewe stelsel te interpreteer en die beleidsrigting wat noodsaaklik is vir die suksesvolle lewering van rehabilitasie en die voorkoming van herhaalde oortredings bewerkstellig. In Augustus 2000 het die Departement van Korrektiewe Dienste 'n nasionale simposium gehou waar die behoefte geïdentifiseer is om kollektiewe sosiale verantwoordelikheid vir die rehabilitering en herintegrasie van oortreders in die gemeenskap te bevorder. As gevolg van die Departement van Korrektiewe Dienste se strategiese rol in

die bestryding van misdaad binne die breër konteks van die strafregstelsel, is die Departement van Korrektiewe Dienste daartoe verbind om die veldtog ten opsigte van die bevordering van rehabilitasie te versnel (Witskrif 2005:31). Die Departement van Korrektiewe Dienste het die bevordering van rehabilitasie van die gevangene as die sleutel tot die bydrae vir 'n misdaadvrye samelewing geïdentifiseer. Die volgende strategieë is ontwikkel vir die bevordering van rehabilitasie:

- ontwikkeling van individualiseerde behoefte gebaseerde programme;
- bemaking van rehabilitasiedienste om oortreder deelname te fasiliteer; vestiging van formele vennootskap met die gemeenskap om die rehabilitasie programme te bevorder en om 'n algemene verstandhouding te skep;
- bevordering van 'n herstellende benadering tot geregtigheid om 'n platform vir dialoog met die slagoffer te skep, die slagoffer en die gemeenskap en die fasilitering van die genesingsproses;
- om ongeletterheid in korrektiewe sentrums te bestry deur ABET (*Adult Basic Educational Training*), aan oortreders te verskaf; vermeerdering van produksie om selfversorgendheid te bevorder en om tot die *Integrated Sustainable Rural Development Strategy* by te dra; en
- toename van opleidings fasiliteite vir die ontwikkeling van bekwaamhede (Witskrif 2005:31).

Hoewel individualiseerde behoefte gebaseerde programme beskikbaar is soos hierbo aangedui word, is dit die navorser se mening dat die programme steeds beperkend is ten opsigte van die aard en inhoud hiervan. Die aanbieding van ABET programme word as voorbeeld gedemp vanweë die personeel tekort om hierdie programme aan te bied. (sien ook 2.5.3 en 4.8).

Belangrike veranderinge is ook aan die *Korrektiewe Dienste wetgewing* (artikel 111 van 1998) aangebring waarvan die *Korrektiewe Dienste Wysigings Wet* van 2001, die volgende belangrike aangeleenthede gewysig het:

- behandeling van oortreders;
- akkommodasie vir gestremde oortreders en geslag- oorwegings;
- dissiplinêre prosedures vir oortreders;
- nuwe paroolstelsel;
- behandeling van kinderoortreders; en die
- gebruik van vuurwapens en ander nie-fatale inkapasiterende apparate (Witskrif 2005:32).

'n Interne strategiese beplanningsessie in Oktober 2002 het bygedra tot die aanvaarding van die *Mvelaphanda Strategic Plan* vir 2002 – 2005, wat die impetus is vir die implementering van rehabilitasie binne die departement se bedrywighede. Hierdie beplanningsessie het eenheidsbestuur geïdentifiseer as die verlore komponent wat tot die verandering van die Suid-Afrikaanse korrektiewe stelsel bydra. 'n Sperdatum was vir 31 Maart 2005 gestel om eenheidsbestuur met 80% in gevangenis te implementeer (Witskrif 2005:32). In 2002 het die Departement van Korrektiewe Dienste tot die besef gekom dat transformasie van die Departement onvoltooid is en tot die tekortkoming van die samehang van die paradigma bydra. Dit dui daarop dat die Departement van Korrektiewe Dienste nie insig toon vir rehabilitasie binne die Departement nie. Dit het daartoe gelei dat 'n konsep dokument getiteld *Conceptualising Rehabilitation* ontwikkel is vir interne bespreking wat betrekking het op alle komponente binne die Departement van Korrektiewe Dienste. Die idee was om 'n korporatiewe kultuur binne die Departement van Korrektiewe Dienste te ontwikkel wat rehabilitasie en korreksies ondersteun (Witskrif 2005:32). In 2003 was al hierdie prosesse gekonsolideer met die gedagte dat korreksies nie alleen vir die voorkoming van misdaad verantwoordelik is nie, maar dat dit 'n holistiese verskynsel is. Dit sluit in die aanmoediging van sosiale verantwoordelikheid, sosiale geregtigheid, aktiewe deelname aan demokratiese aktiwiteite en 'n bydrae lewer tot Suid-Afrika hierdeur 'n beter plek maak om in te woon. Hiervolgens moet die sosio-ekonomiese strukture wat bydra tot die sosialisering van veral kinders en jeugdiges, die aanvaarde gemeenskapsnormes en waardes te aanvaar. Dit is juis die

wanfunksionering van die normes wat tot misdaad bydra. Die klem moet dus op die kwesbare groepe in die samelewing gerig wees. Dit is duidelik dat hierdie strategie 'n langtermyn proses is en dat geen kitsoplossings hiervoor bestaan nie.

2.3 KOMMISSIES VAN ONDERSOEK

Kommissies van ondersoek wat deur die regering aangewys word, vervul 'n belangrike rol aangesien hul 'n besondere geleentheid het om regeringsbeleid te beïnvloed. Alhoewel sulke kommissies dikwels die beste breinkrag in 'n land betrek, is 'n opsigtelike nadeel hiervan dat kommissies van ondersoek gewoonlik aangestel word eers wanneer die probleem waaroor verslag gedoen moet word, kritiek raak (Nel 1986:1). Die eerste strafhervormingskommissie wat deur die Suid-Afrikaanse regering aangestel is om die strafhervormingsbeleid te ondersoek, was die Lawnsdowne-kommissie se ondersoek na die werking van die Suid-Afrikaanse strafreg- en gevangenisstelsel. Die Lawnsdowne kommissie word vervolgens bespreek, waarna aandag gegee word aan die Viljoenkommissie se ondersoek na die strafstelsel van die Republiek van Suid-Afrika en om aanbevelings ter verbetering daarvan te doen. Die Krügelkomitee word ook bespreek wat saamgestel was om 'n ondersoek te las na die oorsake van die oorbevolkte gevangnisse in Suid-Afrika en laastens, die Jalikommisie van Ondersoek na omgerymdhede binne die Departement van Korrektiewe Dienste.

2.3.1 DIE LANSDOWNE-KOMMISSIE

Gedurende April 1941 is 'n mosie in die Senaat ingedien aangaande die strafhervormings-vraagstuk, naamlik: "*.....dat op grond van die toename in residivisme, dit wil sê in die getalle wat terugval in misdaad, en van die feit dat*

ernstige misdade in die Unie geen tekens van vermindering toon nie, hierdie huis van mening is dat die tyd aangebreek het om volledige ondersoek deur deskundiges te laat instel na die werking en uitwerking van ons strafstelsel met die oog daarop om hervorming te weeg te bring“ (Coetzee et al 1995:33).

Die Lawndowne-Kommissie is eers in 1945 na die Tweede Wêreldoorlog aangestel. Die werksaamhede van die Kommissie is omvattend en ondersoek moes ingestel word na die strafstelsel, misdaadveroorsoekende faktore, die doeltreffendheid van die maatreëls vir die voorkoming van misdaad asook behandeling van beskuldiges terwyl hulle verhoorafwagting is.

Die Kommissie moes die volgende aspekte rakende gevangenissondersoek:

- die organisasie van die Departement van Gevangenissondersoek, met inbegrip van die samesmelting en funksies van Rade van Toesig;
- die werwing en kwalifikasies van gevangenisbeamptes;
- die indeling van en behoorlike beheer oor gevangenissondersoek en ander strafinrigtings en die persone wat daarin gevangene gehou is;
- die metode wat in gevangenissondersoek en ander strafinrigtings beskikbaar was en aangewend is vir die handhawing van dissipline, en in die besonder lyfstraf, dwang, skraal rantsoen en eensame opsluiting, die toekenning en ontneming van voorregte en die magtiging waarkragtens tugmaatreëls toegepas is;
- die ontwikkeling van verskillende vorme van onderwys vir alle gevangenes en die opleiding in handwerk en in die landbou en ander beroepe met die oog op die beter aanpassing in die gemeenskap;
- die vergoeding van gevangenes deur middel van gratifikasie of andersins;
- die gebruik van gevangenesarbeid deur private persone en ander instansies as die Staat; en
- die oorgang van gevangenes uit die inrigting na die gemeenskap, met inbegrip van voorwaardelike invryheidstelling en die aanstelling en funksies van en beheer oor proefbeamptes (Coetzee et al 1995:33-34).

Hoewel die tyd wat die Kommissie gegun was om die werksaamhede van die strafhervormingstelesel breedvoerig te ondersoek beperk was, is die ondersoek steeds waardevol. Dit is ongeag van die feit dat sommige van die aanbevelings verouderd en onprakties was soos in die volgende voorbeelde aangedui word:

- Die Kommissie stel voor dat daar primêre en sekondêre gevangnisse, gevangenisplase en vrylatingsdepots moes wees. Hierdie klassifikasie sluit aan by die huidige maksimum-, medium- en oop gevangnisse. Hierdie klassifikasie is veral van belang by die handhawing van dissipline en sekuriteit en dat behandeling vergemaklik word.
- Die Kommissie was ook van mening dat eerste oortreders van residivisme geskei moes word: 'n belangrike aanbeveling wat op geen gronde weêrlê kan word nie (Coetzee et al 1995:34-35).

Dirk Van Zyl Smit in (Coetzee et al 1995:35), het ook sy mening omtrent die Lawnsdowne-kommissie uitgespreek en die volgende kwessies uitgelig:

- Die Kommissie was, hoewel baie versigtig, in wese simpatiek teenoor die standpunte van strafhervorming. Die Kommissie was die mening toegedaan dat Gevangenis Wet 13 van 1911 in wese nie 'n nuwe era in gevangnisse ingelei het soos wat aanvanklik die gedagte was nie. Dit het veel eerder, in baie opsigte, die voortsetting van 'n onbillike stelsel regverdig.
- Die Kommissie het ook erkenning verleen aan die feit dat gevangenisstraf van anderskleuriges as gevolg van geringe oortredings nie alleenlik tot oorbevolking aanleiding gegee het nie, maar dat dit kon lei tot kriminalisering van 'n groot gedeelte van die bevolking.

- Die Kommissie was ook daarmee eens dat die arbeidskema van “ ’n sikspens” per dag gestaak behoort te word.
- Die Kommissie het sterk klem op die hele gedagte van rehabilitasie van gevangenes laat val. Hulle het veral die behoefte aan geletterdheid onder gevangenes beklemtoon, met spesifieke verwysing na swart gevangenes. Die Kommissie het ook aandag geskenk aan militarisering. Hervormers het voorgestel dat militarisering afgeskaal behoort te word, maar die bevinding van die Kommissie was die teenoorgestelde. Hulle was van mening dat dissipline in gevangenis die beste bereik kon word deur totale militarisering. Dit het tot gevolg gehad dat personeellede (die Direkteur ingesluit), uniform met militêre range moes dra.

Die Kommissie was die eerste poging gewees om weg te beweeg van die koloniale stelsel met sy ongenaakbaarheid teenoor die oortreder na ’n meer gematigde stelsel. Die politieke bewindhebbers van die dag, eers die Verenigde Party, en na 1948 die Nasionale Party, het egter baie van die aanbevelings wat belangrike gevolge op strafhervorming kon gehad het nie ondersteun nie (Coetzee et al 1995:36). Die onomwonde verwerping van korttermyngevangenisstraf as strafsanksie deur die kommissie, was te verwelkom hoewel dit vir die daaropvolgende bykans veertig jaar geen beduidende invloed op die toepassing van die strafsanksie gehad het nie (Mihalik 1986:137). Gevangenesarbeid onder die sogenaamde uitverhuurskema (sikspens per dag) is nog ’n goeie voorbeeld hiervan. Dit het eerder onder ’n nuwe skema, naamlik “nege-pennies-per-dag” in intensiteit toegeneem (Coetzee et al 1995:35-36). Hoewel die kommissie heelwat aandag bestee het aan individualisasie, hervorming en opleiding, dit steeds nie kon ontkom nie aan die geyskte opvatting dat gevangenisstraf dwang- as ’n onaangename- en dus strafkonponent daarvan moet bevat. Poginge om van terme soos “dwangarbeid” ontslae te raak, was waarskynlik toe te skryf aan die sterk na-oorlogse emosies teen die “*Sklavenarbeit*” stelsel van Nazi-Duitsland waardeur miljoene weens ideologiese of rasse-oorwegings tot

dwangarbeid gevonniss is (Mihalik 1986:147). Oor die toestemming wat toegestaan is aan *bona fide* boereverenigings vir die bou van plaasgevangenis deur gebruik te maak van gevangene arbeid deur die boere, het daar ongelukkig ook niks van gekom soos deur die Lawnsdowne-kommissie voorgestel is nie (Witskrif 2005:27).

Kort na die publisering van die Lansdowneverslag in 1947, het die Verenigde party onder Generaal Jan Smuts se regering wat die kommissie aangestel het, tot 'n val gekom en 'n nuwe regering het in 1948 onder die Nasionale Party aan bewind gekom. Die voorstelle van die kommissie is grootliks deur die nuwe bewind geignoreer, met die gevolg dat die gevangenis- en strafstelsel in Suid-Afrika internasionaal 'n nuwe laagwatermerk op die penologiese gebied bereik het met verskeie ondeurdagte skemas van verpligte en dikwels diskriminerende strawwe, gevangenisarbeidstelsels, ensovoorts (Mihalik 1986:150). In 1946 het regter O.D. Schreiner, na 'n oorsig van die strafregstelsel en pas voor die publisering van die Lawnsdowneverslag tot die gevolgtrekking gekom en sy indrukke met verwysing van die verslag gegee, naamlik: "*There is, I believe, little reason to think that we in South Africa have been climbing upwards and some reason to fear that we have been slipping back*" (Mihalik 1986:208).

Daar word algemeen aanvaar dat die Lansdowne Kommissie 'n belangrike bydrae tot strafhervorming in Suid-Afrika gelewer het. Ten spyte van sommige kritiek wat teenoor die Kommissie uitgespreek is, is navorser van mening dat die kommissie se ondersoek immers die weg gebaan het vir strafhervorming in Suid-Afrika. Die uiteindelijke verantwoordelikheid vir die implementering van die voorstelle wat deur die kommissie gemaak is berus egter by die staat. Blaam kan dikwels op regerings geplaas word vir die nalaat om waardevolle aanbevelings te ignoreer in plaas van die nodige leiding te neem in samewerking met al die betrokke rolspelers.

2.3.2 KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA DIE STRAFSTELSEL VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA - VILJOENKOMMISSIE

Op 30 September 1974 is die Kommissie van Onderzoek benoem om ondersoek in te stel na die strafstelsel van die Republiek van Suid-Afrika en om aanbevelings ter verbetering daarvan te doen. In die kommissie se verslag wat in April 1976 verskyn het, word ter inleiding gemeld dat die feit dat die laaste omvattende verslag oor straf- en gevangenis- hervorming die van die Lansdownekommissie van 1947 was, 'n belangrike beweegrede vir sy benoeming was. Feitlik dertig jaar later, pas na die aanstelling van die Viljoenkommissie in 1975, kon regter Jan Steyn niks meer bemoedigend rapporteer nie – nie eens dat die strafreg verbeter het nie, maar tot die gevolgtrekking gekom: *“Despite all our protestations to the contrary, criminal justice has been and still is retributive in its approach and vengefull in its demands. The dividends have in view of this sterile, often bitter and destructive motivation, not been therapeutic nor truly protective”* (Mihalik 1986:208). Regter Steyn het hierdie opmerking gemaak na aanleiding van die Lansdowneverslag in sy hoedanigheid as voorsitter van NIMRO. Benewens die kort verwysing na die lang verstreke tydperk sedert die Lansdowneverslag, is die belangrikste verhasende oorsaak vir die benoeming van die kommissie “die ontstellende hoë gevangenisbevolking van die Republiek.....’n aangeleentheid wat besorgheid uitgelok het, nie net by die algemene publiek nie, maar ook by die Regering...” (Mihalik 1986:209).

Die redes vir die benoeming van die Kommissie was as gevolg van die volgende redes :

- voortdurende veranderde omstandighede en benaderinge en nuwe kennis wat beskikbaar geword het;
- die kommerwekkende hoë gevangenisbevolking; en
- oorsake van ongesonde toestande in die strafstelsel te ondersoek en poog om oplossings daarvoor te vind en stappe aan die hand te gee ter verbetering en verligting daarvan.

2.3.2.1 Bevindings van die Viljoenkommissie oor die oorsake vir gevangenisoorbevolking:

Die kommissie identifiseer die volgende oorsake wat hoofsaaklik herlei kan word na wetgewing en die vonnisbeleid van die howe wat bydra tot gevangenisoorbevolking:

- Die groot getal korttermyngevangenes weens oortredings van instromingsbeheer- en aandklokwetgewing;
- Verpligte- en minimumvonnisse;
- Onoordeelkundige strafoplegging.

2.3.2.2 Aanbevelings van die Viljoenkommissie oor gevangenisstraf en verwante aangeleenthede

Die aanbevelings van die Kommissie is in sy verslag van 1976 gepubliseer en hoofsaaklik rondom die volgende kernpunte gesentreer soos in Mihalik (1986:217-236) vervat is:

- Die oprigting van detoksifikasiesentrums vir alkoholiste en dwelm-verslaafdes;
- Borgtog en die groot getalle verhoorafwagtenes;
- Die groot aantal verhoor-uitstelle is as verdere oorsaak vir gevangenisoorbevolking geïdentifiseer;
- Die regshulpskema en pro-deo-verdediging;
- Voorvonnis-diagnostiese sentrums;
- Verpligte en minimumvonnisse;
- Die rol van die aanklaer en vonnisopleggende gesag;
- Tenuitvoerlegging van gevangenisstrafvonnisse en nasorg.

Die belangrikste slotsom van die Kommissie oor gevangenisstraf was dat korttermyngevangenisstraf (op enkele uitsonderings na) nooit opgelê moet word nie en dat 'n vonnis van gevangenisstraf slegs geregverdig is;

- indien dit noodsaaklik is in die sin dat geen alternatief doenlik is nie as om 'n vonnis van gevangenisstraf vir doeleindes van vergelding en afskrikking op te lê, en
- dat dit noodsaaklik is om die gemeenskap te beskerm.

Een van die belangrikste bevindings deur die Kommissie is dat die blaam vir die oormatige aanwending van gevangenisstraf voor die deur van die howe gelê word of soos Mihalik (1986:243) dit stel: *“Die Kommissie is egter van mening dat ofskoon 'n mate van verbetering langs die vermelde weë (die afskrikking van verpligte en minimum vonnisse) teweengebring mag word, geen drastiese vermindering in die Republiek se gevangenisbevolking verwag kan word nie tensy vonnisopleggende beamptes wat oor die algemeen allereers aan gevangenisstraf dink by oorweging welke vonnis opgelê moet word, geheel en al van hierdie holrug geryde denkwyse afwyk”*.

Die Kommissie se fokus het hoofsaaklik gesentreer rondom die oorsake vir die hoë gevangenisbevolking, oorsake van ongesonde toestande in die strafstelsel asook voortdurende veranderende omstandighede en benaderinge binne die strafregstelsel. Hoewel een van die Kommissie se bevindings toe reeds aangedui het dat verpligte- en minimumvonnisse bydra tot gevangenisoorbevolking, het die regering dit steeds goedgevind om dit te implementeer. Die verpligte- en minimumvonnisse wetgewing is tans 'n dispuut en sekerlik een van die redes wat bydra tot die hoë gevangenisbevolking. 'n Ander knelpunt is die groot aantal verhoor-uitstelle wat tot gevangenisoorbevolking bydra. Hierdie kwessie is steeds 'n probleem en dra by tot die groot aantal verhoor-afwagtendes in die gevangenis. Borgtog was 'n ander aanbeveling deur die Kommissie wat aandag aan gegee moes word om die aantal verhoor-afwagtendes te verminder. Navorsers is van mening dat daar steeds te veel gevangenes in aanhouding is wat nie

borg kon bekostig nie. Daar word gereeld in die Inspekterende Regter van Gevangenis se Jaarverslag verwys na aangehoudenenes wat nie in staat is om borg te betaal nie en nie 'n gevaar vir die gemeenskap inhou nie (Fagan 2000:14; Fagan 2004:20; Fagan 2005: Fagan 2005:15; Yekiso 2007:22).

Een van die Kommissie se aanbevelings was die oprigting van detoksifikasiesentrums vir alkoholiste en dwelmverslaafdes. Hierdie moontlikheid het nooit gerealiseer nie. Die probleem is dat daar 'n groot tekort aan hierdie sentrums in veral sub-ekonomiese areas is waar hoë dwelm- en alkoholmisbruik in sommige gemeenskappe voorkom soos byvoorbeeld die Wes-Kaap. Die privaat sentrums teiken eerder diegene in hoër inkomste groepe asook persone met omvattende mediese hulpfondse wat vir hierdie dienste betaal. Een van die aanbevelings wat tans suksesvol aangewend word, is die regshulpskema en pro-deo-verdediging vir diegene wat andersins nie toegang tot privaat regs-verteenvoering sou gehad het nie.

2.3.3 DIE KRÜGELKOMMITEE

In 1981 is tot die besef gekom dat drastiese stappe geneem moet word om die gevangenisgetalle te beperk wat wêreldwyd skerp gestyg het. Die Krügelkomitee was aangestel om die oorbevolkte gevangenisituasie van die gevangenis te ondersoek onder die leiding van die Minister van Justisie. 'n Werkgroep, "*Probationary Services and Supervision*" was op die been gebring om die lewensvarbaar- en uitvoerbaarheid van toesighouding te ondersoek. Die beskikbaarheid van proefdienste aan die verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika moes ook ondersoek word.

Een van die hoofbevindinge van die komitee was dat proefdienste nie destyds tot alle Suid-Afrikaanse bevolkingsgroepe beskikbaar was nie. Die resultaat was dat die wysiginge tot die wet vir die ophef- en implementering van korrektiewe toesig in die *Suid-Afrikaanse Straproswet 51 van 1977* en die *Prison Act (8/1959)*, was tydens die 1991 parlementsitting goedgekeur. Die gewysigde *Correctional Services en Supervision Matters Amendment*

(122/1991) was deur die Staatspresident op 14 Augustus 1991 goedgekeur (Singh 2002:76).

Anders as tydens die kommitee se aanvanklike ondersoek en aanbevelings, is proefdienste hedendaags tot alle bevolkingsgroepe se beskikking. Die tenuitvoerlegging van korrektiewe toesig asook die gebruik van elektroniese monitering, word ook reeds landswyd toegepas op aandrang van die komitee se versoek. Hoewel die kommitee aanbeveel het dat vonnisopsies en beskikkings-moontlikhede uitgebrei word om beter voorsiening te maak vir oortrederhantering binne gemeenskapsverband, is daar egter heelwat ruimte vir die uitbouing hiervan. Die insette wat tydens die kommitee se vergaderings sowel as dagbestuurvergaderings gelewer is, kan as waardevol beskryf word vanweë die uiteenlopende samestelling van die kommitee lede en die gesamentlike bron van kennis wat hieruit voortgespruit het. Die huidige toepassing van Korrektiewe toesig, dien as voorbeeld van die resultaat wat die Kommissie se aanbevelings opgelewer het. Ingevolge Strafproseswet 51 van 1977, bepaal artikel 276 (1) (h) of artikel 276 (1) (i) dat Korrektiewe toesig as vonnisopsie deur die hof aan sommige oortreders opgelê mag word (sien 6.7.8 vir meer besonderhede).

2.3.4 DIE JALI KOMMISSIE

Daar was vele bespiegeling van korrupsie, wanadministrasie, nepotisme, intimidasie en ander onbehoorlike optrede in sommige van die bestuursareas van die Departement van Korrektiewe Dienste (DKD) wat die rondte gedoen het. Dit sluit ook die moord in op 'n senior bestuurder in Kwa-Zulu Natal. Vir baie Suid-Afrikaners was die Grootvlei Gevangenis video wat in 2002 nasionaal op televisie uitgesaai was, die begin van die openbaring van gevangenis korrupsie gewees. Die video wat tydens die Suid-Afrikaanse Uitsaai Korporasie program *Special Assignment* program uitgesaai is, het skokkende beeldmateriaal getoon. Die uitsending het gewys hoe gevangenis bewaarders saam met gevangenes alkohol drink, jeugdige aan ouer

gevangenes verkoop word vir seksuele omgang, bewaarders wat 'n vuurwapen, alkohol en dwelms die gevangenis insmokkel en kos wat aan bewaarders vanuit die gevangenis kombuis verkoop is. Die beeldmateriaal het die publiek geskok en die DKD ontstel. Van die uitdagings wat die Departement van Korrektiewe Dienste tydens die transformasie van die departement in die gesig staar, is om van korrupsie te laat afsien. Nadat Khulekani Sithole, voorheen Kommissaris van Korrektiewe Dienste na twee jaar bedank het, het die DKD doelbewuste poginge aangewend om teen- korrupsie maatreëls in te stel. In 1998 nadat Ben Skosana as minister van die DKD aangestel is, is hy deur heelwat personeel binne die Departement genader wat omgerymdhede soos korrupsie en finansiële wanbestuur binne die departement plaasvind, onder sy aandag gebring het. Die minister het ondersoek na hierdie bewerings gelas deur die Ouditeur Generaal (Sekhonyane 2002:1-2).

Die Minister van Departement van Korrektiewe Dienste het die President genader om 'n onafhanklike regs kommissie van ondersoek aan te stel om hierdie aantygings behoorlik te ondersoek en om omvattende aanbevelings in hierdie verband te maak. Die President het Regter Thabani Jali (vandaar die verwysing Jali Kommissie), van die Durban Hooggeregshof aangestel as voorsitter van die kommissie op 8 Augustus 2001. Die kommissie was behoorlik saamgestel onder bevel van die President, soos in terme van Proklamasie No. 135/2001 wat 27 September 2002, uiteengesit is. Gedurende periode Oktober en November 2001, was al die nodige voorbereidings werk en infrastruktuur vir die funksionering van die kommissie gedoen. Onderzoekbeamptes, getuies, kommissarisse en ondersteunende personeel was vir hierdie ondersoek aangestel (Parliamentary Monitoring Group 2002:1).

2.3.4.1 Jali Kommissie: Terme van Verwysing

Die kommissie se terme van verwysing word as volg uiteengesit soos dit in die Proklamasie vervat en deur die *Parliamentary Monitoring Group* (2002:1-2) saamgestel is:

- ▶ Om ondersoek in te stel en verslag te lewer oor beweerde voorvalle van korrupsie en wanadministrasie wat verband hou met:
 - die bekom van goedere en dienste vir die Departement van Korrektiewe Dienste;
 - die werwing en aanstel, bevordering en afdanking van personeel;
 - die behandeling van gevangenes;
 - oneerlike praktyke en ongeoorloofde betrekkings tussen lede van die Departement en gevangenes wat tot onwettige aktiwiteite lei;
 - beweerde voorvalle van nie-nakoming van departementele beleid en afwyking van die nasionale norme en standaarde;
 - beweerde voorvalle van geweld of intimidasie teenoor werknemers van die Departement wat die behoorlike funksionering van die Departement beïnvloed.

- ▶ Om aanbevelings te maak omtrent stappe wat geneem kan word om toekomstige voorkoms van hierdie voorvalle te verhoed.

- ▶ Om aanbevelings te maak van die stappe wat geneem kan word teen die betrokke personeel wat in terme van die bevindings van die kommissie onbehoorlik teen die Departement optree.

- ▶ Daar is van die kommissie verwag om voorkeur aan die onderstaande gevangenis te gee soos in die volgende rangorde van belangrikheid gelys is:
 - Pietermaritzburg Bestuursarea
 - Durban Westville Bestuursarea
 - Ncome Bestuursarea
 - Johannesburg Bestuursarea
 - Pollsmoor Bestuursarea
 - Pretoria Bestuursarea

- St. Albans Bestuursarea
 - Leeukop Bestuursarea
-
- ▶ Om ondersoek te las en verslag te lewer oor enige saak wat relevant is volgens die mening van die kommissie.
 - ▶ Hierdie terme van verwysing kan enige tyd gewysig of bygevoeg word.
 - ▶ Die kommissie sal onderworpe wees aan, asook die optrede in terme van die bepalings van die *Commission Act 1947*, (*act no. 8 of 1947*), soos gewysig.
 - ▶ Die kommissie se terme van verwysing was gewysig deur *Proclamation No 23558*, gedateer 27 Junie 2002, toe die Grootvlei Gevangenis ingesluit is as een van die gevangnisse wat ondersoek moes word.
 - ▶ Hoewel daar van die terme van verwysing deur die kommissie verwag is om die nege gevangnisse te ondersoek, is die terme van verwysing oor die algemeen ook van toepassing op die hele Departement van Korrektiewe Dienste.
 - ▶ Die terme van verwysing het ook betrekking op aanbevelings wat gemaak is op voormalige verslae wat nooit geïmplementeer is nie.

2.3.4.2 Vergader en die Aanhoor van Getuienis

Tydens die versameling van getuienis het die kommissie staat gemaak op:

- Verskeie leidrade wat ingesamel is na aanleiding van advertensies wat in koerante geplaas is. Mediadekking was gerig op die opvangsgebiede van die nege gevangenes wat deur die ondersoek gedek is;
- 'n 24 Uur tolvry 0800 telefoonlyn was by die kommissie se kantoor geïnstalleer wat gevangenes, lede van die Departement asook die algemene publiek in staat gestel het om enige toepaslike inligting betreffende die ondersoek aan te meld;
- Verskeie verklarings wat deur die kommissie se ondersoekers ingesamel is.

Met die aanhoor van getuienis het die kommissie:

- Al die verhore in 'n openbare hof aangehoor in ooreenstemming met artikel 4 van die *Commission Act 1947*, (*act no. 8 of 1947*), soos gewysig.
- Enige regsverteenvoerding is aan enige party toegestaan wat verteenwoordiging verlang het;
- Alle mondelingse getuienis was aan kruisverhoor onderworpe;
- Dokumentêre getuienis was as by wyse van beëdigde verklaring aanvaar.

2.3.4.3 Jali Kommissie bevindings

Minister Balfour het tydens die vrystelling van die opsomming van die *Jali* verslag in Junie 2007 gesê dat meer as 60% van die *Jali* verslag aanbevelings reeds geïmplementeer is of in die proses is om in werking gestel te word.

- ▶ Die Kommissie het ook in hulle verslag na een van die personeellede, Mnr Tholoe, se handeling verwys: “*If not for the consistency for his evidence, one would have been forgiven to think that one was reading a novel because the facts he revealed were facts of which best sellers are made*” (Van den Berg 2007:16).

- ▶ Oor verskeie maande met die toestemming van die hoof van die Grootvlei Gevangenis in Bloemfontein, is ‘n geheime video gemaak wat skokkende gebeure binne die gevangenis ontbloot het. Die video wat op die Suid Afrikaanse televisie kanaal 3 in die program *Special Assignment* uitgesaai was, het die volgende wanpraktyke op beeld vasgelê;
 - Gevangenisbewaarders wat saam met sommige aangehoudenes alkohol drink,
 - kinders wat aan ouer gevangenes verkoop word met die bedoeling om seksuele gemeenskap te hê,
 - bewaarders wat ‘n pistool in die gevangenis insmokkel,
 - bewaarders wat met alkohol en dwelmmiddels smokkel,
 - ‘n bewaarder wat ‘n pistool wat reeds met ammunisie gelaai is aan ‘n gevangene gee om in ‘n ontsnapping te gebruik,
 - die openbaarmaking van korrupsie onder gevangenis personeel.

- ▶ Dit was ook die Kommissie se bevinding gewees dat die algemene indruk wat bewaarders gehad het dat: “*...prisoners were in prison “for punishment” and not “as punishment”*” (Van den Berg 2007:27).

- ▶ Die kommissie het bevind dat seksuele misbruike op gereelde basis in die gevangenis voorgekom het onder gevangenes sowel as tussen die gevangenes en die bewaarders. Die kommissie het ook gewaarsku dat bewaarders wat daarin faal om gevangenes van seksuele uitbuiting te beskerm, hul skuldig maak aan die verbreking van Afdeling 12 (1) en (2) van die Grondwet (Van den Berg 2007:28).

- ▶ Die Kommissie het ook ander ongeruimdhede soos die boekhouding van die wapen arsenaal in die Ncome bestuursarea as skokkend bestempel vanweë die feit dat daar geen rekords gehou is nie (Van den Berg 2007:32).

Ander bevindinge op bestuursvlak in nege van die areas wat die ondersoek gedoen was, het die volgende probleme na vore getree:

- Verdeeltheid onder die bestuur sowel as politieke verdeling onder die personeel. In sommige gevalle is bevind dat die bestuur in twee kampe verdeel is. Die een kamp is meer dominant en is aan die werkersunie gekoppel terwyl die ander helfte 'n vrees het vir die dominante kamp. Dieselfde verdeling was tussen bestuurslede waarneembaar ten opsigte van hulle politieke affiliasie en die spanning wat dit veroorsaak het.
- Die algemene tekort aan dissipline en onvoeldoende dissiplinêre aksie wat geneem word.
- Smokkelry deur gevangenes sowel as gevangenis personeel.
- Swak en wangedrag ten opsigte van die werksinkels beheer en logistieke.
- Bewaarders wat gevangenes aanrand.
- Sydigheid tydens personeel aanstellings en die misbruik van mag.
- Daar is onvoldoende sekuriteitsmaatreëls in meeste van die bestuursareas wat tot groter wanpraktyke bydra soos byvoorbeeld sommige bewaarders wat geld van besoekers ontvang in ruil vir besoekers voorregte.

- Lede wat by onwettige bende aktiwiteite betrokke is wat bydra tot die geweld situasie binne die gevangenis.
- Die *Jali* kommissie het ook 'n neiging in die nege bestuursareas bespeur oor sommige senior amptenare wat ongeruimd hede ignoreer en probleme wat hulle dikwels self behoort hanteer eerder na 'n ander bestuursafdeling verwys (Van den Berg 2007: 34).

Benewens al die probleem-punte wat tydens hierdie ondersoek uitgelig en aangespreek is soos Minister Balfour in die verslag bevestig is, is daar diegene wat die verslag met groter omsigtigheid benader. Mnr Gideon Morris, direkteur van die Regterlike Inspektoraat van Gevangenis, is egter minder entoesiasies en waarsku deur daarop te wys dat die Departement van Korrektiewe Dienste nie toevertrou kan word met die opklaar van sy probleme nie omrede dit juis die Departement is waar rondom die Kommissie se ondersoek gesentreer was (Ka Nzapheza 2007:4). Ter aansluiting by Mnr Morris, kan verwys word na die ontsnappings gedurende 2006/2007 by die C-Max Middeldrift sowel as die St Albans gevangenis waar senior beamptes van die Departement van Korrektiewe Dienste betrokke was (DCS Annual Report 2007:8).

Die waarde van die Kommissie se ondersoek is uiters belangrik. Dit het nuwe hoop tot verandering gebring na die ontbloting van 'n diep gewortelde probleemsituasie binne die Departement van Korrektiewe Dienste. Daar word 'n poging aangewend om verandering binne die Departement te bewerkstellig. Die Minister van die Departement van Korrektiewe Dienste, mnr Ngconde Balfour, is vasberade om korrupsie ten alle koste in die Departement uit te roei en 'n goeie bestuur van openlikheid en verantwoordelikheid te kweek (Corrections Review 2009:1). Minister Balfour se volhardheid strook met die van Suid-Afrikaanse president Jacob Zuma se voornemens om korrupsie binne al die staats-departemente uit te wis.

2.4 UITDAGINGS WAT DIE DEPARTEMENT VAN KORREKTIEWE DIENSTE ERVAAR HET TYDENS DIE BELEIDSVERANDERING

Die Departement van Korrektiewe Dienste is deur baie uitdagings gekonfronteer sedert die transformasieproses. Baie van die uitdagings kan inherent aan korrektiewe stelsels wêreldwyd toegeskryf word, terwyl sommige uitdagings uniek tot Suid-Afrika beperk is. Die huidige uitdagings wat ondervind word, kan toegeskryf word aan die inherente risikos binne die korrektiewe stelsels en dimensies as gevolg van die transformasieproses oor die afgelope tydperk. Hierdie uitdagings behels die volgende aspekte soos vervat is in die Witskrif (2005:32-34):

- gevangenisoorbevolking en die stand van die Departement van Korrektiewe Dienste se fasiliteite;
- die gevangenskultuur en korrupsie binne die gevangenisstelsel;
- opleiding vir die nuwe paradigma; en
- strukturering vir die nuwe paradigma.

In reaksie tot hierdie uitdagings om die instansie se kultuur binne die Departement te hervorm, is die Departement daartoe verbind om 'n kultuur van goeie bestuur te skep. Dit sluit in die ontwikkeling van 'n risiko sowel as 'n bedrog bestuurstrategie wat 'n interne ondersoekkapasiteit besit om te verseker dat bronne op 'n koste effektiewe wyse benut word om voorvalle van korrupsie en wanbestuur binne die departement aan te spreek. Volgens artikel 95 van die *Correctional Services Act*, is 'n inspekterende direktoraat op die been gebring om die Kommissaris in te lig oor die nakoming van die Staat en departementele beleid deur amptenare.

Ten spyte van hierdie uitdagings wat die Departement in die gesig staar, het die DKD heelwat vordering gemaak op die terein van beleidverandering. Sommige areas ervaar egter steeds probleme soos byvoorbeeld bendegegeweld, gevangenisoorbevolking ensomeer. Vervolgens word meer

aandag aan die huidige gevangenisituasie gegee asook die gepaardgaande probleme waarmee die Departement worstel.

2.5 Die Suid-Afrikaanse gevangenisituasie

Die voormalige Minister van die Departement van Korrektiewe Dienste, Mnr BMN Balfour (tydens die skryf van hierdie verslag), het in die voorwoord van die 2005 Witskrif vir korreksies gesê dat: *“For too long prisons have been regarded as breeding grounds of criminality, places of punitive authoritarianism and backwaters of everything despised by society. They also represented a microcosm of a divided country, racked by racial segregation and discrimination, as well as repressive measures such as solitary confinement and violent interrogation”* (Witskrif 2005:5). Die aanname van minister Balfour stem ooreen met die artikel getiteld *“Why prisons are universities of crime”*, wat in ‘n plaaslike koerant verskyn het deur die situasie wat in sekere gevangnisse heers as volg te vertolk:

“There seems to be little hope for South Africa’s youthful transgressors – Overcrowded jails and cell violence are turning them into hardened criminals. Every month in South Africa an average 29,974 prisoners are released from jail. Up to 80% return soon afterwards because, experts say, South African prisons are not conducive to rehabilitation.

The violence, sexual assault an inhumane conditions synonymous with prison life could actually be doing the opposite – turning petty offenders into violent criminals.

“Current prison conditions do not allow for the rehabilitation and reintegration of the offender,” says Makubetse Sekhoyane, a senior researcher at the Institute of Security Studies. This is demonstrated by the high levels of recidivism. Although there is no exact data available on repeat offending, the Minister of Correctional Services estimates it is about 55%. The National

Institute of Crime Prevention and Rehabilitation of Offenders puts this figure much higher in areas where they have operated, at 80% to 90%.

“It is becoming increasingly clear that locking people up does not solve the problem of crime but could even exacerbate it”. Overcrowding is mainly due to the large number of awaiting trial prisoners, according to a report by the Judicial Inspectorate of Prisons. This group makes up more than one third of people behind bars.

According to Amanda Dissel of the Centre for the Study of Violence and Reconciliation, part of the difficulty in rehabilitating prisoners stems from the extreme staff shortages – just over 20 psychologists tend to Sac’s 185 000-strong prison population aided by some 400 social workers. Prison Healthcare services have until now been funded by provincial health departments, which they say can no longer afford to foot the prison medical bill.

Lizelle Albertse, a rehabilitator at Pollsmoor Prison, says she has dealt with prisoners who served time for petty offences and become rapists after their release. “This guy comes into prison and he gets raped. There is no intervention,” she explains. “He comes out of prison and he’s so full of anger and he’s so full of rage – he feels that he’s lost his manhood. Now they want to take what’s been taken from them. They either become abusers, rapists or violent criminals.” Prison rape, she says, is there and it happens all the time. “It happens every night and it happens every day”.

“Overcrowding,” explains researcher KC Goyer, “has adversely affected prison conditions to the point that they are entirely unconstitutional.”

The Department of Correctional Services also admits that “overpopulation of prisons impacts negatively on staff morale, on the health of offenders, on effective safe custody and on the ability of the department to allocate resources effectively for the rehabilitation of offenders” (Altenroxel, Cape Argus 2003:14). Hierdie verkorte uittreksel som die situasie wat binne die gevangnisse heers behoorlik op. Dit dui daarop dat die moraal van die

personeel deur die oorbevolkingsituasie affekteer word asook 'n impak op die aangehoudenes se gesondheid het.

Regter Nathan Charles Erasmus (2007:7,13-14), vorige Regterlike Inspektoraat van Gevangenis, het die gevangenisituasie ook in sy 2006/07 Jaarverslag soos volg opgesom: *“During our national inspections, we identified problems which exist in most of the prisons inspected. Problems such as a lack of rehabilitation programmes, lack of vocational and recreation facilities and inadequate healthcare were prevalent. These issues are not isolated problems experienced by some Heads of Prisons but clearly systemic. During the inspections we received various inputs relating to the conditions in prisons and the treatment of prisoners. These inputs, mostly in the form of physical observations and structured interviews, provided an almost endless list of problems faced by correctional officials and prisoners during the day-to-day running of the prisons. The following categories of problems were identified in no specific order:*

- *Shortage of staff.*
- *Lack of medical staff and facilities.*
- *Prison overcrowding.*
- *Staff development*
- *HIV/AIDS*
- *Infrastructure and maintenance.*
- *Gangsterism*
- *Requests for prison transfers.*
- *Focus on security.*
- *Lack of rehabilitation and vocational training programmes.*
- *Assaults*

Suid-Afrikaanse regslui spreek ook hulle kommer uit oor die gevangenis-toestande. Regter Ronnie Bosielo het in Februarie 2002 'n taakspan versoek om 'n ondersoek in te stel na die onmenslike toestande wat in die Pretoria gevangenis heers na aanleiding van 'n klag deur gevangenes (*De Lange* 2004:10). Advokaat Cynthia Pretorius het ook die hof na aanleiding van hierdie besoek ingelig dat gevangenes oor die teenwoordigheid van rotte en

kokkerotte binne die selle kla. Die toestande wat in die gevangenis heers, word ook dikwels in die media aangehaal en strook met Regter Nathan Erasmus se aanname. Vervolgens is 'n verkorte aanhaling van nuusopskrifte wat die situasie binne ons gevangenis heers opsom:

- *“Tronke ’n Tydbom. Te min geld, te veel gevangenes resep vir ramp”* (Carstens, Die Burger 2004:16);
- *“Kruger-saak wys tronke help nie rehabiliteer”* (Prince, Die Burger 2008:8);
- *“How CT prison gang raped me”* (www.news24.co.za), (28/9/ 2005:);
- *“Vonnisse te lank, sê regter Desai”* (Pelser, Rapport 2006:12);
- *“Prisons cannot manage AIDS plight. More than 45% of SA’s prisoners are HIV positive says US-based researcher”* (Benjamin, Business Day 2003:3);
- *“Prisons chief keeps afloat a desperate vessel”* (Mvoko, Business Day 2002:2);
- *“One woman to deal with 800 offenders”* (Schroeder, Cape Times 2003:1);
- *“Sex on the floor and your choice of drugs. Pollsmoor is not somewhere to go for rehabilitation, says inmate who endured six weeks of hell”* (Bamford, Weekend Argus 2007:10);
- *“Rot en kokkerot is selmaats”* (Smith, Rapport 2004:18);
- *“Shock jail exposé : Child sex for sale”* (Olivier, The Citizen 2002:1);
- *“Our love of incarceration leads to overcrowding of SA jails, says judicial inspector”* (Smetherham, Cape Times 2004:5);

- “*Report lifts lid on abuse by wardens*” (Joseph, Cape Argus 2003:16);
- “*Planne met minimum vonnis se skok. Bewys van ’n duidelike tekort aan vertroue in regters*” (Du Plessis, Die Burger 2007:4);
- “*Local prisons a breeding ground for rapists*” (Parliamentary editor, Business Day 2004:7);

Die afleiding wat uit die voorafgaande artikels gemaak kan word, is dat gevangenis in ’n noodsituasie verkeer. Dit stuur ’n boodskap uit dat rehabilitasie binne hierdie instellings nie die geskikste omgewing vir hierdie doel is nie en dat daar groot leemtes in die strafregstelsel bestaan. Volgens amptelike statistiek wat deur die Regterlike Inspektoraat vir Gevangenis einde 2008 bekend gemaak is, was die gemiddelde oorbestttings persentasie van Suid-Afrika se gevangenis 143.71% (JIOP 2008). Dit is steeds ’n situasie wat negatiewe implikasies vir die strafregstelsel inhou. Hierdie oorbesetting het ’n impak op die instandhouding van gevangenis en hou ’n sekuriteitsrisiko in vir die aangehoudenenes sowel as die gevangenis personeel.

Kernaspekte soos sekuriteit en orde, die gesondheidstoestande wat binne die gevangenis heers en die opvoeding van gevangenes word in afdelings 2.6.1; 2.6.2 en 2.6.3 onder die soeklig geplaas.

2.5.1 SEKURITEIT EN ORDE

Ten spyte van die feit dat baie misdadigers in aanhouding hulle skuldig bevind aan gruwelmisdade soos moord, verkragting en roof, is dit steeds belangrik dat nie afgewyk word van menswaardige benadering ten opsigte van aanhouding nie (Coetzee et al 1995: 75). Dit is die Departement van Korrektiewe Dienste se plig om die veiligheid en gesondheid van gevangenes te verseker en om die nodige omgewing hiervoor te skep en onderhou.

Aangehoudenenes is van die Departement van Korrektiewe Dienste afhanklik vir hulle veilige aanhouding omdat hulle moes afstand doen van sommige van hulle vryheid van keuse, vryheid van assosiasie en vryheid van beweging soos in die Suid-Afrikaanse Grondwet vervat is. Hoofstuk 2 van die Suid-Afrikaanse Grondwet wat handel oor Menseregte kwessies, word die mens se vryheid en sekuriteit in artikel 12 gewaarborg en sluit die volgende regte van die landsburgers in (SA Constitution 1996:5);

- Die reg om vry te wees van alle vorme van geweld hetsy deur publieke of private bronne;
- Nie op enige manier gemartel word nie, en
- Nie om behandel of gestraf te word in 'n wrede, onmenslike of vernederende manier nie.

Deur om te sien na die veiligheid van aangehoudenenes word daar ook van die Departement van Korrektiewe Dienste verwag om na die bende bedrywighede om te sien en dit effektief te hanteer. Bendes is reeds vir dekades lank deel van die Suid-Afrikaanse gevangenis stelsel. Dit is die teenwoordigheid van bende bedrywighede binne die gevangnisse wat die veiligheid van ander oortreders in gedrang bring. Geweld vorm inherent deel van die funksionering van bendes. Geweld kan byvoorbeeld toegepas word om in 'n bende inisiasiesproses vir die beheer van mag asook dissiplinerende doeleindes. Hierdie bende optredes manifesteer op die volgende wyses binne die gevangenis:'

- Bende gevegte;
- Aanranding en moord;
- Geforseerde seksuele aktiwiteite of verkragting;
- Intimidasie of die verpligte uitvoer van gunsies;
- Betrokkenheid van of die ignorering deur korrektiewe beamptes van hierdie aktiwiteite.

Geforseerde of konsensuele sodomie vind algemeen binne die gevangenis opset plaas. Die voormalige Fidentia baas, J Arthur Brown, wat vir bedrog

aangekla is, het ook 'n slagoffer van geforseerde seksuele aanranding geword en het antiretrovirale behandeling by 'n privaat hospitaal in Kaapstad ontvang (Jooste:2008:1). Hierdie is 'n voorbeeld van wat met 'n gevangene mag gebeur wanneer 'n gevangene wat nie 'n gevaar risiko vir die samelewing inhou nie, saam met gevaarlike oortreders in aanhouding geplaas word.

'n Praktiese voorbeeld van die ordelose situasie wat in sommige gevangenisheers, word verwys word na 'n 36 jarige gevangene wat vroeër in aanhouding in Pollsmoor gevangenis was. Die persoon het in die media bevestig dat daar laatnag seksessies plaasvind, bloufilms te huur is en eindlose hoeveelheid dwelmmiddels te koop aangebied word. Dit is 'n plek waar bendes heers en 'n gevaar inhou vir die aangehoudenenes en gevangenis-personeel. Bendelede versteek selmaats onder die matrasse sodat dit die indruk kan skep dat die sel leeg is. Die rede hiervoor is net dat nuwe gevangenes hier gehuisves moet word sodat hulle deur die bendelede beroof kan word (Bamford 2007:10). Die Regterlike Inspektoraat van Gevangenis ontvang ook daaglik verslae van gevangenes en hul familie wat deur aanrandings en intimidasie deur mede gevangenes en gevangenis bendes geaffekteer word. Die Regterlike Inspektoraat van Gevangenis het waargeneem hoedat gevangenes in die gange rond dwaal en onwettig kos verkoop of bende aktiwiteite bevorder wat dikwels in die teenwoordigheid van die bewaarders geskied (Erasmus 2007:15).

Een van die groot probleme wat in die gevangenis ervaar word, is die groot personeel tekort. Dit skep 'n ideale geleentheid vir sommige gevangenes om die sekuriteit situasie uit te buit. James Selfe, Voorsitter van die Federale Raad en spreekbuis vir die Departement van Korrektiewe Dienste namens die Demokratiese Alliansie, het in 'n mediaberiggewing rakende die sekuriteitskwessie as volg aangehaal: “ *Frequently, there are not enough staff members on duty, with consequent implications for their security*” (www.news24.com 18/05/2007). Hierdie aanname is in ooreenstemming met die Regterlike Inspektoraat van Gevangenis se bevindinge omtrent hierdie kwessie soos in 2.1 aangedui word. Die Departement van Korrektiewe

Dienste se erkenning van die sekuriteitsgebrek word in die Departement se Jaarverslag aangehaal: *“Despite tightening security, a number of events occurred during the reporting period that indicated a need to strengthen security further and implement severe sanctions against those who continue to breach security. Escapes continue to be dangerous and indications are clear that some of our officials are colluding with criminal elements within our centres (DCS Annual Report 2006/07:8).* Die Minister van Korrektiewe Dienste, Mnr BMN Balfour spreek egter die hoop uit dat die sekuriteit situasie in die toekoms sal verbeter: *“Despite a number of violent and disturbing events that took place during the year under review, the Department is confident that the situation in many centres has improved and will continue to improve. This is largely due to the implementation of the biometric system, installation of CCTVs and erection of centres targeted in the 2007/08 target plan. These measures couples with the implementation of the Minimum Security Standards policy, training of officials and acting against corrupt and colluding officials will continue to enhance security in all centres” (DCS Annual Report 2006/07:18).* In die Suid-Afrikaanse Witskrif (2005:78), word ook melding gemaak oor die behoefte aan ’n teen-bende strategie wat deur die Korrektiewe bestuur inwerking gestel behoort te word aangesien gevangenis bendes beheer oor die bestuur van die korrektiewe sentrums verklaar.

Dit is duidelik dat die sekuriteit risiko wat in die gevangnisse heers nie die gewenste klimaat vir die rehabilitasie van die oortreder skep nie. Die Inspekterende Regter van Gevangnisse sê hieromtrent dat: *“Order must be established and maintained if we are to create an environment conducive to rehabilitation” (Erasmus 2007:15).*

2.5.2 GESONDHEIDSTOESTANDE

’n Belangrike faset van menswaardige aanhouding is dat omgesien sal word na die gesondheidstoestande binne die gevangenis. Artikel 26 van die Verenigde Nasies se Standaard Minimum Reëls ten opsigte van die behandeling van gevangenes, word spesifiek verwys na die voorgestelde

gesondheids-toestande wat in die gevangnisse van toepassing moet wees. Die fisieke versorging van gevangenes is daarom 'n integrale deel van die breër departementele lynfunksie (Coetzee et al 1995:98). Die Standaard Minimum Reëls vir die behandeling van Gevangenis word omvattend omskryf en dek 'n verskeidenheid gesondheidsaspekte wat direk sowel as indirek 'n invloed op die aangehoudenes het. Vervolgens word die uiteensetting van die gesondheidsorg maatreëls in artikel 22 tot 26 weergee soos deur die *First United Nations Congress on the Prevention of Crime and the Treatment of Offenders* soos in 1955 in Geneva aanvaar is :

22. (1) At every institution there shall be available the services of at least one qualified medical officer who should have some knowledge of psychiatry. The medical services should be organized in close relationship to the general health administration of the community or nation. They shall include a psychiatric service for the diagnosis and, in proper cases, the treatment of states of mental abnormality.

(2) Sick prisoners who require specialist treatment shall be transferred to specialized institutions or to civil hospitals. Where hospital facilities are provided in an institution, their equipment, furnishings and pharmaceutical supplies shall be proper for the medical care and treatment of sick prisoners, and there shall be a staff of suitable trained officers.

(3) The services of a qualified dental officer shall be available to every prisoner.

23. (1) In women's institutions there shall be special accommodation for all necessary pre-natal and post-natal care and treatment. Arrangements shall be made wherever practicable for children to be born in a hospital outside the institution. If a child is born in prison, this fact shall not be mentioned in the birth certificate.

(2) Where nursing infants are allowed to remain in the institution with their mothers, provision shall be made for a nursery staffed by qualified persons, where the infants shall be placed when they are not in the care of their mothers.

24. *The medical officer shall see and examine every prisoner as soon as possible after his admission and thereafter as necessary, with a view particularly to the discovery of physical or mental illness and the taking of all necessary measures; the segregation of prisoners suspected of infectious or contagious conditions; the noting of physical or mental defects which might hamper rehabilitation, and the determination of the physical capacity of every prisoner for work.*

25. (1) *The medical officer shall have the care of the physical and mental health of the prisoners and should daily see all sick prisoners, all who complain of illness, and any prisoner to whom his attention is specially directed.*

(2) *The medical officer shall report to the director whenever he considers that a prisoner's physical or mental health has been or will be injuriously affected by continued imprisonment or by any condition of imprisonment.*

26. (1) *The medical officer shall regularly inspect and advise the director upon:*

(a) *The quantity, quality, preparation and service of food;*

(b) *The hygiene and cleanliness of the institution and the prisoners;*

(c) *The sanitation, heating, lighting and ventilation of the institution;*

(d) *The suitability and cleanliness of the prisoners' clothing and bedding;*

(e) *The observance of the rules concerning physical education and sports, in cases where there is no technical personnel in charge of these activities.*

(2) *The director shall take into consideration the reports and advice that the medical officer submits according to rules 25 (2) and 26 and, in case he concurs with the recommendations made, shall take immediate steps to give effect to those recommendations; if they are not within his competence or if he does not concur with them, he shall immediately submit his own report and the advice of the medical officer to higher authority.*

Dit is belangrik om 'n begrip van Suid-Afrika se sosio-ekonomiese omstandighede te hê en die oorsake wat tot die toename van aansteeklike siektes lei asook die impak hiervan op aangehoudenes. Hierdie probleem

word grootliks toegeskryf aan die feit dat die groter meerderheid van die Suid-Afrikaanse bevolking 'n laer vlak van voeding het as wat verlang word en is hulle daarom meer vatbaar vir infeksies wat gepaard gaan met beknopte en onvoldoende lewensomstandighede. Tabel 2.1 dui aan dat dit veral die swart en bruingemeenskappe is wat in aanhouding is.

Tabel 2.1 **Oortreders in aanhouding : 31 Desember 2008 : Per Ras/Geslag en Vonnisgroep**

RAS	GESLAG	ONGEVONNIS	GEVONNIS	Alle Vonnis Groepe
ASIAATE	Vroulik	12	36	48
	Manlik	144	510	654
Swart	Vroulik	710	1,755	2,465
	Manlik	41,460	89,052	130,512
Bruin	Vroulik	226	450	676
	Manlik	7,177	20,672	27,849
Wit	Vroulik	59	234	293
	Manlik	496	1,964	2,460
Alle Rasse	Alle Geslagte	50,284	114,673	164,957

Bron: JIOP 2008

Die aanhoudingspatroon in Suid-Afrika dui aan dat 'n groot aantal van die oortreder bevolking vanuit hierdie gemeenskappe afkomstig is soos in tabel 2.1 aangedui word. Die oorbevolking situasie van die gevangenis vererger net hierdie situasie. HIV/VIGS en ander aansteeklike siektes soos tuberkuloses en seksueel oordraagbare siektes sal volgens die witskrif as noodsaaklikheid aangespreek word vir die voorsiening van omvattende gesondheidsorg- diens en- opvoeding aan aangehoudenenes (sien ook 2.5.2.1).

2.5.2.1 Grondwetlike aspekte rondom die gesondheid van aangehoudenenes

Hoewel die witskrif die belangrikheid van gesondheidsorg binne die gevangenis benadruk, is dit bewus van die beperkinge hiervan:

“Overcrowded prisons with infected inmates and with poor hygiene and sanitation are a dominant threat in the field of communicable diseases in the region. Prison health must be a priority” (Witskrif 2005:79).;

Die gesondheid van die aangehoudenes word in Afdeling 35 (2) van die Grondwet aangespreek en die Departement verplig dat: *“Everyone who is detained, including every sentenced prisoner, has the right to conditions of detention that are consistent with human dignity, including at least exercise and the provision, at state expense, of adequate accommodation, nutrition, reading material and medical treatment”*. Hierdie klousule verwys na die verpligting wat die Departement teenoor aangehoudenes het om hulle toegang tot gesondheidsorg te bied. Dit dui ook aan dat die gesondheidsdiens wat die staat aan sy inwoners lewer, konsekwent moet wees en terselfdertyd die reg van individue in Suid-Afrika erken om toegang tot privaat gesondheidsorg te verkry op eie koste indien benodig.

Ongelukkig word dit sterk betwyfel of die Departement van Korrektiewe Dienste die vermoëns besit om gesondheidsorg aan vigslyers wat in aanhouding is te voorsien. 'n Vigslyer het as voorbeeld onlangs in die landdroshof aangevoer dat hy nie sy antiretrovirale medikasie betyds in Pollsmoor gevangenis waar hy in aanhouding is ontvang nie en daarom om borgtog vrygelaat moet word. Indien hy nie sy medikasie op tyd ontvang nie, sal hy binne drie maande sterf. Volgens hom het geen dokter hom nog, ondanks sy toestand, in Pollsmoor besoek nie. 'n Mediese beampte het hom probeer help, maar medikasie is nie vir hom binne die gevangenis beskikbaar nie (Pienaar-Brink 2008:5).

'n Verbintenis tot die gesondheid van die oortreders vereis 'n gesondheidsorg wat beide fisiese en geestelike sorg insluit. Artikel 12 van die *International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights (Article 12)* behels die: *“.....right of everyone to the enjoyment of the highest attainable standard of physical and mental health”* (Witskrif 2005: 78-79).

Die mediese behandeling van gevangenes in Suid-Afrika bly egter 'n twispunt. Van die probleme sentreer rondom die besonderhede van menseregte wat elke gevangene het tot “voldoende mediese versorging” wat in wetgewing

omskep is. Dit is veral Artikel 12(1) van die 1998 wet wat 'n strydvraag is wat lees: "The Department must provide, within its available resources, adequate health care services, based on the principle of primary health care in order to allow every prisoner to lead a healthy life". Primêre gesondheidsorg is egter beperk as gevolg van 'n tekort aan bronne. 'n Hof kan dus tot die gevolgtrekking kom dat dit 'n ongrondwetlike skending van die menslike reg is om in aanhouding te wees wat die menswaardigheid aantast. Die reg tot mediese behandeling is ook 'n twispunt in die opsig dat gevangenes mediese sorg ontvang terwyl van die behandeling nie vir alle privaat landsburgers van toepassing is nie (Van Zyl Smit & Dünkel 2001:597-598).

2.5.2.2 Onderzoek na gezondheidstoestande in gevangenis

Die *Law Society of South Africa* het in 2003 'n verslag vrygestel na 'n landswye besoek aan gevangenis. Met verwysing na die hospitaal afdeling binne die Pollsmoor gevangenis, is tot die slotsom gekom: "*The so-called hospital, which appeared to be nothing more than a first aid area was acceptably clean. The medical officer who was not a qualified doctor, answered certain questions. He endeavoured to answer some questions on statistics on HIV infections. This was very unsatisfactory as the visitors could see that these were not scientific reports as he indicated that there was no compulsory testing of inmates*" (LLSA 2003:17).

Betreffende higiëne binne die selle, was 'n oortreder wat in Pollsmoor gevangenis was, geforseer om saam met tuberkulose lyers te slaap en het luisse uit sy onderklere verwyder (Bamford 2007:10). Kokerotte wemel in Pollsmoor of val op sommige van die gevangenes terwyl hulle slaap. Die kondoomhouders is altyd leeg en word as asbakke gebruik. Volgens 'n aangehoudene wat ses weke lank in Pollsmoor gevangenis spandeer het, is die sel waarin hy was nie eenkeer ontsmet nie. Dit ten spyte van die feit dat aangehoudenes dikwels seks in die storte beoefen en altyd urine, ontlasting en braaksel op die toiletsitplekke voorkom (Bamford 2007:10).

Anthony Fish van Milnerton Kaapstad, wat op parool vrygelaat is nadat hy in aanhouding in Pollsmoor gevangenis was, het die volgende te sê gehad omtrent die gesondheidsituasie wat daar heers: “.....*some inmates were seriously ill. One guy in the cell had open sores. He was rancid and smelled bad and he was on no medication*” (Bamford 2007:16). Die deel van tatoëring naalde onder die gevangenes dra ook verder by tot die verspreiding van HIV (Dissel & Ellis 2002:9).

In ‘n ander gevangenisbesoek tydens 13 Mei 2004, het Regter Bozalek in ‘n verslag die volgende mening gehef: “...*they (the cells) are grossly overcrowded....the facilities are outdated and unhygienic. There is no mess hall where the prisoners can eat and the toilets which they use are inside the cells and stand open. As a result the prisoners eat, sleep and perform their basic bodily functions in small overcrowded cells. Furthermore it appears that apart from their hour-long excercises each day conducted in the concrete courtyard and when the prisoners attend a parade or fetch their food to be brought back to their cells, they spend the entire day locked in their cells*”(Fagan 2005:12).

‘n Besoek aan die Krugersdorp gevangenis se hospitaal afdeling deur prokureur Gresse, het hy bevestig dat hierdie afdeling dringende aandag benodig. ‘n Voorbeeld was genoem van manlike oortreders wat aan demencia ly en deur vroulike verpleegpersoneel versorg word. Sommige van die gevangenes het probeer om van al hulle klere ontslae te raak tydens die besoek en het ook aanhoudend geskree. Van hulle word blykbaar aggressief teenoor die verpleegpersoneel. Die verplegingpersoneel het bevestig dat hulle dikwels vreesbevange is om diegene se selle te betree. Hulle word verplig om hierdie aangehoudenenes te versorg sonder die beskerming deur manlike personeel (Gresse 2006:3)

Een van die uitstaande probleme wat spesifiek in Pollsmoor gevangenis navore tree, is die tekort aan personeel. Die minister van die Departement van Korrektiewe Dienste het die parlement ingelig dat oortreders tot die Pollsmoor gevangenis toegelaat word sonder om die nodige mediese ondersoeke te ondergaan as gevolg van ‘n personeel tekort (Quintal 2007:4). Dit is dus ‘n

afwyking van die departementele prosedure aangesien alle aangehoudenes deur 'n siftingsproses moet gaan waarna hulle vir 'n omvattende mediese assessering deur mediese personeel moet gaan. Die minister voer verder aan dat as gevolg van die kroniese tekort aan gesondheidsorg personeel, is daar geen permanente dokters nie en slegs 14 verpleegpersoneel vir die nagenoeg 7,472 aangehoudenes. Van die 36 verpleegposte is 22 poste vakant. Volgens minister Balfour is daar 21 gevangenes in aanhouding in verskillende tronke in Suid-Afrika wat positief vir XDR-TB toestand getoets is waarvan 4 in Pollsmoor is.

Dokter Paul Theron, 'n mediese praktisyn by die Pollsmoor gevangenis vir die afgelope tien jaar en 'n distriksgeneesheer vir reeds 22 jaar, was onlangs in die nuus na aanleiding van sy publieke bekendmaking van die gesondheidstoestande wat in die Pollsmoor gevangenis heers. Hy is in Julie 2007 deur die Wes-Kaap se Departement van Gesondheid geskors nadat hy die Inspekterende Regter vir Gevangenis en 'n Parlementêre beampte inlig het oor 'n akute gesondheidskrisis wat by Pollsmoor gevangenis heers wat 'n kroniese tekort aan personeel en 'n gebrek aan siekte beheer insluit (www.news24.com) 27/12/2007.

Die gesondheidstoestande wat binne sommige van die gevangenis heers hou nie alleenlik 'n gesondheidsrisiko vir die gevangenes in nie, maar oor vir gevangenispersoneel wat daagliks in noue kontak met diegene kom.

2.5.3 OPLEIDING EN OPVOEDING

Rehabilitasie is nie 'n eenmalige gebeurtenis nie, maar 'n proses. Een van die hulpmiddele wat die tot die hervorming van die gevangene bydra, is die van opvoeding en opleiding deur die Departement. Die ontwikkelingsprogramme behels opvoeding- en opleidingsprogramme, maatskaplike werk-, sielkundige- en geestelike sessies. Die doelstelling van die programme is om die opvoedingsvlakke te verhoog en om die aangehoudenes se vaardighede te verbeter wat hulle integrasie terug in die gemeenskap sal bevorder.

Opleidingsprogramme word deur staat instansies sowel as nie-staatsdiens instansies aangebied. Die programme moet voldoen aan die standaarde van die *South African Qualifications Authority* sowel as die *National Qualifications Framework* (Cilliers & Smit 2007:88). 'n Belangrike aspek met betrekking tot programopleiding is dat slegs reeds gevonnisdies die geleentheid gegun word om aan programme deel te neem. 'n Ander probleem is dat die Departement geen rekords het oor die aantal ongeletterde persone wat in aanhouding is nie. Dit is 'n probleem aangesien hierdie inligting die Departement in staat stel om 'n vonnisplan volgens die behoeftes van die gevangene te formuleer. Program aanbieding word in twee verdeel naamlik formele en informele opvoedings programme. Formele opleiding word deur die Departement van Opvoeding aangebied en sluit in basiese onderrig en opleiding (ABET) en informele programme behels biblioteek opleiding, lewensvaardighede ensomeer. Een van die probleme wat die Departement ervaar is dat daar nie getoets kan word of gevangenes wat reeds die verskillende programme voltooi het, asook of die gevangenstermyn, 'n impak het op toekomstige heroortreding nie. Daar is ook geen statistiek oor residivisme beskikbaar nie.

Daar word probleme ondervind met die praktiese uitvoering van opleiding en onderrig soos in die volgende voorval. Tydens 'n gevangenisbesoek deur 'n aantal prokureurs aan die Leeukop Jeugafdeling, was hulle meegedeel dat opvoeding nie verpligtend is nie, maar slegs kort voordat hulle uit die gevangenis ontslaan word aangebied word. Alle gevangenes woon dan 'n verpligte rehabilitasie en inleidings kursus by. Leeukop se opvoedkundige programme dek klaarblyklik die hele spektrum vanaf ABET tot Graad 12 programme aan. Die onderwysprogramme word deur gekwalifiseerde onderwysers behartig maar ongelukkig het hulle geen praktiese onderwyservaring nie aangesien hulle direk vanaf die opvoedkundige opleidings instansies afkomstig is. Hierdie personeel tekortkoming skep 'n probleem volgens die gevangenis hoof. Afdeling 29 in die Handves van Menseregte maak juis voorsiening dat enige persoon die reg tot opvoeding het.

In die geval waar rekenaar wetenskap aangebied word, is daar geen rekenaars tot die Leeukop gevangenes se beskikking wat bydra tot die

praktiese rekenaar ervaring van die gevangenes nie. Aan die einde van hulle skoolopleiding word hulle van 'n skoolsertifikaat voorsien sonder dat hulle enige praktiese ondervinding gehad het. Die gevangenis het 'n biblioteek maar die boeke is verouderd aangesien dit hoofsaaklik deur donateure geskenk word soos kerke en individue aangesien biblioteke weier om skenkings te doen as gevolg van die verdwyning van die boeke (Gresse 2006:3,5).

2.6 GEVOLGTREKKING

Hoofstuk 2 het gepoog om die Suid-Afrikaanse strafregstelsel so volledig moontlik te beskryf deur die historiese ontwikkelingsfase van die gevangenisstelsel te beskryf. Die belangrike rol wat Kommissies van Onderzoek is verduidelik wat die Lawnsdowne-, Viljoenkommissie-, Krügelkomitee en die Jalikommissies insluit. Die uitdagings wat die Departement van Korrektiewe Dienste ervaar het sowel as 'n uitbeelding van die Suid-Afrikaanse gevangenisituasie waaraan die gevangenes en personeel blootgestel word. Laasgenoemde sluit in die sekuriteit en orde binne die gevangenis, die gesondheidstoestand asook die grondwetlike aspekte aangaande die gesondheid van die aangehoudene. Die opleiding en opvoeding van die oortreder binne die gevangenis kom hierna aan die beurt wat gevolg word deur die opsomming van die studie.

Mense gaan nie vrywillig na 'n gevangenis toe nie, maar word daar deur die Staat geplaas wanneer hulle deur die hof tot gevangenisstraf gevonnies word of verhoorafwagting totdat hulle hofsak afgehandel is. Dit is om hierdie rede dat dit die Staat se verantwoordelikheid is om toe te sien na die welsyn van gevangenes. Die Staat kan gevangenes gevolglik nie daar plaas en nie vir hulle behoorlik sorg nie. Die Staat het 'n totale verantwoordelikheid en onbetwisbare plig om vir gevangenes op so 'n wyse te versorg dat die Grondwetlike regte van gevangenes nie oortree word of tekortkom nie. Die feit dat 'n persoon 'n misdryf begaan het of daarvan verdink word, is geen verskoning vir die Staat om nie behoorlik sorg vir die persoon te bied nie. Gevangenisstraf behoort alleenlik die persoon se vryheid inkort en mag geen

ander straf direk of indirek toevoeg nie. Wanneer 'n hof iemand tot gevangenisstraf vonnis, behou hy of sy steeds alle regte, behalwe die wat beperk moet word sodat die gevangenisstraf geïmplementeer kan word. Die persoon in die gevangenis beteken nie dat hy/sy nou die reg verloor het tot byvoorbeeld gesondheidsdienste of nie stemreg het nie. Gevangenes behou dus hierdie regte. Dit staan bekend as die *residuüm* beginsel en is sentraal tot die regte van die aangehoudenenes.

Benewens die toestande waarin die aangehoudenenes in meeste van Suid-Afrikaanse gevangnisse verkeer soos in hierdie hoofstuk uitgelig is, kan die vraag gevra word of ons werklik die rehabilitasiedoelwit binne die gevangenisopset kan bereik. Die vraag of die Departement van Korrektiewe Dienste die beginsels van die Suid-Afrikaanse Grondwet huldig met in agneming van die huidige stand van gevangnisse, word na aanleiding van die voorafgaande hoofstuk deur die navorser bevraagteken. Hoofstuk 2 is 'n duidelike voorbeeld van die aantasting van die mens se Grondwetlike reg deur die Staat.

Die klem van hoofstuk 3 val op gevangenis oorbevolking en hoe dit die rehabilitering van oortreders in gevangnisse beïnvloed. Daar word eerstens 'n oorsig van die gevangenis oorbevolking situasie weergee wat statistiek insluit sowel as moontlike oorsake wat tot oorbevolking bydra volgens die *Law Reform Commission of Tanzania*. Hierna word oorsake van reeds gevonnisdas asook in die geval van ongevonnisdes beskryf. 'n Kort oorsig van Suid-Afrika se gevangenisgetalle in vergelyking met ander wêrelddele word weergee en opgevolg deur die Departement van Korrektiewe Dienste se reaksie ten opsigte van die hantering van ons oorbevolkte gevangnisse en ter afsluiting die gevolgtrekking van die hoofstuk.

HOOFSTUK 3


GEVANGENIS OORBEVOLKING

3.1 INLEIDING

Suid-Afrika se inkapasitasie syfer is van die hoogste ter wêreld en die hoogste in Afrika (*Fagan 2004:1; Sekhonyane 2004:33*). Die groeiende Suid-Afrikaanse gevangenis bevolking is nie 'n nuwe tendens nie. Suid-Afrika ervaar sedert 1965 'n konstante groei in die gevangenis bevolking soos in tabel 3.1 aangedui word. Na die transformasieperiode van die Suid-Afrikaanse regering het die gevangenisbevolking vinniger gegroei as waarvoor voorsiening gemaak is. Die probleem van oorbevolkte gevangnisse en die koste verbonde om die gevangnisse effektief te bestuur, het die denke van beleidmakers geokkupeer. Heelwat opsies is oorweeg om hierdie probleem onder beheer te bring waarvan sommige voorstelle onkonvensioneel was. Die voormalige Minister van Korrektiewe Dienste, Mnr Sipo Mzimela het byvoorbeeld op 11 September 1997 aan 'n nuuskonferensie bekend gemaak dat hy dit oorweeg om twee Russiese skepe te bekom met die doel om dit as gevangnisse te omskep. Die idee was om gevangenis- skepe deur privaat instansies te bestuur (*Underhill 1997:4*), (*Stuart 1997:17*). Ander oorwegings was die omskepping van die 25 verdieping Ponte-woonstelkompleks in Hillbrow, Johannesburg, in 'n gevangenis sowel as die omskepping van uitgediende mynsgagte in gevangensisselle (*Stuart & Hagen 1998:13*).

Tabel 3.1: Historiese oorsig van die gevangenis bevolking vanaf 1965-2005

Aantal gevangenes in aanhouding 1965 - 2005



Bron: Kantoor van die Regterlike Inspektoraat, Februarie 2009

Hierdie tabel is 'n duidelike aanduiding van die opwaartse neiging in die gevangenisbevolking wat die Departement sedert 1965 ervaar het. Die impak hiervan op die strafregspiegingsstelsel, die land se ekonomie en gevolglik die gevangenis gemeenskap in die geheel, is dat dit verreikende implikasies inhou. Die Departement van Korrektiewe Dienste se begroting was byvoorbeeld vir die 2007/08 finansiële jaar R11.4 biljoen (DCS Annual Report 2008:79). Die toename in die gevangenis bevolking het nie alleenlik 'n impak op die eskalasië koste vir die instandhouding van die korrektiewe stelsel nie, maar het ook daartoe gelei dat oortreders in erg oorbevolkte omstandighede aangehou word. Dit het daartoe aanleiding gegee tot 'n tekort aan rehabilitasie programme en onvoldoende gesondheidsorg binne die gevangnisse (Erasmus 2007:30).

In die voorwoord van die Suid-Afrikaanse Witskrif vir die Departement van Korrektiewe Dienste, word melding gemaak dat gevangenis oorbevolking die Departement se mees belangrikste uitdaging is. Dit hou nie alleenlik negatiewe implikasies in vir die Departement om sy kern verantwoordelikhede

uit te voer nie, maar is daar ook konstitusionele bepalings wat die Staat verplig om dringend aandag aan hierdie probleme te gee (Witskrif 2005:12). Minister Ngconde Balfour, minister van die Suid-Afrikaanse Departement van Korrektiewe Dienste het in die 2006/07 jaarverslag 'n opmerking gemaak met verwysing na die oorbevolkte gevangenissituasie wat lui: *“While gains were made during this year, a number of events continues to remind us that we work in a difficult and challenging environment”* (DCS Annual Report 2006/07:06). Minister Balfour het bygevoeg dat die oorbevolkings probleem wat die gevangenis ervaar, die mees betekenisvolle impak op die Departement se koste uitgawes en vordering het. Minister Balfour het gewaarsku dat een van die bydraende oorsake tot Suid-Afrika se oorbevolkingsprobleem is dat alternatiewe vonnisopsies in vergelyke met gevangenisopsies tot die minimum beperk word (DCS Annual Report 2006/07:67).


Die Departement van Korrektiewe Dienste voer verder aan dat gevangenis oorbevolking 'n negatiewe impak op die Departement se infrastruktuur het: *“The Department continues to face the problem of overcrowding, which has the most significant impact on the department’s costs and performance, especially in relation to infrastructure, and its development and care capacity”*, en voeg by dat 'n reeks omstandighede toegeskryf kan word aan die oorbevolkings probleem: *“While the department continues to battle with overcrowding, a number of factors continue to pose a challenge. The continued incidents of violent crime and mass arrests, the backlog in the courts, the impact of the minimum sentencing legislation, the imposition of long sentences and minimal usage of non-custodial options mean that dealing with overcrowding requires a multifaceted approach. At the end of 2006/07, the total number of sentenced inmates was 112 795 and the number of awaiting trial detainees was 48 228, a total inmate population of 161 023”* (DCS Annual Report 2006/07:67-68).

Die situasie het nie veel na die periode verander nie. In die 2007/08 jaarverslag is weer gemeld dat oorbevolking die Departement van Korrektiewe Dienste se vermoëns tot dienslewering op die proef stel.

Oorbevolking beteken dat akkommodasie onvoldoende is, amptenare meer tyd spandeer om die beweging van oortreders te monitor om sodoende die sekuriteit van gevangenes en personeel te verseker. Ander beperkings behels finansies en personeel. Een van die groot onkoste is die funksionerings koste as gevolg van die toenemende gevangenes getalle (DCS Annual Report 2007/08:81).

Gevangenisoorbesetting het so 'n groot impak op gevangenis, dat die aantal gevangenes veral die afgelope paar jaar dramatiese gevolge gehad het. Die oorsake tot die toename het ook gedurende hierdie tydperk verander. Gedurende 1995 en 2004 het die Suid-Afrikaanse gevangenisgemeenskap gegroei vanaf 116,846 tot 187,036, terwyl die beskikbare akkommodasie oor hierdie tydperk op 113,000 gestaan het (Giffard & Muntingh 2007:21). Die hoofdryfveer vir die gevangene toename was die aantal ongevonnisdies wat verhoorafwagting is. Na 2000, het die aantal ongevonnisdies gevangenes gestabiliseer en daarna begin afneem. Die gevangenis populasie het weer begin groei maar weereens as gevolg van die getal gevonnisdies oortreders. Die grootste meerderheid van hierdie oortreders moet lang vonnisse uitdien terwyl die vrylatings koers van gevonnisdies oortreders afplat. Meeste van die blaam vir die groei in die gevangenisbevolking kan aan die minimum vonniswetgewing toegeskryf word wat in Mei 1998 inwerking getree het (Muntingh 2005:v).

Tabel 3.2 : Lewensvonnis opleggings vanaf 1996-2008



Bron: JIOP, Februarie 2009

Tabel 3.2 dien as voorbeeld van die styging in die aantal gevangenes wat langtermyn gevangenisstraf uitdien as gevolg van die minimum vonniswetgewing wat in 1997 ingestel is wat direk bydra tot die toename in langer vonnisse.

Daar is ook sekondêre probleme wat uit die oorbevolkingsprobleme voortspruit. In terme van Proklamasie Nr. 135/2001, gedateer 27 September 2002, is Regter Thabani Jali as voorsitter deur die President van die Jali kommissie aangestel om ongerymdhede binne die gevangenisstelsel te ondersoek (Parliamentary Monitoring Group 2002:1). Een van die Kommissie se bevindinge was byvoorbeeld dat besoektyd deur familie en vriende dikwels vanaf 45 minute tot 5 en 10 minute beperk word as gevolg van die oorbevolkte gevangenisituasie. Daar was ook gevalle gewees waar besoekers omkoop geld moes betaal om spesiale besoektyd voorregte kon bekom (Van den Berg 2007:28). Na aanleiding van die voorafgaande, is dit duidelik dat een van die grootste uitdagings waarvoor Suid-Afrikaanse penoloë te staan kom, die probleem van oorbevolkte gevangenis is en die gepaardgaande probleme wat daaruit voortvloei.

Hierdie hoofstuk poog om meer lig te werp op kwessies rondom gevangenisoorbevolking deur na die toepaslike redes en gegewens te ondersoek wat tot hierdie probleem bydra. Daar gaan eerstens aandag bestee word aan die aard van die oorbevolkings situasie waarna na die spesifieke bydraende oorsake gekyk word. Van die spesifieke bydraende faktore wat tot gevangenisoorbevolking lei is aspekte van die reeds gevonnide oortreders wat faktore insluit soos amnestie, die vonnis periode, die aantal oortreders wat gevangenisstraf opgelê is, die verskillende vonnis opsies, kwytskelding en die parool beleid. In terme van ongevonnide oortreders, val die klem weer op pleit onderhandeling, effektiewe hofverrigtinge, wetstoepassing, borgtog wetgewing, borgbestuur en die uitwerking van die minimum vonnis wetgewing. Laastens verskuif die klem na die Suid Afrikaanse gevangenisbevolking in vergelyking met die res van die wêreld.

3.2 SUID-AFRIKAANSE GEVANGENIS OORBESETTINGS-OORSIG

Oorbesettingsdruk kan omskryf word wanneer 'n individu onder bepaalde omstandighede onderhewig is aan meer sosiale interaksie as wat hy verlang en gevolglik nie meer beheer kan uitoefen oor sy privaatheid, territorialiteit en persoonlike ruimte nie (*Jordaan 1989:726*).

Die aard van gevangenis-oorbesetting het heelwat te doen met die fisiese ontwerp en konstruksie van gevangenisgeboue en die gemeenskapskultuur. In Suid-Afrika is die groot meerderheid gevangenis-ontwerp en gebou tydens die apartheid era. Die meeste gevangenes word in groot gemeenskaplike selle aangehou wat byna dieselfde beskou kan word as die myn kampong konsep waarin die trekarbeiders gewoon het. Dit is daarom redelik maklik om oorbevolk te raak (*Muntingh 2006:7*). Dit gebeur dikwels dat drie-dubbel beddens in die selle gebruik word in plaas van enkel beddens. Dit is om hierdie rede moontlik om die gevangenes getalle te drievoudig en steeds vir elke persoon van 'n bed te voorsien. Dit het dieselfde effek as 'n sel wat vir een persoon ontwerp is terwyl daar drie persone in geplaas word.

Volgens *Muntingh (2006:6)*, het dit na 1994 vir gevangenis-ontwerp moeiliker geraak om oorvol te raak vanweë die argitektuur. Gevangenis-ontwerp wat privaat bestuur word soos Mangaung in die Vrystaat en Kutama Sinthumule in Limpopo, word kontraktueel verbied om hul kapasiteit te oorskry. Gevangenis-ontwerp moet 'n onderliggende filosofiese raamwerk hê wat vanuit die Suid-Afrikaanse Grondwet voortspruit. Die Suid-Afrikaanse Grondwet in artikel 12 (1) (e), maak voorsiening vir die voorskrifte vir die vryheid en sekuriteit van die land se burgers. Om hierdie rede mag die staat nie 'n vonnisstelsel ontwerp wat op die mense regte inbreuk maak as gevolg van die oorbevolkte gevangenis situasie nie. Dit dui spesifiek aan dat elke persoon die reg tot vryheid en sekuriteit het wat die reg insluit om nie in 'n grusame wyse behandel of gestraf word of op 'n onmenslike of vernederende wyse nie (*SA Constitution 1996:3*).

Ingevolge artikel 35(2)(e) van die Suid-Afrikaanse Grondwet, word gestipuleer dat: *“Everyone who is detained, including every sentenced prisoner, has the right to conditions of detention that are consistent with human dignity, including at least exercise and the provision, at state expense, of adequate accommodation, nutrition, reading material and medical treatment”* (SA Constitution 1996:10). Die Suid-Afrikaanse Grondwet bevestig die regte van alle gevangenes om in toestande aangehou te word wat in lyn is met die menswaardigheids aspek wat voldoende akkommodasie insluit. Artikel 7 (1) van die *Korrektiewe Diens Wysigings wetgewing* (2007:5), meld die volgende akkommodasie vereistes waaraan voldoen moet word dat gevangenes in selle aangehou word wat aan die vereistes voldoen soos deur die regulering daarvan voorgeskryf is in terme van vloerspasie, selkapasiteit, beligting, ventilasie, sanitêre installasie en algemene gesondheidstoestande. Hierdie vereistes moet voldoen aan aanhoudingsvereistes onder toestande van menswaardigheid (Erasmus 2007:16)

Die Departement van Korrektiewe Dienste se berekening van die grootte van die aanhoudingsel is op die basis van 3.34 vierkante meter per gevangene in 'n gemeenskaplike sel en vyf vierkante meter vir 'n enkelsel gebaseer. Of hierdie berekening van die selgrootte wel aan die konstitusionele vereistes voldoen, is betwisbaar. Steinberg (2005:25) beweer dat as gevolg van die oorbevolkte situasie, is die beskikbare vloerspasie tot 2.1 vierkante meter per gevangene beperk. 'n Tipiese voorbeeld van 'n oorbesette gevangenis is selnommer E344 in die Pollsmoor gevangenis in Kaapstad waar 'n oortreder in die verhoorafwagting afdeling in aanhouding was. Hy is in 'n 8 meter by 12 meter grootte sel opgesluit wat hy met 56 mans moes deel. Die sel het slegs 34 beddens met een stort en een toilet gehad (Bamford 2007:16).

In Europa word die vloerspasie vereiste per gevangene tussen nege en tien vierkante meter gestel deur die *Committee for the Prevention of Torture and Inhuman or Degrading Treatment or Punishment* terwyl die *American Public Health Association* die minimum vloerspasie vereiste per gevangene 18.18 vierkante meter is (Steinberg 2005:2). Ingevolge die *Standard Minimum Rules for the treatment of Prisoners* wat deur die *First United Nations*

Congress on the Prevention of Crime and the Treatment of Offenders in 1955 in Geneva aanvaar is, word in artikel 19 wat handel oor gevangenes se kleding en beddegoed, voorgestel dat elke gevangene van 'n aparte bed voorsien word (*United Nations Standard Minimum Rules for the Treatment of Prisoners* 1990:3). Voortspruitende probleme as gevolg van die oorbevolkings situasie is volop. Van die probleme wat deur Fagan (2006:18) beskryf word, is gevangenes wat op die vloer moet slaap; minimum en maksimum klassifikasie oortreders wat in dieselfde selle in aanhouding is; die beskikbaarheid van 44 beddens vir ongeveer 100 aangehoudenenes; ongeveer 74 gevangenes wat in 'n sel is wat aanvanklik vir 16 persone beplan is; een enkele toilet en stort wat deur 59 inwoners gebruik word; vuil reuke; geen oefening nie; gebreke lig bybore; 'n tekort aan skoene en klere; onvoldoende verpleegpersoneel; komberse word nie gewas nie; aangehoudenenes word alreeds om 15H00 toegesluit; daar word in die toilette en storte geslaap as gevolg van die gebrek aan slaapgeriewe en ruimte; twee laaste maaltye van die dag om 12H00 en 14H00; die deel van beddens; "leeglêery" deur byvoorbeeld net te eet en slaap. Selle word laat in die oggend oopgesluit en weer vroeg toegesluit; die besoekerslokaal is klein en bied geen privaatheid nie. Voorbeelde word genoem van gevangenes wat geforseer word om beddens te deel met persone wat tuberkulose en HIV/Vigs het. Hulle moet oor ander kruip om by hul slaapplek te kom en slaap dikwels 2 tot 4 persone op 'n enkelbed. Daar word beurte gemaak om te slaap. Daar is ook 103 aangehoudenenes in 'n sel aangetref met een toilet en een urinaal.

Die grootte en groei van die gevangenisbevolking word sedert 1995 deur 'n aantal faktore bepaal. Volgens Muntingh (2006:1), was daar gedurende 1995 tot 1999 'n spoedige toename van ongeveer 160% ongevonnise gevangenes in aanhouding wat die gevangenisgetalle aansienlik verhoog het.

Gedurende 2000, was daar 172,271 persone in aanhouding terwyl daar plek vir slegs 100,668 persone voorsiening gemaak is (Fagan 2000:11). Die toename in gevangenis getalle het onrusbarend gestyg van 116,846 gedurende Januarie 1995 tot 187 036 teen die einde van 2004. Dit was 'n styging van 60% gewees. As gevolg van toenemende druk gedurende 2005,

het die situasie verbeter met die vrylating van 31,865 gevangenes onder die spesiale kwytskelding program wat die totaal aangehoudenes getal verminder het tot 157,402 in Desember 2004 (*Muntingh* 2006:1). Hierdie kwytskeldings program het egter min gedoen om die sistemiese oorsake van oorbesetting aan te spreek.

Ten spyte van 'n algehele poging om gevangenisgetalle te verminder, is daar heelwat gevangenisse wat steeds onaanvaarbaar oorvol is. Indien na die oorbesettingskoers gekyk word soos op 31 Desember 2008 aangeteken is, is dit duidelik dat Suid-Afrikaanse gevangenisse oorbevolk is.

Volgens tabel 3.3 se aanduiding van die besettingsvlakke, is slegs 59 van die totaal 237 korrektiewesentrums in Suid-Afrika onderbeset. Umtata medium se kapasiteit is 580 terwyl die besetting 1,816 is. Dit is dus 'n oorbesettingspersentasie van 313.10% terwyl die gemiddelde oorbesettingskoers 143.71% vir Suid-Afrika se 237 korrektiewesentrums is.

Die Mapumulo gevangenis het op 31 Desember 2008 die laagste besettingsvlak van slegs 27.7% getoon. Gevangenisse met die hoogste beskikbare kapasiteite is die Kutama-Sinthumule (3,024) en Mangaung (2,928) aangehoudenes, terwyl Bergville en Flagstaff die laagste kapasiteit van 31 beddens elk het. Die gevangenis met die grootste getal gevonnisdes is Kutama-Sinthumule wat 3,024 gevangenes het in vergelyking met Dundee wat slegs 12 reeds gevonnisdes in aanhouding het.

TABEL 3.3 : Goedgekeurde akkommodasie versus oortreder bevolking en besettings vlakke per Korrektiewesentrum soos op 31/12/2008

237 - Korrektiewesentrums	Kapasiteit	Ongevoonis	Gevonnisdies	In aanhouding Totaal	% Besetting
MAPUMULO	77	0	21	21	27.27%
EBONGWENI MAX. (KOKSTAD)	1440	1	451	452	31.39%
VANRHYNSDORP	202	49	24	73	36.14%
PORT SHEPSTONE	211	0	80	80	37.91%
VRYHEID	748	130	179	309	41.31%
LUSIKISIKI	148	0	69	69	46.62%
MTUNZINI	148	22	53	75	50.68%
GELUK	296	0	152	152	51.35%
EAST LONDON MED. C	273	19	125	144	52.75%
MQANDULI	105	0	62	62	59.05%
WEPENER	147	34	55	89	60.54%
IXOPO	169	0	103	103	60.95%
VENTERSBURG	191	48	70	118	61.78%
STANGER	123	0	77	77	62.60%
PRETORIA MAX.	281	31	148	179	63.70%
LYDENBURG	81	0	52	52	64.20%
FRANKFORT	149	20	84	104	69.80%
RIEBEECK WEST	256	0	184	184	71.88%
BRANDVLEI MED.	693	0	509	509	73.45%
NEW HANOVER	222	3	161	164	73.87%
BARKLY WEST	74	9	46	55	74.32%
GROENPUNT Jeug	255	0	191	191	74.90%
JANSENVILLE	35	0	27	27	77.14%
GREYTOWN	92	0	71	71	77.17%
QUEENSTOWN	120	22	71	93	77.50%
LADY FRERE	90	0	70	70	77.78%
STANDERTON MED. A	265	145	65	210	79.25%
GOEDEMOED MED. A	780	0	621	621	79.62%
COLESBERG	186	41	111	152	81.72%
ZASTRON	64	22	33	55	85.94%
EDENBURG	65	32	24	56	86.15%
KROONSTAD Jeug	67	0	58	58	86.57%
HARRISMITH	265	98	132	230	86.79%
LADYBRAND	54	0	47	47	87.04%
VOLKSRUST	211	42	144	186	88.15%
FICKSBURG	77	0	68	68	88.31%
NCOME MED. A	1261	40	1091	1131	89.69%
BARBERTON TOWN	517	121	346	467	90.33%
SASOLBURG	380	100	247	347	91.32%
KROONSTAD MED. A	1176	0	1092	1092	92.86%
IDUTYWA	100	0	93	93	93.00%
VOORBERG MED. A	534	0	498	498	93.26%
LEEUEWKOP Jeug	723	0	695	695	96.13%
ERMELO	513	167	332	499	97.27%
DEVON	632	0	615	615	97.31%
DOUGLAS	297	71	219	290	97.64%

KROONSTAD MED. B	535	468	55	523	97.76%
SENEKAL	134	28	103	131	97.76%
KOKSTAD MED.	326	0	319	319	97.85%
EMTHONJENI JUVENILE (BAVIAANSPOORT)	640	2	625	627	97.97%
NONGOMA	65	0	64	64	98.46%
GLENCOE	669	1	663	664	99.25%
BARBERTON FARM MED. A	137	0	136	136	99.27%
KROONSTAD MED. C	215	28	186	214	99.53%
MIDDELBURG (MP)	337	101	235	336	99.70%
MANGAUNG (APOPS)	2928	0	2926	2926	99.93%
INGWAVUMA	84	0	84	84	100.00%
KUTAMA-SINTHUMULE (APOPS)	3024	0	3024	3024	100.00%
OUDTSHOORN MED. B	79	15	64	79	100.00%
EKUSENI YOUTH DEV. CENTRE	600	0	612	612	102.00%
KIRKWOOD	787	0	808	808	102.67%
HOPETOWN	64	31	35	66	103.13%
RUSTENBURG Jeug	182	0	188	188	103.30%
HENNENMAN	210	144	78	222	105.71%
SOMERSET EAST	95	0	102	102	107.37%
PIETERMARITZBURG	2499	1422	1266	2688	107.56%
GOODWOOD	2115	1240	1042	2282	107.90%
RUSTENBURG	630	77	606	683	108.41%
DE AAR	297	65	258	323	108.75%
VOORBERG MED. B	1560	114	1585	1699	108.91%
WORCESTER Vroue	142	8	147	155	109.15%
WITBANK	1278	211	1187	1398	109.39%
KRANSKOP	72	0	79	79	109.72%
SEVONTEIN	842	0	925	925	109.86%
WARMBOKVELD	238	80	183	263	110.50%
ROOIGROND MED. B	266	0	294	294	110.53%
FAURESMTIH	57	19	44	63	110.53%
TABANKULU	100	27	85	112	112.00%
BETHAL	771	276	594	870	112.84%
TZANEEN	67	0	76	76	113.43%
ESHOWE	507	186	390	576	113.61%
GROOTVLEI MED.	266	0	307	307	115.41%
BRANDVLEI Jeug	348	0	405	405	116.38%
BELFAST	61	0	71	71	116.39%
STERKSPRUIT	73	0	86	86	117.81%
DORDRECHT	80	0	95	95	118.75%
CRADOCK	245	50	241	291	118.78%
POLLSMOOR MED. A	1111	1065	256	1321	118.90%
PORT ELIZABETH	607	132	590	722	118.95%
BETHULIE	42	20	30	50	119.05%
SPRINGBOK	83	29	70	99	119.28%
DURBAN Jeug	629	202	549	751	119.40%
CAROLINA	102	54	68	122	119.61%
BRITS	157	0	188	188	119.75%
PATENSIE	353	0	423	423	119.83%
RICHMOND	43	1	51	52	120.93%
PIET RETIEF	261	91	225	316	121.07%

GROENPUNT MED.	739	0	897	897	121.38%
BARBERTON FARM MED. B	631	0	766	766	121.39%
PARYS	84	43	59	102	121.43%
VICTORIA WEST	69	45	39	84	121.74%
COFIMVABA	55	0	67	67	121.82%
KLERKSDORP	1098	1	1341	1342	122.22%
WATERVAL MED. A	603	0	741	741	122.89%
MOGWASE	572	73	636	709	123.95%
MALMESBURY MED. A	1010	1	1251	1252	123.96%
DRAKENSTEIN MED. B Jeug	474	0	588	588	124.05%
POTCHEFSTROOM	867	416	663	1079	124.45%
ST. ALBANS MED. B	923	0	1152	1152	124.81%
FLAGSTAFF	31	21	18	39	125.81%
STUTTERHEIM	50	0	63	63	126.00%
LICHTENBURG	291	0	367	367	126.12%
ROOIGROND MED. A	772	0	975	975	126.30%
CALVINIA	41	36	16	52	126.83%
NKANDLA	43	0	55	55	127.91%
BARKLY EAST	68	0	87	87	127.94%
ZEERUST	161	0	206	206	127.95%
BRANDFORT	141	73	109	182	129.08%
BETHLEHEM	211	159	114	273	129.38%
ATTERIDGEVILLE	609	0	791	791	129.89%
POLLSMOOR MED. C	574	0	746	746	129.97%
UPINGTON	793	261	772	1033	130.26%
WINBURG	148	78	115	193	130.41%
BURGERSDORP	197	99	158	257	130.46%
DWARSRIVIER	236	0	308	308	130.51%
BUTTERWORTH	136	0	178	178	130.88%
MATATIELE	56	0	74	74	132.14%
HEILBRON	58	43	34	77	132.76%
KURUMAN	307	191	218	409	133.22%
MAFIKENG	108	0	144	144	133.33%
MELMOTH	50	0	67	67	134.00%
LOSPERFONTEIN	808	24	1062	1086	134.41%
NQAMAKWE	57	0	77	77	135.09%
HAWEQUA	225	1	307	308	136.89%
SADA	261	122	236	358	137.16%
CHRISTIANA	107	0	147	147	137.38%
STANDERTON MED. B	416	0	576	576	138.46%
KIMBERLEY	801	497	623	1120	139.83%
DRAKENSTEIN MED. A	576	0	814	814	141.32%
GOEDEMOED MED. B	523	0	741	741	141.68%
MOUNT FLETCHER	122	25	148	173	141.80%
EAST LONDON MED. A	846	0	1205	1205	142.43%
BUFFELJAGSRIVIER	245	54	297	351	143.27%
JOHANNESBURG MED. C	329	0	472	472	143.47%
PRETORIA CENTRAL	1563	0	2261	2261	144.66%
LEEUEWKOP MED. A	911	2	1324	1326	145.55%
THOHOYANDOU MED. A	691	0	1019	1019	147.47%
DURBAN MED. C	671	0	990	990	147.54%
NEWCASTLE	263	157	233	390	148.29%


VIRGINIA	444	0	661	661	148.87%
MODIMOLLE	341	0	510	510	149.56%
BOSHOF	60	41	49	90	150.00%
LINDLEY	50	22	53	75	150.00%
ROBERTSON	234	39	312	351	150.00%
WOLMARANSSTAD	105	3	155	158	150.48%
VEREENIGING	786	862	325	1187	151.02%
DURBAN FEMALE	244	104	270	374	153.28%
ST. ALBANS MED. A	1446	2161	60	2221	153.60%
MIDDELBURG (E-C)	312	58	432	490	157.05%
ODI	891	0	1410	1410	158.25%
STAART VAN PAARDEBERG	276	0	438	438	158.70%
NELSPRUIT	816	855	440	1295	158.70%
ODENDAALSRUS	453	700	22	722	159.38%
BRANDVLEI MAX.	690	0	1100	1100	159.42%
POLLSMOOR MED. B	534	0	855	855	160.11%
KRUGERSDORP	1757	1316	1501	2817	160.33%
UTRECHT	41	17	49	66	160.98%
BERGVILLE	31	1	49	50	161.29%
HELDERSTROOM MAX.	589	0	950	950	161.29%
GRAAFF-REINET	63	45	57	102	161.90%
MOSELBAAI	346	147	414	561	162.14%
ZONDERWATER MED. B	795	0	1304	1304	164.03%
LADYSMITH	326	439	96	535	164.11%
DUNDEE	95	145	12	157	165.26%
EMPANGENI	331	493	57	550	166.16%
STELLENBOSCH	74	74	49	123	166.22%
DRAKENSTEIN MAX.	386	0	643	643	166.58%
BAVIAANSPOORT MED.	618	7	1028	1035	167.48%
POLLSMOOR Vroue	245	213	199	412	168.16%
JOHANNESBURG Vroue	605	411	607	1018	168.26%
HELDERSTROOM MED.	755	0	1275	1275	168.87%
BOKSBURG Jeug	274	0	463	463	168.98%
BAVIAANSPOORT MAX.	355	0	602	602	169.58%
WORCESTER Mans	490	209	623	832	169.80%
QALAKABUSHA (EMPANGENI)	1392	436	1933	2369	170.19%
UMZINTO	445	321	437	758	170.34%
OUDTSHOORN MED. A	300	132	381	513	171.00%
GROENPUNT MAX.	1193	16	2026	2042	171.17%
PRETORIA Vroue	166	72	213	285	171.69%
ST. ALBANS MAX.	717	0	1232	1232	171.83%
NCOME MED. B	753	0	1299	1299	172.51%
LEEUEWKOP MED. C	692	0	1196	1196	172.83%
MAKHADO	324	162	399	561	173.15%
LADISMITH	54	28	67	95	175.93%
BEAUFORT WEST	76	55	79	134	176.32%
PIETERMARITZBURG MED B	125	0	221	221	176.80%
DURBAN MED. A	2399	4169	99	4268	177.91%
WILLOWVALE	52	0	93	93	178.85%
UNIONDALE	52	17	76	93	178.85%
PRINCE ALBERT	52	23	71	94	180.77%
MOUNT AYLIF (Inactive)	85	0	154	154	181.18%

UMTATA MAX.	720	18	1290	1308	181.67%
MALMESBURY MED. B	179	296	30	326	182.12%
ESTCOURT	203	285	86	371	182.76%
BOKSBURG	2012	1763	1917	3680	182.90%
HEIDELBERG	443	188	628	816	184.20%
MODDERBEE	2993	2238	3305	5543	185.20%
NIGEL MALE	349	238	412	650	186.25%
WATERVAL MED. B	627	0	1170	1170	186.60%
HOOPSTAD	76	79	63	142	186.84%
BARBERTON FARM MAX.	845	0	1596	1596	188.88%
POLOKWANE	539	314	712	1026	190.35%
KNYSNA	179	168	174	342	191.06%
ALLANDALE	342	375	282	657	192.11%
ELLIOTDALE	53	0	102	102	192.45%
FORT BEAUFORT	162	168	147	315	194.44%
MIDDLEDRIFT	411	0	810	810	197.08%
THOHOYANDOU Vroue	134	15	251	266	198.51%
PRETORIA Plaaslik	2171	4226	112	4338	199.82%
MOUNT FRERE	42	0	84	84	200.00%
GROOTVLEI MAX.	890	1377	404	1781	200.11%
LEEUEWKOP MAX.	763	0	1529	1529	200.39%
OBIQUA	239	0	485	485	202.93%
GEORGE	514	331	718	1049	204.09%
ZONDERWATER MED. A	877	0	1804	1804	205.70%
EAST LONDON MED. B	543	1127	15	1142	210.31%
CALEDON	215	408	46	454	211.16%
BIZANA	57	86	38	124	217.54%
POLLSMOOR MAX.	1872	3394	716	4110	219.55%
DURBAN MED. B	1853	0	4191	4191	226.17%
GRAHAMSTOWN	309	310	407	717	232.04%
MDANTSANE	582	0	1387	1387	238.32%
JOHANNESBURG MED. B	1300	0	3168	3168	243.69%
JOHANNESBURG MED. A	2630	6626	154	6780	257.79%
KING WILLIAMS TOWN	301	713	97	810	269.10%
THOHOYANDOU MED. B	219	590	27	617	281.74%
UMTATA MED.	580	1282	534	1816	313.10%
Rsa	114782	50284	114673	164957	143.71%

Bron: JIOP, Februarie 2009

Een van die groot dryfvere wat tot die oorbevolkingsituasie bydra is die aantal ongevonnisdies wat in aanhouding is. Die aantal ongevonnisdies in tabel 3.4 dui aan dat op 31 Desember 2008, 50,284 ongevonnisdie in aanhouding is waarvan die oorgrote meerderheid van 6,626 in Johannesburg Medium A was, gevolg deur Pretoria plaaslik (4,226), Durban Medium A (4,169) en Pollsmoor Maksimum met 3,394 verhoorafwagendes.

Tabel 3.4: Aantal verhoorafwagtinges tydens 31 Desember 2008.



Dit is veral die aantal ongevonnisdies wat tussen 3 – 6 maande in aanhouding is wat die grootste aantal is oor die totale aanhoudings periode soos in tabel 3.5 aangedui word. Die totale gemiddelde aangehoudenies vir 3 maande of langer varieer tussen 21,000 en 23,000 ongevonnisdies vir periode Desember 2007 en Desember 2008. Met verwysing na rehabilitasie, is dit juis sommige van die ongevonnisdie oortreders wat nie lank genoeg tyd binne die gevangenis spandeer om behoorlik aan die beskikbare programme blootgestel te word nie.

TABEL 3.5 : Ongevonnisde Oortreders in aanhouding vir langer as 3 maande per maande

Maande	3 - 6 Maande	>6 - 9 Maande	>9 - 12 Maande	>12 - 15 Maande	>15 - 18 Maande	>18 - 24 Maande	> 24 Maande	Alle Durasie
2007/12	9067	4386	2679	1968	1200	1455	1772	22527
2008/01	9999	4707	2807	1875	1292	1450	1815	23945
2008/02	10093	4682	2735	1701	1396	1373	1794	23774
2008/03	10038	4930	2660	1801	1353	1403	1799	23984
2008/04	9850	4955	2697	1786	1226	1482	1817	23813
2008/05	9702	5177	2814	1772	1151	1532	1803	23951
2008/06	8995	5270	2926	1700	1212	1579	1797	23479
2008/07	8874	5056	3021	1700	1180	1514	1801	23146
2008/08	8520	4877	3081	1774	1136	1478	1760	22626
2008/09	7972	4616	3092	1851	1089	1451	1735	21806
2008/10	7786	4412	2943	1903	1097	1351	1715	21207
2008/11	7958	4211	2834	1884	1152	1250	1709	20998
2008/12	9010	4183	2803	2040	1206	1291	1754	22287

Bron: JIOP, Februarie 2009

Volgens statistiek wat op die Departement van Korrektiewe Dienste se webwerf (www.dcs.gov.za) beskikbaar is, is die totale gevangenis bevolking aan die einde van Oktober 2008, 164,957 (www.dcs.gov.za). Hierdie getal bestaan uit 50,284 voorverhoor aangehoudenenes en 114,673 as reeds gevonnisde oortreders. Gedurende dieselfde tydperk, was daar 1 kind onder die ouderdom van 14 jaar in aanhouding. Die ouderdom van 25,434 ongevonnisde persone het gewissel tussen 14 en 25 jaar, waarvan 435 vroue en 24,999 mans is. Die aantal immigrante wat landswyd in aanhouding is se getal het op 6,145 op 17 September 2007 te staan gekom.

Daar is ander nadelige gevolge wat as gevolg van oorbevolking na vore tree wat die gevangene nadelig kan beïnvloed. Die belangrikheid van die psigologiese gevolge word vervolgens in 3.3 bespreek.

3.3 Psigologiese gevolge van oorbevolking

Dit is verstaanbaar dat oorbevolkte gevangenis se 'n negatiewe impak op die oortreder het. Volgens Professor Wilhelm Jordaan (1989:726), is daar twee gevolge wat oorbesettingsdruk op die mens het wat deur navorsing bevind is.

Dit behels die neiging tot sosiale onttrekking en 'n afname in hulpverlenende gedrag. Gevangenisoorbevolking dui ook op 'n hoër voorkoms van fisiese siektes, sosiaal afwykende gedrag en emosionele lyding. In 'n ondersoek na gevangenisoorbevolking oor 'n vyftien jaar periode, het Paulus in Bartol (1999:394) tot die gevolgtrekking gekom dat daar 'n voorkoms van negatiewe psigologiese reaksies soos spanning, angs en depressie sowel as fisiese reaksies soos hoofpyne, hoë bloeddruk en kardiovaskulêre probleme tussen aangehoudenes voorkom. Shabangu (2006:166), het ook bevind dat daar 'n verwantskap tussen stres en fisiese welstand is. Peak in Shabangu (2006:170-171), haal aan dat navorsers die gevangenis oorbevolkings verskynsel as kompleks beskou terwyl meeste saamstem dat oorbevolking 'n psigologiese reaksie tot gevolg het vanweë die hoë bevolkings digtheid situasie wat dikwels as stresvol beskou word. Peak koppel die gevolge van gevangenisoorbevolking aan fisiologiese en psigologiese stres onder mede gevangenes.

'n Voorbeeld van die uitwerking wat oorbevolking op sommige gevangenes kan hê, word deur Regter Hannes Fagan beskryf as: "*Overcrowding itself creates stress, fear and an inability to maintain personal identity or to limit or stop unwanted interaction and stimulation, such as noise. Withdrawal, aggression or depression are among the symptoms of the adjustment process that bedevil inmates trying to cope*" Mtyiwazo (2006:09). Navorsers is van mening dat gevangenes die gevangenisituasie almal verskillend ervaar en daarom verskillend hierdeur geaffekteer word. Dit is egter voor die hand liggend dat gevangenisskap wel 'n letsel op meeste gevangenes agterlaat. Kennis moet egter geneem word van die risiko faktore soos sielkundige en fisiese leed wat sommige gevangenes ervaar soos reeds deur Jordaan (1989:726), Paulus in Bartol (1999:394), Peak in Shabangu (2006:170-171) en Mtyiwazo (2006:09) aangedui is. Dit is veral die feit dat hierdie individue weer moet terugkeer na die samelewing wat in ag geneem moet word. Dit is ook tans onmoontlik om die rehabilitasie ideaal te verwenslik deur eerste oortreders apart van die geharde misdadigers aan te hou. Die Suid-Afrikaanse Witskrif se voorstel hieromtrent is dat: "*First offenders, that is offenders sentenced for the first time, particularly for less serious crimes, should as far as possible be accommodated separately from repeat offenders*

as in general they have the best possible potential for rehabilitation” (Witskrif 2005:83). Hieruit kan afgelei word dat die gevangenis opset nie die gewenste terapeutiese klimaat skep om rehabilitasie te bevorder nie.

3.4 OORSAKE VIR GEVANGENIS- OORBEVOLKING

Daar is 'n aantal veranderlikes wat tot gevangenisoorbevolking bydra. In hierdie gedeelte word eerstens na sommige van die oorsake vir gevangenis oorbevolking gekyk soos deur die *Law reform Commission of Tanzania* vervat is. Hierdie Kommissie se aanbevelings is grootliks op die Afrika kontinent geskoei. Daar is ook spesifieke faktore wat tot oorbevolking bydra van reeds gevonnisd persone asook spesifieke faktore van ongevonnisdes wat aandag aan gegee word in afdelings 3.4.2 en 3.4.3. Aandag word vervolgens geskenk aan die oorsake vir gevangenis-oorbevolking soos deur die *Law Reform Commission of Tanzania* vervat is.

3.4.1 Oorsake volgens die *Law Reform Commission of Tanzania*

Afrika is uniek met sy etniese bevolkingsamestelling in vergelyking met eerste wêreld lande soos Europa of Amerika. Daarom word van die oorsake wat deur die *Law Reform Commission* geïdentifiseer is as toepaslik beskou omrede dit binne die Afrika konteks geskied. Die *Law Reform Commission of Tanzania* (1994), het die volgende paar redes geïdentifiseer waarom Tanzania en moontlik ander gedeeltes van die Sub-Sahara streek se gevangenis oorbevolk is en mag hierdie redes daarom op die sub-streek van toepassing wees (Bukurura 2003:83). Om die relevansie hiervan te bepaal in vergelyking met die Suid-Afrikaanse situasie, poog tabel 3.6 om 'n vergelyking tussen die aspekte te tref.

Tabel 3.6: *Law Reform Commission of Tanzania* se redes vir oorbevolking in Afrika in vergelyking met Suid-Afrika.

	<i>Law Reform Commission of Tanzania</i>	S.A. redes vir oorbevolking
1.	Struktuur verwante probleme in die opsig dat daar baie min gevangnisse is terwyl geen nuwe gevangnisse opgerig word nie.	Tans 237 Korrektiewe sentrums wat gemiddeld 143.71% oorbevolk is. Planne vir die oprigting van drie addisionele gevangnisse word tans oorweeg.
2.	Demografiese probleme ten opsigte van die bevolkings-groei oor die jare tot so 'n mate dat gevestigde gevangnisse nie die getalle kan hanteer nie.	Dit is ook die geval in SA soos in tabel 3.8 aangedui word.
3.	Ekonomiese redes wat verband hou met die toenemende ekonomiese las wat tot 'n misdaad toename lei.	Suid-Afrika worstel ook met werkloosheid soos in hoofstuk 6 (afdeling 6.3.4) aangedui word.
4.	Instel van die verpligte minimum vonnisse.	Minimum vonnis wetgewing het daadwerklike impak op aantal persone wat langer tyd in gevangnisse spandeer. Sien tabel 3. 2
5.	Borg beperkinge soos die beperking hiervan. Die oor- staatmaak op gevangenskap gebaseerde vonnisse en beamptes in die kriminele regstelsel blyk om ten gunste te wees van hierdie vonnisse terwyl min nie-aanhoudings sanksies toegepas word.	Definitief 'n probleem in SA veral as aantal werklose of laag besoldigde oortreders in ag geneem word wat nie borg kan bekostig nie. Sien tabel 3.12

6.	Laer howe wat met grootste meerderheid straf sake werk wat deur ongekwalifiseerde personeel bekleed word.	Sien 3.3.4.2. met verwysing na oneffektiewe hofverrigtinge en impak hiervan op uitgestelde hofsake.
7.	Die ondersoek na misdaad is baie stadig en in meeste gevalle is die ondersoekers nie gemotiveerd nie.	Van die redes waarom so baie verhoorafwagendes in aanhouding is. Sien tabel 3.11
8.	Die koers waarteen misdaad sake afgehandel word is 'n probleem aangesien die regstelsel uitermatig stadig is.	Van die redes waarom so baie verhoorafwagendes in aanhouding is. Sien tabel 6 betreffend die aantal uitgestelde hofsake. Sien tabel 3.11

Die redes tot gevangenisoorbevolking soos deur die *Law Reform Commission of Tanzania* geïdentifiseer is, stem in groot mate ooreen met die Suid-Afrikaanse situasie met die uitsondering van afdeling 1. Suid-Afrika beplan die oprigting van nuwe gevangnisse.

Daar is ook spesifieke faktore wat 'n direkte impak op gevangenis getalle het. Die invloed wat hierdie faktore op die gevangenis oorbevolkings-situasie het word in 3.3.3. aandag aan bestee. Vervolgens word kortliks meer lig gewerp op hierdie spesifieke faktore en die invloed wat dit het op reeds gevonnisse sowel as ongevonnisse oortreders.

3.4.2 SPESIFIEKE FAKTORE WAT BYDRA TOT OORBEVOLKING : REEDS GEVONNISDES

Daar spesifieke faktore wat 'n invloed op die oortreder kan hê wat reeds in aanhouding is en gevolglik 'n impak op die gevangenis oorbevolking kan hê. Hierdie faktore behels amnestie, die vonnis periode, die impak van die minimum vonnis wetgewing, die aantal oortreders wat gevangenisstraf opgelê word, die tipe vonnisopsie, kwytskelding, paroolbeleid en residivisme.

3.4.2.1 Amnestie

Een van die verantwoordelikhede van die President van Suid-Afrika, in terme van die Suid-Afrikaanse Grondwet, is die kwytskelding of begenadiging van oortreders en die uitstel van enige boetes, strawwe of verbeurings. Hierdie verantwoordelikheid van die President was die onderwerp van bespreking in die *President of the RSA v Hugo* 1997 (1) SACR 567 (CC) saak. Regter J Goldstone het bevind dat die President volgens die voorsienings van die Grondwet onderworpe is, en gemagtig is vir die uitoefening van sy magte soos in die Grondwet uiteengesit is, wat onderworpe is aan die Menseregte wat hierin vervat is. Die President is verder by magte om amnestie te verleen aan 'n enkele gevangene of 'n sekere groep aangehoudenenes (Terblanche 1999:297).

3.4.2.2 Vonnis periode

Die durasie van die vonnis word deur 'n verskeidenheid faktore beïnvloed. Daar word nie alleenlik gefokus op die algemene aard van die misdryf of op die belange van die oortreder of gemeenskap nie, maar ook op die betrokke oortreder. Die straftoemeter het 'n paar vonnisopsies tot sy/haar beskikking en kan wissel van 'n waarskuwing tot lewenslange gevangenisstraf wat 'n 25 jaar periode behels. Die verpligte minimum vonnis wetgewing van die Strafproses Wysigings wetgewing (artikel 105 van 1997), wat in 1997 goedgekeur is en 01

Mei 1998 in werking getree het, speel 'n groot rol wat die vonnis periode betref. Die reeds gevonnisdde gevangenisbevolking het sedertdien met ongeveer 6,500 aangehoudenenes per jaar gegroei en is steeds aan die toeneem (Fagan 2006:1). Afdeling 3.4.2.3 dui 'n oorsig aan van die toename in die vonnis periode vanaf 1995 tot 2008 terwyl 3.4. 2.4 meer uitbrei oor die minimum vonnis wetgewing. (Sien ook tabel 3.2 en 3.7).

3.4.2.3 Toename in die vonnis periode

Dit is vanselfsprekend dat hoe langer oortreders in aanhouding is, hoe meer dra dit by tot gevangenisoorbevolking. Wat veral volgens tabel 3.7 opvallend is met betrekking tot die gemiddelde vonnisperiode, is die toename in die vonnisperiode vir persone wat gevangenisstraf van 15 jaar en langer uitdien. Dit laat die vraag by navorser ontstaan oor wat hierdie syfers gaan oplewer in die toekoms as gevolg van die Strafproses Wysigings wetgewing (Artikel 105 van 1997). (Sien ook 3.4.2.4).

Tabel 3.7 : Gemiddelde vonnis periode vanaf 1995-2008

Gemiddelde vir periode	Ongevonnis	0 - 6 Maande	>6 - 12 Maande	>12 - <24 Maande	2 - 3 Jaar	>3 - 5 Jaar	>5 - 7 Jaar	>7 - 10 Jaar	>10 - 15 Jaar	>15 - 20 Jaar	>20 Jaar	Lewens vonnis
1995	23783	5265	5658	3752	11679	18724	14392	12395	6099	2732	1983	433
1996	30170	5916	6492	3992	11590	18064	13998	13735	6487	2964	2402	518
1997	37247	6601	7804	4492	12879	19391	14371	15493	7086	3297	2862	638
1998	46601	5191	6210	3786	11346	18812	14339	16808	7848	3623	3568	793
1999	55524	5943	6937	4910	11938	16960	14112	17820	9174	4176	4410	928
2000	57811	6102	6808	6211	15188	16068	13688	19044	11734	5137	5395	1436
2001	53748	6034	6676	6279	16526	16198	12994	20209	14516	6316	6437	2313
2002	54001	6453	6665	6335	17283	17064	12854	21174	17519	7669	7452	3296
2003	54069	6514	6826	6375	17470	16836	12509	21411	20131	8948	8312	4249
2004	51215	5862	6330	6254	18021	16804	12240	21403	22161	10120	8934	5284
2005	47305	5098	3971	3876	13144	13777	10762	20010	23539	10920	9332	6214
2006	45079	4640	4163	4004	11402	10392	8576	17526	23956	11375	9583	6998
2007	48729	4570	4027	4088	13018	10816	7704	15532	23292	11740	9743	7574
2008	49802	4679	4056	4181	13047	11542	7877	14671	22672	12251	10155	8354

Bron: JIOP, Februarie 2009

3.4.2.4 Minimum vonnis wetgewing

Die Suid-Afrikaanse minimum vonnisoplegging wetgewing bepaal dat sekere oortreders deur die Strafproses Wysigings wetgewing (artikel 105 van 1997), genoodsaak word om 'n bepaalde tydperk in die gevangenis te spandeer indien hulle skuldig bevind word van sekere misdade. Dit plaas stremming op die gevangenis in die opsig dat beskuldigdes wat voorheen vir 'n korter gevangenstermyn vir 'n oortreding gekwalifiseer het, nou met die nuwe wetgewing langer tyd in die gevangenis kan spandeer.

Die Suid-Afrikaanse minimum vonnis wetgewing was in 1997 deur die Strafproses Wysigings wetgewing (artikel 105 van 1997), bekendgestel. Dit was aanvanklik 'n tydelike maatreël gewees en sou elke twee jaar hersien word en op 30 April 2005 verstryk het, maar is weer deur die parlement bekragtig. Die idee van die inwerkingstelling van hierdie wetgewing was om ernstig en gewelddadige misdaad te beperk. Die regering se besorgdheid oor die toenemende misdaadkoers wat gepaardgaan met die publieke persepsie dat strawwe oor die algemeen te lig is en dat straf verder die afskrikking en vergeldings aspekte moet weerspieël en sodoende die verdiende loon strafoogmerk beklemtoon (OSF-SA 2005:6). Die afskrikkingseffek is in die *S v Malgas* (117/2000) (2001) ZASCA 30 (19 Maart 2001) saak in die Appèlhof aangehaal as: *“In short, the legislature aimed at ensuring a severe, standardised and consistent response from the courts to the commission of such [serious] crimes..”*

Deur vonnisse te standaardiseer word die probleem van ongelyke vonnisse aan oortreders met soortgelyke oortredinge op te lê uitgeskakel. Hierdie doelwit is bereik deur 'n vonnis riglyn aan die vonnisopleggings gesag te voorsien. Met betrekking tot die koste van die minimum vonnisoplegging soos vervat is in die Wysigings wetgewing (artikel 105 van 1997), is die vraag wat gevra kan word of Suid-Afrika die huidige vonnis bevolking kan bekostig veral teen die agtergrond dat die aanhoudings getalle sal styg vanweë die feit gevangenes nou langer vonnisse uitdien ?

Verskeie kommentators oor hierdie wetgewing, wat Regter Fagan, die voormalige Inspekteur van die Regter van Gevangeniswees insluit, het die agteruitgang van die oorbevolkte gevangenisweesituasie voorspel: *"The effect of the minimum sentence legislation has been to greatly increase the number of prisoners serving long and life sentences. It has resulted in a major shift in the length of prison terms"* asook: *"The minimum sentence legislation is causing injustice in numerous ways including the overcrowding and its concomitant evils"*. Johnny Steinberg wat 'n boek oor Suid-Afrikaanse gevangeniswees gepubliseer het, het ook bygevoeg dat: *"...[it is] somewhat baffling that parliament passed the minimum sentencing provisions apparently without thought to the effect on prison volumes...[and that there is] abundant international evidence that a sudden and sustained increase in sentences for serious crimes will inevitably lead to an...increase in prison numbers"*. Steinberg het as voorbeeld na die Verenigde State van Amerika verwys waar die minimumvonnis wetgewing in die laat 1970's en vroeë 1980's inwerking getree het. Vanaf 1980 tot 1995 het Amerika se gevangenisbevolking met 242% gegroei. Hierdie groeikoers word direk toegeskryf aan die lengte van verpligte gevangeniswees vir 'n groeiende aantal oortredings. Daar is heelwat bewyse dat Suid-Afrika se gevangenisweesgetalle vir oortreders wat 10 jaar en langer gevangenisstraf uitdien vanaf 10,000 tot 40,000 gestyg het tot einde 2005 (Sloth-Nielsen, Ehlers 2005: 2-5), (sien ook tabel 3.7). Paul Cavadino, die Hoof Uitvoerende Beampte van *Nacro*, 'n vereniging in Engeland wat se doelstelling is om misdaad te verminder, het die volgende uitlating gemaak met verwysing na 'n vraag aan hom oor die rol wat die hofe speel met betrekking tot oorbevolkte gevangeniswees: *"As the Home Secretary has pointed out, one reason for the prisons crisis is that courts have completely ignored recent sentencing guidelines advising them to reduce the length of sentences by 15 per cent"*. *"It is no surprise that these guidelines have been ineffective. Courts are unlikely to comply with guidelines requiring shorter sentences while they are subject to a constant barrage of statements from Government and Opposition politicians urging greater toughness towards offenders. This has been the climate of the last few years and courts have responded with more punitive sentencing, giving the guidelines little chance to work effectively. If the Government wants to reduce the unnecessary use of prison,*

it must send out a consistent high profile message arguing the case for less punitive sentencing. Although this would require political courage, it is the only alternative to a continuing crisis of overcrowding with courts continuing to fill new prison places with increasing numbers of additional offenders” (Nacro newsletter 30/1/2007).

Hieruit kan afgelei word dat die minimumvonniswetgewing ook in Brittanje naas die Verenigde State van Amerika 'n negatiewe gevolge vir die gevangenisbevolking inhou.

3.4.2.5 Aantal oortreders wat gevangenisstraf opgelê is

'n Belangrike faktor wat tot oorbevolking lei is die aantal gevangenes wat gevangenisstraf as vonnissopsie gehef word. Volgens die Regterlike Inspektoraat vir Gevangenes se 2005/2006 jaarverslag, het 111,075 uit 'n aantal 157,402 gevangenes gevangenisstraf uitgedien wat wissel van 'n paar dae tot lewenslange gevangenisstraf. Statistiek in tabel 3.8 toon dat gevangenisstraf die vonnissopsie is wat voorrang geniet deur Suid-Afrikaanse straftoemeters. Die vraag wat by navorser ontstaan is hoeveel van hierdie getal aangehoudenenes hou werklik 'n gevaar vir die samelewing in en vir hoeveel was alternatiewe vonnissopsies daadwerklik as vonnissopsie oorweeg?

Tabel 3.8: Gemiddelde aantal gevangenes in aanhouding

Gevangene statistiek - Gevangene aanhouding

Gemiddelde vir periode	Ongevonnisdes	Gevonnisdes	Totaal
Apr-00	63964	108307	172271
May-00	61950	109930	171880
Jul-00	57538	111948	169486
Sep-00	48678	113861	162539
Nov-00	52334	110240	162574
Jan-01	57695	110074	167769
Mar-01	56422	114537	170959
May-01	53476	115975	169451
Jul-01	50902	117595	168497
Aug-01	51066	119109	170175
Sep-01	51147	120407	171554
Oct-01	51757	121625	173382
Nov-01	51836	122190	174026
Dec-01	55285	120005	175290

Jan-02	57066	120635	177701
Feb-02	56604	122723	179327
Mar-02	55500	123498	178998
Apr-02	55053	124339	179392
May-02	54347	125766	180113
Jun-02	51377	126063	177440
Jul-02	50758	126862	177620
Aug-02	51667	127735	179402
Sep-02	52965	128325	181290
Oct-02	53116	129377	182493
Nov-02	53105	130084	183189
Dec-02	56459	128655	185114
Jan-03	57800	128894	186694
Feb-03	57858	130449	188307
Mar-03	58144	131604	189748
Apr-03	58528	131652	190180
May-03	53939	132675	186614
Jun-03	52466	133282	185748
Jul-03	51177	134040	185217
Aug-03	50454	135142	185596
Sep-03	51297	129655	180952
Oct-03	51127	131044	182171
Nov-03	50801	131736	182537
Dec-03	55232	130400	185632
Jan-04	55877	130729	186606
Feb-04	54750	132315	187065
Mar-04	53876	133764	187640
Apr-04	53880	134023	187903
May-04	51734	134799	186533
Jun-04	49373	136436	185809
Jul-04	48306	136500	184806
Aug-04	49798	136941	186739
Sep-04	49483	137063	186546
Oct-04	47778	137093	184871
Nov-04	48452	137601	186053
Dec-04	51267	135769	187036
Jan-05	52326	135120	187446
Feb-05	51080	135743	186823
Mar-05	51538	135856	187394
Apr-05	49677	134658	184335
May-05	47450	134673	182123
Jun-05	46273	119711	165984
Jul-05	44926	110736	155662
Aug-05	44864	110994	155858
Sep-05	44693	111669	156362
Oct-05	44615	112557	157172
Nov-05	43899	113034	156933
Dec-05	46327	111075	157402
Jan-06	47606	110985	158591
Feb-06	47023	112135	159158
Mar-06	46228	113090	159318
Apr-06	46948	112824	159772
May-06	45202	113872	159074
Jun-06	43287	114204	157491
Jul-06	42946	114293	157239
Aug-06	43114	114822	157936
Sep-06	43626	114874	158500
Oct-06	44030	115308	159338
Nov-06	44109	115578	159687

Dec-06	46832	113366	160198
Jan-07	47992	113366	161358
Feb-07	48461	113213	161674
Mar-07	48326	113335	161661
Apr-07	49716	112871	162587
May-07	46794	113167	159961
Jun-07	47617	112096	159713
Jul-07	47521	112440	159961
Aug-07	48246	112796	161042
Sep-07	48490	113251	161741
Oct-07	48700	114349	163049
Nov-07	49238	114226	163464
Dec-07	53649	112618	166267
Jan-08	53435	112552	165987
Feb-08	52123	113277	165400
Mar-08	52662	113175	165837
Apr-08	50832	113126	163958
May-08	49858	113664	163522
Jun-08	49433	113884	163317
Jul-08	47884	114135	162019
Aug-08	47837	114673	162510
Sep-08	48394	115325	163719

Bron: JIOP, Februarie 2009

3.4.2.6 Nasionale bevolkings aanwas

Die nasionale bevolkingsaanwas stem ook ooreen met die groei van die gevangenis bevolking. Tabel 3.9 dui aan dat die Suid-Afrikaanse bevolking gedurende die 1996 sensusopname van 40,583,573 tot 44,819,778 in 2001 gegroei het of 'n groeipersentasie van 10.4%. Volgens die gemeenskapsopname wat in 2007 deur *Stats SA* uitgevoer was, is 'n groeikoers van 8,2% in Suid-Afrika se bevolkingsgroei vanaf die sensus 2001 periode geregistreer. Dit is veral Gauteng wat 'n toename van amper 1,5 miljoen inwoners en KwaZulu Natal met net oor 1 miljoen inwoners oor hierdie tydperk ervaar het soos in tabel 3.9 aangedui word. Die bevolkingsaanwas stem ooreen met die areas waar 'n hoë gevangenis aanhoudings voorkom (sien ook tabel 3.3).

Tabel 3.9 : Populasie volgens provinsie vir die 1996 en 2001 sensus opname:

Provinsie	1996	2001
Oos-Kaap	6 302 525	6 436 763
Vrystaat	2 633 504	2 706 775
Gauteng	7 348 423	8 837 178
KwaZulu-Natal	8 417 021	9 426 017
Limpopo	4 929 368	5 273 642
Mpumalanga	2 800 711	3 122 990
Noord-Kaap	840 321	822 727
Noord-Wes	3 354 825	3 669 349
Wes-Kaap	3 956 875	4 524 335
Suid-Afrika	40 583 573	44 819 778

Bron: Stats SA 2002

3.4.2.7 Vonnis opsies

Die vonnisopleggingsgesag het 'n aantal vonnisopsies tot hulle beskikking. Hierdie vonnisopsies wissel van direkte gevangenisstraf, die verklaring tot 'n gewoontemisdadiger, die verwysing na 'n instansie, boetes, ondertoetsigstelling, gemeenskapsdiens bevel, korrektiewe toesig, waarskuwing en ontslag, vergoedings bevel, afwending, periodieke gevangenis en opgeskorte vonnisse. Een van die grootste wysigings wat gedurende 1995 deur die Konstitusionele Hof bekragtig is, was die opsegging van die doodstraf wat van toe af as ongrondwetlik beskou is (Dissel & Mnyani 1995:3). Met verwysing tot gevangenisoorbevolking, is reeds in 3.4.2.5 aangedui dat gevangenisstraf die vonnisopsie van keuse deur Suid-Afrikaanse straftoemeters is.

3.4.2.8 Kwytskelding

Die Departement van Korrektiewe Dienste het 56,336 gevangenes uit korrektiewe sentrums sowel as gemeenskapskorrektiewe stelsel vrygelaat,

sedert die bekendmaking van die spesiale kwytskelding vir gevonnisdies deur Minister Ngconde Balfour, op 01 Junie 2005. Ten spyte van die pogings van 'n spesiale kwytskeldingsprogram, bly die aantal aangehoudenes steeds hoog volgens Regter Hannes Fagan (Fagan 2006:15). Hierdie strategie is volgens die mening van navorser slegs 'n korttermyn kitsoplossing om die gevangenisgetalle onder beheer te bring.

3.4.2.9 Parool beleid

Parool word deur Conklin (1995:560), omskryf as “*A system under which inmates are released before they complete their full sentences and are then supervised on the street and sent back to prison if they violate the conditions of their release*”. Parool is 'n internasionale aanvaarde meganisme wat voorsiening maak vir die voorwaardelike vrylating van oortreders uit 'n Korrektiewesentrum terug in die gemeenskap voor die verstrekking van die vonnis tot gevangenisstraf soos deur die regshof ingestel is. In Suid-Afrika word hierna verwys as 'n uitplasingopsie binne die gemeenskapskorreksies kader. Hiervolgens word die oortreder vanuit die gevangenis vrygelaat voor die verstrekking van sy/haar gevangenisstraf om die uitstaande termyn van die vonnis buite die gevangenis te spandeer mits daar aan sekere voorwaardes voldoen word. Parool stel die oortreder in staat om terug te keer na die gemeenskap wat onderworpe is aan die nakoming van gekontroleerde voorwaardes onder die toesig van korrektiewe beamptes (Cilliers 2006:i).

Die vrylatingsbeleid het op 1 Maart 1993 'n nuwe era betree met die instelling van paroolrade om die uitplasing en vrylating van gevonnisdies gevangenes wat meer as ses maande gevangenisstraf uitdien, te oorweeg. Die aanstelling van een of meer paroolrade deur die Kommissaris word omskryf deur Artikel 5(c) van die Wysigingswet op Korrektiewe Dienste, Wet 68 van 1993 (Davids 1995:16). Die implementering van die nuwe *Korrektiewe Dienste Wetgewing*, Wet 111/1998 gedurende 2004 het 'n nuwe dimensie tot die vrylatingsbeleid van die Departement van Korrektiewe Dienste gevoeg. Die mees betekenisvolle veranderinge aangaande die vrylating van oortreders

op Korrektiewe Toesig of Parool, is die toenemende rol wat die gemeenskap speel tydens die besluitneming en geleentheid wat aan die slagoffers van misdaad toegestaan word om hulle menings te opeer alvorens enige parool besluitneming geneem word. Die Onafhanklike Paroolrade is gedentraliseer en maak voorsiening om alle belanghebbendes in die regstelsel sowel as in die gemeenskap te akkommodeer. Hierdie paroolrade is 'n radikale wegbeweeg van die Departement se vorige beleid. Vir die eerste keer sedert 1945, kan die Paroolraad ook die plasing van gevonnisdade gevanges goedkeur met die uitsondering van lewenslange gevonnisdade oortreders en gevanges wat in terme van Artikel 286B van die *Strafproseswet* 51 van 1977 wat deur die hof as gevaarlike persone verklaar is ([www-dcs.pwv.gov.za/ Offender Management/Newplacements.htm](http://www-dcs.pwv.gov.za/Offender%20Management/Newplacements.htm)).

Die voormalige paroolraad se algemene reël was dat gevanges op parool vrygelaat kan word nadat hulle een derde van hulle vonnis uitgedien het. Volgens die nuwe beleid moet 'n gevange eers die helfte van sy/haar vonnis uitdien om vir parool in aanmerking te kom (artikel 73(6)(a)). 'n Gevange wat lewenslange vonnis uitdien moet eers 25 jaar tydperk uitdien en mag dan parool deur die hof toegestaan word volgens die aanbeveling van die *Correctional Supervision and Parole Board* (ss73(6)(b)(iv),75(1)(c),78(1)). Voorheen kon 'n gevange wat lewenslang gevangenisstraf uitgedien het, na 20 jaar voor die paroolraad verskyn (Fagan 2004:3).

Tabel 3.10: Vergelyking van die vorige en nuwe Parool wetgewing:

Vorige Stelsel	Nuwe Stelsel Persone wat na 1 Oktober 2004 gevonnissen is
Minimum vonnis : 1/3 van vonnis	Minimum vonnis : ½ van vonnis of nie-parool periode van 25 jaar – wat kortste is.
Gewoonte misdadiger : 7 jaar	Gewoonte misdadiger : 7 jaar
Lewenslank gevangenisstraf : 20 jaar	Lewenslank gevangenisstraf 25 jaar
Vee diefstal : 2/3 van vonnis	<i>Criminal Law Amendment Act</i> : 80% van vonnis of 25 jaar wat die korste is of die minimum periode wat deur die hof beveel word.
Handeldryf, vervoer of vervaardiging van afhanklikvormende middels : ¾ van vonnis	

Hoewel die wetgewing voorsiening maak dat die besluitneming van die Paroolraad finaal is, het die wetgewer dit nodig geag om 'n *Correctional Supervision and Parole Review Board* inwerking te stel om die besluite van die paroolraad te hersien. Die Minister van Korrektiewe Dienste of die Kommissaris van Korrektiewe Dienste kan sake na die *Review Board* verwys indien redes sou bestaan dat die Paroolraad in sy besluitneming gefaal het. Die *Review Board* het die magtiging om die besluitneming van die Paroolraad te herbevestig of 'n nuwe besluitneming te bevestig wat dan aan ander paroolrade gekommunikeer word om as rigtingwyser vir soortgelyke sake vir die toekoms te dien (Cilliers 2006:2-3).

3.4.2.10 Residivisme

Hoewel daar geen amptelike statistiek bestaan betreffende die residivisme koers in Suid-Afrika nie, word dit beraam tussen 55% en 95%. Goyer (2002) in Smit (2004:56) beraam dat die residivisme koers so hoog as 94% in Suid-

Afrika is 'n Hoë residivisme koers dra by tot 'n hoë misdaadsyfer wat weer 'n impak op die oorbevolking van ons gevangenis het. Van die hooforsake wat bydra tot herhaalde oortredings volgens 'n verslag van die *Portfolio Committee on Correctional Services* (2004:30), sluit in:

- Tekort aan werksgeleenthede na gevangenis ontslag.
- Vaardigheids tekortkominge wat die oortreder behulpsaam kon wees met werkaansoek of selfindiensneming na gevangenis ontslag.
- Negatiewe persepsies en houdings van die samelewing wat sosiale herintegrasië verminder

Tydens 'n internasionale konferensie wat deur *Penal Reform International* in Kazakhstan aangebied is, is daar ook na die negatiewe uitwerking van oorbevolkte gevangenis verwys en die negatiewe uitwerking wat dit op rehabilitasie en residivisme het: "*Overcrowding of colonies hampers the rehabilitation of prisoners and their preparation for life at liberty: it is difficult to organise professional training and provide them with work. As a result there is an increasing likelihood of a return to unlawful behaviour after release and, as a result, a repeat conviction*" (Penal Reform International 1999:5). (sien ook 4.2 en 6.4.4)

3.4.2.11 Vonnisopleggingsgesag se houding ten opsigte van gevangenisoorbevolking

Dit ook belangrik om kennis te neem van die straftoemeters se houding ten opsigte van gevangenisoorbevolking. Resultate volgens plaaslike navorsing in tabel 3.11, spuit voort uit 'n kwalitatiewe Suid-Afrikaanse studie wat gehandel het oor vonnisoplegging binne die konteks van die *Strafproses Wysigings wetgewing no. 105 van 1997* (Schönteich, Mistry, Struwig (2000:46). Die data toon dat die vonnisopleggings gesag neig om die oorvol gevangenis tydens vonnisoplegging te ignoreer.

Tabel 3.11: Rolspelers by strafoplegging se mening omtrent die vraag of oorbevolkte gevangenis tydens vonnisoplegging 'n invloed op hulle vonnis- besluitneming het.

Respondent kategorie	Altyd	Amper altyd	Somtyds	Amper nooit	Nooit
Algeheel	9%	6.0%	12.0%	22.0%	50%
Regsbeamptes	4.8%	4.8%	9.5%	21.4%	59.5%
Staatsaanklaers	10.3%	10.3%	13.8%	6.9%	55.2%
Regsverdediging	21.1%	0.0%	15.8%	26.3%	36.8%
Leke-assessore	0.0%	10.0%	10.0%	60%	20.0%

Bron: Schönreich 2000:46

Hoewel 72% rolspelers beweer dat hulle mening nooit of amper nooit tydens vonnisoplegging deur oorbevolkte gevangenis beïnvloed word nie, slaan regsverdediging (21.1%) altyd ag hierop. Dit is veral staatsaanklaers wat altyd (10.3%), amper altyd (10.3%) of somtyds (13.8%), deur oorbevolkte gevangenis tydens vonnisoplegging beïnvloed word.

Dit blyk nie of die vonnisopleggers hul veel steur aan die oorbevolkte gevangenis situasie nie. In 'n studie deur die *South African Law Commission* is 'n ondersoek geloods om die impak van die *Strafproses Wysigings wetgewing* 105 van 1997 in vonnisoplegging te evalueer. Die hoofdoel was om die menings en houdings van 102 individue wat regters, magistrats, staatsaanklaers, staats advokate, verdedigings advokate en leke assessors insluit te toets. Een van die vrae wat voorgekom het aangaande hul menings omtrent gevangenis se kapasiteit om oortreders te akkommodeer as 'n beïnvloedings faktor tydens vonnisoplegging, is die gevolgtrekking van die verslag: "*Respondents were almost unanimous in their opinion that the capacity of the correctional system to carry out sentences should not be considered when sentencing accused persons*" (Schönreich 2000:4,8). Voorsittende beamptes huldig die mening dat die akkommodasie probleem van aangehoudenes voor die deur van die Departement van Korrektiewe Dienste gelê moet word en word gevangenisoorbevolking om hierdie rede nie in ag geneem nie (Schönreich 2000:40).

Benewens die spesifieke faktore wat stremming op die reeds gevonnisdies plaas, is daar ook spesifieke faktore wat van toepassing is op ongevonnisdies.

3.4.3 SPESIFIEKE FAKTORE WAT BYDRA TOT OORBEVOLKING : ONGEVONNISDES

Spesifieke faktore speel 'n rol by gevangenis oorbevolking en het 'n direkte invloed op die ongevonnisdie oortreder. Van die faktore wat 'n invloed op gevangenisoorbevolking het sluit in pleit onderhandeling, effektiewe hofverrigtinge, suksesvolle wetstoepassing, borgtog wetgewing, borgtog bestuur en die minimum vonnis wetgewing.

3.4.3.1 Pleit onderhandeling

Die hoofdoelwit van die pleitonderhandeling is om die las wat die beskuldigde moet dra, te verlig, in die opsig dat die beskuldigde minder ernstige implikasies kan verwag tydens vonnisoplegging, en sodoende die Staat die tyd en uitgawes bespaar wat met 'n lang uitgerekte verhoor gepaardgaan (*Bekker, Geldenhuys, Joubert, Swanepoel, Terblanche, Van der Merwe* 2005:206). Die hele idee vir die aanvaarding van die pleit onderhandeling is om die las op ons oorbelaaide howe te verlig asook van sommige verhoorafwagendes wat in gevangenis in aanhouding is. Advokaat Rodney de Kock, Direkteur van Openbare Vervolging in die Wes-Kaap waarsku egter dat pleitonderhandeling op sy eie nie gevangenisoorbevolking kan oplos nie aangesien gevangenisoorbevolking 'n komplekse verskynsel is wat baie partye betrek.

Volgens 'n verslag van die OSF-SA (2006;1) bestaan daar 'n persepsie dat die pleitonderhandelingstelsel sydig is, aangesien dit gemik is op hoë profiel oortreders. Dit is ook nie prakties nie aangesien die oortreder nie sonder regsverteenvoording 'n pleitonderhandelings ooreenkoms kan aangaan nie.

Daar moet dus 'n gesamentlike poging wees om pleitonderhandeling te laat werk om 'n verskil in die gevangenisgetalle teweegbring (OSF-SA 2006:1,4).

3.4.3.2 Effektiewe hofverrigtinge

Die feit dat 11,464 gevangenes vir 6 maande en langer wag vir hulle sake om afgehandel te word, is 'n aanduiding dat die howe nie baie goed funksioneer nie. Uit hierdie getal, het 1,433 vir 2 jaar of langer gewag (Fagan 2006:29) Oudregter Alewyn Burger van die Kaapse hooggeregshof het aan die *De Rebus* tydskrif gesê dat die land se oorvol gevangenis tot 'n groot mate toegeskryf kan word aan onbekwame regters omdat "*die bekwaamheid of onbekwaamheid van 'n regterlike beampte 'n enorme verskil aan 'n verhoor maak*". Met verwysing na die feit dat korrektiewe sentra duisende meer mense aanhou en die belastingbetaler minstens R1,84 miljard per jaar kos, sê Burger verder dat : "*Onbekwame persone het nie die selfvertroue om die gepaste hof atmosfeer te handhaaf nie of om, in die loop van die verhoor, die nodige beslissings te maak nie. Hulle het ook nie die selfvertroue om regspraktisyns of die polisie te kritiseer nie. Is dit nie 'n feit dat persone om soms oorhaastig ingevolge regstellende aksie aangestel word nie ? Die land kan nie bekostig om mense wat tweede beste is, as regterlike beamptes aan te stel nie*" (De Bruin 2003:2). Artikel 35(3)(d) van die Suid-Afrikaanse Grondwet dui juis aan dat die beskuldigde:" *to have their trial begin and conclude without unreasonable delay*". Hierdie wetgewing 108 van 1996, staan die reg aan enige aangeklaagde persoon toe dat sy/haar verhoor begin en eindig sonder enige onredelike vertraging. Die howe word aan werklike uitdagings blootgestel wanneer verskillende grondwetlike regte van aangeklaagde persone met mekaar bots. Die mees algemene hofvertraging faktor is die reg tot regsverteenvoording wat dikwels die pogings van die spoedige verhoor kelder. Artikel 35(3)(f) van die Suid-Afrikaanse Grondwet verwys na die reg op regsverteenvoording as volg:"*to choose, and be represented by, a legal practitioner, and to be informed of this right promptly;*".

In tabel 3.12 word 'n opsomming van die aantal uitstaande hofsake gedemonstreer soos aangedui is volgens die Departement van Justisie se Hofdienste verslag vir periode 30 Junie 2006 tot Januarie 2007.

Tabel 3.12 : Voorbeeld van agterstand van hofsake

	30 Junie 2006 Rigtingwyser	30 NOV 2006	Jan 2007
<u>Agterstand</u>	34 644 sake gelykstaande aan 19% van die totale 181 976 uitstaande sake	33 435 sake gelykstaande aan 18% van die totale 185 299 uitstaande sake	36 559 sake gelykstaande aan 17% van die totale 210 685 uitstaande sake
Hoër howe	154 sake (13%) van 1206 uitstaande sake	184 sake (16%) van 1 122 uitstaande sake	166 sake (15%) van 1115 uitstaande sake
Streekshowe	19 874 sake (43%) van 46 219 uitstaande sake	19 269 agterstand in sake (41%) van 46 095 uitstaande sake	20 125 agterstand in sake (42%) van 48 390 uitstaande sake
Distrikshowe	14 616 sake (11%) van 134 551 uitstaande sake	14 166 agterstand in sake (10%) van 139 204 uitstaande sake	16 268 agterstand in sake (10%) van 161 180 uitstaande sake

DOJCD: Hofdienste Maart 2007

'n Duidelike opwaartse tendens is sedert Junie 2006 tot Januarie 2007 te bespeur in die agterstand van alle hofsake, oftewel 'n 28,709 (15%) verhoging. Dit is veral die distrikshowe wat tot die grootste agterstand in hofsake oor hierdie periode bygedra het naamlik 26,629 (19%).

3.4.3.3 Wetstoepassing

Een van die redes vir die toename in gevonnisdies, is die toenemende misdaad bekampings inisiatiewe van die Suid-Afrikaanse Polisie Diens (SAPD). Sedert 1994, het die Departement van Veiligheid en Sekuriteit heelwat maatstawwe ingestel om misdaad ondersoek te verbeter. Van hierdie maatstawwe behels die vestiging van 'n speurder opleidingsentrum en

'n fokus op die verbetering van die ondersoek vaardighede van speurders; die konsolidasie van gespesialiseerde misdaad eenhede om te verseker dat 'n gekoördineerde benadering tot die ondersoek van misdaad en die toename in die gebruik van tegnologie (byvoorbeeld die outomatiese vingerafdruk stelsel – AFIS) om speurders behulpsaam te wees tydens misdaad ondersoeke. Die SAPD het teikens gestel vir die opspoor en verklaring van misdaad vir die eerste keer sedert 2003/04. Die teiken vir 2004/05 was byvoorbeeld 31% gewees. Misdaad opsporings koerse wissel volgens die misdaadkategorie. In toevoeging, het die misdaad oplos sukses koers ook oor die aantal jare verbeter. Die skuldig bevindings koers in die hoër hof het gestyg vanaf 85% in 2002/03 tot 87% in 2003/04 wat 'n aansienlike verbetering is vanaf die 77% in 2000/01 en 2001/02. Die skuldig bevindings koers het ook in al die laer houe wat die Streeks en Distrikshoue insluit verbeter vanaf 77% in 1999 tot 85% in 2004 (Report of Portfolio Committee 2004:2).

3.4.3.4 Borgtog wetgewing

In terme van artikel 25(2)(d) van die Suid-Afrikaanse Grondwet, het 'n gearresteerde persoon die reg om uit aanhouding vrygelaat te word, met of sonder borg, tensy die belange van geregtigheid dit andersins bepaal. Regter Fagan het in sy 2006 verslag aan die Parlement versoek dat die beperkings wat op voorsittende beamptes geplaas word om borg in sekere kategorie gevalle soos in (s.4(f) van die *Strafproses tweede Wysigingswetsontwerp 85 van 1997*) toe te ken, afgeskaf word (Fagan 2006:29).

3.4.3.5 Borgbestuur

Die onvermoë vir sommige oortreders wat nie in staat is om borg te betaal nie en gevolglik in verhoorafwagting geplaas word, is 'n verdere rede tot kommer. Hierdie situasie is onaanvaarbaar en borg behoort bekostigbaar te wees deurdat voorsiening gemaak behoort te word vir alle inkomstegroepe in ons samelewing. (Fagan 2005:21).

Tabel 3.13: Ongevonnesdes wat nie in staat is om borg te betaal nie soos op
31 Maart 2008

Streek	Minder R200	R201 tot R500	R501 tot R1000	Meer as R1000	Totaal
Oos-Kaap	132	1272	521	177	2,102
Gauteng	5	592	958	1,500	3,055
Kwa Zulu Natal	23	418	946	1,054	2,441
Limpopo, Mpumalanga & Noord-Wes	7	261	424	361	1,053
Noord-Kaap & Vrystaat	88	493	524	350	1,455
Wes-Kaap	81	1071	540	143	1,835
RSA TOTAAL	336	4,107	3,913	3,585	11,941

Bron: JIOP, Februarie 2009

Gedurende Maart 2008, was daar amper 12,000 beskuldigde persone in die gevangenis as gevolg van hul onvermoë om borg te betaal volgens tabel 3.13. Regter Deon van Zyl, voorheen waarnemende Inspekerende Regter van Gevangnisse, het aan die Portefeuljekomitee vir Korrektiewe Dienste aan die parlement bekend gemaak dat belastingbetalers jaarliks sowat R2 miljoen per dag opdok om nagenoeg 12,000 vermeende misdadigers agter tralies te hou wat nie die borgbedrae van tussen R200 en R300 wat aan hulle toegestaan is, kan betaal nie. Van Zyl het gesê dat hy graag wil hê dat landdroste moet vasstel of beskuldigdes borgtog kan bekostig (Prince 2008:5). Wysiging wetgewing oor veranderinge aan die bestaande borgwetgewing, was onlangs aan die parlement voorgelê. Die meerderheid van die wysigings handel grootliks oor tegniese en nie-debateerbare aangeleenthede. 'n Hof mag byvoorbeeld die beskuldigde op borg vrygelaat indien die hof in belang van geregtigheid tevrede gestel kan word. Die onus is op die hof om vas te stel of die beskuldigde wel borg kan betaal andersins moet die hof probeer om alternatiewe voorwaardes vir die vrylating op borgtog oorweeg volgens klousule nege van die voorgestelde wetgewing. 'n Ander kwessie waarmee die Departement Korrektiewe Dienste mee worstel, is die aantal terminaal siek gevangenes wat jaarliks in aanhouding sterf omrede die

Departement nie daarin slaag om diegene op mediese parool vry te laat nie. Lukas Muntingh, projek koördineerder van die *Civil Society Prison Reform Initiative*, het sy kommer uitgespreek oor die verdragings deur die Departement om terminaal siek gevangenes se parool aansoeke te prosesseer. In 2007 alleen het 1,056 gevangenes in aanhouding gesterf as gevolg van natuurlike oorsake (Mkhwanazi 2008:5). Hierdie sterftes binne die gevangenis is onaanvaarbaar aangesien baie van hierdie aangehoudenes verhoorafwagting is en die sake dikwels op 'n later stadium teen die aangehoudene teruggetrek word. Deur die bespoediging van die parool aansoeke deur die paroolrade, kan terminaal siek persone die pyn van 'n eensame dood in aanhouding gespaar word.

3.4.3.6 Minimum Vonnis Wetgewing

(Sien ook 3.4.2.2, 3.4.2.3 en 3.4.2.4)

Hierdie wetgewing is vervat in die *Strafproses Wysigings wetsontwerp 105 van 1997*, en was as 'n tydelike maatreël ingestel. Dit moes aanvanklik na 2 jaar hernuwe word of dit sou verval. Die gedagte gedurende die tydperk toe hierdie wetgewing ingestel is, is geglo dat langer vonnisperiodes misdadigers sou afskrik. Minimum vonnisse vir lewenslank gevangenisstraf is 25 jaar en 20, 15, 10, 7 en 5 jaar vir 'n verskeidenheid oortredings ingestel soos moord, verkragting en sekere vorme van aanranding, roof, dwelmverwante oortredings, die handel in en die besit van vuurwapens, buitelandse handel, korrupsie, bedrog, vervalsing en diefstal. Regters en magistrats is verplig om hierdie lang vonnisse in te stel, tensy genoegsame en dwingende omstandighede 'n ligter vonnis regverdig (*Fagan 2006:22-23*). Sien afdeling 3.4.2.4 vir meer volledige inligting oor die minimum vonnis wetgewing asook tabel 3.2).

Die Departement van Korrektiewe Dienste beskou gevangenisoorbevolking as die mees belangrikste uitdaging aangesien dit negatiewe implikasies inhou omtrent die departement se vermoëns om die departement suksesvol te

bedryf. Daar is heelwat redes wat tot die oorbevolking bydra volgens die Suid-Afrikaanse Witskrif (2005:32-34), waarvan die volgende van belang is:

- onvoldoende funksionering van die kriminele regstelsel;
- die besonders hoë inkapasitasie koers in Suid-Afrika in vergelyking met internasionale tendense;
- bekenstelling van die minimum vonnis wetgewing;
- misdaad tendense in Suid-Afrika, veral ten opsigte van ernstige geweldmisdaad en ernstige ekonomiese oortredings;
- hoë vlakke van verhoorafwagendes in aanhouding; en
- onvoldoende beplanning vir behoefte gebaseerde fasiliteite in die *Integrated Justice System*.

Die Departement is in samewerking met vennote van die *Judicial Crime Prevention Strategy* in 'n poging om hierdie tekortkominge aan te spreek deur van die volgende moontlikhede as oplossing tot die oorbevolkings probleem te ondersoek:

- ▶ die verhoorafwagende projek is daarop gemik om die aanhoudingtydperk van aangehoudenenes te verminder;
- ▶ betrokke by die Saterdag howe wat landswyd bekendgestel was in howe. Hierdie opsie is huidiglik gestaak..
- ▶ die vestiging van 'n departementele taakmag om met 'n taakmag saam te werk oor die oorbevolkings aangeleentheid;
- ▶ die gebruikmaak van afdelings 62[f] en 63 [a] van die *Strafproseswet* 51 van 1977 deur die Gevangenshoofde aangaande hofaansoeke wat die vrylating van aangehoudenenes behels; en
- ▶ die gebruikmaak van die wysiging van Afdeling 81 van die Korrektiewe Dienste wetgewing wat die vrylating van gevangenes onder sekere omstandighede soos die vrylating van beskuldigdes wat nie borg kan bekostig nie.
- ▶ Die Departement van Korrektiewe Dienste het 'n nuwe benadering tot koste effektiewe uitbreiding vir die bou van lae-koste prototipe

korrektiewe fasiliteite vir medium en lae risiko aangehoudenes wat die meerderheid gevangenes in die land insluit. Hierdie projek is ook daarop gerig tot die konsekwente lewer van fasiliteite wat in lyn is met rehabilitasie en menslike behandeling.

Benewens hierdie pogings om die oorbevolkings kwessie aan te spreek, is die Departement van voornemens om verskillende prosedures te implementeer om alternatiewe tot gevangenisstraf te bewerkstellig sowel as die voortgaan van die funksionering van die Nasionale- en Streek Oorbevolkings Taakmag (DCS 2007/08 Annual Report :81).

3.5 Suid-Afrika se gevangenisbevolking in vergelyking met ander wêrelddele.

Suid-Afrika het welbekend geraak vir sy “laat maar begaan” houding met betrekking tot gevangenisstraf as sanksie vir misdadige gedrag. Sedert die spesiale kwytskeldings van 2005, het Suid-Afrika twee plekke gedaal van die lys van lande met die grootste gevangenisbevolkings in die wêreld. Suid-Afrika is tans derde op die ranglys wat deur die Verenigde State van Amerika gelei word en opgevolg word deur Rusland. Die inkapasitasiekoers in die Verenigde State van Amerika is tans meer as 700 persone per 100,000 landsburgers. Gedurende 1972 was Amerika se gevangenisbevolking onder 200,000 gewees, maar het sedertdien tot meer as 1.5 miljoen gestyg in die Staats- en federale gevangenis. Indien die 700,000 gevangenes wat in plaaslike gevangenis in aanhouding ook in berekening gebring word, styg die totale gevangenisbevolking tot oor die 2 miljoen. ’n Verdere 5 miljoen Amerikaners dien straf in die een of ander vorm van toesighouding uit soos byvoorbeeld probasie of parool. Die redes vir hierdie massa inkapasitasiekoers is ingewikkeld, maar word daar aanvaar dat dit ’n groot politieke kwessie is. Daar word van die politikusse verwag om heelwat tyd aan hierdie aangeleentheid te wy. In die 20ste eeu is die neiging tussen die hoof politieke

partye in Amerika en Engeland oor hoe om misdaad effektief te benader. Hierdie *bipartisan consensus* siening wat daargestel is, is 'n stel strategieë wat gelyktydig op straf sowel as hervorming gemik is. Garland in Newburn (2007:535), het hierna verwys as '*penal welfarism*', wat as die mees toepaslik en effektiewe manier beskryf kan word vir die moderne staat om orde te handhaaf en misdaad te verminder. Die algemene neiging is deesdae om weg te beweeg van die '*penal welfarism*' beginsel na 'n hoogs strafwekkende en elimineringsstrategieë (Newburn 2007:535-537).

Wat meer betekenisvol is, is Suid-Afrika se inkapasitasie koers wat gemeet word volgens die aantal gevangenes per 100,000 persone van die land se populاسie. Suid-Afrika het 'n inkapasitasie koers van 413 persone per 100,000. Hierdie syfer het gedurende 2005 gestyg nadat dit in 2004 net meer as 400 was. *Penal Reform International* het in die 2006 jaarverslag na Afrika verwys wat as streek 'n aansienlike probleem ervaar het ten opsigte van oorbevolking. In Kenia is die amptelike gevangenis kapasiteit met 230% oorskry, in Zambia 160% en in Uganda en Tanzania was die syfer 100% meer as die kapasiteit. Hierdie Afrika lande tel onder die top tien Afrika lande wat die ergste vlakke van oorbevolking ervaar. Die gevolg is dat hierdie toestande skrikwekkend is en die beknopte leefruimtes 'n negatiewe impak op die hervorming van die oortreder het. Gevangenis oorbevolkings toestande en die tekort aan hulpbronne het tot 'n krisis situاسie gelei en tot hoë sterftesyfers gevolg gehad. In Malawië het 321 persone gedurende 2006 in die gevangenis gesterf wat 'n gemiddelde sterftesyfer van meer as 25 sterftes per 10,000 gevangenes per maand (*Penal Reform International* 2006:8).

Tabel 3.14 toon dat amper drie vyfdes van alle lande (59%), se gevangenisbevolkingskoers minder as 150 per 100,000 is. Gevangenisbevolking wissel aansienlik wêreldwyd tussen die verskeie streke en tussen die verskillende gedeeltes van dieselfde kontinent. Hoewel nie alle Afrika lande se gevangenis maksimum kapasiteit bereik het nie, het baie dit wel bereik. In Afrika is die mediaan koers vir Wes-Afrika lande 35 terwyl dit byvoorbeeld 231 vir Suid-Afrika lande is. Suid-Afrika is in die 8ste posisie in die wêreldwye rangorde gevangenis-bevolking en die hoogste in Afrika. Indien na die top 15

lande gekyk word, is dit opvallend dat al die lande behalwe die Verenigde State van Amerika ontwikkelende lande is. Suid-Afrika tel onder die eerste 15 ontwikkelende lande met die hoogste gevangenisbevolking, met die uitsondering van die Verenigde State van Amerika.

Tabel 3.14 : Wêreld Gevangenisbevolking & koers per 100,000 van nasionale bevolking soos op 31 Desember 2008

Rangorde	Land	Gevangenisbevolking	Gevangenisbevolking koers per 100,000 van nasionale bevolking
1	Verenigde State van Amerika	2,293,157	756
2	China	1,565,771	119
3	Russiese Federasie	887,723	629
4	Brasilië	440,013	227
5	Indië	373,271	33
6	Mexiko	222,671	207
7	Thailand	166,338	257
8	Suid-Afrika	164,957	335
9	Iran	158,351	222
10	Ukraiëne	149,690	323
11	Indonesië	136,017	58
12	Turkye	101,100	142
13	Vietnam	92,153	116
14	Fillipyne	91,530	108
15	Pakistan	90,000	55
16	Pole	83,152	221
17	Bangladesh	83,000	51
18	Verenigde Koningryk: England & Wallis	82,240	153
19	Japan	81,255	63
20	Ethiopië	c.80,000	98
21	Spanje	73,787	160
22	Duitsland	73,203	89
23	Kolombië	70,451	149
24	Myanmar (voorheen Burma)	65,063	126
25	Egipte	64,378	87
26	Taiwan	63,520	276
27	Argentinië	60,621	154
28	Kuba	c.60,000	531
29	Frankryk	59,655	96
30	Rwanda	58,598	604
31	Kazakhstan	56,012	378
32	Italië	55,057	92
33	Algerië	54,000	158
34	Morokko	53,580	167
35	Maleisië	50,305	192
36	Chilië	50,230	305
37	Uzbekistan	48,000	184

38	Republiek van (Suid) Korea	47,097	97
39	Kenya	47,036	130
40	Belarus	45,416	468
41	Saudi Arabië	44,600	132
42	Tanzanië	43,911	113
43	Peru	41,745	146
44	Nigerië	39,438	28
45	Kanada	38,348	116
46	Demokratiese Republiek van Kongo (voorheen Zaire)	c.30,000	57
47	Australië	27,615	129
48	Irak	27,366	93
49	Romanië	26,350	124
50	Uganda	26,273	88
51	Tunisië	c.26,000	263
52	Sri Lanka	25,537	121
53	Israel	22,788	326
54	Kameroen	22,734	139
55	Venezuela	22,000	79
56	Azerbaidjan	19,559	229
57	Czech Republiek	18,901	182
58	Georgia	18,170	415
59	Zimbabwe	17,967	136
60	Madagascar	17,403	91
61	Ecuador	17,065	126
62	El Salvador	16,786	208
63	Dominican Republiek	16,457	165
64	Nederland	16,416	100
65	Mosambiek	c.15,000	53
66	Hongarye	14,911	149
67	Zambië	14,347	122
68	Yemen	14,000	83
69	Ghana	13,685	55
70	Puerto Rico (VSA)	13,215	330
71	Libië	12,748	209
72	Afghanistan	12,500	30
73	Griekeland	12,300	109
74	Sudan	c.12,000	36
75	Singapore	11,768	267
76	Honduras	11,589	161
77	United Arab Emirates	11,193	238
78	Turkmenistan	10,953	224
79	Malawië	10,830	78
79	Portugal	10,830	104
81	Cote d'Ivoire	10,621	55
82	Sirië	10,599	58
83	Hong Kong (China)	10,434	143
84	Kambodja	10,337	71
85	Bulgarye	10,271	134
86	Panama	10,036	295
87	België	10,002	93
88	Burundi	9,114	104
89	Costa Rica	9,055	198
90	Serwië	8,978	122

91	Kyrgyzstan	8,427	156
92	Angola	c.8,300	52
93	Moldova (Republic of)	8,130	227
94	Slovakia	7,986	148
95	Austria	7,909	95
96	New Zealand	7,887	185
97	Lithuania	7,866	234
98	Bolivia	7,682	82
99	Verenigde Koningryk: Skotland	7,602	152
100	Guatemala	7,477	57
101	Tadjikistan	7,350	109
102	Jordanië	7,242	123
103	Uruguay	6,947	193
104	Swede	6,770	74
105	Nepal	c.6,700	24
106	Mongolië	6,593	244
107	Latvia	6,548	288
108	Senegal	6,425	53
109	Haiti	6,370	71
110	Benin	6,083	66
111	Nicaragua	6,060	107
112	Botswana	5,917	329
113	Paraguay	5,889	97
114	Lebanon	5,870	159
115	Switserland	5,715	76
116	Niger	5,709	46
117	Albanië	5,041	159
118	Jamaika	4,709	174
119	Mali	4,407	33
120	Kroasië	4,127	93
121	Namibië	4,064	194
122	Papua New Guinea	4,056	69
123	Laos	4,020	69
124	Ierland, Republiek van	3,653	76
125	Armenië	3,520	109
126	Trinidad and Tobago	3,510	270
127	Kuwait	c.3,500	130
128	Estonia	3,467	259
129	Denemarke	3,448	63
130	Chad	3,416	35
131	Finland	3,370	64
132	Noorweë	3,276	69
133	Togo	3,200	65
134	Republiek van Guinea	3,070	37
135	Burkina Faso	2,800	23
136	Gaboen	c.2,750	196
137	Lesotho	2,701	144
138	Swaziland	2,546	231
139	Masedonië (voormalige Yugoslaviese Republiek van)	2,200	107
140	Mauritius	2,163	171
141	Oman	2,020	81

142	Guyana	1,955	260
143	Sierra Leone	1,899	33
144	Bosnië en Herzegowina: Federasie	1,750	66
145	Suriname	c.1,600	366
146	Verenigde Koningryk: Noord Ierland	1,459	88
147	Bahamas	1,400	422
148	Belize	1,334	455
149	Slowenië	1,317	65
150	Reunion (Frankryk)	1,307	161
151	Kosovo	c.1,300	62
152	Sentraal Afrika Republiek	1,233	29
153	Maldives	1,125	343
154	Barbados	1,030	379
155	Liberië	1,022	29
156	Bosnië en Herzegowina: Republiek Srpska	928	67
157	Kongo (Brazzaville)	c.900	22
158	Mácau (China)	894	161
159	Fidji	892	106
160	Mauritanië	815	26
161	Guadeloupe (Frankryk)	790	174
162	Martinique (Frankryk)	763	191
163	Cape Verde (Cabo Verde)	755	178
164	French Guiana/Guyane (Frankryk)	746	365
165	Luxemburg	745	155
166	Montenegro	734	108
167	Nederlandse Antilles (Nederland)	713	319
168	Bahrain	701	95
169	Ciprus	671	83
170	Guam (USA)	559	318
171	Virgin Islands (USA)	555	512
172	St. Lucia	503	303
173	Brunei Darussalam	486	124
174	Katar	465	55
175	Gambia	450	32
176	Frans Polinesië (Frankryk)	404	153
177	Malta	387	95
178	Djibouti	384	61
179	St. Vincent and the Grenadines	376	317
180	Grenada	367	408
181	New Caledonia (Frankryk)	326	133
182	Timor-Leste (voorheen Oos	c.320	41

	Timor)		
183	Aruba (Nederland)	277	277
184	Bermuda (Verenigde Koningryk)	261	394
185	Dominica	254	348
186	American Samoa (VSA)	236	410
187	St. Kitts and Nevis	232	588
188	Seychelle	221	270
189	Solomon Eilande	211	42
190	Antigua en Barbuda	208	299
191	Cayman Eilande (Verenigde Koningryk)	207	380
192	Comoros	c.200	30
193	Groenland (Denemarke)	188	334
194	Jersey (Verenigde Koningryk)	186	203
194	Samoa (voorheen Western Samoa)	186	99
196	Mayotte (Frankryk)	179	85
197	Sao Tome e Principe	160	83
198	Ysland	140	44
199	Noordelike Mariana Eilande (VSA)	131	151
200	Vanuatu	117	53
200	Virgin Islands (Verenigde Koningryk)	117	488
202	Isle of Man (Verenigde Koningryk)	97	127
202	Palau	97	478
204	Kiribati	88	82
205	Tonga	86	74
206	Guernsey (Verenigde Koningryk)	74	113
207	Micronesia, Federated States of	72	67
208	Anguilla (Verenigde Koningryk)	55	401
209	Marshall Eilande	47	78
210	Gibraltar (verenigde Koningryk)	43	154
211	Monaco	36	105
212	Andorra	30	37
213	Cook Eilande (New Zeeland)	27	126
214	Faeroe Eilande (Denemarke)	11	23
215	Liechtenstein	7	20
216	Nauru	3	23
216	Tuvalu	3	25
218	San Marino	1	-

Bron: Kings College London. International Centre for Prison Studies – Desember 2008

3.6

GEVOLGTREKKING

Hoofstuk 3 het getoon dat die impak van oorbevolkte gevangenis 'n groot probleem is en nog lank hier met ons sal wees. Toekomstige voorspellings lyk nie goed nie aangesien wiskundige berekeninge toon dat langer vonnisse die gevangenis populasie spoedig gaan vermeerder. Hierdie voorspellings dui daarop aan dat indien die groeikoers van die getal langtermyn gevangenes voortduur, gaan die gevangenis bevolking meer as 226 000 wees teen 2015. Helfte van hierdie gevangenes gaan vonnisse tussen 10 en 15 jaar uitdien en amper 90% vir vonnisse vir langer as sewe jaar (Muntingh 2006:vi).

Ten spyte van die profilering van alternatiewe vonnisse oor gevangenisstraf of die daling van die misdaad koers gedurende die 1990's in baie Westerse nasies, is daar min bewyse dat die gevangenisgetalle daal of dat die gebruik van gevangenisstraf afneem. Gevangenisgetalle het egter in baie lande oor die jare vermeerder. 'n Belangrike oorsaak hiervoor is die onvermoë om sommige van die gevangenisgebonde saak-ladings na alternatiewe sanksies te kanaliseer. Gevangenisstraf blyk nog steeds om gebruik te word vir relatiewe minder ernstige oortredings soos bedrog. 'n Ander belangrike kwessie omtrent die hantering van die oorbevolkte gevangenis is die onlangse bekendmaking deur die Departement van Korrektiewe Dienste oor privaat ondernemings wat tenders ingedien het vir die bou en bestuur van vyf nuwe gevangenis. Bouwerk word beplan om in 2009 te begin en behoort teen 2011 voltooi te wees. Daar is drie addisionele gevangenis wat nie deel van die nuwe plan vorm nie wat tans in aanbou is in Kimberley, Nigel en Leeuwkop (Smetherham 2008:6). Dit laat vrae ontstaan oor die waarde van die Inspekterende Regter vir Gevangenis se herhaaldelike versoeke aan die parlement dat die bou van meer gevangenis nie die oplossing vir die oorbevolkte gevangenis situasie is nie. Die ander vraag wat gevra kan word, is hoe strook die bou van meer gevangenis met die witskrif se rehabilitasie ideaal ?

As gevolg van die oorbevolkings probleem waarmee gevangenis se worstel en die druk wat dit op die Departement van Korrektiewe Dienste plaas om sy funksies te verrig, is dit verstaanbaar dat die Departement van Korrektiewe Dienste nie die finansiële vermoëns het om gevangenes in behoorlike omstandighede aan te hou, die noodsaaklike rehabiliterende programme te implementeer en onderhou nie. Hierdie situasie dui daarop dat ten spyte van die Departement van Korrektiewe Dienste se pogings om die getalle te hanteer, dit duidelik is dat rehabilitasie binne so 'n opset nie in belang van die oortreder of die gemeenskap is nie. Dit is daarom belangrik dat daar ernstig besin word oor die groter toepassing van alternatiewe vonnis opsies indien die rehabilitasie ideaal verwesenslik word wat die hoeksteen van die witskrif vorm.

Hoofstuk 4 wentel om die belangrikheid van rehabilitasie van die oortreder. Na 'n omvattende inleiding oor die belangrikheid van rehabilitasie word stilgestaan by die behandelingsideaal van die oortreder wat die etiologiese georiënteerde en breë benaderings insluit. Hierna word 'n oorsig van die ontwikkeling van die behandelingsideaal beskryf wat die deklarasie van die 1870 beginsels, die 1900's se Progressiewe era insluit. Die rehabilitasie binne die Departement van Korrektiewe Dienste word bespreek. Rehabilitasie as een van die strafopmerke word ook aandag aan gegee. Die belangrike rol wat die kriminoloog tydens die vonnisproses kan speel deur 'n bydrae te lewer ten opsigte van straf-individualiseringsproses met behulp van die voorvonnis verslag ten einde rehabilitasie as strafopmerk te bevorder word ook meer lig op gewerp. Die hoofstuk word afgesluit met 'n oorsig van Robert Martinson – What Works ? in die gevolgtrekking.

HOOFSTUK 4

REHABILITASIE AS STRAFOOGMERK

4.1 INLEIDING

Volgens die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal, word die term rehabilitasie omskryf as: *“herstelling in ’n vroeëre staat of stand”*, of die *“herstel in goeie naam en eer”* (Odendal 1983:890). In wese dui rehabilitasie daarop dat die oortreder moet verander, of te wel ’n ander mens word. Dit dui daarop dat die oortreder se gesindheid, houding en waarneembare gedrag moet verander. Dit impliseer dat die oortreder homself moet ontdek en tot die besef kom dat sy optrede verkeerd was. Die doelwit van straf is om die oortreder as persoon te hervorm sodat hy/sy ’n gewone wetsgehoorsame lid van die samelewing kan word. Die klem word nie hier geplaas op die misdaad, die skade wat veroorsaak is of die afskrikings effek wat straf mag hê nie, maar eerder op die persoon en die persoonlikheid van die oortreder. Die oortreder is ’n mens wat ’n onlosmakende deel van die samelewing vorm en moet daarom ook tydens die straftoedienings fase oorweeg word benewens die slagoffer van misdaad en die samelewing. Misdadigers kom uit die samelewing en keer terug na die samelewing, ongeag of die gemeenskap dit so wil hê of nie.

Die doelstelling van hoofstuk 4 is om aandag aan die belangrikheid van rehabilitasie as strafoogmerk te gee. Rehabilitasie wat een van die erkende strafoogmerke is, vorm die hoeksteen van hierdie proefskrif en word daarom meer klem op hierdie aspek gelê as die ander strafoogmerke naamlik, vergelding, afskrikking, voorkoming en restitusie. Die vraag of rehabilitasie as strafoogmerk binne die gevangenis in sy doel slaag, word deur navorser

bevraagteken en is die oogmerk van hoofstuk vier juis om hierdie aangeleentheid te ondersoek.

Vervolgens gaan aandag aan residivisme gegee word waarna die behandelingsideaal van die oortreder in oënskou geneem word wat die straoogmerke insluit sowel as *Zinn* se tradisionele drietal. Laasgenoemde is ook bekend as *Zinn* se trits, en is afgelei na aanleiding van die saak *S v Zinn 1969 2 SA 537 (A)*. Die ontwikkeling van die behandelingsideaal word weergegee waarna gekyk word na rehabilitasie binne die Departement van Korrektiewe Dienste en die doeltreffendheid hiervan. Die bydrae van die kriminoloog tydens vonnisoplegging met spesifieke verwysing na rehabilitasie asook strafindividualisasie en die belangrikheid van die voorvonnis ondersoek.

4.2 RESIDIVISME

Residivisme kan omskryf word as: “*The repetition of criminal behaviour; habitual criminality*” (Allen & Simonsen 1998:623). Die residivisme syfer word geraam tussen 85% en 94% (Dissel 2002:5). Mabuketse Sekhonyane, ’n senior navorser by die Instituut vir Sekuriteit Studies, gee toe dat daar geen akkurate data bestaan omtrent statistiek vir residivisme nie, maar beweer dat dit ongeveer 55% is, terwyl die Nasionale Instituut vir Misdaad Voorkoming en Rehabilitasie van Oortreders (Nimro), sê dat die syfer veel hoër is en wissel tussen 80 en 90% (Mabuza 2005: 9). Sefara (2003:04) beweer weer dat ongeveer 50% van diegene wat die Departement van Korrektiewe Dienste se rehabilitasie programme voltooi, weer na misdaad terugkeer na hulle ontslag. Een van die hoof redes waarom die residivisme syfer so hoog is, is dat die hervormingsteorie bemoeilik word in die geval van korttermyn gevangenisstraf wat nie aan program opleiding blootgestel word nie. Ander faktore wat tot residivisme bydra is as gevolg van die oorbevolkte gevangenis situasie soos in hoofstuk 3 van hierdie studie aangedui word. Laasgenoemde probleem gaan gepaard met ’n tekort aan gehalte opleidingsprogramme en personeel.

Regter Erasmus wat die voormalige Inspekterende Regter van Gevangenis was, verwys na die gevangenisituasie en die beperkte toegang wat gevangenes tot rehabilitasie programme het: “.....*the capacity problems of DCS are driven by dilapidated and outdated infrastructure as well as a systemic shortage in the allocation of resources. As a result of this, the current motivation and performance levels of correctional officials are low. Few prisoners have access to work and rehabilitation programmes, while levels of frustration and violence within prisons are increasing*”(Erasmus 2007:7). Hierdie aanname van Regter Erasmus en Sefara soos hierbo aangedui is, dui daarop dat rehabilitasie binne die Departement van Korrektiewe Dienste nie suksesvol is nie en verduidelik waarom residivisme so hoog is.

Steinberg (2005:7), skryf ook gevangenisstoestande toe as 'n bydraende oorsaak tot residivisme: “.....*insofar as a swelling prison population leads to overcrowding, and insofar as overcrowding results in deteriorating prison conditions, it is probable that young inmates released from prison are far more likely to re-offend than they would have been if they had served their sentences in more humane prison conditions*”. Die uitwerking van werkloosheid en die impak hiervan op residivisme kan ook hierby gevoeg word. Navorsing het getoon dat die residivisme voorkoms vier keer hoër is onder oortreders wat werkloos is (Bartol 1999:397). Hoewel die volgende stelling reeds verouderd is, is dit moeilik om die waarde hiervan te ignoreer: “*An opportunity to live a normal, non-criminal productive life is denied the ex-offender immediately upon his release from the penal institution. We effectively preclude his rehabilitation by failing to train and educate him, by refusing to hire him, by allowing the private bonding industry to intimidate employers, and by enacting restrictive occupational licensing requirements at the behest of self-serving economic groups*”(Bartol 1999:397).

Hoewel die witskrif (2005:74) aanvaar dat die residivisme koers in Suid-Afrika onaanvaarbaar hoog is, word gewaarsku dat afleidings nie baie betroubaar is nie. Die rede hiervoor is dat daar tans geen betroubare stelsel bestaan om residivisme te monitor of die neigings te ontleed nie aangesien so 'n stelsel eerstens nog ontwikkel moet word en in posisie geplaas word.

Alhoewel die mening vanuit verskeie bronne mag verskil omtrent die persentasie persone wat weer na vrylating oortree, is dit 'n uitgemaakte saak dat Suid-Afrika se hoë residivisme syfer 'n werklikheid is. Hierdie situasie verg genoeg rede om 'n dringende oplossing hiervoor te vind. Navorser is van mening dat die hoë residivisme syfer aanduidend is dat die rehabilitasie ideaal nie effektief binne die gevangenis verwesenslik word nie. Dit is ten spyte van vroeëre pogings deur die Departement van Korrektiewe Dienste om die residivisme probleem aan te spreek. Tydens 'n spesiale strategiese Nasionale Kabinet vergadering (*legotla*) in 1995, het die Departement van Korrektiewe Dienste rehabilitasie as hoofdoelstelling geïdentifiseer om residivisme te verminder. Spesifieke doelstellings sluit in die ontwikkeling van geïndividualiseerde behoefte gebaseerde rehabilitasie programme, bemarkings programme vir gevangenes, die bevordering van 'n herstellende geregtigheid benadering tot gevangenisskap; die uitwissing van ongeletterdheid; die vermeerdering van opleidings fasiliteite en die vermeerdering van selfgemaakte produkte en dienste deur die gevangenes om hulle in 'n self versorgende posisie te plaas. (sien ook 3.4.2.10 en 6.44)

4.3 BEHANDELINGSIDEAAL VAN DIE OORTREDER

Die doelwit van inrigtingsbehandeling is om die oortreder se gesindheid en waarneembare gedrag positief te verander en om gevangenes te help aanpas by die eise van die samelewing (Neser 1993:224). Om die behandelingsideaal van die oortreder beter te verstaan, is dit van belang om eerstens by die etiologie hiervan te fokus.

Namate die begrip individualisasie veld gewen het op die gebied van mediese behandeling, het die gedagte van individualisasie by strafbepaling ook posgevat. Dit was die positivistiese skool wat baan-brekerswerk gedoen het op die gebied van individualisasie by straftoemeting (Neser 1993:228, 230-231). Daarbenewens het hulle nie net individualisering by strafoplegging bepleit nie, maar ook dat die oortreder, nadat straf opgelê is, volgens meriete

behandel moes word, dit wil sê as individu en nie ooreenkomstig sy misdaad nie. Die positivistiese skool het egter die kollig geplaas op die misdadiger as mens en die omstandighede of faktore wat aanleiding gegee het tot die wederregtelike handeling. Hulle doel was-en is nog- die rehabilitasie van die misdadiger deur middel van behandeling. Die behandeling moet nie net uit humanistiese gevoelens voortspruit nie, maar moet ook terwille van die gemeenskap gedoen word.

Daar bestaan twee benaderings oor die wyse waarop hierdie ideaal bereik kan word naamlik die etiologiese georiënteerde benadering en die breë benadering.

4.4 Die Etiologiese Georiënteerde Benadering

Die eerste benadering wat suiwer etiologies georiënteerd is, is ingestel op die neutralisering of uitskakeling van kriminogene omstandighede. By hierdie benadering veronderstel inrigtingsbehandeling 'n grondige kennis van misdaadveroorsteking en gaan dit gepaard met die prosedures van diagnose en gepaste metodes om gedrag te verander. Hierdie sienswyse spruit voort uit die mediese model waar 'n gedeeltelike ooreenkoms getref word tussen die behandeling van gevangenes en pasiënte. Volgens Vold in Neser (1993:225), wat 'n voorstander van hierdie siening is en waarvolgens inrigtingsbehandeling 'n grondige kennis van misdaadveroorsteking veronderstel en gepaard gaan met prosedures van diagnose en gepaste metodes om gedrag te verander. Francis Allen beskryf die behandelings-ideaal in Conklin (1995:501) as: *"It is assumed, first, that human behavior is the product of antecedent causes. These causes can be identified as part of the physical universe, and it is the obligation of the scientist to discover and to describe them with all possible exactitude. Knowledge of the antecedents of human behavior makes possible an approach to the scientific control of human behavior. Finally, and of primary significance for the purposes at hand, it is assumed that measures employed to treat the convicted offender should serve a therapeutic function, that such measures should be designed to effect*

changes in the behavior of the convicted person in the interests of his own happiness, health, and satisfaction and in the interest of social defense“.

Hierdie aanname veronderstel dat oortreders deur behandeling kan verander, afgesien van die feit dat gevangenis meer klem op aanhouding as behandeling plaas. Ook Wiehofen in Conklin (1995:501) glo dat die onderliggende eienskap van hierdie behandelingsprogramme is om die oortreder te laat terugkeer na die samelewing oftewel: “...*the offender to society not with the negative vacuum of punishment-induced fear but with the affirmative and constructive equipment-physical, mental and moral - for law abidingness*“. Inrigtingsbehandeling is in beginsel gerig op die aanname dat daar 'n oorsaaklike verband tussen die gevangene se misdadige gedrag en sekere voorafgaande faktore bestaan en is op die verandering van hierdie toestand ingestel.

4.4.1 Die Breë Benadering

Die tweede sienswyse berus op die breë benadering wat inrigtingsbehandeling as 'n omvattende proses beskou wat nie alleen op kriminogene omstandighede konsentreer nie, maar ook op die suksesvolle gemeenskaps-inskakeling van gevangenes. Hier val die klem nie alleen op die uitskakeling van die gevangene se verval in misdaad nie, maar ook op die suksesvolle herintegrasie terug in die gemeenskap. Hiervolgens word voorkeur verleen aan die beskrywing 'hantering van gevangenes' bo die enger begrip van 'behandeling van gevangenes'.

4.5 ONTWIKKELING VAN DIE BEHANDELINGSIDEAAL

Die ontwikkeling van die mediese model en rehabilitasie deur behandeling in gevangenis, kan beste geïllustreer word met verwysing na enkele grepe uit die Amerikaanse penitensiêre geskiedenis.

In die tydperk voor die Amerikaanse Vryheidsoorlog is die suiwer strafmodel nagevolg: *“Punishment was not designed to rehabilitate offenders. Instead, physical pain was publicly inflicted on convicted criminals in order to humiliate them and to deter other people from crime”*(Conklin 1995:499). Dit het berus op die beginsel dat straf 'n heilsame en korrektiewe invloed op oortreders uitoefen en dat dit op sigself genoegsaam is om hulle te rehabiliteer. Gevangenes moes dus net gestraf word om te hervorm en daarom is fisiese strafmaatreëls, soos liggaamstraf, gereeld die orde van die dag. Gevangenisstraf was gevolglik selde gebruik as strafvorm. Dit is eers in 1787 wat die gevangenshervormer Benjamin Rush, 'n verteenwoordiger van die Philadelphia Society, bepleit het dat: *“.....a prison be established to cure offenders, rather than simply to punish them”* (Conklin 1995:499), en hy het 'n inrigtingsbehandelingsprogram voorgestel wat onder andere voorsiening gemaak het vir konstruktiewe gevangene-arbeid en klassifikasie van gevangenes. Rush se inrigtingsbehandelingsvoorstel het die volgende elemente ingesluit:

- Akkommodasie van gevangenes ooreenkomstig 'n klassifikasiestelsel;
- Gevangene-arbeid wat inrigtings selfvoorsienend sou maak;
- Tuinbouprogramme wat die moontlikheid sou skep vir gevangenes om arbeid buite inrigtings te verrig;
- Klassifikasie van gevangenes volgens die erns van misdade; en
- Die beginsel van vooruitgang in die hervormingsproses moes oorweging in besluitneming oor vrylating verdien.

Hierdie gevangenisstelsel was die eerste keer deur die Walnutstraat-gevangenis in Amerika toegepas. Gevangenes het vergoeding vir hulle arbeid ontvang terwyl die gebruik van liggaamstraf afgeskaf is en goeie gedrag was beloon deur strafvermindering. As gevolg van gevangenis oorbevolking en swak opgeleide personeel, is baie van Rush se hervormingsplanne in die wiele gery nadat dit vir etlike jare goed op dreef was.

Ander deurbrake wat in die Amerikaanse penitensiere geskiedenis bereik is, is die oprigting van nuwe gevangnisse in Philadelphia en New York, wat later

onderskeidelik as die Pennsilvanië en Auburnstelsels bekend sou staan. Eersgenoemde was 'n gevangenis wat in 1829 in Cherry Hill in Philadelphia gevestig was terwyl 'n nuwe benadering in die 1820's in die New York gevangenis in Auburn tot stand gebring is. Hier het gevangenes in aparte selle geslaap, maar het deur die dag saam gewerk, geëet en aanbid maar moes daar stilte in mekaar se teenwoordigheid geheers word (Conklin 1995:499-500). Hierdie pioniers uitdaging het op die werk van die Britse gevangenis-hervormer John Howard berus, wat reeds vroeër voorgestel het dat gevangenes se reflektering van hulle dade hul sal aanspoor om te bely. Twee baie belangrike gedagterigtings het gedurende die 1820's posgevat wat beide op die aanname gebaseer was dat: "*the purpose of the criminal justice system should be to rehabilitate offenders and not merely to subject to the irrationality of aimless punishment*" (Cullen & Gilbert, 1982:64).

Die een filosofie het harde arbeid en die afsondering van gevangenes voorgestaan. Die argument is aangevoer dat eensame afsondering gevangenes tot berou sou bring en dat die heilsame uitwerking van straf en harde arbeid die proses sou stimuleer. Hierdie benadering was in die Cherry Hill gevangenis in 1829 in Philadelphia toegepas (Conklin 1995:500). In die ander benadering is groot waarde aan die effek van arbeid geheg en die aanname is aanvaar dat harde werk die sleutel tot sukses en eerste stap in die rigting van positiewe gedragsverandering is. Die oorweging was dat ledigheid en maatskaplike euwels soos misdadige gedrag hand aan hand gaan en dat oortreders alleen deur harde arbeid verander kan word (arbeidsetiek-benadering in Naser 1993:226). 'n Belangrike sienswyse was dat mense hulle gesindhede en gedrag willekeurig volgens innerlike oortuigings rig. Inrigtingspersoneel het dus nie doelbewus probeer om gevangenes se gedrag deur beïnvloeding of behandeling te verander nie volgens Schrag in Naser (1993:227). Sterk steun is verleen aan die algemene uitwerking van straf, naamlik, dat dit berou en gevolglike gedragsverandering aanmoedig. Die missie van die gevangenis was beperk tot veilige bewaking ter beskerming van die gemeenskap. Volgens Carter in Naser (1993:227) was die oorweging om interne wanorde tot 'n minimum te beperk en ontvlugtings te voorkom.

4.5.1 Deklarasie van beginsels (1870)

In 1870 in Cincinnati tydens 'n nasionale kongres van die *'Penitentiary and Reformatory Discipline'*, is 'n deklarasie van beginsels aanvaar, wat op die hantering van gevangenes van toepassing was (Neser 1993:227). Fogel in Neser (1993:227) onderskei die volgende twee uitgangspunte van die deklarasie:

It urged that first, prisoner 'self respect should be cultivated to the utmost, and every effort made to give back to him his manhood' and second that the prisoner should determine his own destiny: 'he must be able through his own exertions, to continually better his own condition. A regulated self-interest must be brought into play'.

In 1876 is die Elmiragevangenis in New York opgerig en beskou as 'n ambisieuse poging om beginsels in die deklarasie in die praktyk toe te pas. Die gevangenis het vir die volgende voorsiening gemaak:

- 'n Puntestelsel waarvolgens gevangenes erkenning sou geniet vir goeie gedrag;
- 'n Voorregtestelsel wat aan die puntestelsel gekoppel is;
- Programme vir opvoedkundige en vakkundige opleiding, morele en godsdienstige onderrig, en militêre dril- en liggaamsoefeninge;
- Onbepaalde vonnisse en paroolvrylating; en
- Toesig en beheer oor gearroleerdes.

Gebaseer op die aanname dat werkloosheid en ledigheid ernstige sosiale euwels is en 'n belangrike rol speel in die veroorsaking van misdadige gedrag, is vakopleiding van gevangenes baie hoog aangeslaan in die penitensiere model wat in hierdie tydperk ontwikkel is, aldus Jarvis in Neser (1993:227). Die oorweging was suksesvolle gemeenskapsinskakeling deur 'n vaste betrekking en ekonomiese stabiliteit, wat alleen deur vakopleiding tydens gevangenisstraf bereik kon word. Die straf-beloningstelsel (positiewe en negatiewe beheermaatreëls) is streng toegepas. Daar is geglo dat

gevangenes die nadelige gevolge van tug, byvoorbeeld, voorregteverbeuring, wat die gevolg is van wanaanpassing by die inrigting se reëls en regulasies, sou wou vermy. Die gevangene sou eerder sy voorregte, byvoorbeeld toegang tot ontspanningsgeriewe en deelname aan opvoedkundige programme ('n positiewe beheermaatreël vir aanpassing by inrigtingsvoorskrifte) wou behou om die eentonigheid van die gevangenislewe te verbreek. Die streng toepassing van voorskrifte sou die gevangene se selfdissipline verhoog volgens Johnson in Neser (1993:228). Sodoende sou gevangenes na ontslag uit vrye wil aan die gemeenskap se verwagtings voldoen. Hierdie straf-beloningstelsel spruit voort uit die behavioristiese teorie in die sielkunde van Burrhus Frederic Skinner. Gedrag word volgens hierdie teorie verklaar as die resultaat van omgewingsfaktore. Volgens die operante kondisionerings konsep word gedrag beheer deur die stimuli wat daarop volg. Dit is eenvoudig 'n proses waardeur die organisme (oortreder) leer om gedrag te herhaal wat suksesvol is in die bevrediging van 'n behoefte, of wat as positief of aangenaam ervaar word (Meyer, Moore, Viljoen 1997:297). Binne die korrektiewe stelsel kan as voorbeeld verwys word na die beloning van die oortreder vir goeie gedrag deur die toestaan van sekere voorregte soos 'n toename in die aantal besoektye of vervroegde parool ensomeer.

In 1870 word 'n deklarasie van beginsels met betrekking tot die hantering van gevangenes aanvaar en word as volg opgesom:

- Rehabilitasie is die doel van gevangenisstraf.
- Daar moet 'n klassifikasiestelsel vir gevangenes wees gebaseer op 'n puntstelsel.
- Goeie gedrag moet beloon word.
- Bepaalde vonnisse moet deur 'n onbepaalde vonnisstelsel vervang word.
- Godsdienssorg en opvoedingsprogramme vorm die hoeksteen van rehabilitasie.
- Dissipline moet so toegepas word dat samewerking van gevangenes en selfrespek behoue bly.

- Die deklarasie staan kleiner gevangenesse en afsonderlike inrigtings vir verskillende tipes gevangenes voor.
- Eensame afsondering moet vervang word deur programme om sosiale dinamika te bevorder.
- Die gemeenskap behoort verantwoordelikheid vir gevangenes te aanvaar.

Bron : Aangepas uit Clear & Cole (1980:81)

Volgens Cullen en Gilbert (1982:72), het die deklarasie van beginsels twee belangrike gevolge gehad, naamlik: *“a firm belief in the curative powers of the indeterminate sentence and a fundamental conviction that the ‘supreme aim’ of American criminal justice should be the reformation of criminals, not the infliction of vindictive suffering”*.

4.5.2 Progressiewe era (1900)

Die Progressiewe Era van die vroeë twintigste eeu tesame met die geloof in die vermoëns van sosiaal-wetenskaplikes om maatskaplike probleme op te los, het ook 'n invloed op die straf en hantering van oortreders gehad. Progressivisme het die idees van die nuwe penologie van die 1870's uitgespreek as die basis van hulle benadering tot misdaad en rehabilitasie in stede van retribusie. Conklin (1995:500) verwys na die volgende aspekte van straf wat in hierdie periode beklemtoon is:

- Die rehabilitasie-effek van die onbepaalde vonnis.
- Gemeenskapsbehandeling van die oortreder.
- Paroolrade wat besluit oor die gereedheid van gevangenes vir uitplasing.
- Probasie en gemeenskap-supervisie oor gevangenes.
- Voorvonnisondersoek en -verslag aan vonnisopleggers.
- Individualisasie in vonnisoplegging.

Die rehabilitasie filosofie wat deur die progressiviste voorgestaan is, het die grootste impak op die jeugregstelsel gehad. Die eerste jeughof is in 1899 in Illinois gevestig. Ten spyte van die belangrike veranderinge in die Amerikaanse strafregstelsel, was die rehabilitasiemodel nie ten volle geïmplementeer nie.

Die ontwikkeling van die positivistiese benadering in die kriminologie het 'n nuwe era ingelei met die misdadiger en oorsake van misdaad as fokus (Conklin 1995:501). Die uitgangspunt was dat elke sosiale probleem 'n oorsaak en oplossing het, en op grond hiervan is aanvaar dat beheer oor die misdaadverskynsel moontlik was. Strafhervormers was oortuig dat hulle oor genoeg kennis beskik het om tot die oorsake van misdadige gedrag deur te dring. Aanvanklik is misdaad as 'n maatskaplike euwel beskou met die geloof dat die oorsake daarvan in maatskaplike omstandighede te vinde is. Die opvatting is dat faktore binne die menslike samestelling die oorsaak vir misdadige gedrag is en aanleiding tot die mediese model gegee. Hiervolgens is wetsoortreding as 'n siekte beskou en moet dienooreenkomstig behandel word: *“gave rise to a medical model that saw law breaking as a kind of disease that could be diagnosed, treated and cured”* (Conklin 1995:501). Die neiging het ontwikkel om die essensie van die rehabilitasie-begrip te beskryf in terme van die deterministiese uitgangspunt. Die oorweging is dat straf verouderd en uitgedien is en moet plek maak vir behandeling. Hierdie houding word weerspieël in die stelling dat die oortreder 'n “siek” persoon is en dat hy dan na analogie van die mediese model nie straf nodig het nie maar wel behandeling.

Die kern gedagte is dat die mens nie sy eie gedrag bepaal nie, maar dat dit die gevolg is van bepaalde oorsake binne homself en sy omgewing waarvoor hy geen beheer het nie. Die misdadige gedrag (siekte) word dan beskou as iets wat die oortreder nie kan verhelp nie en daarom behoort hy daarvoor behandel en nie gestraf word nie.

4.6 Huidige teoretiese verkaring vir Rehabilitasie

Volgens Bless & Higson-Smith in *Terre Blanche & Durrheim* (2005: 18-19), dien 'n teoretiese raamwerk as oriëntering vir die versameling van feite en dat hierdie feite dit spesifiseer wat sistematies waargeneem word. Hierdie gedeelte poog om die huidige teoretiese denkrigting ten opsigte van die verklaring vir rehabilitasie te verhelder.

Na die opspraakwekkende Robert Martinson uitspraak van '*nothing works*' in die laat sewentigerjare in sy werk getiteld '*What works? – questions and answers about prison reform*' (Martinson 1974), is opnuut herbesin oor die rol van rehabilitasie tydens die strafproses van die oortreder. Waar rehabilitasie tradisioneel met die mediese model vereenselwig is, vorm dit nie meer die sentrale tema van die moderne sienswyses nie. Die hedendaagse denkrigting is 'n moderne rehabilitasie-filosofie wat die herintegrasie- en aanpassingsmodelle insluit. Met die ontwikkeling van die moderne rehabilitasiefilosofie is wegbeweeg van die mediese model, en is 'n nuwe betekenis en inhoud aan die rehabilitasie-konsep gegee.

4.6.1 Moderne Rehabilitasiefilosofie

Alhoewel die rehabilitasieideaal met die mediese model vergelyk word, is die verskil dat eersgenoemde twee verdere filosofiese ondersteuttings het wat nie by die mediese model teenwoordig is nie volgens Bartollas in Cilliers & Ovens (2003:84). Die moderne rehabilitasiefilosofie word aangevul deur beginsels van die *aanpassingsmodel* en die *herintegrasiemodel* wat 'n belangrike dimensie tot die *moderne rehabilitasiefilosofie* toevoeg.

Die *moderne rehabilitasiefilosofie* strewende daarna om 'n gevangene se gesindheid, karakter en waarneembare gedrag te verander, sy misdadige neigings te verminder, en om die oortreder by te staan in sy strewende om 'n sosiaal aanvaarbare aanpassing in die gemeenskap te maak. Volgens hierdie deterministiese siening, is die doel van straf om gedragsverandering en hervorming teweegbring (Neser, 1993:233-235). Die *moderne rehabilitasie-*

filosofie glo verder aan die toepassing van onbepaalde vonnisse met wye diskresie aan vonnisopleggers. Dit is hierdie wye diskresie wat vonnisopleggers besit wat ooreenstem met van die *moderne rehabilitasie-filosofie* se uitgangspunte. Alhoewel dit aanvaar word dat die individuele oortreder ook 'n rol in die rehabilitasieproses het, is dit ongelukkig so dat rehabilitasie dikwels nie as prioriteit tydens die vonnisopleggings fase oorweeg word nie: “*Our courts are generally not particularly careful when expressing themselves in connection with rehabilitation, and this can give the impression that it always is an important consideration*” (Terblanche 1999:188). Terblanche wys verder daarop dat hulle nie eintlik versigtig is wanneer hulle hul oor rehabilitasie uitlaat nie. Dit kan die indruk skep dat rehabilitasie altyd 'n belangrike oorweging tydens vonnisoplegging is. Hoewel daar dikwels na die rehabilitering van die oortreder tydens vonnisoplegging verwys word, is dit asof dit die nodige gevolg van enige vonnis is. Dit is veral waarneembaar tydens hofsake waar ernstige oortredings van toepassing is. In hierdie gevalle waar langtermyn gevangenisstraf toegepas word, word rehabilitasie as strafoogmerk 'n minder belangrike faktor.

4.6.2 Herintegrasiemodel

Een van die *herintegrasiemodel* se uitgangspunte is dat die gevangenisomgewing nie die geskikste milieu is om oortreders te rehabiliteer nie. Heelwat klem word geplaas op die herinskakeling van gevangenes vanuit die inrigtingsomgewing in die gemeenskap. Voorstanders van die herintegrasiedenkrigting bepleit gemeenskapsgebaseerde vonnisse vir die meeste oortreders, behalwe in die geval van gevaarlike en gewoontemisdadigers. Alternatiewe vonnisoplegging stem dus ooreen met heelwat beginsels van die moderne rehabilitasiefilosofie wat gerugsteun word deur elemente van die aanpassingsmodel en veral die herintegrasiemodel. Hierdie model steun inrigtingsbehandeling maar hoofsaaklik buite 'n gevangenisopset.

4.7 Rehabilitasie as strafoogmerk

Om die rol van rehabilitasie as strafoogmerk binne die strafteorie konteks te plaas, kan dit aan die hand van die volgende verduidelik word. Daar is twee hoof strome wat uit die strafteorie voortspruit, naamlik die absolute teorie en die relatiewe teorie.

Daar word 'n onderskeid getref tussen die absolute teorie vir straf en die relatiewe strafteorieë. Daar is net een absolute teorie naamlik die vergeldingsteorie terwyl daar 'n meerderheid relatiewe teorieë is. Volgens die absolute teorie is straf 'n doel op sigself, terwyl straf volgens die relatiewe teorieë slegs 'n middel tot 'n verdere doel is. Die voorkomingsteorie sien die verdere doel as in die voorkoming van misdaad terwyl die afskrikkingsteorie in die afskrikking van die individu of gemeenskap van die misdaadpleging en die hervormingsteorie in die rehabilitasie van die oortreder. Die absolute teorie is gevolglik terugskouend van aard aangesien daar slegs teruggekyk word in die verlede na die misdaad wat gepleeg is terwyl die relatiewe teorieë vooruitskouend van aard is (Snyman 1992:19).

Die hoofdoel van rehabilitasie as strafoogmerk gaan oor die hervorming van die oortreder. Die strafteorieë word meer volledig in 5.6 bespreek wat handel oor die rol van die strafoogmerke tydens vonnisoplegging.

4.7.1 Herstellende geregtigheid (*Restorative Justice*)

Die Herstellende Geregtigheids konsep word toenemend as 'n addisionele strafoogmerk beskou. Die herstellende geregtigheids benadering word deur Marshall in Naudè, Prinsloo en Ladikos (2003:2) beskryf as: "*a process whereby all the parties with a stake in a particular offence come together to resolve collectively how to deal with the aftermath of the offence and its implications for the future*". Braithwaite weer in Naudè et al. (2003:3), beskou herstellende geregtigheid as: "*restoring property loss,*

restoring injury, restoring a sense of security, restoring dignity, restoring a sense of empowerment, restoring deliberative democracy, restoring harmony based on a feeling that justice has been done, and restoring social support". Hoewel herstellende geregtigheid se wortels in baie gemeenskappe voorkom, is dit 'n geldige en invloedryke nuwe idee aangaande misdaad en die reg. Dit is 'n omvattende teorie wat beide normatief sowel as instrumentele aanspraak kan maak en in 'n breë konteks toegepas kan word. Dit wissel van die mees buitengewone vorme van ongeregtighede soos deur die *South African Truth and Reconciliation Commission* geopenbaar was tot gewone alledaagse misdadige optredes (Roach 2000:275).

Die *National Prosecuting Authority* (NPA) verwys ook in hul inligtingsdokument na die belangrikheid van herstellende geregtigheid en verskaf die volgende riglyne aan staatsaanklaers: *Guidelines for Restorative Justice for Prosecutors* (2007:4), "*The prevailing retributive justice system in South Africa has not positively impacted on the crime rate and a paradigm shift to restorative justice and its applications holds much promise. According to restorative justice literature, the problem posed by crime should be considered through the harm it causes. Restorative justice should not be seen only as an alternative to the punitive justice system but also as a parallel process which seeks to repair or compensate for the harm caused. The NPA needs to explore a system in which there is a balance between restorative justice and retributive justice. A shift to a system in which the court-based, adversarial system and restorative justice compliment each other, can meet the needs of communities by:*

- *Confronting the offenders; and*
- *Holding them accountable for their actions.*

Volgens die NPA (2007:5) is die herstellende geregtigheidskonsep tans nie goed in die Suid-Afrikaanse Regstelsel geïntegreer nie en streef hulle daarna om die volgende doelstellings te bereik:

4.7.1.1 "*To sensitise and create awareness amongst prosecutors and stakeholders on restorative justice and alternative dispute*

mechanisms and the application thereof;

- 4.7.1.2 *To ensure a formalized approach in respect of the application of restorative justice;*
- 4.7.1.3 *To promote the application of restorative justice in decision-making;*
- 4.7.1.4 *To promote understanding and co-operation in the application of restorative justice;*
- 4.7.1.5 *To promote the dispensation of equal Justice;*
- 4.7.1.6 *To provide an alternative to the punitive system; and*
- 4.7.1.7 *To instil confidence and trust of the community in the Criminal Justice System”.*

Die herstellende geregtigheidskonsep word egter toenemend in die Suid-Afrikaanse howe as strafoogmerk tydens vonnisoplegging geïnkorporeer. Die rolspelers in die regstellende geregtigheidsproses is hoofsaaklik die Departement van Justisie, Nimro en Khulisa.

Aanklaers is deur die NPA gemaan om meer van die herstellende geregtigheidsproses gebruik te maak: *”Prosecutors need to take up the challenge and ensure that the principles of restorative justice are upheld”* (NPA 2007:9). Dit is bemoedigend dat hierdie proses aktief deur die NPA nagestreef word ter bevordering die herstellende geregtigheidskonsep.

4.8 Rehabilitasie binne die Departement van Korrektiewe Dienste

’n Totaal nuwe era het ontstaan met die inwerkingtreding van die nuwe Wet op Gevangenis 8 van 1959, soos gewysig op 1 September 1959. In Wet 13

van die Gevangenis, word die Departement van Korrektiewe Dienste se werksaamhede met verwysing na rehabilitasie soos volg in artikel 2(2) van voormelde Wet vervat: “(b) *om sover doenlik, sodanige behandeling op veroordeelde gevangenes toe te pas as wat tot hulle verbetering en rehabilitasie mag lei en om hulle in gewoontes van vlyt en arbeid op te lei;*”(Coetzee et al 1995:39). Dit kom duidelik in hierdie artikel van die Suid-Afrikaanse Gevangeniswet van 1959 na vore dat die Departement van Korrektiewe Dienste naas veilige bewaking, ook ’n behandelingsfunksie het. In wese kom hierdie funksie daarop neer dat behandeling daarop gemik is om die veroordeelde gevangene te rehabiliteer en hom in gewoontes van vlyt en arbeid op te lei. Die sentrale tema van alle behandelingsprogramme is dan ook daarop gemik om die gevangene toe te rus met daardie vaardighede wat kan lei tot eerbare herinskakeling in die gemeenskap na vrylating.

Volgens Steyn in Coetzee et al (1995:126), word met artikel 2(2)(b) van die Gevangeniswet van 1959, bedoel dat behandeling met die oog op rehabilitasie van die veroordeelde gevangene ’n plig van die Departement van Korrektiewe Dienste is. Steyn is verder van mening dat vanuit ’n suiwer penologiese uitgangspunt, behandeling die belangrikste oogmerk is. Die opdrag “...*om behandeling.....toe te pas.....wat tot rehabilitasie lei.....*“, dui volgens Steyn immers op ’n plig wat nagekom moet word. Tydens die opstelling van die Suid-Afrikaanse Gevangeniswet van 1959, was die opstellers terdeë daarvan bewus dat in die betrokke artikel gaan om die behandeling van ’n misdadige persoon met wisselvallige aard. Daar is ook in gedagte gehou dat die afwykings by residiviste groter is as by eerste oortreders en in die geheel gesien bestaan die moontlikheid van ’n kousale verband tussen sodanige afwykings en misdaad. Die opstellers van die Gevangeniswet het die feit in ag geneem dat mense met swak karakter-eienskappe onder residiviste aangetref word.

Baie van Suid-Afrika se huidige gevangenis is verouderd en gevolglik gaan behandelingspogings gebuk onder ’n gebrek aan voldoende fisieke fasiliteite in gevangenis. Hierbenewens is die meeste gevangenis oorbevolk wat weer ’n hoë gevallelading vir vakkundige sowel as bewakingspersoneel

veroorzaak. Suid-Afrika se hoë residivisme syfer getuig dat rehabilitasie nie in sy doel binne gevangenisreëls slaag nie (sien ook 4.2). Soos reeds in hoofstuk twee en drie in hierdie studie aangedui is, is die gevangenis nie die geskikste plek vir die bevordering van rehabilitasie nie. Die Viljoenkommissie (1976), huldig ook die mening dat die gevangene tydens sy aanhouding heeltemal geïnstusionaliseer en gedemosialiseer word en dat die gevangenis daarom nie die geskikste plek is waarin daar gepoog word om hierdie ideaal te verwesenlik nie (Coetzee et al 1995:136) (sien ook 2.3.2). Rehabilitasie binne die gevangenisreëls is nie uitvoerbaar nie aangesien die kans op sukses uiters skaars is, of soos Brody dit stel : “*The central question is whether imprisonment can reform and rehabilitate prisoners; and the answer has been an emphatic “no”*” (Frimpong 1992:235).

Deur gevangenisreëls word die gevangene in 'n groot mate van sy verantwoordelikheid ontnem, hoofsaaklik omdat sy optrede gerig word deur reëls en regulasies. Hierdie toedrag van sake belemmer die suksesvolle behandeling van die gevangene, aangesien die aanvaarding van verantwoordelikheid vir sy daaglikse doen en late 'n belangrike element in rehabilitasie uitmaak. 'n Ander belangrike aspek wat hier in berekening gebring kan word, is dat die verhouding tussen die terapeut en die gevangene geskaad word deur die hele gevangenisopset van tralies, sleutels en geslote deure wat die indruk skep dat die gevangene nie vertrou word nie. Wantroue wat die gevangene jeens die terapeut koester omdat hy glo die terapeut “*kop in een mus*” met die owerheid is en omdat laasgenoemde hom nie kan distansieer van die veiligheid en sekerheid van die gevangenis nie, is 'n belangrike struikelblok.

'n Belangrike opmerking wat in die *Jali* Kommissie se verslag na vore getree het aangaande rehabilitasie, is dat die Kommissie nie alleen verwys na die rehabilitasie van aangehoudenenes nie, maar ook na sommige gevangenis personeellede. Die Kommissie het bevind dat die menswaardigheid wat in die Grondwet vervat is, in die gevangenis verlore gaan en is die Kommissie baie ontevrede oor die wyse waarop aangehoudenenes in die gevangenisreëls behandel word. Die Kommissie se bevinding was dat die rehabilitasiedoelwit hierdeur ondermyn word (Van den Berg 2007:36) (sien ook 2.3.4). Hoewel

rehabilitasie die hoeksteen van die *Korrektiewe Dienste* wetgewing vorm en in die Suid-Afrikaanse Witskrif vir Korrektiewe Dienste vervat is, is dit geensins waarneembaar nie as gevolg van die wyse hoe oortreders binne die gevangenis hanteer word (Van den Berg 2007:37). Betreffende toekomstige aanbevelings het die *Jali* Kommissie gesê tensy die gedagtegang en houding van gevangenis-personeel verander, rehabilitasie van die gevangenes nie 'n werklikheid sal word nie (Van den Berg 2007:48). Tog is daar navorsing wat aangedui het dat bewakingspersoneel in gevangenis in die buiteland ten gunste is ten opsigte van die behandelingsideaal binne gevangenis. In 'n navorsingstuk getiteld "*The correctional orientation of prison wardens: Is the rehabilitative ideal supported ?*", het die uitkoms van die studie getoon dat meeste van die gevangenis hoofde die rehabilitasie inisiatief binne hulle gevangenis steun:".....*they rejected the idea that conditions at their prisons should be harsher, tended to favor the delivery of human services, and gave the strongest agreement to the view that rehabilitation programs have an important place in my institution*"(Cullen, Latessa, Burton & Lombardo 1993:80).

Volgens die Suid-Afrikaanse Witskrif vir die Departement van Korrektiewe Dienste (2005:10), vorm rehabilitasie deel van die nuwe strategiese rigting van die Departement as die kern van die departement se aktiwiteite. Die Departement van Korrektiewe Dienste het ook sekere rehabiliterende dienste geïdentifiseer as kern vertrekpunt tot 'n misdadervrye samelewing. Die strategieë wat volgens die Suid-Afrikaanse Witskrif (2005:31-32) ontwikkel was om die rehabilitasie ideaal te bevorder, is die volgende:

- *“Development of individualised need-based rehabilitation programmes;*
- *Marketing of rehabilitation services to increase offender participation;*
- *Establishment of formal partnerships with the community to strengthen the rehabilitation programmes and to create a common understanding;*

- *Promotion of a restorative approach to justice to create a platform for dialogue for the victim, the offender and the community, facilitating the healing process;*
- *Combating of illiteracy in correctional centres by providing ABET to offenders;*
- *Increase of production to enhance self-sufficiency and to contribute to the integrated Sustainable Rural Development Strategy; and*
- *Increase of training facilities for the development of skills”.*

Met verwysing na vorige hofuitsprake wat direk met die rehabilitasie aspek verband hou, kan na *S v Nel* (1995 (2) SACR 362 (W)) verwys word waar die hof min vertroue in die rehabilitering van oortreders in gevangenis gestel het: *“On the other hand, should the appellant receive a sentence of imprisonment, the chances are good that he will come out of there a worse person than he was before he went in. The community has an interest in the fact that the appellant be reformed. This can be done more effectively within the community (at own cost) rather than in prison (at the cost of the community). In my opinion the interest of the community will not be served by the imprisonment of this appellant, and correctional supervision will, in the case of the informed members of the community, not be seen as an unsuit-able sentence – especially in the light of the fact that prisons are over-crowded. Some prisons now function on a population of 175%. In some cases a prisoner has to share a cell with more than 30 other inmates. This overcrowding causes various problems. One of those problems is sodomy. The seriousness of this problem cannot be over accentuated, especially in view of the AIDS danger. Gang activities are rife in prisons and pose danger to other prisoners. Intimidation takes place and prisoners are too afraid to complain. The availability of drugs within the prisons is a known fact and, despite valiant efforts on the side of the prison authorities, drugs are freely available in most prisons. As a result of the readily availability of drugs coupled with the many empty and idle hours, a person may become a drug addict within the prison walls”.* Die forensiese kriminoloog, Dr Irma Labuschagne, voeg by dat rehabilitasie nou belangriker as ooit vantevore is, juis omdat soveel jeugdige

in aanhouding is. In Januarie 2007 alleen was daar 61,300 jeugdige in Suid-Afrikaanse gevangenis in aanhouding. Sy sê dat oorbevolkte gevangenis waar verhoorafwagendes en geharde misdadigers saam aangehou word, rehabilitasie onmoontlik gemaak word (Steenkamp 2007:13).

Die verhoorafwagendes is ook nie betrokke by enige rehabilitasieprogramme nie (sien ook 4.2). Hulle ontvang geen vorm van opleiding, wat basiese skoolopleiding insluit nie, en het selde toegang tot ontspanningsfasiliteite. Hierdie kategorie oortreders word as verhoorafwagend aangehou vir periodes wat wissel van dae tot 4 jaar en langer (*Fagan 2005:15*). Minister Ngconde Balfour van die Departement van Korrektiewe Dienste het weer na 'n besoek aan verskeie gevangenis gesê: *"It does worry one that we still keep the Pollsmoor's of the world. You cannot rehabilitate in that type of place. There are other centres like that. Really, we cannot rehabilitate there"* (www.iol.co.za:2007).

In die Departement van Korrektiewe Dienste se 2006/07 jaarverslag word melding gemaak van die Departement se rehabilitasie programme wat aan oortreders deur interne sowel as eksterne diensverskaffers in korrektiewe sentrums landswyd gelewer is. Daar was byvoorbeeld 2 329 oortreders vir die misbruik van afhanklikheidsvormende middels, 1 897 seksuele misdryf oortreders, 4 238 oortreders wat die *"anger management"* program voltooi het en 4 535 persone wat die voor-ontslag program bygewoon het. Die feit dat slegs 12 999 gevangenes deur die Departement van Korrektiewe Dienste se totaal van 112,796 reeds gevonnise persone landswyd in die 2006/07 finansiële jaar behandel is, is kommerwekkend. Hierdie massiewe agterstand van bykans 100 000 aangehoudenes wat nie blootstelling aan die een of ander rehabilitasie program gehad het nie, laat die vraag ontstaan of die Departement daadwerklik in staat is om oortreders binne die gevangenis te rehabiliteer ? (sien ook 4.2). Hier moet ook in ag geneem word dat 'n onbekende aantal oortreders programme met behulp van eksterne instansies gelewer was. 'n Tipiese voorbeeld van die passiewe funksionering van aangehoudenes is die verwysing deur mnr Dennis Bloem, 'n ANC-LP en voorsitter van die Portefeuljekomitee vir Korrektiewe Dienste. Bloem het die volgende uitlating aan die media gemaak na 'n besoek aan die Drakenstein

gevangenis: “*Hulle lê en eet, en eet en lê. Hulle doen niks. Nee, nee, nee. Ons moet dit verander!*” (Barnard 2007:6).

’n Ander voorbeeld van die Departement van Korrektiewe Dienste se onvermoëns om rehabilitasie uit te voer is die illustrasie wat tydens ’n saak in die Kaapstad se streekhof onder Regter Wilma van der Merwe se aandag gebring is. Daar is getuig dat maatskaplike werkers verbonde aan die Departement van Korrektiewe Dienste in Kaapstad wat verantwoordelik is vir die rehabilitering van oortreders, ’n stryd voer om tred te hou met die aantal gevonnise oortreders wat tot korrektiewe supervisie gevonniss is. Een van die redes hiervoor is die akute personeeltekort of soos hulle dit gestel het: “*This means that a large number of offenders are left unsupervised and unrehabilitated, which could place them at risk of committing similar offences*” (sien ook 4.2). Anika Myburgh van die Gemeenskaps Korrektiewe Kantoor in Kaapstad, het die hof ingelig dat sy die enigste permanente maatskaplike werkster op daardie stadium was, wat verantwoordelik was vir 800 gevalle (Schroeder 2003:1). Sandy Hoffman, ’n sielkundige wat jare lank verbonde was aan die Departement van Korrektiewe Dienste, het ook gemeld dat nadat sy die diens in November 2003 verlaat het, daar slegs 28 sielkundiges vir ongeveer 180,000 gevangenes in Suid-Afrika was (Hoffman 2005:7). Hierdie feite bevestig weereens dat die Departement van Korrektiewe Dienste nie in staat is om aangehoudenes suksesvol te rehabiliteer vir voorbereiding vir terugkeer na die gemeenskap nie. In afdeling 4.9 val die klem op die bydrae wat die kriminoloog of penoloog in die rehabilitasieproses van die oortreder kan lewer.

4.9 Die bydrae van die kriminoloog tydens vonnisoplegging ten opsigte van die rehabilitasieproses

Die bydrae wat die kriminoloog of penoloog tydens vonnisoplegging lewer, kan van groot waarde wees. Die bydrae kan ’n belangrike funksie vervul wat tot die bevordering van die rehabilitasie van die oortreder kan lei. Terblanche

(1999:10-11) voeg by dat: "The emphasis in criminology used to be to explain why criminals act as they do, but it may now be on explaining the results of sentences which are imposed. This makes it all more important for judicial officers to take note of the research of criminologists". Daar word nie alleenlik teoretiese insette gelewer met betrekking tot die moontlike oorsake van die betrokke misdadvoorval nie, maar kan die hof ook van waardevolle inligting verskaf ten opsigte van 'n geheelbeeld van die oortreder as mens.

Aandag word veral gegee aan strafindividualisasie van die oortreder wat persoonlikheidsaspekte rondom die oortreder uitlig ten einde die mees gepaste straf voor te stel met rehabilitasie as doelwit in gedagte. Die verhoorhof sal altyd op hoogte moet wees van die besondere en individuele faktore van die oortreder, omrede deeglike kennis van die persoon as beskuldigde onontbeerlik is vir straftoemeting. Dit sou regtens onmoontlik wees vir die verhoorhof om redelik, regterlik en effektief te straf sonder dat die nodige kennis van die persoonlikheid en algemene persoonlike agtergrond van die beskuldigde bekom is. Sonder die versagtende kennis wat die meeste persoonlike faktore van die beskuldigde meebring, sal regterlike vonnisoplegging nie moontlik wees. Elke oortreder word uit hoofde van sy persoonlikheid en sy misdryf gestraf, sodat individualisasie nagestreef kan word (Du Toit 1981:53). Strafindividualisasie word in 4.9.1 in meer besonderhede beskryf.

4.9.1 Strafindividualisasie

Strafindividualisasie behels die stappe wat geneem word vir die hof om 'n omvattende beeld van die beskuldigde of veroordeelde te konstrueer met betrekking tot sy/haar maatskaplike en persoonlikheidsagtergrond, kriminele kapasiteit, medies-biologiese anomalieë, verwagte toekomstige gedrag en ander relevante aspekte ten einde 'n geskikte vonnis vir die individu te bepaal (Cloete 1972:7). Strafindividualisasie of die verpersoonliking van straf beteken basies dat die verhoorhof nie alleenlik aandag gee aan die algemene aard van die misdryf of die algemene belange van die gemeenskap en die algemene belange van die oortreder nie, maar werklik die betrokke geval en

die oortreder ondersoek. Du Toit (1981:122) wys tereg daarop dat per slot van rekening word die betrokke oortreder gestraf vir die betrokke misdryf en nie net die tipe misdryf of die tipe misdadiger nie.

Om veralgemening van straf te verhoed, word diepgaande aandag aan die betrokke oortreder gegee. Aspekte soos die oortreder se agtergrond, sy persoonlikheid en persoonlike faktore en belange word op individuele wyse benader tydens die oorwegingsproses by vonnisoplegging. Dit is veral appèlregter Viljoen wat 'n belangrike bydrae tot die verpersoonlikheid van straf in Suid-Afrika verantwoordelik was. Die verpersoonliking van straf kan slegs effektief toegepas word indien noodsaaklike kennis van die betrokke oortreder aan die verhoorhof bekend is. Dit is om hierdie rede noodsaaklik dat die nodige feite en inligting rakende die oortreder bekom word deur die voorsittende beampte self sowel as die verdediging.

In *Maxaku, Williams* 1973 (3) SA 248 (C) 256 het Steyn beklemtoon dat vonnisoplegging 'n afsonderlike en aparte stadium in die strafproses is: "*It must be remembered that it is sanctions which ultimately sustain the system of criminal justice. It little avails the court to determine guilt or innocence in accordance with long established principles of fairness and then to leave the assessment of penalty to a hazardous guess based on no or inadequate information*" Om die hof in staat te stel om straf te individualiseer, is dit die hof se plig om ondersoek in te stel na die subjektiewe elemente betreffende die misdaad wat gepleeg was, veral in die geval waar die oortreder nie voldoende verteenwoordiging geniet nie. Die feite wat by so 'n ondersoek na vore tree moet aangeteken word waarna dit versigtig opgeweeg word in die bepaling van 'n toepaslike vonnis (Rabie, Strauss, Maré 1994:291).

Dit is met die hulp van kundiges soos psigiaters, sielkundiges, penoloë en kriminoloë wat dikwels nodig is om insae hieromtrent te lewer. Du Toit (1981:123) skroom nie om te sê dat: "*Juriste behoort nie sku te wees om van deskundiges se hulp gebruik te maak nie*". Klopper (1990:143) sê ook dat individualisasie slegs bewerkstellig kan word indien voorsittende beamptes van die hulp van kundiges gebruik maak terwyl Graser (1975:202) dit in meer besonderhede stel: "*As the training of judges and magistrates in South Africa*

generally does not cover psychology, criminology, or applied sociology sufficiently, the judicial officers needs the assistance of experts from those fields in order to gain a deeper understanding of the relevant social and psychological forces underlying the offender's behavior in order to formulate an appropriate sentence, that is, a sentence which will hold the maximum benefit for the accused, the victim and society in general'.

Strafindividualisasie het dikwels tot gevolg dat 'n gepaste straf nie noodwendig op straf uitloop nie, maar op die een of ander vorm van behandeling onder die skadu van opgeskorte vonnis. Du Toit (1981:123) sê dat dit geensins verkeerd is nie omrede die verpersoonliking van straf vereis juis die oplegging van die effektiewe vonnis en nie noodwendig die swaarste straf nie. 'n Belangrike gevolg van individualisasie is juis balans, omdat dit verpersoonliking van straf meebring wat andersins nie sou geskied het nie. Sonder individualisasie van straf word slegs aandag geskenk aan die aard en omvang van die tipe misdryf en die algemene belange van die gemeenskap en oortreder. Die gevolg is ongebalanseerde en oneffektiewe vonnis. Dit was juis die oorbeklemtoning van die oortreder se misdrywe en die onderskatting van die persoon wat in Zinn 1969 (2) SA 537 (A) aangevoer was dat 'n dwaling begaan is. Dit het daartoe gelei tot die wysiging van 'n 15 jaar gevangenisstraf vonnis na 12 jaar.

Individualisasie is sonder inagneming en kennis van die beskuldigde se persoonlike faktore en feite uiteraard nie moontlik nie. As hulpmiddel aan die hof word die voorvonnisverslag opgestel en aan die voorsittende beampte voorgelê word om hom/haar te help om die beskuldigde te vonnis. Dit is hier waar die deskundige die geleentheid gegun word om die moontlikheid van rehabilitasie van die oortreder onder die hof se aandag te bring en 'n alternatiewe vonnisvoorstel te maak indien dit van toepassing het.

4.9.2 Die voorvonnisondersoek en -verslag

Die doel en funksie van die voorvonnisondersoek word soos volg deur Jacobs (1976:152) omskryf: *“Die voorvonnisondersoek is daarop gerig om die hof te help in sy oordeel van wie die oortreder is en wat die beste optrede teen hom of haar sal wees. Dit bevat dus inligting wat in die algemeen nie by die bepaling van skuld of onskuld in aanmerking geneem word nie. Die inligting wat op hierdie wyse beskikbaar gestel word, is dus daarop gemik om die hof te help om die karakter en persoonlikheid van die beskuldigde te verstaan, om sy probleme en behoeftes bekend te maak, om lig te werp op sy maatskaplike omgewing en om die moontlike grondoorsake vir die pleeg van misdad bloot te lê. So gesien, moet die verslag dus as grondslag dien vir finale beslissing van die hof oor die wenslikheid al dan nie daarvan om die oortreder op proef te plaas.*

'n Soortgelyke maar meer omvattende omskrywing van die voorvonnisondersoek is die van Terblanche (1999:111): *“Any report which is drawn up by an expert of some kind, which is designed to assist the court in the quest to find an appropriate sentence, can be described as a pre-sentence report. Although these reports are usually probation reports, which are drawn up by probation officers in the employment of the state, many other reports also qualify. These include reports by private social welfare experts, criminologists, psychiatrists and clinical psychologists”.*

4.9.3 Die doel en funksie van die voorvonnisverslag

In sekere gevalle is voorvonnisverslae 'n statutêre vereiste. Korrektiewe toesig mag byvoorbeeld nie ingestel word sonder die voorvonnisverslag van 'n proefbeampte of korrektiewe dienste amptenaar nie. Geen persoon mag ook na behandelingsentrum verwys word sonder 'n proefbeampte verslag soos vervat is in artikel 296 van die Strafproseswet 51 van 1977 (Terblanche 1999:111). Soos in alle gevalle het die voorsittende beampte die diskresie om 'n voorvonnisverslag aan te vra. Daar is geen duidelike maatreeël omtrent

watter sake 'n voorvonnisverslag vereis nie, alhoewel dit dikwels vereis word in die geval van jeugoortredings. Enige verslag wat deur 'n kundige opgestel word wat ontwerp is om die hof behulpsaam te wees om die gepaste vonnis toe te pas, kan as 'n voorvonnisverslag beskryf word. Die hoofdoel van die verslag is om die voorsittende beampte behulpsaam te wees om die oortreder as persoon beter te verstaan asook die rede vir die oortreding. Dit is veral die bydrae van die verslag wat 'n groot rol kan speel met inagneming van die rehabilitasieproses van die oortreder.

Hoewel hierdie verslae meestal deur proefbeamptes opgestel word wat in diens van die Staat is, kwalifiseer baie ander verslae ook. Dit sluit in verslae wat deur privaat maatskaplike werkers, kriminoloë, penoloë, psigiaters en kliniese sielkundiges opgestel word.

Die voorvonnisverslag wat deur die deskundige opgestel word nadat al die bevindinge ondersoek is, tesame met sekere aanbevelings en deskundige mening, word op 'n logiese en konsekwente wyse genotuleer, georden en aan die hof voorgelê.

4.9.4 Die beginsels waarop die voorvonnisverslag berus

Aangesien strafindividualisasie tydens die vonnisopleggingsfase nagestreef word, moet die deskundige op eie inisiatief spesifieke inligting inwin oor die behoeftes van 'n bepaalde oortreder. Om hierdie rede sal die besondere persoonlike faktore van die beskuldigde van groot belang wees wanneer oor 'n gepaste straf beslis moet word. Die verhoorhof sal altyd op die hoogte moet wees van die besondere en individuele faktore van die oortreder, omdat deeglike kennis van die persoon van die beskuldigde onontbeerlik is vir geïndividualiseerde straftoemeting. Individualisering is onmoontlik sonder inagneming en kennis van die beskuldigde se persoonlike faktore en feite, en daarsonder sal vonnisoplegging nie regverdig wees nie.

Daar is sekere beginsels wat die kriminoloog moet handhaaf wanneer die voorvonnisverslag saamgestel word. Van die belangrikste beginsels waarop die voorvonnisverslag berus, is die volgende:

- Buigsaamheid: Hierdie beginsel bepaal dat elke individu en sy omstandighede uniek is en dat die verslag in die gees hiervan opgestel sal word.
- Keuring: Slegs tersaaklike inligting moet in die verslag verstrek word.
- Duidelikheid: Die taalgebruik in die verslag moet aan 'n hoë standaard voldoen.
- Vertroulikheid: Die verslag bevat intieme en persoonlike aspekte van die oortreder. Die inhoud daarvan moet dus vertroulik gehanteer word en slegs persone wat gemoeid is met die beregting van die oortreder behoort insae in die verslae te hê.
- Verantwoordelikheid: Die beginsel impliseer dat die verslag aan die vereistes van eerlikheid, korrektheid en betroubaarheid sal voldoen.
- Objektiwiteit: Die inhoud van die verslag moet 'n ware en getroue weergawe van die werklike omstandighede van die oortreder wees.

4.9.5 Die samestelling van 'n voorvonnisverslag

Dit is eerstens belangrik dat die voorvonnisverslag met groot omsigtigheid opgestel word na afloop van die voorvonnisondersoek. Daar bestaan uiteenlopende sienswyses ten opsigte van die inhoud van die verslag. Daar word egter algemeen aanvaar dat die voorvonnisverslag alle aspekte van die individuele oortreder moet dek. Om dit te kan doen, moet die opsteller van die verslag deeglik besin oor sekere spesifieke kwessies soos wie presies die oortreder as mens is. Met hierdie doel word daar ingegaan op die herkoms, agtergrond en persoonlike eienskappe van die oortreder om 'n behoorlike profiel op te stel. Groot klem word gelê op moontlike oorsake wat die oortreder kon beïnvloed het om die misdaad te pleeg. (Jacobs 1976:186)

Gegewens word hoofsaaklik ingesamel deur middel onderhoudvoering en die bestudering van rekords. In gevalle waar die huishoudelike omstandighede onbekend is, moet die deskundige 'n tuisbesoek aflê, veral met die doel om die invloed van omgewingsfaktore te bepaal.

Dit is die verantwoordelikheid van die deskundige om inligting wat by verskillende bronne ingewin is, te verifieer. Inligting wat op hoorsê gebaseer is, moet bevestig word en die deskundige moet hom of haar persoonlik van die feite vergewis.

Wat oortreders betref, word gegewens tradisioneel met behulp van gerigte onderhoudvoering ingewin, waartydens daar van ongekonstrueerde vraelyste as hulpmiddel gebruik gemaak.

Uiteraard kan die persoonlike faktore van die beskuldigde verskeie vorme aanneem, maar almal het een gemeenskaplike eienskap, naamlik dat dit deel uitmaak van die oortreder se besondere persoonlikheidsamestelling. Die afsonderlike omstandighede wat aandag geniet behels die volgende;

- Die ouderdom van die oortreder
- Die karakter van die beskuldigde

Een van die belangrike aspekte wat aandag aan gegee word, is die oortreder se kinderjare, die huidige gesinslewe, vryetydbesteding, skoolervarings, invloede van subkulture, en ander faktore wat op elke besondere geval van toepassing mag wees en wat die beskuldigde se optrede kon beïnvloed het en tiperend van sy of haar persoonlike lewensfeer is.

Die voorsittende beampte sal na aanleiding van so 'n verslag die nodige, redelike en gebalanseerde oorweging ten opsigte van vonnistoemeting daaraan skenk.

Wat die aard en omvang van die misdaad betref, asook die wyse waarop dit gepleeg is, moet die kriminoloog aandag aan die volgende gee:

- die erns van die misdaad
- die deelname van die besondere beskuldigde
- die gevolge van die misdaad
- die motivering (voorbedagte rade of beplanning)

Die belange van die gemeenskap word in die meeste gevalle in berekening gebring wanneer daar besin word oor 'n gepaste straf. Wanneer gevangenisstraf ter sprake kom, is dit ook die taak van die kriminoloog om vas te stel of 'n alternatief nie die belange van die gemeenskap beter sou dien nie. In hierdie verband moet daar tydens voorvonnisevaluering aandag aan die volgende faktore gegee word:

- Indien gevangenisstraf ter sprake is, moet die positiewe en behoudende elemente soos byvoorbeeld die beskuldigde se werk en gesinslewe uitgelig word aangesien dit 'n rol kan speel om die beskuldigde in die toekoms van residivisme te weerhou.
- 'n Alternatief tot gevangenisstraf, of 'n korter termyn gevangenisstraf wat om welke rede ook al die gemeenskap beter sal dien as die swaarder vonnis, moet oorweeg word.
- 'n Alternatief tot gevangenisstraf wat byvoorbeeld verpligte terapie insluit, kan die oortreder se geestes- of liggaamlike probleme oplos. Verder kan dit tot die oortreder se eie voordeel sowel as die voordeel van die gemeenskap aangewend word.

In 'n Suid-Afrikaanse kwalitatiewe studie wat onderneem is oor vonnisoplegging binne die konteks van die *Criminal Law Amendment Act no. 105 of 1997*, het die navorsing ook 'n afdeling bevat wat gehandel het oor die waarde van voorvonnisverslae tydens vonnisoplegging. Die menings van 65 respondente is ingewin om vas te stel tot watter mate voorvonnisverslae 'n rol tydens vonnisoplegging speel. Vrae was gebaseer gewees op oortredings wat deur die nuwe vonnis-wetgewing asook oortredinge wat nie hierdeur geaffekteer word nie.

Resultate in tabel 4.1 het getoon dat 'n gemiddelde persentasie van 52.9% respondente van mening was dat voorvonnisverslae 'n groot rol speel by oortredings wat nie deur hierdie wetgewing geraak word nie in vergelyking met net 35.3% waar oortredings deur hierdie wetgewing geraak word. Navorsers is van mening daar is ruimte om hierdie verskille verder te ondersoek.

Tabel 4.1: Resultate van die waarde van voorvonnisverslae tydens vonnisoplegging. (Die 'wet' in die tabel verwys na die Strafproses Wysigings wetgewing (artikel 105 van 1997).

Oortredings wat deur die wet gedek word	Kategorieë van respondente	Groot rol	Klein rol	Geen rol	Weet nie
	Algeheel	35.3%	39.2%	13.7%	7.8%
	Regsbeamptes	34.2%	44.7%	21.1%	0.0%
	Staatsaanklaers	35.5%	48.4%	6.5%	9.7%
	Verdediging	31.6%	36.8%	21.1%	10.5%
	Leke Assessore	60.0%	10.0%	0.0%	30.0%

Oortredings wat nie deur die wet gedek word nie.	Algeheel	52.9%	34.3%	2.0%	5.9%
	Regsbeamptes	47.4%	47.4%	5.3%	0.0%
	Staatsaanklaers	63.3%	33.3%	0.0%	3.3%
	Verdediging	63.2%	26.3%	0.0%	10.5%
	Leke Assessore	50.0%	20.0%	0.0%	30.0%

Bron: Schönreich, Mistry, Struwig (2000:52)

4.10 Gevolgtrekking

Ter afsluiting, is dit van belang om kennis te neem van diegene wat die mislukking van rehabilitasie probeer bewys het soos Robert Martinson se destydse opspraakwekkende *What works? – questions and answers about prison reform in die 1970's* (1974:48-49). Daar is wel deur Martinson toegegee dat baie van die programme wat destyds ontwerp was om oortreders te rehabiliteer, die gevangenes ten minste nie slegter gemaak het nie en dat dit minder geld kos om te administreer. In Martinson se gevolgtrekking omtrent gevangenis hervorming, het hy ter afsluiting tot

verskeie gevolgtrekkings gekom, naamlik: *“It may be simply that our programs aren’t yet good enough – that the education we provide to inmates is still poor education, that the therapy we administer is not administered skillfully enough, that our intensive supervision and counselling do not yet provide enough personal support for the offenders who are subjected to them”*. Hiervan kan die afleiding gemaak word dat ten spyte van die *“nothing works”* era, dat Martinson wel toegegee het dat daar leemtes in die programme gedurende die 1970’s was wat ’n impak op hervorming kon gehad het. Programme het sedertdien heelwat vernuwing en aanpassings ondergaan. Gendreau en Ross (1987:349-350) haal ook aan: *“ Even Robert Martinson, who argued most often and most persuasively that ‘almost nothing works’, recognized that he was in error”* asook *“Then, two years later, he declared that under various conditions there were many examples of successful rehabilitation efforts...”* .

Kennis kan ook geneem word van die Senegalese President, Abou Diouf , wat tydens die Senegalese hof opening van 3 November 1993, ’n sterk uitlating ten opsigte van die behandelingsideaal van die oortreder binne die gevangenis gemaak het: *“...imprisonment has been criticized for its failure to effect social rehabilitation. Be that as it may, rising crime - especially juvenile delinquency -, overpopulated prisons and rising recidivism are sufficient justification for us to look into non custodial alternatives... Our country cannot evade the duty to look afresh at its penal practices – indeed this review process is part of a broad international movement. The use of alternative penalties presupposes an appropriate judicial and administrative structure. In the first place, judges must be sufficiently well informed about the offender to be able to personalize the penalties the impose. There is no doubt that a judge responsible for the execution of sentences is needed to monitor and control the effective compliance of offenders with criminal penalties”*(Bouvier 2000:5. Ter afsluiting word verwys na Professor Vollie Spies van die Departement Maatskaplike Werk aan die Universiteit van Pretoria se siening omtrent die rehabilitasieideaal: *“Dit is tyd dat daar kreatief gedink word oor rehabilitasie”* en voeg by, *“Dit moet in die gemeenskap geskied terwyl intensiewe terapie die oorsprong van die oortreding moet uitlig* (Karstens 2007:11).

Hoofstuk 4 het gedemonstreer dat daar wel meriete in die rehabilitering van die oortreder is, maar dat die gevangenisomgewing nie die gewenste omgewing is om hierdie doelwit te verwesenlik nie. Navorsers aanvaar die feit dat alle oortreders nie ewe rehabiliteerbaar is nie en dat daar verskillende 'grade van rehabilitasie' vir verskillende persone is. Die logiese vereiste vir rehabilitasie is egter dat die oortreder homself eerstens moet ontdek en tot insig kom dat daar 'n gesindheidsverandering en veranderende houding sal volg. Dit moet gepaard gaan met 'n strewe na ander waardes en dat dit uiteindelik veranderde gedragpatrone of 'n positief waarneembare uiting van gesindheid tot gevolg sal hê. Dit kan slegs geskied binne 'n omgewing wat 'n klimaat skep wat bevorderlik ten opsigte van die rehabilitasieideaal is.

Hoofstuk 5 se fokus wentel rondom al die kernaspekte wat 'n invloed op die vonnisopleggingsproses kan hê. 'n Suid-Afrikaanse vonnisvoorsig word geskets wat die nuwe vonnisraamwerk insluit. Die vonnisopleggingsfase word bondig bespreek wat die belangrikheid van die strafoogmerke insluit. Die belangrike aspek van vonnisdiskresie wat 'n moontlike impak tydens vonnisoplegging word aandag aan gegee asook die moontlike rol wat die vonnisoplegger se persoonlikheid en subjektiwiteit kan speel. Die hoofstuk word afgesluit deur aandag te gee aan die praktiese implikasies en aanbevelings rondom alternatiewe vonnisoplegging.

HOOFSTUK 5

DIE DOELSTELLINGS VAN STRAF

5.1 INLEIDING

Die hoof dryfveer agter strafregspiegling is die handhawing van orde deur die voorkoming en beheer van misdaad. Om misdaad te beheer, verbied of gebied die strafreg sekere handeling wat teen die wet van die samelewing is. Die samelewing kan op verskeie maniere optree om die gedrag van individue in ooreenstemming te bring met hul onderskeie rolverwagtinge. Een reaksie kan positief wees naamlik die beloning van goeie gedrag vir gehoorsaamheid of straf in die geval van ongehoorsaamheid. Die hoofdoel van sosiale beheer is om die individu teen homself te beskerm asook om die gemeenskap van chaos te red by wyse van gedragsreëls waaraan voldoen moet word. Sodra 'n regsreël deur 'n individu oortree word, het die individu 'n misdaad begaan en indien die aangeklaagde na 'n hofverhoor aan misdaad skuldig bevind word, word hy ooreenkomstig die strafbepalings gestraf. Dit moet dus eers vasstaan dat die beskuldigde wel oortree het, oftewel 'n misdryf gepleeg het voordat daar van straf sprake kan wees. Du Toit (1981:xx) sê dat die Suid-Afrikaanse Strafproseswet 51 van 1977 'n duidelike bepaling het dat bepaalde strawwe iemand opgelê kan word wat weens 'n misdryf skuldig bevind word. 'n Misdryf kan omskryf word as 'n handeling of versuim wat gemeenregtelik of statutêr verbied word. Die regsprekende gesag van die Staat word met die algemene bevoegdheid beklee om na 'n skuldigbevinding aan 'n misdryf die oortreder te straf vir sy/haar misdryf.

Die doel van hierdie hoofstuk om meer lig te werp op die strafverskynsel. As vertrekpunt word eerstens omskrywings van straf weergee, 'n bondige oorsig

van die oorsprong van straf, aandag word ook gewy aan die eienskappe van straf, die verantwoordelikheid van die oortreder word bespreek wat die indeterministiese en deterministiese beskouings insluit, strafmotiewe en strafteorieë, die Suid-Afrikaanse vonnisopleggings-proses, kwessies soos regterlike diskresie, die rol en die wisselwerking van die strafoogmerke, subjektiwiteit tydens vonnisopleggings en die impak hiervan op alternatiewe vonnisse en rehabilitasie. Die belangrikheid van hierdie aspekte is dat dit juis die voorsittende beamptes is wat die hef in die hand het met betrekking tot die volstrekking van die vonnis en is die doelwit om te bepaal of hierdie aspekte enigsins 'n rol tydens vonnisoplegging speel.

5.2 OMSKRYWING VAN DIE BEGRIP STRAF

Daar bestaan ook verskillende vertrekpunte vir die omskrywing van die strafbegrip soos byvoorbeeld vanuit die penologiese, juridiese, sielkundige, opvoedkundige en teologiese standpunte omskryf word wat die straffenomeen beklemtoon.

- Die begrip straf kan omskryf word as “die nadelige sanksie wat die veroordeelde beskuldigde deur 'n geregshof opgelê word na 'n verhoor en skuldigbevinding aan 'n misdryf en wat deur die Staat ten uitvoer gelê word sonder dat die oortreder beheer daaroor kan uitoefen” (*Du Toit, E.* 1981:xxi).
- Straf op sigself is 'n breë konsep. In breër verband is straf ter sprake as byvoorbeeld tussen ouer en kind of in enger verband, in die opsig dat die Staat as verteenwoordiger van die gemeenskap en die oortreder is. In laasgenoemde word die Staat in hierdie verhouding verteenwoordig deur 'n geregtelike opset, strafregtelike organisasie en funksionaris binne die grense van die regsplegingstelsel (Neser 1980: 48).

- Dit is ook belangrik om daarop te let dat nie alle vonnisse op straf neerkom nie. *Bekker, Geldenhuys, Joubert, Swanepoel, Terblanche en Van der Merwe* (2005:267) beklemtoon dat sommige vonnisse nie gelykstaande aan straf is nie, soos in die geval van opgeskorte vonnisse en 'n waarskuwing deur die hof aan die oortreder.

5.3 DIE OORSPRONG VAN STRAF

Neser (1980:49) is van mening dat die bestaan van straf sy oorsprong het in die neiging by die mens om strydig op te tree met die samelewing se normestelsel. Dit is die mens se verantwoordelikheid om met die gemeenskapsvoorskrifte te konformeer of om blootgestel te word aan die gemeenskapsanksies indien die mens die voorskrifte oortree. Hoewel vroeë samelewings nie geskrewe wette gehad het nie, het meeste norme of gewoontes gehad wat gedrag geregleer het. In antieke tyd het die mag om te beheer op die vader berus as hoof van die sosiale eenheid naamlik die familie. Die outoriteit was so beslissend dat dit die mag van lewe en dood behels het. Stamgroepe het twee kategorieë vir verkeerde dade gehad naamlik 'publieke onreg' en 'private onreg'. Publieke onregmatige handelings in gemeenskappe het oortredinge ingesluit wat te make het met ontheiliging en ander oortredings teen geloof, hoogverraad, heksery, bloedskande en ander seksuele oortredinge, vergiftiging en die oortreding van jagreëls. Privaat onregmatige handelings het weer al daardie optredes ingesluit wat hedendaags as verkeerd beskou word (Silverman 2001:69, 542-543). Nog voordat gevangenis in die 17de eeu in Europa gebou is, was 'n verskeidenheid praktyke van toepassing wat op geregtigheidskonsepte berus het vir sekere kulturele groepe wat oortree het. In die kulturele geskiedenis van straf het die Griekse state die vroegste bewyse gelewer dat publieke straf deel van die Westerse tradisie is wat in die strafreg gesetel is. Fisiese strawwe was aan die orde van die dag vir 'n verskeidenheid oortredinge gedurende die Middeleeue (Schmallegger & Smykla 2007:40-41).

Hermann Mannheim se samestelling van verhandelinge van die vroeë “kriminoloë” is ’n goeie bron vir die historiese agtergrond tot die straf filosofieë wat ’n daadwerklike bydrae tot die ontwikkeling van kriminologie gelei het (Reid 1981:25). Mannheim het met die skrifte van Beccaria begin omrede dit Cesare Beccaria wat in 1738 in Italië gebore is wat baanbrekerswerk op die strafterrein verrig het. Hierdie denker het duidelike invloed uitgeoefen op die heersende strafbeskouings en strafhervormings wat gevolg het. Dit is juis Beccaria wat tot die idee bygedra het dat die regspraak onpartydig moes wees en die beginsel van vrye wil. Hy het nie gekroom om die strafregstelsel te kritiseer nie en veral teenoor die vonnisopleggings gesag wat arbitrêre en hewige strawwe opgelê het. Beccaria was net soos vorige filosowe van mening wat geglo het dat straf nodig is om mense te verhoed om die wet te oortree. Hy het verder geglo dat die mens gemotiveer word deur die beginsel van pyn en plesier, dat hulle ’n vrye wil het en menslike optredes deur rasionaliteit en verantwoordelikheid gekenmerk was (Conklin 1995:32-33). Meeste van die oud sowel as nuwe klassieke teorieë, het sekere basiese aannames gemaak waarvan die volgende van toepassing is:

- Misdad word gepleeg as gevolg van die individu se vrye wil. Die menslike wese is fundamenteel rationeel en die meeste menslike gedrag is die gevolg van die vrye wil wat gepaard gaan met rasionele keuses.
- Pyn en plesier is twee sentrale determinante van die menslike gedrag.
- Misdad benadeel die kwaliteit van die band wat tussen individue en die gemeenskap bestaan en word daarom as ’n immorele vorm van gedrag beskou.
- Straf is ’n noodsaaklik ewel en is somtyds nodig om wetsoortreders af te skrik om die wet weer te oortree en om as voorbeeld vir ander te dien wat ook die wet wil oortree.
- Misdadvoorkoming is moontlik deur vinnige optrede en sekerheid dat straf die voordele verbonde aan die oortreding sal elimineer.

Die Positivistiese skool is omstreeks 1872 deur Cesare Lombroso gestig. Die skool se uitgangspunt berus op Lombroso se teorie van die gebore misdadiger. Die Positivistiese siening steun op die wetenskaplike metode wat sosiale gedrag en omstandighede meet wat met gedrag verbind word. Die positiviste het die weg gebaan vir die hervormingsbeweging in die strafstelsels wat later sou volg en waarvolgens misdadigers as mense beskou word met individuele verskille. Die Positiviste beweer dat wetenskaplike neutralisme moontlik is tydens die bestudering van wetenskap en dat kriminoloë eerder op misdadige gedrag fokus in plaas van kriminele reg. Lombroso was eerste gewees om empiriese bewyse te lewer om die hipotese te toets waarom mense die wet oortree (Conklin 1995:34). Lombroso het die weg gebaan vir die moderne kriminologie.

5.4 EIENSKAPPE VAN STRAF

Straf is 'n sanksie wat die gemeenskap se afkeur en veroordeling ten opsigte van die oortreder se wandaad reflekteer. Dit behels die stigmatisering van die oortreder vir die skade wat die oortreder die gemeenskap berokken het. Voordat strafsanksie aan 'n beskuldigde deur 'n hof opgelê word, is daar sekere eienskappe wat in ag geneem moet word. Du Toit (1981: xxi-xxii), beklemtoon hierdie eienskappe van straf soos volg:

- ▶ Straf mag alleen op skuldigbevinding aan 'n misdryf volg, nadat die strafverhoor plaasgevind het wat aan al die vereistes van die formele en materiële strafreg voldoen is.
- ▶ Straf is 'n nadelige sanksie wat die oortreder in 'n minder voordelige posisie plaas as voor die pleging van die misdryf.
- ▶ Straf kan alleen deur die regsprekende gesag van die staat en deur 'n bevoegde regterlike beampte opgelê word.
- ▶ Straf word altyd opgelê volgens die nodige regsbasis, wat beteken dat die strafjurisdiksie van die betrokke hof en die regte straf vir die betrokke misdaad.

- ▶ Straf word opgelê sonder dat die oortreder enige sê daarvoor het. Die strafkeuse en straftoemettingsfunksie berus by die uitvoerende gesag.
- ▶ Die legaliteitsbeginsel is 'n ander belangrike aspek wat by straf geld, aangesien daar geen sprake van straf is sonder 'n skuldigbevinding aan 'n misdad wat deur die regsorde verbied word nie. Die legaliteitsbeginsel verseker dus dat die owerheid se optrede by straf ondergeskik aan die reg is en aan die bestaande regsorde voldoen. Die individu word sodoende ook beskerm deur die vereiste dat 'n beskuldigde se optrede regtens strafbaar moet wees voordat enige strafsanksie deur die owerheid toegepas kan word. Snyman (1992:34) wys ook daarop dat misdade nie vaag omskryf moet wees nie en dat die hof die omskrywing liever eng as wyd vertolk.

Daar is verder sekere basiese vereistes en beginsels van legaliteit van straf wat deur Du Toit (1981:xxiv-xxvii) aangedui word waarvan kennis geneem moet word naamlik:

- ▶ Die strafreg moet toepaslik op die publiek wees.
- ▶ Strafregrsreëls moet ondubbelsinnig en so eenvoudig moontlik gestel word sodat dit vir die publiek duidelik en verstaanbaar is.
- ▶ 'n Oortreder mag slegs eenmalig vir 'n misdad gestraf word.
- ▶ Die strafjurisdiksie van howe moet die neergelegde straf insluit en die diskresie van howe moet verskans wees.

Met verwysing na strafjurisdiksie, is dit die navorser se mening dat in belang van strafindividualisasie, die Wetgewer nie die minimum vonnis wetgewing voorskryf soos ingevolge die Strafproses Wysigings wetgewing (artikel 105 van 1997) nie (sien ook 3.4.2.4).

Flew & Packer (Acton 1973) in Neser (1993:20), vestig die aandag op die volgende bykomende kenmerkende eienskappe van straf wat in berekening gebring kan word. Vir doeleindes van die penologie word aanvaar dat straf in wese uit die volgende prinsipiële elemente bestaan :

- ▶ Straf moet onaangename gevolge vir die oortreder inhou.

- ▶ Dit moet weens handeling of versuim om te handel, wat regtens verbied is, opgelê word.
- ▶ Dit moet op die oortreder self van toepassing wees.
- ▶ Dit moet die optrede van ander mense wees, omdat die oortreder homself nie regtens kan straf nie.
- ▶ Dit moet opgelê word deur 'n gesag, gesetel in die strafregstelsel, byvoorbeeld, howe.
- ▶ Gesag moet verleen word deur die instansie wat deur die misdaad benadeel is, naamlik, die staat.

Flew se omskrywing van straf verwys na woorde soos 'euwel' en 'onplesierig' om die onaangenaamheid van straf te omskryf. Hy voer aan dat deur die woord 'pyn' te vermy, hy ook enige suggestie van liggaamstraf of fisieke marteling vermy. Hoewel dit uit die geskiedenis blyk dat pyn aanvanklik die wese van straf was, is dat vandag nie meer noodwendig 'n element van straf nie. Meeste hedendaagse strawwe is nie meer toevoeging van fisiese leed nie, maar eerder die wegneming van iets goeds of aangenaam.

Gevangenisstraf asook boetes kom daarop neer dat die individu sy vryheid en besittings verloor. Rabie & Strauss (1994:7), beklemtoon ook dat straf eerstens (a) "*intentional infliction of suffering upon an offender and (b) expression of the community's condemnation and disapproval of the offender and his conduct*". Von Hirsch in Rabie & Strauss (1994:7) se verwysing na straf verwys ook na die 'pyn' en onaangename aspekte soos deur Flew beskryf word naamlik: "*Punishing someone consists of doing something painful or unpleasant to him, because he has purportedly committed a wrong, under circumstances and in a manner that conveys disapprobation of the offender for his wrong*".

Vervolgens word aandag gevestig op die vyfde element van straf, naamlik die verantwoordelikheid van die oortreder.

5.5 STRAF EN DIE VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE OORTREDER

Straf vir 'n oortreding is 'n dwangmaatreël van 'n bepaalde waardesisteem wat deur die samelewing aanvaar word. Dit is belangrik dat die oortreder verantwoordelik gehou word vir sy/haar optrede. Om regtens verantwoordelik gehou te word vir sy/haar optrede, is een van die vereistes dat die oortreder uit vrye wil gehandel het. Die vraag ontstaan of die misdadiger vir sy/haar gedrag verantwoordelik gehou kan word, of hy in staat is om sy eie gedrag te bepaal, en of hy anders kon gehandel het as wat hy wel onder bepaalde omstandighede opgetree het? Volgens die indeterministiese siening bepaal die oortreder self sy gedrag terwyl die deterministe die stelling verwerp deur aan te voer dat die oortreder deur sy genetiese samestelling en omgewingsfaktore beïnvloed word.

Die hedendaagse beskouinge omtrent die oortreder strek van die een uiterste op die kontinuum waar 'n byna onbegrensde en naïewe geloof en vertroue in straf gestel word, na die ander uiterste van totale verwerping van straf as barbaars, onmenslik en wreed en is eerder ten gunste van behandeling. Hierdie gepolariseerde indeterministiese en deterministiese siening word in oënskyn soos deur Neser (1993:21-22) vervat is.

5.5.1 Die indeterministiese siening

Die indeterministiese siening van die verantwoordelikheid vir menslike gedrag berus op die rasionalistiese gedrag. Hiervolgens stel die wesenlike van die mens in sy verstand of rede en word aanvaar dat die menslike verstand die mens in staat stel om verskynsels wat waargeneem word, te verstaan en beheer daarvoor uit te oefen. Hierdie verstand of rede van die mens vorm die basis vir die verklaring van alle menslike gedrag. Dit is op grond van hierdie vrye keuse tussen alternatiewe gedragsopties wat die mens kan onderskei tussen reg en verkeerd en kan die individu sodoende 'n oordeel fêl oor die verskillende gedragsopties. Die menslike verstand stel die mens dus in staat om verskynsels wat waargeneem word te analiseer,

verstaan en daarvoor beheer uit te oefen. Die indeterministiese siening huldig die mening dat die individu oor voldoende verstand en vermoë beskik om tussen reg en verkeerd te onderskei en om voortdurend sy gedrag volgens insig te rig en beheer. Die standpunt word egter gehuldig dat alle mense nie dieselfde vermoëns besit nie en daar graadverskille in vryheid is. Die graadverskille in vryheid behels die;

- ouderdom van die oortreder : byvoorbeeld 'n jong kind wat jonger as sewejaar is, word as volkome ontoerekeningsvatbaar beskou,
- verstandelike vermoë of 'n geestesongesteldheid of -gebrek : byvoorbeeld waar die persoon nie behoorlik tussen reg en verkeerd kan onderskei nie beskik hy nie oor die vermoë om sy handelinge dienooreenkomstig sy insig te rig nie,
- beïnvloeding van alkohol en verdowingsmiddels : in hierdie geval moet eers vasgestel word of die persoon tussen reg en verkeerd onderskei en of hy die vermoë gehad het om sy handeling volgens sy insig te rig.

Toegepas op misdadige gedrag, probeer daar vasgestel word of die oortreder hom dus weerhou het van die pleeg van misdaad. Die logiese uitvloeisel hiervan is dat die oortreder vooraf besef het watter gevolge sy voorgenome handeling sou inhou en dat sy optrede strydig is met gemeenskapsvoorskrifte.

5.5.2 Die deterministiese siening

Die deterministiese beskouing van menslike gedrag en verantwoordelikheid glo dat elke menslike handeling 'n reeks voorafgaande gebeurtenisse of oorsake het. Daar moet gevolglik altyd iets aanwesigs wees om iets anders tot stand te bring. Determinisme is van mening dat die mens nie self kan bepaal hoe hy handel en optree nie, maar dat daardie onvermydelike oorsake sy gedrag sal bepaal. Hoewel aanvaar word dat die mens 'n wil het, word

aangevoer dat die wil nie vry van die ervaring bestaan nie en deur voorafgaande gebeurtenisse of omstandighede beïnvloed of bepaal word. Die opvatting is dat die menslike handeling 'n produk van die wisselwerking tussen die individu en sy omstandighede en dat die persoon die produk is van die wisselwerking tussen sy genetiese konstitusie en sy aanvanklike omstandighede. Die deterministiese siening van verantwoordelikheid vir misdadige gedrag en die gedrag van die mens in die algemeen is op die volgende benaderings gegrond:

- ▶ **Die biologies-deterministiese benadering:** Hiervolgens word mense as biologiese wesens gesien. Om hierdie rede word hulle gelyk gestel aan, en as deel beskou van die biologiese wêreld en biologiese verskynsels. Hier word dus afgelei dat dit wat mense is, wat hulle sal wees en hoe hulle sal handel, deur hul biologiese samestelling bepaal word. Die mens het geen beheer hieroor nie aangesien dit geneties bepaal word en word die rede en wil sodoende in hul biologiese toerusting vasgelê.
- ▶ **Die kultureel-deterministiese benadering:** Hoewel die benadering die biologiese aard van mense erken, word die klem op hul kulturele aard geplaas. Dit kom daarop neer dat mense se aard, gedrag en handeling deur die sosiale omgewing bepaal word waarin hulle funksioneer.

Daar is drie standpunte rondom die begrip verantwoordelikheid vir misdadige gedrag waartussen die deterministe onderskei naamlik:

- ▶ **Die algehele verwerping van verantwoordelikheid:** Verantwoordelikheid word verwerp omrede vryheid verwerp word.
- ▶ **Sosiale aanspreeklikheid:** Die misdadiger se gedrag strek tot nadeel van die samelewing en is dus 'n bedreiging vir die welsyn en goeie orde van die gemeenskap.
- ▶ **Verantwoordelikheid op grond van die kousaliteitsbeginsel:** Volgens die kousaliteitsbeginsel het alle gedrag onvermydelike gevolge wat nie deur die mens verhoed kan word nie. Die aard van die gevolge is nie van belang nie omdat dit onvermydelik intree. Die aard van gevolge aangenaam en voordelig of onaangenaam en onvoordelig wees.

Die determinisme is gevolglik van mening dat die oortreder net soos ander wat gedragsafwykings openbaar, byvoorbeeld die dwelmverslaafde, 'n siek persoon is. In ooreenstemming van fisiese siektes word dan gestel dat diegene eerder behandeling benodig en nie straf nie.

5.6 STRAFOOGMERKE


Teen die agtergrond van bogenoemde beskouinge word vrae gestel of straf regverdigbaar is, en wat die motiewe of oogmerke daarvan behoort te wees met verwysing na die outoriteite wat straf oplê en ten uitvoer bring. Vir doeleindes van die bespreking word die begrippe motiewe en oogmerke as sinoniem aanvaar. Hiervolgens verwys motiewe na die motief by strafoplegging en strafoogmerke na die oogmerk van straf tydens die uitvoering daarvan.

Daar bestaan 'n verskeidenheid strafteorieë waarvan elkeen ondersteunende argumente besit. Die strafteorie is om die volgende twee redes belangrik vir die strafregstelsel. Die teorieë probeer eerstens 'n regverdige verklaring vir straf vind en tweedens om meer lig te werp op die doel van straf.

Die indeling hiervan kan eerstens volgens die absolute teorie, die relatiewe teorie en die verenigingsteorie gemaak word. Die relatiewe teorieë kan weer ingedeel word volgens die voorkomingsteorie, die afskrikkingsteorie wat onderverdeel word in individuele en algemene afskrikking en die hervormingsteorie. Daar word 'n onderskeid gemaak tussen die absolute teorie omtrent straf, en die relatiewe strafteorieë. Daar is net een absolute teorie naamlik die vergeldingsteorie terwyl daar meerdere relatiewe teorieë is. Volgens die absolute teorie is straf 'n doel op sigself, terwyl straf volgens die relatiewe teorieë slegs 'n middel tot 'n verdere doel is. Wat die verdere doel is, verskil van relatiewe teorie tot relatiewe teorie : die voorkomingsteorie sien dit in die voorkoming van misdaad; die afskrikkingsteorie in die afskrikking van die individu of die gemeenskap van misdaadpleging, en die hervormingsteorie

in die hervorming van die misdadiger. Volgens die relatiewe teorie is straf slegs 'n middel tot 'n verdere doel. Die relatiewe teorie is dus vooruitskouend van aard en die klem val op die toekomstige doel soos die voorkoming of hervorming wat 'n mens deur middel van die straf wil bereik (*Snyman* 1992:19-20). (sien ook 4.9).

Tabel 5.1: Strafteorie diagram



Volgens verskeie bronne wat die verslag van die Viljoenkommissie (Kommissie van Ondersoek na die Strafstelsel van die Republiek van Suid-Afrika) (1975: 53-56) insluit, lê die wese van die strafrasionaal in die volgende oorweginge:

- ▶ Vergelding
- ▶ Afskrikking
- ▶ Rehabilitasie
- ▶ Voorkoming

Die indeling van hierdie strafoogmerke is aanvaarbaar indien die volgende beginsels in gedagte gehou word volgens Neser (1980:75);

- Vergelding gaan dus om straf ter wille van straf.

- Beide afskrikking en rehabilitasie is gerig op 'n bepaalde doel naamlik om misdaad te voorkom en die gemeenskap sodoende te beskerm.
- Daar bestaan 'n wesenlike onderskeid tussen die begrippe wraak en vergelding.
- Beskerming van die gemeenskap is 'n oorkoepelende strafoogmerk wat aan die doelloogmerke (rehabilitasie en afskrikking) gekoppel is.

Die onderskeie strafoogmerke word vervolgens meer volledig bespreek soos van toepassing is op die strafregspiegingsstelsel:

5.6.1 Vergelding

Vergelding beteken in wese die daad van weerwraak of terugbetaling vir gedane kwaad. In die strafregspieging beteken dit die daad van volbrenging aan die veroordeelde, by wyse van 'n vonnis, van verlies of leed as straf.

Vergelding word aanvaar as verdiende leed en behels dat die oortreder ly vir die skade wat deur sy misdaad aan die gemeenskap berokken is.

Die leed staan in verhouding tot die leed wat deur die daad veroorsaak is. Dit gaan dus om straf ter wille van straf. Die vergeldingsteorie kom daarop neer dat straf 'n geregverdigde reaksie is vir die pleging van misdaad. Straf word dus geregverdig vir die oortreding. Aangesien slegs verdiende straf geregverdig word, is die mees onderskeibare eienskap van vergelding in vergelyking met utilitarisme, dat straf in verhouding tot die hewigheid van die oortreding geskied (*Terblanche* 1999:199).

In die geval met 'n strafbeleid waar vergelding verhef word tot enigste oogmerk, loop die bestraffer gevaar om skuldig te maak aan 'n eensydige verabsoluttering van straf. Een siening van vergelding berus op die aanvaarding van die kousaliteitsbeginsel, naamlik dat alle daede gevolge het, maar die siening impliseer nie dat die beginsel van vergelding voorskryf hoedanig hierdie gevolge moet wees nie. Vir sover dit die toepassing van vergelding of die inlywing daarvan by 'n vonnis aangaan, is die Viljoenkommissie van Onderzoek na die Strafstelsel van Suid-Afrika oortuig dat dit grotendeels vir die meeste regsprekende beamptes 'n kwessie van eerder 'n

instink is soos die geval is "met 'n vader wat sy seun opvoed" (Viljoenkommissie 1975:53). Vergelding is steeds die onderliggende beginsel van straf in Suid-Afrika.

5.6.2 Afskrikking

Dit is die beskouing dat mense deur die bestaan en werking van straf weerhou sal word van misdaad. Volgens die absolute afskrikkingsteorie is dit die uitwerking van straf wat daartoe lei dat mense geheel en al daarvan weerhou word om misdaad te pleeg as gevolg van die waargenome dreiging wat straf inhou (Conklin 1995:555). Afskrikking is dus 'n logiese uitvloeisel van die beginsel van vergelding en dra ook daartoe by om die beginsel van vergelding by straf meer sinvol te maak. Indien afskrikking as enigste oogmerk van straf gestel word, blyk dit in huidige omstandighede onaanvaarbaar te wees aangesien dit mense uit vrees en nie uit eie beweging nie weerhou van die pleeg van misdaad. Dit skep dus 'n vreesmoraliteit wat 'n negatiewe motief van straf is. Afskrikking kan 'n belangrike hulpmiddel wees in die rehabilitasieproses en word afskrikking sodoende nie uitgesluit nie.

Daar bestaan twee vorme van afskrikking naamlik algemene en individuele afskrikking;

- Die Algemene Afskrikkingsteorie word beskryf as "*A goal of criminal sentencing that seeks to prevent others from committing crimes similar to the one for which a particular offender is being sentenced by making an example of the person sentenced*" (Schmallegger 2005:G-9). Die grondstelling hier is dat die individuele oortreder op so 'n wyse gestraf moet word dat dit as voorbeeld kan dien en die potensiële misdadiger van misdaadpleging kan weerhou.

- Terblanche (1999:185) beskryf weer die individuele afskrikkingsteorie wat gebaseer is op die uitgangspunt dat die oortreder afgeskrik word om hom daarvan te weerhou om verdere oortredings te begaan aangesien hy/sy van die onaangename ondervinding van sy straf geleer het of aangesien hy vreesbevange is van wat mag gebeur indien hy weer sou oortree.

Die afskrikkingseffek van straf word al hoe meer bevraagteken. Navorsing het reeds geruime tyd die afskrikkingseffek van vonnisse probeer vasstel en spesifiek die afskrikkingseffek van meer fel strawwe maar nie in die doel geslaag nie. Walker & Padfield in Terblanche (2008:16), som die volgende omtrent hierdie navorsing op: *“Research in the last two decades or so has shown that this sort of discouragement affects fewer people, or lasts for less time, than used to be assumed; but it has not justified the statement of some critics that ‘deterrents never work’ “ en “...[n]aive claims that deterrent policies are effective – or totally ineffective – have been replaced by the less exciting realisation that some people can be deterred in some situations from some types of conduct by some degree of likelihood that they will be penalised in some ways; but that we do not yet know enough to enable us to be very specific about the people, the situations, the conduct, or the likelihood or nature of the penalties”*. Dit is om dieselfde rede wat die Konstitusionele Hof van Suid-Afrika nie in staat was om met die *S v Makwanyane* 1995 (2) SACR 1 (CC) saak, bewyse kon lewer dat die doodsvonnis ’n groter afskrikkingseffek het as langtermyn gevangenisstraf nie. Navorsers is van mening dat afskrikkingseffek van veral gevangenisstraf ook nie ’n groot rol speel om die oortreder daarvan te weerhou om verder te oortree nie. Die hoë residivisme syfer wat wissel tussen 55% en 95% soos reeds in hoofstuk 3 (3.3.3.7) aangedui is, staaf hierdie opvatting. Dit is verder belangrik om kennis te neem dat al hoe meer navorsing daarop dui dat gevangenisstraf oortreders nie meer effektief as gemeenskapstrawwe afskrik nie (Roberts 2004:1).

5.6.3 Voorkoming

Die voorkomings strafoogmerk is daarop gemik om die gemeenskap te beskerm. Hierdie strafoogmerk is ’n negatiewe element van sosiale beheer omrede die mens hom by die samelewing se gedragsvoorskrifte hou en die gemeenskap tydelik beskerm word, bloot vanweë die feit dat hy daartoe gedwing is. Dit is van veel groter belang dat die oortreder self daartoe sal beweeg om uit eie oortuiging die gedragsvoorskrifte te gehoorsaam en

daardeur sal die gemeenskap dus op 'n meer permanente grondslag beskerming geniet.

“The use of imprisonment or other means to reduce the likelihood that an offender will commit future offenses” (Schmalleger 2005:G-9).

Gevangenisskap is dus na aanleiding van Schmalleger se mening, dikwels die vonnis as die doelwit is om die oortreder uit die gemeenskap te hou en sodoende te voorkom dat hy/sy weer die wet oortree. Die voorkomingsteorie postuleer dat die doel van straf volgens hierdie teorie die voorkoming van misdaad is. Die idee met die voorkomings teorie is dat die gemeenskap beskerm moet word. Daar moet egter gewaak word teen die oorbeklemtoning van beskerming as strafoogmerk. Dit kan daartoe bydra dat die gemeenskap beskerm word ten koste van die oortreder en dan word uit die oog verloor dat beskerming van die gemeenskap ook beskerming van die oortreder insluit. Dwang om die gemeenskap deur straf te beskerm is 'n negatiewe element van sosiale beheer want dit impliseer dat die mens hom by gedragsvoorskrifte hou omdat hy gedwing word daartoe. Hierdie teorie kan sowel die afskrikings- as hervormingsteorie oorvleuel, omdat afskrikking en hervorming ook gesien kan word as maar slegs metodes waardeur misdaad voorkom word.

Die toepassing van die voorkomingsteorie behoort getemper te word deur die meer eweredige werking van die vergeldingsteorie. Voordat die voorkomings-teorie toegepas word, behoort dit ook vas te staan dat daar 'n wesentliche moontlikheid is dat die dader weer sal oortree. Indien die enigste van straf die voorkoming van residivisme was, sou hierdie teorie altyd toegepas moes word. Dit is egter baie moeilik om vooraf te weet of die beskuldige weer sal oortree (Snyman 1992:22). Regter Cohn het per geleentheid die volgende opmerking gemaak omtrent die beskerming van die gemeenskap: *“I submit that the only crime situation in which no alternative sanction is available or effective, and imprisonment therefore legitimate, is where the public must by all means be protected from probably recurring acts of violence. Where the convicted prisoner is potentially dangerous, it does not matter whether he is in need of treatment (say for pathological impulses) or what his motives are : the society's right to be protected from him has priority over any of his human*

rights. It follows that the main purpose, and to my mind the only justification, of imprisonment is the protection of the public, hence it cannot be legitimate or justifiable where the public does not, from an objective point of view, require protection from a particular criminal, however much he deserves to be severely punished' (Frimpong 1992:236-237).

Inkapasitasie is relevant en behoort beperk te word tot diegene wat 'n daadwerklike gevaar vir die gemeenskap inhou soos byvoorbeeld gewelddadigers of gewoontemisdadigers. Die hoofdoelstelling met inkapasitasie moet gevolglik wees om die gemeenskap te beskerm.

5.6.4 Rehabilitasie

Aangesien hoofstuk 4 spesifiek aan rehabilitasie afgestaan word, word hierdie gedeelte van rehabilitasie as strafoogmerk nie in soveel diepte bespreek nie.

Vergelding en afskrikking was onderskeidelik die klassieke en die neoklassieke skool se straffilosofie in die kriminologie. Die klem was op straf wat in verhouding moes staan tot die aard en erns van misdaad. Dit is die positivistiese skool wat die fokus geplaas het op die oortreder as mens en die omstandighede of faktore wat aanleiding gegee het tot die wederregtelike handeling. Hierdie klemverskuiwing van die misdaad na die misdadiger het die weg gebaan vir die ontwikkeling van rehabilitasie as strafoogmerk.

Hier word gestreef om die oortreder se gesindheid en toekomstige gedragspatrone positief te verander. Met die hervormingsteorie (rehabilitasie), is die doel van straf om die oortreder as persoon te hervorm sodat hy weer as 'n normale regsgehoorsame lid van die gemeenskap sy plek kan volstaan. Die klem val hier op die misdaad self en nie uit die skade wat daaruit voortvloei nie, ook nie op die afskrikkende effek wat straf mag hê nie, maar enkel en alleen op die persoon en persoonlikheid van die dader.

Die oorsaak van die misdaadpleging kan volgens hierdie teorie teruggevoer word na die een of ander persoonlikheidsgebrek by die oortreder, of na ander sielkundige faktore soos 'n ongelukkige of gebroke ouerhuis of verkeerde

invloede wat op die dader ingewerk het (Snyman 1995:24). Indien rehabilitasie as enigste strafbepaling beskou word, bestaan die moontlikheid dat die belange van die gemeenskap opgeoffer kan word ten einde die rehabilitasie ideaal te verwenslik. Dit is belangrik om te onthou dat vergelding 'n logiese voorvereiste vir die rehabilitasie van die oortreder is. Met ander woorde, die oortreder moet tot die besef kom dat sy optrede verkeerd was (tot nuwe insig kom) en berou het en 'n begeerte het om te verander. Volgens hierdie siening regverdig rehabilitasie dan ook vergelding as oogmerk van straf. Rehabilitasie staan gevolglik in besondere verhouding ten opsigte van vergelding, afskrikking, voorkoming (beskerming van die gemeenskap) as strafbepaling.

Een van die voorstelle deur die Kommissie van Ondersoek na 'n nuwe vonnisraamwerk vir Suid-Afrika, is dat rehabilitasie nie meer as 'n spesifieke doelwit van die vonnis moet uitmaak nie (Terblanche 2008:5). Die Kommissie stel wel voor dat die hof: ".....*have regard for the opportunity of sentencing the offender to a sentence which might improve the offender's ability to lead a crime-free life in future*". Na aanleiding van die Kommissie se voorgestelde mening omtrent rehabilitasie, is dit dan ook belangrik om kennis te neem van die Witskrif van die Departement van Korrektiewe Dienste (2005: 4.4.1:39) se versoek aan voorsittende beamptes om spesifiek aandag te gee aan die rehabilitering van oortreders: "*Implementation of sentences of the courts : Rehabilitation needs to be understood in the courts, by those sentenced and by correctional officials as the key reason for sentencing*".

Die Kommissie sê tog ter samevatting van sy voorstelle omtrent rehabilitasie dat: "*Stakeholders had little comment on this proposal simply because it was not within their field of expertise or experience*" (Terblanche 2008:19).


Benewens die bostaande strafbepalings, word daar dikwels ook in die houe verwys na die tradisionele drietal of Zinn se trits (*S v Zinn* 1969 (2) SA 537 (A))

5.6.5 Zinn se tradisionele drietal -

met verwysing na : *S v Zinn* 1969 (2) SA 537 (A)

In Suid-Afrikaanse howe word ook dikwels verwys na *Zinn* se tradisionele drietal (ook bekend as trits), asook die strafbepalings soos vergelding, afskrikking, voorkoming en rehabilitasie of in kombinasie soos in *S v Viljoen* 1971 3 SA 483 (A), tydens die vonnisopleggings proses. In *S v Viljoen* 1971 3 SA 483 (A), het die hof gepoog om die vier strafbepalings te kombineer met twee bene van die trits en word as volg aangehaal: “(M)et behoorlike inagneming van die oorgrepe van strafoplegging, nl. Afskrikking, voorkoming, hervorming, vergelding, die tersaaklike misdadomstandighede en die faktore betreffende die persoon van die individu “ (Van der Merwe 1982:263). *Kriegler* (1993:651) asook *Geldenhuis & Joubert* (1996:246) beskou die tradisionele drietal of trits wat tydens vonnisoplegging in ag geneem moet word as volg;

Tabel 5.2 : Zinn se tradisionele drietal



Dit is veral die persoonlike omstandighede van die oortreder wat hier van belang is ten opsigte van die rehabilitasie potensiaal van die oortreder. Bogenoemde drie aspekte (tabel 5.20, was tydens die Appèlhofuitspraak in die saak van *Zinn* 1969 (2) SA 537 (A) uiteengesit. Daar is ook dan diegene

wat heelwat lof na Zinn se kriterium toegeswaai het (Van der Merwe 1982:262), onder andere deur Van der Merwe, Harcourt, Hiemstra en Du Toit. Lund is egter versigtiger oor die meriete van die trits: *“While this may help to clarify the main issues under which other principles are subsumed, it does not of course solve the complex task of weighing, balancing and somehow reconciling the often contradictory principles and goals within the triad,”* terwyl Van Rooyen totaal skepties teenoor die trits staan wanneer hy dit as *“elementary, vague and unsophisticated”* beskryf. Van Rooyen is van mening dat die drie kategorieë in die trits geweldig oorvleuel, maar nogtans leiding aan die vonnisbeampte bied oor hoe hy die wisselwerking onderling moet bewerkstellig (Van der Merwe 1982:262). Navorsers se mening is dat Zinn se drietal steeds ’n waardevolle bydrae tot die Suid-Afrikaanse strafregspiegingsstelsel maak.

5.7 Die rol van strafoogmerke tydens die vonnis

Na die oortreder se skuldigbevinding deur die hof, is daar sekere faktore wat in berekening gebring moet word alvorens die hof beslissing gemaak word. Sekere eienskappe wat pertinent deel van die verhoor uitmaak vorm steeds deel van vonnisoplegging soos die feit dat die beskuldigde geregtig is op regsverteenvoerding en dat die getuieis onder eed afgelê word. Van die eienskappe wat by die vonnisfase teenwoordig is, word deur Kriegler in Terblanche (1999:79) beskryf as: *“Nou is dit die regterlike beampte se sware plig om regverdig oor die lot van die beskuldigde te beskik. Dit is weliswaar nog deel van die verhoor en gevolglik onderworpe aan die algemene voorskrifte dienaangaande. Maar (a) nou is dit nie meer soos ’n kliniese oefening as wat die beslegting van die meriete was nie; (b) nou is daar nie afgebakende geskilpunte en formele kwyting van bewyslaste nie; (c) nou gaan dit nie soseer om feite nie maar om indrukke; (d) nou kan gekyk word na oorwegings wat by die meriete irrelevant was (byvoorbeeld motief); (e) nou word spesifiek na die persoon van die beskuldigde gekyk, na sy karakter en algemene lewenswandel en nie net na sy gewraakte handeling nie; (f) nou is dit in hoofsaak ’n toekomsblik terwyl dit by die meriete gegaan*

het om gedane sake; en (g) les bes, nou moet 'n komplekse waardeoordeel gemaak word waarby die vier oogmerke van straf in samehang met mekaar en aan die hand van die Zinn-trits oorweeg moet word. Dit lê immers in die wese van die vonnisfase dat die inwin van tersaaklike gegewens nie deur die rigiede fase gekniehalter moet wees nie. Bowendien verg vonnisoplegging 'n aktiewer rol van die hof as die wat by die meriete geld“.

Nadat vorige veroordelings bewys was en inligting wat betrekking op die vonnis mag hê aan die hof voorgelê is, volg die finale fase van die voorvonnisoplegging tydens die strafregterlike verrigtinge. Dit is ook die tweede aspek van artikel 274 van die Suid-Afrikaanse Strafproseswet 51 van 1977, wat die aangeklaagde en die aanklaer die geleentheid gun om die hof omtrent die vonnis toe te spreek. Die hof het hier geen diskresie betreffende die aanhoor van die toesprake nie. Weiering deur die voorsittende beampte om die Staat of die beskuldigde in hierdie verband aan te hoor, sal 'n onreëlmatigheid wees wat tot die tersydestelling van die vonnis kan lei. Tydens hierdie toesprake sal die partye die geleentheid hê om na die bewyse en inligting rakende die vonnis te verwys wat deur die hof ontvang is en daarvolgens die waarde daarvan beredeneer. Die toesprake sal ook voorsiening maak vir die insluit van die assessering van die algemene eienskappe van vonnisoplegging en die invloed hiervan op die saak. Die partye mag ook die voorgestelde idee van 'n toepaslike vonnis in die saak aan die hof voorlê volgens hulle beskouings (Terblanche 1999:110). (sien ook 4.11).

Strafoogmerke vorm die hoeksteen van vonnisoplegging en word daagliks in die Suid-Afrikaanse howe aangehaal en toegepas. Dit is belangrik dat die strafoogmerke versigtig opgeweeg word ten einde 'n gebalanseerde vonnis te verseker sonder dat een oogmerk 'n ander strafoogmerk oorskadu nie. 'n Voorbeeld waar die balansering van die strafoogmerke duidelik na vore getree het, was tydens Appèlregter Holmes se beslissing in *S. v. Kumalo* (1973) (3) S.A. 697 (A): *“Punishment must fit the criminal as well as the crime, be fair to society, and be blended with a measure of mercy according to circumstances”*.

In die Appèlhof in die saak tussen *R v Swanepoel* (1945) AD 444 – 454, is strafoogmerke deur die hof aanvaar waarvan rehabilitasie as een van die erkende strafoogmerke aangehaal is in Van der Merwe (1982:261). Die oogmerke tydens die Swanepoel aangeleentheid word soos volg aangehaal: *“The ends of criminal justice and four in number, and, in respect of the purposes to be served by it, punishment may be distinguished as 1. Deterrent, 2. Preventive, 3. Reformative, 4. Retributive. Of these aspects the first is the essential and all important one, the others being merely accessory.”* Hierdie vier strafoogmerke is reeds ’n aantal kere na die Swanepoel saak deur die Appèlafdeling bevestig, byvoorbeeld in *S v Whitehead* 1970 e SA 424 (A) 439 en *S v Mathee* 1971 3 SA 433 (A) 486-487.

Met inagneming van die strafoogmerke tydens vonnisoplegging kom dit duidelik na vore dat daar verskeie addisionele faktore is wat ingedagte gehou word ten einde ’n gepaste vonnis te volstrek. Dit dui daarop dat rehabilitasie as strafoogmerk dikwels moeilik bereik word aangesien heelwat meer faktore en vrae tydens ’n strafsak betrokke is en wat in berekening gebring moet word. Van die vrae wat tydens die vonnisfase opduik is die van Lovegrove (1989:9), wat maak melding van drie verbandhoudende vrae tydens die vonnisopleggings proses naamlik :

- Wat is die toepaslike doelstellings van die vonnis en hoe moet dit in die lig van die huidige feite van die saak opgeweeg word ?
- Hoe kan die vonnis doelwitte bereik word in die omstandighede van die saak ?
- Watter spesifieke vonnis word regverdig volgens die feite van die saak ?

Benewens ander belangrike aspekte wat ook deel uitmaak van die vonnis soos versagtende en verswarende faktore en omstandighede, kan hieruit afgelei word dat vonnisoplegging ’n ingewikkelde taak is, of soos Terblanche (1999:123) dit stel: *“It, therefore comes as no surprise that it is generally accepted that it is very difficult to properly exercise the sentence discretion”*.

Dit is hier waar die kriminoloog of penoloog belangrike insette kan lewer by wyse van die lewering van 'n voorvonnisevalueringsverslag aan die hof soos in hoofstuk 4 aangedui word.

5.7.1 Wisselwerking tussen strafoogmerke

Wanneer die een oogmerk ten koste van 'n ander uitgesluit of beklemtoon word, is daar geen sprake van die ideale gebalanseerde strafbeleid nie. 'n Gebalanseerde strafbeleid waarin die belange van die gemeenskap en die individuele oortreder in gelyke mate in ag geneem word. Dit is eers wanneer hierdie oogmerke beskou en nagestreef word as interafhanklike dele van 'n groter geheel dat hulle sin en betekenis kry.

Met 'n strafbeleid waar vergelding verhef word tot enigste oogmerk, loop die bestraffer die gevaar om hom skuldig te maak aan 'n eensydige verabsoluttering van straf. Een siening van vergelding berus op die aanvaarding van die kousaliteitsbeginsel naamlik dat alle daad gevolge het, maar hierdie siening impliseer nie dat die beginsel van vergelding voorskryf hoedanig hierdie gevolge moet wees nie. Deur die gevolge van die misdaad onaangenaam te maak na die mate dat dit sal afskrik word direk op die beginsel van vergelding gebou.

Afskrikking is dus 'n logiese uitvloeisel van die beginsel van vergelding en dra ook daartoe by om die beginsel van vergelding by straf meer sinvol te maak. Indien afskrikking as enigste oogmerke van straf gestel word, blyk dit in huidige omstandighede onaanvaarbaar te wees aangesien dit mense uit vrees en nie uit eie beweging weerhou van die pleeg van misdaad nie. Dit skep dus 'n vreesmoraliteit – 'n negatiewe motief van straf – wat eers aanvaarbaar word wanneer daar na iets positiefs gestreef word soos die beskerming van die gemeenskap en die rehabilitasie van die oortreder. Afskrikking sluit dus nie rehabilitasie uit nie, maar kan 'n belangrike hulpmiddel wees in die rehabilitasieproses. Hierdie verbandhoudende vrae met inagneming die strafoogmerke is van belang tydens die vonnisoplegtingsproses.

Daar moet daarteen gewaak word dat die oogmerk om die gemeenskap beskerm word nie oorbeklemtoon word ten koste van die oortreder nie. Die oortreder bly steeds 'n mens en moet weer een of ander tyd terugkeer na die gemeenskap toe.

Sou rehabilitasie weer as enigste strafoogmerk beskou word, bestaan die moontlikheid weer dat die belange van die gemeenskap opgeoffer word ten einde die rehabilitasie ideaal te bereik. Die hoofdoel waarna gestrewe word, is dat die regte balans gehandhaaf word. Daar is ook internasionale steun vir die begrip van proporsionaliteit. Die aanbeveling hieromtrent deur die *Council of Europe on Consistency in Sentencing* spesifiseer dat: "*Whatever rationales for sentencing are declared, disproportionately between the seriousness of the offence and the sentence should be avoided*" (Van Zyl Smit 1999:7). Dit is om hierdie rede wat die aandag ook op die vonnisdiskresie sowel as subjektiwiteit van die voorsittende beampte tydens die vonnisopleggingsfase gevestig word.

5.8 SUID-AFRIKAANSE VONNISOORSIG

Nadat die oortreder deur die hof skuldig bevind is aan 'n misdryf, tree vonnisoplegging gedurende die verhoorfase na vore. Die bepaling van 'n gepaste vonnis is een van die moeilikste take wat die voorsittende beampte moet verrig. Klopper (1987:15) voeg meer hieroor by: "*Nadat die betoë oor straf afgehandel is, moet die hof tot die moeilike stadium oorgaan om die beskuldigde gepas te straf*". Kriegler (1993:650) maak weer die opmerking: "*dat dit die een onderwerp is waarvan regsgeleerdes die minste geleer word*". Dit is juis een van die doelstellings van die *South African Law Reform Commission* se ondersoek na 'n nuwe vonnis raamwerk om strafopleggers van vonnis riglyne te voorsien wat vir hulle van hulp sal wees tydens die vonnisopleggingsproses. Baie vonnisopleggers is egter nie daarvan oortuig van die behoefte aan vonnisriglyne nie. Daar is wel 'n groeiende persentasie voorsittende beamptes wat vonnis riglyne as nuttig beskou. Ondervinding in

die toepassing van die minimum vonniswetgewing, het sommige vonnisopleggers die waarde van vonnisriglyne laat beseef as vertrekpunt tydens die vonnisopleggingsproses. Baie voorsittende beamptes wat teen die inwerkingstelling van die minimumvonnismwetgewing (Strafproses Wysigings wetsontwerp 105 van 1997) was, was gekant teen die beperking van hulle diskresie. Navorsing ten opsigte van herstellende geregtigheid, het weer getoon dat daar universele steun vir slagoffers was alhoewel dit dikwels nie 'n dominante faktor in die vonnisproses is nie. Daar kan geredeneer word dat diegene wat te vinde van vonnis riglyne is, hoofsaaklik vonnis beamptes is wat nie baie lank in die regbank is nie.

Heelwat regslui en veral voorsittende beamptes vind die hele idee van vonnisriglyne wat sy oorsprong in die wet het as onaanvaarbaar. Terblanche (2008:34) is van mening dat hy nie bewus is van enige internasionale voorbeeld van wetlike vonnisopleggings voorskrifte wat as suksesvol beskou kan word nie.

Die Suid-Afrikaanse Departement van Justisie het die laaste aantal jare heelwat veranderings op die vonnisopleggingsterrein teweeggebring. In 1996 het die Minister van Justisie 'n projek komitee aangestel met Regter Leonora Van den Heever as voorsitter om alle aspekte rondom vonnisoplegging te ondersoek. Hierdie komitee het 'n dokument geskep wat hoofsaaklik gehandel het oor verpligte minimum vonnisse (Strafproses Wysigings wetsontwerp 105 van 1997). Die Suid-Afrikaanse regering se aanduiding op daardie stadium was dat hulle die minimum vonnisse as tydelike maatstaf in werking wou laat tree. Die behoefte hieraan het ontstaan as gevolg van die persepsie dat strafsake nie dieselfde hanteer word nie; dat vonnisopleggers nie genoeg gewig aan sommige ernstige misdade toeken nie; dat verbeeldingryke Suid-Afrikaanse herstellende geregtigheid alternatiewe nie aan oortreders toegeken word vir oortreders wat gevangenis toe gestuur word vir minder ernstige oortredings nie; dat daar nie voldoende aandag geskenk word aan die misdaadslagoffer nie; en laastens, omrede gevangenis nie die oorbevolkingsituasie kan hanteer nie en daarom reeds gevonnistes te vroeg vrylaat (Mokgoro 2000: xix).

Hierna is 'n ander groep as projek komitee deur die Suid-Afrikaanse Departement van Korrektiewe Dienste aangestel met belangstelling in vonnisoplegging om die werk van die eerste komitee voort te sit. Hierdie tweede komitee met Professor Dirk Van Zyl Smit van Universiteit Kaapstad as voorsitter, is aangesê om toe te sien na die navorsing en 'n verskeidenheid verslae saam te stel waarvan 'n besprekings dokument in Mei 2000 gepubliseer is. Die dokument was landswyd versprei en het met werkswinkels gepaard gegaan. Heelwat terugvoering is ontvang van verskeie internasionale sowel as plaaslike vonnis kundiges. Van die kundiges wat by die Kommissie se ondersoek betrokke is, is bestaande uit sleutel rolspelers soos regters, staatsaanklaers, akademici, privaat regspraktisyne, staatsdepartemente en internasionale regskundiges wat belang het in die vonnisoplegging.

In Desember 2000 het die Suid-Afrikaanse Regskommissie sy bevindings gepubliseer in die verslag getiteld, *Sentencing: A new sentencing framework*. Die Suid-Afrikaanse Departement van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling het sommige van die voorstelle wat vanuit die ondersoek na vore getree het, as onaanvaarbaar beskou. Dit word om hierdie rede nie in die wet vervat alvorens al hierdie die kwelpunte aangespreek en gefinaliseer is nie. Die verslag dien nietemin as alternatief vir die bestaande vonnisstelsel.

Vervolgens word van die Kommissie se verrykendste aanbevelings aangedui soos deur Terblanche (2008:5) vervat is:

1. Die basiese vonnis beginsels moet in wetgewing vervat word.
2. Faktore soos afskrikking en rehabilitasie behoort nie meer as spesifieke doelstellings van die vonnis uitmaak nie.
3. Vonnis riglyne moet as beginselvaste basis vir vonnisoplegging dien.
4. Vonnis riglyne moet deur die *Sentencing Council* saamgestel word.
5. Die *Sentencing Council* moet deur 'n verskeidenheid regslui verteenwoordig word.
6. Verskeie ander take word vir die *Sentencing Council* voorgestel.
7. Bestaande vonnisopsies moet hersien word wat die toevoeging van vergoeding as onafhanklike vonnisopsie insluit.

8. Periodieke gevangenisstraf, die verklaring tot gewoonte misdadiger en die uitstel van die vonnis behoort uitgeskakel te word as opsies.
9. Slagoffers behoort 'n groter rol te speel deur die bydrae van die slafofferimpakverklaring.

Met betrekking tot nie-gevangenis gebaseerde vonnisse, voer Muntingh (2005:104) hieroor aan dat: "*There does not appear to be an overall and comprehensive approach to sentencing that is in accordance with national policy or guidelines. It is therefore not possible to place non-custodial sentences – such as correctional supervision – within this framework and evaluate it against its intended outcomes. As far as could be established, the South African Law Reform Commission has not completed its work on a sentencing framework for South Africa*". Navorsers is ook bekommerd oor die voorstel dat 'n faktor soos rehabilitasie nie meer as spesifieke doelstelling van die vonnis behoort uitmaak nie. Die moontlikheid van strafindividualisasie word hierdeur verminder. Daar mag ook minder sprake van 'n gebalanseerde vonnisoplegging wees. (sien ook 4.9.1)

5.8.1 MENINGSVERSKILLE IN VONNISOPLEGGING

Vonnisoplegging is inherent 'n hoogs omstrede onderwerp wat verskillende menings vir enige aspek van vonnisoplegging ontlok deur bykans enige persoon in die gemeenskap. Jare gelede reeds was daar probleme ervaar met die siening van vonnisoplegging waarvan die Van den Heever Komitee die mees prominente kritiek gelewer het wat teen ons vonnisoplegging gemik is (Neser 2001:84). Vervolgens word van die volgende aannames aangehaal:

- Een van die hoofredes wat tot inkonsekwente en tekort aan eenvormigheid in die Suid-Afrikaanse vonnisse lei, is die wye diskresie wat die vonnisopleggingsgesag besit.

- Die regsraam wat vonnis diskresie reguleer, bied wye vryheid en bevorder nie konsekwente en eenvormige strawwe in ons howe nie.
- Die riglyne wat deur die howe ontwikkel was om vonnis diskresie te beperk, is oneffektief.
- Daar is 'n dringende behoefte aan 'n intensiewe stel riglyne wat as basiese riglyn vir vonnisoplegging kan dien.
- Die tekort aan 'n sistematiese vonnis benadering, 'n gestruktureerde vonnis beleid en vonnis riglyne.
- Poginge deur die wetgewer om vonnis diskresie te beheer deur die instelling van die verpligte minimum vonnis wetgewing, het wye kritiek ontlok.
- Meeste voorsittende beamptes benader die vonnisopleggings proses in 'n intuitiewe en onwetenskaplike wyse.
- Vonnisse slaag nie in die doel om die gemeenskap van ernstige misdade te beskerm nie.

Dit is as gevolg van hierdie kwessies waarna opnuut aandag aan 'n nuwe vonnisraamwerk gegee word. 'n Ander interessante verskynsel wat van tyd tot tyd opduik is dat sommige rassegroepe van mening is dat beide tradisionele en gemeenskapshowe voorheen in brutale omstandighede gefunksioneer het om probleme aan te spreek. Die siening is dat aandag aan 'n meer Afrika-gerigte wyse van vonnisoplegging gegee word om aan die behoeftes van die land se etniese groepe te gee of soos die volgende artikel dit beskryf: *"The lawyers would have to prove that they understood the customs of tribes such as the Pondos or Sothos as well as being familiar with procedures. We want an Appeal Court of our own traditional leaders, which is equal to High Court composed of Judges. The days of*

our customs being 'ridiculed' by people schooled in Roman Dutch Law are over“(Nonkonyane 1994:4).

5.9 VONNISDISKRESIE

Die beoefening van vonnisdiskresie behels die uitoefening van 'n keuse tussen verskillende vonnisopsies en 'n besluit oor die kwantum van die vonnis waarop besluit is. Alhoewel die vonnisoplegger taamlik breë vonnis keuses het om te maak, is die vonnisoplegger se diskresie nie ongebonde diskresie nie omrede die wetgewer die vonnistipe vir 'n spesifieke misdaad voorskryf en die straftoemeter binne die raamwerk 'n gepaste straf kan oplê.

Vonnisdiskresie word beskryf as: *“The authority to make decisions without reference to specific rules or facts, using instead one's own judgement; allows for individualization and informality and informality in the administration of justice”* (Clear & Cole 1990:37). Die vraag kan egter gevra word of die vonnisoplegger wel intuïtief funksioneer aangesien te veel oortreders tot gevangenisstraf gevonniss word wat andersins vir alternatiewe vonnisopsies kwalifiseer. (sien 3.1; 3.2).

Klopper (1987:16) verdedig die straftoemeter se standpunt deur te sê: *“Daar is al beweer dat sommige vonnisbeamptes hulle strafdiskresie volkome intuïtief beoefen en nie as 'n wetenskap nie. Dit is 'n bewering wat, volgens my oordeel, die straftoemeter in ons howe in 'n onnodige slegte lig plaas en wat hy nie verdien nie. Daar is egter nog 'n vraag wat ook in hierdie opmerking vasgevang is, naamlik: kan straftoemeting by ons, en elders in die wêreld, as 'n wetenskap beskryf word? Daar is kundiges wat meen dat straftoemeting nog nie 'n wetenskap is nie”*. Die vonnisoplegger ontwikkel wel 'n spontane begrip van 'n gepaste vonnis namate die feite van die saak tydens die verloop van die hofsaak ontvou. Die intuïtiewe benadering word perfek aangehaal deur Regter Kaufmann van die Verenigde State se appèlhof: *“The experienced judge, like any good craftsman, does the right thing without*

constant awareness of his motivations. He may call it a feeling of sentencing" (Van der Merwe 1996:1-14).

Dit is besonders van belang om gedurig in gedagte te hou dat die verhoorhof oor die diskresie ten aansien van die vonnis beskik. Die verhoorhof geniet by die verhoor 'n diskresie ten aansien van straf wat slegs deur sekere basiese beginsels en die wetgewer beperk word, byvoorbeeld die nuwe wysigings wetgewing met betrekking tot die minimum vonnis wetgewing. Afgesien van hierdie vereiste, bestaan daar geen reëls wat die verhoorhof bind nie. Sonder om verhoorhove te bind, word riglyne ten aansien van straf en straftoemeting neergelê, terwille van bestendige en effektiewe vonnisoplegging. Volgens Du Toit (1981:127) is dit die plig van die Appèlafdeling om vonnisoplegging te bestendig, maar natuurlik deurgaans sonder om verhoorhove te bind in die uitoefening van 'n vrye strafdiskresie.

Dit is om hierdie rede dat geen hof van appèl bereid is om sonder meer in te meng met die vonnis wat die verhoorhof opgelê het nie. So word dit gestel: "...*the infliction of punishment is pre-eminently a matter for the discretion of the trial Court- a discretion which is a judicial discretion...*" (Du Toit 1981:447).

In die praktyk het die volgende beginsels rondom die diskresie van die verhoorhof ten aansien van vonnis en inmenging deur die hof van appèl, ontwikkel:

1. Die verhoorhof beskik in die eerste plek oor die wye en ongebonde diskresie met betrekking tot straftoemeting.
2. Die verhoorhof moet hierdie diskresie, wat 'n judisiële diskresie is, redelik, regterlik, behoorlik, reëlmatig en met gebalanseerde inagneming van alle relevante feite, faktore en omstandighede uitoefen.

Regter Hannes Fagan glo dat die regter se diskresie onontbeerlik is aangesien elke saak verskil en dat dit die regter is wat kennis en ondervinding het en inligting vanuit 'n breër databank kan bekom voordat die

vonnisuitspraak gelewer word. Hy is van mening dat daar sekere maatstawe bestaan om geregtigheid te verseker. Hy beskou die minimum vonnis wetgewing egter as 'n belediging vir nuwe regters en 'n aanduiding dat hulle nie ten volle vertrou word nie. Professor Charl Cilliers wys weer daarop dat Suid-Afrika se regbank se diskresie in lyn is met die Suid-Afrikaanse Grondwet (Twiggs 2004:46).

Tog is daar diegene wat sekere vonnisopsies wat deur ons howe opgelê word bevraagteken. Van Rooyen (1980:229), het reeds in die vroeë tagtiger jare die vraag gevra waarom ons howe mense tot gevangenisstraf vonnis ? Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat: "*The short answer is that we do not know*". Die Viljoen Kommissie van Ondersoek na die Strafstelsel van die Republiek van Suid-Afrika (1974), het die verslag RP 78/1976 in afdeling 1973 die aandag daarop gevestig dat gevangenisstraf nie die gepaste vonnis is indien rehabilitasie die doelwit van die vonnis is nie. Dit word as volg aangehaal, "*It is difficult to conceive of any judicial officer who knows something about penology imposing a prison sentence.... for reformation purposes*" (Van Rooyen 1980:229).

'n Voorbeeld hiervan is 'n 29 jarige oortreder, Noise Siwela van Limpopo wat deur landdros Mhala in die landdroshof skuldig bevind is aan diefstal van skoenpolitoer ter waarde van R12.99 uit die Score supermark in Thulamahashe. Die werklose oortreder wat verantwoordelik is vir sy broer se welsyn is, wou hê dat sy broer se skool skoene mooi netjies moet lyk. Die oortreder wat nie in staat was om 'n boete van R150 te betaal nie, is tot gevangenisstraf gevonniss (Mnisi 2008:6). Navorsers is van mening dat hierdie oortreder meer baat sou gevind het deur 'n afwendings-program by te woon. Na aanleiding van vonnisdiskresie siening, is dit nie so eenvoudig soos dit mag voorkom nie, of soos Terblanche (1999:123) dit stel: "*It, therefore comes as no surprise that it is generally accepted that it is very difficult to properly exercise the sentence discretion*".

'n Ander belangrike aspek wat dikwels tydens vonnisoplegging 'n rol speel, is die van subjektiwiteit, naamlik: "*To exercise a discretion describes a psychological process which commences with the separation or distinguishing*

of subject-matter by the exercise of discernment or judgement, upon which is based a choice from amongst alternative courses of action, which choice is expected to be made in a judicious or sagacious manner". Terblanche (1999:123) se hieromtrent: "It is particularly in the latter aspect, which requires wisdom from the presiding officer, that the values and basic philosophy of the person exercising the discretion will always influence the end result. It is also clear that the wider the discretion, the more the personality and points of view of the presiding judicial officer will come to the fore". Met betrekking tot die stadige tempo waarteen alternatiewe vonnisse opgehef word, kan dit toegeskryf word aan die weerstand wat sommige vonnisopleggers ten opsigte hiervan bied: "Many judges do not see these sanctions as capable of replacing imprisonment". Daar is nogsteeds teensinnigheid aan die kant van die publiek vir die aanvaarding alternatiewe vonnisse: "There is considerable variability in public acceptance of alternatives to imprisonment" (Roberts 2004:36-37).

Hogarth in Van Rooyen (1980:230), het 1971 in 'n navorsings-verslag in Kanada geloods met die titel "*Sentencing as a human process*". Van die bevindings wat uit hierdie verslag voortgespruit het behels die volgende uittreksels omtrent die voorsittende gesag se persoonlikheids-eienskappe wat dikwels na vore tree;

1. *There are wide disparities amongst magistrates regarding sentencing principles*
2. *there are widely divergent views on the relative effectiveness of the available forms of punishment*
3. *there is a clear correlation between magistrate's personal value system and his sentencing practice*
4. *magistrates who formerly were prosecutors tend to have a more punitive approach*
5. *magistrates under a heavy workload frequently make use of rules of thumb in sentencing*

6. *magistrates who comment negatively on the use of pre-sentence reports have an underlying negative attitude towards the rehabilitative ideal.*

Hierdie ses eienskappe toon dat subjektiwiteit wel 'n bydraende rol tydens vonnisoplegging kan speel volgens die navorsing. Die vraag wat ontstaan is, indien dit wel die geval is, tot watter mate word die belange van rehabilitasie of alternatiewe vonnisse hierdeur as strafoogmerk geaffekteer tydens vonnisoplegging ?

In 'n empiriese meningsopname oor herstellende geregtigheid getiteld, "*Magistrate's and prosecutor's sentencing preferences on crime case scenarios*", het 64 Suid Afrikaanse landdroste en aanklaers terugvoering gegee oor hul gekose strawwe wat hulle vir agt verskillende oortredings sou oplê. Daar was uiteenlopende gevallestudies aan hulle voorgelê, waarna hulle 'n gepaste vonnis van eie keuse moes aandui. In die slotsom het die ondersoeker tot die volgende gevolgtrekking gekom : "*South African magistrates and prosecutors appear to be more punitive in their sentencing preferences than their counterparts in other countries. Sentences recommended for most of the cases were quite diverse and at times diametrically oppose*" (Naude, Prinsloo, Ladikos 2003:67,71).

Daar is ook bevind dat die agtergrond van die voorsittende beampte tydens vonnisoplegging 'n rol speel. Voorsittende beamptes wat as voorbeeld voorheen verdedigings posisies beklee het, is in 'n mate meer toegeeflik om versagtende omstandighede te soek as diegene wat 'n aanklaers agtergrond beklee het. Daar is ook bevind dat ongeduldige en selfversekerde landdroste hewiger vonnisse oplê aan persone vir verskeie oortredings (Schonteich, Mistry & Struwig 2000:44-45).

Laastens, ten einde die volstrekking van 'n gebalanseerde, toepaslike en regverdigde vonnis sowel as om penologiese doelwitte te bereik, benodig die voorsittende beampte nie alleenlik wye ondervinding en kennis nie, maar ook integriteit, redelikheid, onpartydigheid en 'n grondige oordeel (Cilliers in Cloete & Stevens 1990:200). Elke saak moet volgens eie meriete beoordeel

word en behoort die voorsittende beampte 'n toepaslike vonnis saamstel wat ook aan die eienskappe van geregtigheid en die reg voldoen. Regter Corbett in *S v. Rabie* 1975(4) SA 855 (A) het die eienskappe as volg opgesom: “A *judicial officer should not approach punishment in a spirit of anger, because, being human, that will make it difficult for him to achieve that delicate balance between the crime, the criminal and the interests of society which his task and the objects of punishment demand of him. Nor should he strive after severity, nor, on the other hand, surrender himself to misplaced pity. While not flinching from firmness, where firmness is called for, he should approach his task with a humane and compassionate understanding of human frailties and the pressures of society which contribute to criminality*”.

5.10 GEVOLGTREKKING

Daar kan vanuit die voorafgaande afgelei word dat vonnisoplegging 'n ingewikkelde taak is en dat daar verskillende aspekte is wat in berekening gebring moet word wat 'n invloed op die uitkoms van die vonnis kan hê. In hoofstuk 5 is 'n omskrywing van die strafbegrip aangehaal waarna aandag aan die oorsprong van straf gegee is. Die eienskappe van straf is weerspieël wat opgevolg is deur die verantwoordelikheid van die oortreder wat die deterministiese en indeterministiese sienings insluit. Die soeklig het hierna op die strafoogmerke geval naamlik vergelding, afskrikking, voorkoming en hervorming asook Zinn se tradisionele drietal. Hierna is die rol van die strafoogmerke tydens straftoemeting beklemtoon. 'n Suid-Afrikaanse vonnisoorlog is weergegee waarna enkele meningsverskille tydens die vonnisproses bloot gelê is. Die rol wat vonnisdiskresie tydens vonnisoplegging speel is verduidelik wat ook die persoonlikheidseienskappe van die straftoemeter beskryf waarna afgesluit word met 'n gevolgtrekking van die studie.

Die feit dat die Suid-Afrikaanse regering dit belangrik ag om 'n Kommissie van Ondersoek aan te stel om 'n nuwe vonnisraamwerk te ondersoek, word verwelkom. Die Kommissie se voorstel dat rehabilitasie nie meer as

spesifieke strafdoelwit tydens vonnisoplegging behoort uitmaak nie, wek egter rede tot kommer. Dit is nie in akkoord met die Departement van Korrektiewe Dienste se rehabilitasieideaal wat die hoeksteen van die Witskrif vorm nie. 'n Ander probleem is die publiek se rolverwagting van die straftoemeter tydens vonnisoplegging. Daar heers steeds 'n sterk vergeldings gevoel in die gemeenskap ten opsigte van die straftoemeter se rol tydens vonnisoplegging teenoor die oortreder: "*Prison may be the norm of punishments in the minds of some citizens, but it is not that to those acquainted with the operation of our criminal justice systems*" (Morris & Tonry 1990:4). Daar is gevolglik heelwat wat nog gedoen moet word om hierdie gemeenskaplike persepsies te verander ten opsigte van alternatiewe vonnisoplegging. Dit verg dus 'n mate van opvoedingsproses om die voordele van alternatiewe vonnisse te kommunikeer.

In hoofstuk 6 word alternatiewe vonnisoplegging breedvoerig bespreek. 'n Begripsomskrywing volg na die inleiding waarna alternatiewe vonnisoplegging binne Suid-Afrikaanse konteks bespreek word. Hierdie gedeelte sluit al die moontlike vonnisopsies in. Vele verwysings na 'n aantal afwendingsprogramme wat beskikbaar is, word aangedui sowel as die drie gemeenskapshoue wat in Kaapstad funksioneer. Die belangrike aspek van korrektiewe toesig word behandel wat gevolg word deur die beskrywing van die Criminal Procedure Act 51 of 1977 met spesifieke verwysing na alternatiewe vonnisse. Saak-verwysings en die belangrikheid hiervan word verduidelik waarna na 'n paar interessante voorbeelde van alternatiewe vonnisse in verskillende lande verwys word. Alternatiewe vonnisse binne 'n Afrika konteks maak deel uit van hoofstuk 5 waarna 'n toekomsblik op alternatiewe vonnisse weergee word. Die hoofstuk sluit af met 'n gevolgtrekking.

HOOFSTUK 6

ALTERNATIEWE VONNISOPLEGGING

6.1 INLEIDING

Sedert 1994 het Suid-Afrika 'n drastiese toename in misdaad begin ervaar met 'n gemiddelde 7% toename oor 'n twaalf jaar periode tot 2005 (Louw 2007:4-5). Dit het aanleiding gegee tot 'n oorbelaaide strafregstelsel. Faktore soos die oorbevolking van gevangenis se het veral bygedra tot die twispunt oor gevangenisstraf. Daar is ook die laaste aantal jare tekens getoon van die stadige wegbeweeg vanaf straf as wraak na straf as rehabilitasie en ander vorme van herstellende geregtigheid vonnisopsies. Daar is gaandeweg tot die besef gekom dat die gevangenis nie die geskikste plek is vir die rehabilitasie van die oortreder nie. Hierdie siening is gegrond op die feit dat die oortreder onder dwang in 'n kunsmatige omgewing geplaas word waar hy/sy feitlik van alle verantwoordelikheid ontnem word. Die oortreder word verder blootgestel aan die negatiewe gevangenis subkultuur en word gevolglik weerhou van die alledaagse normale interpersoonlike en sosiale verhoudings.

Ten spyte van alle nuwe behandelingstegnieke wat aangewend word om die oortreder binne die gevangenisopset te rehabiliteer, is daar geen wonder formule vir die rehabilitasie van die oortreder nie. Dit is as gevolg van hierdie negatiewe implikasies wat gevangenis vir die oortreder inhou, wat die nuwe benadering tot die ontwikkeling van alternatiewe strafvorme begin posvat het. Hierdie strafvorme is om die oortreder in die gemeenskap te hou en het geen fisieke lyding tot gevolg nie. Die witskrif se paradigma verskuiwing van straf sowel as die veilige aanhouding van gevangenes na rehabilitasie het oë opnuut op alternatiewe vonnisse gevestig.

Die groeiende Suid-Afrikaanse gevangenis bevolking is nie 'n nuwe tendens nie. Suid-Afrika ervaar reeds sedert 1965 'n konstante groei in die gevangenis bevolking soos in hoofstuk drie (afdeling 3.1) aangedui is. As gevolg van die toenemende gevangenis bevolking wêreldwyd, sal alternatiewe vonnisopsies toenemend aantrekliker word. Daar is egter baie vrae hieromtrent wat nog beantwoord moet word voordat alternatiewe vonnisse met totale toewyding opgelê word. Joan Petersilia in (Schmallegger 2005:469,471), het na aanleiding van 'n studie oor vonnisoplegging die volgende vrae gestel waarvoor tans geen definitiewe antwoorde bestaan nie:

- Hou alternatiewe vonnisoplegging programme 'n bedreiging vir die publiek in ?
- Hoe moet deelnemers aan programme geselekteer word ?
- Wat is die langtermyn effek van gemeenskaps-vonnisse vir persone wat aan hierdie programme onderworpe is ?
- Is alternatiewe vonnisse koste effektief ?
- Wie behoort vir die uitgawe van alternatiewe vonnisse betaal ?
- Wie behoort streng gemeenskap gebaseerde vonnisse te bestuur ?
- Hoe behoort die uiteindelijke resultaat van die programme beoordeel word ?
- Watter oortreders vind meeste baat by alternatiewe vonnisse ?

Hierdie onbeantwoorde vrae wat deur Petersilia gestel is, dui daarop dat daar nog baie ruimte bestaan vir die verdere uitbou- en verfyning van alternatiewe vonnisse.

Ten spyte van die feit dat daar dikwels publieke protes is ten gunste van swaarder strawwe, is heelwat kundiges op die strafregspleging terrein van mening dat alternatiewe vonnisse die weg behoort te baan vir die toekoms. Professor Vollie Spies van die Suid-Afrikaanse Departement Maatskaplike Werk aan die Universiteit van Pretoria asook dr. Anni Hesselink van die Departement Kriminologie aan die Universiteit van Suid-Afrika, is dit eens dat '*slimmer vonnisse*' in Suid-Afrika nodig is (Karstens 2007:11).

Teen die agtergrond van die voorafgaande hoofstukke, bestaan daar geen twyfel by die navorser nie dat die maksimale oplegging van alternatiewe vonnisse onafwendbaar is. Hierdie persoonlike mening moet nie verwar word met die onrealistiese aandrang op die totale afskaffing van gevangenis nie.

In hierdie hoofstuk word eerstens aandag aan die begrips omskrywing van die term alternatiewe vonnisoplegging gegee. Hierna word alternatiewe vonnisse binne die Suid-Afrikaanse konteks bespreek. Die beskikbare alternatiewe vonnisopsies word na verwys wat ook 'n onderafdeling insluit omtrent die oortreder se mening aangaande gemeenskapsdiens asook die vraag of gemeenskapsdiens as straf beskou kan word. 'n Gemeenskapsdiens projek naamlik die Ophelp- projek word aandag aan gegee om die praktiese waarde van hierdie gemeenskapsprojek te illustreer. Hierna volg waarskuwing en ontslag asook die vergoedingsbevel en opgeskorte vonnisse as alternatiewe vonnisopsies. Afwending wat Nimro se kernprogramme insluit word bespreek asook ander instellings se programme. Die suksesvolle funksionering van drie van Kaapstad se gemeenskapshowe sowel as die kern funksies wat die houe vervul word met mekaar vergelyk. Die belangrikheid van korrektiewe toesig word in oënskoue geneem. Die etiologie van gemeenskapskorreksies word in 'n onderafdeling vervat asook die Georgia model en die model se onderskeie vonnisopsies. Hierna word die klem op gemeenskapskorreksies in Suid-Afrika geplaas waarna alternatiewe vonnisse volgens die *Suid-Afrikaanse Strafproses Wet 51 van 1977* bespreek word. Die belangrikheid na vorige saak verwysings tydens vonnisoplegging word ook aandag aan toegestaan. Dit volg deur 'n paar interessante voorbeelde en soms kontroversiële alternatiewe vonnisse wat in verskillende wêrelddele toegepas is asook die belangrike kwessie van alternatiewe binne 'n Afrika konteks. Laastens word gekyk na 'n toekomsblik van alternatiewe wat afgesluit word met 'n gevolgtrekking van hierdie hoofstuk.

6.2 OMSKRYWING VAN DIE BEGRIP ALTERNATIEWE VONNISSE

Daar is verskillende terme met verwysing na alternatiewe vonnisse wat gebruik word en persone is geneig om dit uitruilbaar te gebruik. Die probleem is dat dit nie presies bymekaar pas nie. Die term alternatiewe vonnisoplegging word uitruilbaar in 'nie-aanhoudingsverband vonnisse' gebruik naamlik vonnisse wat as alternatief vir gevangenis-straf dien sowel as die gebruik van 'in-aanhoudingsverband', maar beide konsepte verwys na dieselfde idee. Vervolgens word meer aandag aan die omskrywings gegee.

► Die Departement van Korrektiewe Dienste gebruik die term “*gemeenskaps-korreksies*” om na alle vorme van gemeenskaps gebaseerde vonnisse in die gemeenskap te verwys. Dit sluit in 'n oortreder wat deur 'n hof gevonnissen is tot korrektiewe toesig, gevangenes wat vanuit 'n gevangenis in Korrektiewe toesig geplaas is en persone wat onder die toesig van 'n Departement van Korrektiewe Dienste amptenaar geplaas word. Hierdie term is breed genoeg om ook vrygelate verhoor-afwagende gevangenes in te sluit wat onder die toesig van 'n Departement van Korrektiewe Dienste amptenaar geplaas is, wat voor die verhoor fase geskied. Die betekenis van die term “*gemeenskapskorreksies*” is dus breër as die term alternatiewe vonnisoplegging en kan gevolglik nie uitruilbaar gebruik word nie. Daar moet in gedagte gehou word dat sommige alternatiewe vonnisse nie in totaal nie-aanhoudingsverband plaasvind nie soos byvoorbeeld Korrektiewe toesig wat gedeeltelike gevangenisstraf insluit. (Skelton 2004:6).

► Die *Verenigde Nasies se Standaard Minimum Reëls vir Nie-Aanhoudings Maatreëls (UN Standard Minimum Rules for Non-Custodial Measures)*, gebruik die term alternatiewe vonnisse om te verwys na al die fasette in nie-aanhoudingsverband wat voorverhoor, verhoor, vonnis en herintegrasiestades insluit.

► Artikel 287 (1) van die *Suid-Afrikaanse Strafproses Wet 51 van 1977*, beskryf 'n alternatiewe vonnis as; “ *Whenever a court convicts a person of any offence punishable by a fine (whether with or without any other direct or alternative punishment), it may, in imposing a fine upon such person, impose, as a punishment alternative to such fine, a sentence of imprisonment of any period within the limits of its jurisdiction: Provided that, subject to the provisions of subsection (3), the period of such alternative sentence of imprisonment shall not, either alone or together with any period of imprisonment prescribed by any law as a punishment (whether direct or alternative) for such offence* “, (Barrow, 1999:135). Die nadeel verbonde aan hierdie omskrywing is dat dit aan 'n boete gekoppel is en dus beperkend is. Ander vorme van alternatiewe vonnisse volgens artikel 297 van die *Suid-Afrikaanse Strafproses Wet 51 van 1977*, behels die voorwaardelike of onvoorwaardelike uitstel of opskorting van die vonnis asook 'n waarskuwing wat gerig word aan die beskuldigde. 'n Voorbeeld van 'n voorwaardelike uitstel of opskorting van 'n vonnis is wanneer die oortreder vir die behandeling na 'n inrigting verwys word, onder korrektiewe toesig geplaas word of gemeenskapsdiens moet verrig.

6.3 PROBLEME MET DIE BEHANDELING VAN OORTREDERS IN DIE STRAFREGSPLEGING-STELSEL

Seker een van die grootste probleme wat ondervind word met die behandeling van die oortreder, is wanneer dit in 'n gevangenisopset geskied. Die invloed van die psigologiese belewenisse van gevangenisskap en die verwerking daarvan wissel van een oortreder tot die volgende. Die straf-belewenis kan van negatiewe en positiewe aard wees en die gevolge hiervan kan 'n beslissende betekenis in die lewe en toekoms van die oortreder hê. Oortreders word binne die gevangenis gestop en kom daar in verdere aanraking met swak elemente. Daar word van oortreders verwag om in 'n omgewing te oorleef wat teen die grein van menswaardigheid gaan en om dan 'skoon' na die samelewing

terugkeer. Vass (1990:44) stel dit as volg: *“It is indeed important to bear in mind that custody is not only the most severe penalty available.... and the one which consumes most resources, but it is also the one most likely to have the most serious side-effects. These include not only harm to the offender’s personal and financial prospects on release but also the particular likelihood of inflicting hardship on the offender’s family as well rather than merely exacting proper retribution from the actual criminal”*. Vergelding strek dan benede die oortreder en begin om ander te affekteer en spesifiek diegene (familie of die samelewing) wat deur die gevolge van misdaad beskerm moet word. Die algemene mening is dat gevangenis sleg is en behoort daarom alleenlik vir die mees ernstige oortreders gereserveer te word wat ‘n gevaar vir die samelewing inhou. Daar is ‘n paar faktore wat die oortreder in aanhouding binne die korrektiewe stelsel beïnvloed naamlik stigmatisering, die gemeenskap se houding teenoor die gevangene, die kunsmatige gevangenisomgewing, die verlies aan inkomste en produktiwiteit, koste implikasies en gevangenis-oorbevolking wat vervolgens in oënskou geneem word.

6.3.1 STIGMATISERING

Daar kleef onteenseglik ‘n stigma aan die misdaad en die misdadiger, veral wanneer hy vervolgd, veroordeel en in ‘n gevangenis aangehou word. Hierdie stigma bemoeilik sy herinskakeling in die gemeenskapslewe. Dit is een van die redes waarom baie misdadigers nie aan die bestaans eise in die gemeenskap voldoen nie en sodoende weer in misdaad verval. Hierdie aspek word ook deur die Viljoenkommissie se ondersoek na die Suid-Afrikaanse Strafrechtsplegingstelsel beklemtoon (1976:11): *‘Aanhouding in die gevangenis waardeur die gevangene heeltemal geïnstitutionaliseer en gedemosialiseer word, is nie die geskikste plek en die omgewing waarin daar gepoog kan word om die oortreder te hervorm nie.’* Nigel Walker (1980:142) het sewe eienskappe geïdentifiseer wat ‘n samestelling van penologiese hervormers en sosioloë se sieninge is omtrent stigmatisering. Hierdie onderskeie stigmatiserings- elemente het betrekking op ‘n oortreder wat in ‘n hof skuldig bevind en gevonnissen is, naamlik;

■ **Suspisie :**

Die oortreder word meer waarskynlik van agterdog verdink van daaropvolgende oortredings, veral oortredings wat met die aanvanklike oortreding ooreenstem.

■ **Werk :**

Die oortreder mag dit moeiliker vind om 'n wettige werk te verkry of in diens te bly as gevolg van die werkgewer se beleid of as gevolg van die houding teenoor die vrygelatene.

■ **Uitsluiting :**

Die oortreder mag vriende verloor of familie ondersteuning as gevolg van hulle houding teenoor die oortreder. Dit mag die oortreder noop om vriendskappe te sluit met mense wat meer goedgesind teenoor sy oortreding is en hom aanmoedig om die wet verder te oortree.

■ **Geskende selfbeeld :**

Hy mag geëtiketteerd voel as 'n dief of iemand wat gewelddadig is. So 'n persoon mag so verneder voel dat hy niks het om te verloor deur die wet verder te verbreek nie.

■ **Teen-etikettering reaksie :**

Hy mag die etiket as onregverdig beskou en is vasberade om homself teenoor ander te bewys.

■ **Teen- etiketteerder reaksie :**

Hy mag teen die etiketteerders rebelleer in pleks van die etiket. Hy mag verder die samelewings waardes verwerp wat hy as onregverdig beskou.

■ **Martelaarskap :**

In uitsonderlike gevalle mag sy oortreding en vonnis vir sommige mense as 'n groot morele onreg beskou word en mag dit steun vir hom ontlok.

6.3.2 GEMEENSAP SE HOUDING TEENOOR OORTREDERS

Die houding en gesindheid van die gemeenskap dra baie by tot die behandeling van die oortreder binne die gevangenisopset. Een van die groot probleme is dat die gemeenskap onrealistiese rehabilitasieverwagtinge koester. Klapmuts in (Dodge 1975:102) beklemtoon juis dat navorsing wat behandeling binne instansies evalueer, getoon het dat gevangenisskap nie misdaad of residivisme afskrik nie. Neser (1980:147) waarsku weer dat rehabilitasie slegs voltrek kan word binne 'n samelewing van mense, en waar die misdadiger hierdie geleentheid ontsê word, moet die gemeenskap medeverantwoordelik gehou word vir die oortreder se mislukking. Ontnugtering met die tradisionele korrektiewe instellings as 'n rehabiliterende instrument word dus geregverdig.

6.3.3 KUNSMATIGE GEVANGENISOMGEWING

Die kunsmatige gevangenisomgewing is 'n aspek wat die behandeling in 'n gevangenis bemoeilik omrede die aangehoudene bykans van alle verantwoordelikhede ontnem word. Klapmuts in (Dodge 1975:101) sê dat gevangnisse nooit minder aaklige plekke in die verlede was as wat dit tans is nie en die geskiedenis van gevangenis hervorming is reeds oud soos gevangenisstraf self. Daar word dus aanvaar dat die herintegrasie van die oortreder in die wetsgehoorsame gemeenskap die primêre doel van gedragsverandering nie bereik kan word deur die oortreder in 'n kunsmatige omgewing in aanhouding te plaas nie.

6.3.4 VERLIES AAN INKOMSTE EN PRODUKTIWITEIT

Indien na statistiek van die Suid-Afrikaanse arbeidmark gekyk word, toon die 2001 sensus opname wat met die 1996 sensus statistiek vergelyk word, dat werkloosheid vir al die bevolkingsgroepe toegeneem het. Werkloosheid is veral opvallend in die swart bevolking wat 4.7% en 3.5% in die bruin gemeenskappe oor die 5 jaar tydperk gegroei het (Stats SA 2001:51). Werkloosheid is dus 'n probleem waarmee Suid-Afrika worstel. Die oortreder wat in aanhouding is ervaar nie alleenlik 'n verlies aan inkomste terwyl hy in aanhouding is nie, maar

die kans om weer 'n werk te vind wanneer hy terugkeer na die samelewing is soveel minder indien die werkloosheid situasie in berekening gebring word. Dit is veral die witboordjie werker wat dikwels professionele opleiding gehad het wie se tydelike onttrekking uit die arbeidsmark 'n leemte in die arbeidsmark laat. Dit dra by tot die vermorsing van bronne wat meer doeltreffend in die samelewing aangewend kan word. Families ly dikwels meeste wanneer 'n familielid in aanhouding is. Daar moenie vergeet word dat dit juis werkloosheid is wat 'n bydraende rol tot misdaad speel.

6.3.5 KOSTE IMPLIKASIES

Die instandhouding van die regsplegingstelsel stel hoë eise aan die Staat. Met verwysing na hierdie las wat hoofsaaklik deur die belastingbetaler in stand gehou word, het Muntingh (2008:6) die volgende koste uitgewes uitgelig:

- Gevangenis se skep werkseleentheid. Die Departement van Korrektiewe Dienste het meer as 42,000 beamptes in diens en beplan om hierdie getal te vermeerder tot 45,000.
- Gevangenis se benodig groot aantal bronne om die gevangenes te voorsien van voeding, klere, versorging en die instandhouding van die gevangenis se.
- Gevangenis se is duur om te bou.

6.3.6 OORBEVOLKING

Die oorbelading van gevangenis se plaas baie druk op die stelsel en hou negatiewe gevolge vir die oortreders in. Hoofstuk drie van die studie word afgestaan aan die gevangenis oorbevolkings situasie binne die Suid-Afrikaanse gevangenis se. Ongelukkig is dit so dat baie oortreders in gevangenis se is wat nie daar hoort nie. Die Viljoenkommissie het bevind dat meer as 80% van die gevangenis-bevolking nie gevangenisstraf verdien vir hulle misdade nie (Mihalik 1986:137).

6.3.7 KORTTERMYN GEVANGENISSTRAF

'n Ander belangrike probleem wat direkte impak op die rehabilitasie van die oortreder het, is indien korttermyn gevangenisstraf opgelê word. Die behoefte aan alternatiewe is veral belangrik indien aandag aan die hervorming van die oortreder gegee word. Daar bestaan 'n gebrek aan skakeling tussen die gevangenis as middel en die rehabilitasie van gevangenes as die doel van vonnisoplegging. Hierdie doelwit word nie binne die gevangenis (en veral korttermyn gevangenisstraf) bereik nie. Een van die Kommissie se belangrikste bevindings oor (Mihalik 1986:239) gevangenisstraf was dan ook dat korttermyngevangenisstraf (op enkele uitsonderings na) nooit opgelê moet word nie en dat 'n vonnis van gevangenisstraf slegs geregverdig is ;

- Indien dit noodsaaklik is in die sin dat geen alternatief doenlik is nie as om 'n vonnis van gevangenisstraf vir doeleindes van vergelding en afskrikking op te lê, en
- dat dit noodsaaklik is om die gemeenskap te beskerm.

Al hierdie voorafgaande eienskappe wat die gevangene aan blootgestel is, dui daarop dat die effek van gevangenisstraf die noodsaaklikheid van suksesvolle herintegrasie in die gemeenskap kan bemoeilik. (sien ook 4.2). Dit is om hierdie rede waarom die teikenpopulasie vir alternatiewe programme juis die korttermyngevangene is wat in baie gevalle eerder in die gemeenskap gehanteer behoort te word.

6.4 EMPIRIESE NAVORSING OOR DIE DOELTREFFENDHEID VAN GEMEENSKAPSVONNISSE

Seker die mees opspraakwekkendste kritiek wat ooit uitgespreek is ten opsigte van die rehabilitasie van die oortreder is die van Robert Martinson se werk, *What works ? – questions and answers about prison reform in die 1970's*. Volgens Martinson bied rehabilitasie en behandeling geen oplossing vir die

misdaadprobleem nie en het dit ook nie 'n noemenswaardige invloed op die residivisme koers nie. Die '*nothing works*' gedagterigting het hierin sy oorsprong gevind en 'n '*get-tough-with-criminals*' benadering het spoedig by die publiek begin posvat. Die eksponente van hierdie konserwatiewe perspektief was gekant teen die oprigting van fasiliteite en vir die hantering van oortreders in die gemeenskap. Hulle het hul beywer vir die strenger kriteria vir keuring by vrylating (Martinson 1974:48-49). Die afleiding is gemaak dat behandeling of rehabilitasie van oortreders nie effektief is nie. (Sien ook 4.10).

Soos oortreders toenemend oor die jare terug na die gemeenskap gekanaliseer word, word die vraag oor die effektiwiteit hiervan al hoe belangriker. Baie is alreeds geskryf oor die doeltreffendheid van probasie en parool. Dit is veral diskresionêre parool vrylating wat dramaties oor die jare in Amerika afgeneem het. In 1972 is byvoorbeeld 72% van alle aangehoudenes op diskresionêre parool vrygelaat, terwyl die persentasie in 1989 slegs 39% was. Meer as 80% van diegene wat uit die gevangenis vrygelaat is, is egter onder korrektiewe toesig in die gemeenskap geplaas (Latessa & Allen 1997:374). Die evaluering van die doeltreffendheid van gemeenskaps korreksies is nie maklik nie. Die rede hiervoor is dat politiek-, eties- en program redes nie die eweredige toewysing van oortreders tot die behandelings of kontrole groepe toelaat nie. 'n Ander groot struikelblok is dat dit seldsaam is om slegs een behandelings program per slag te hê. Aandag word vervolgens aan navorsing studies gewy wat gekonsentreer het op die doeltreffendheid van parool-, probasie-, koste effektiwiteit studies van alternatiewe vonnisse en 'n studie om die residivisme koers van gevangenes wat gevangenisstraf uitdien in vergelyking met alternatiewe vonnisse te bepaal.

6.4.1 PAROOL STUDIES

'n Paar studies het gepoog om die doeltreffendheid van Gemeenskaps-korreksies te bewys. Die ontledings wat volg behoort beskou te word in die lig van die volgende struikelblokke wat na vore getree het naamlik; die navorsingsontwerp en implementering, 'n hindernis om die verskillende behandelingsprogramme te skei en die definisie van die uitkoms. Dit moet ook

nie uit die oog verloor word nie dat behandelingsprogramme wat die doeltreffendheid gemeenskapskorreksies insluit, residivisme tussen 25% en 70% verminder het met 'n gemiddelde van 50% sukses volgens Gendreau (1995) in Latessa & Allen (1997:375-376).

'n Groot probleem wat te make het met die bepaling van die doeltreffendheid van korrektiewe strategieë en programme, is dat dit gedeeltelik volgens die voorkeur van navorsers is om die begrip sukses of mislukking in eenvoudige terme te definieer. Dit is ongelukkig so dat min programme in besliste terme gekategoriseer kan word. Daar is om hierdie rede 'n groot behoefte om sukses of mislukking op 'n kontinuum te evalueer in plaas van 'n suiwer wen of verloor digotomie. 'n Studie oor korrektiewe toesig in Amerika het byvoorbeeld bevind dat die uitkoms kriteria 'n betekenisvolle effek op die interpretasie van resultate het. 'n Paroolganger kan byvoorbeeld terugkeer na die gevangenis vir die pleeg van 'n nuwe misdaad of nalaat om aan die paroolvoorwaardes te voldoen. Laasgenoemde staan bekend as tegniese oortredinge wat nie 'n misdadige oortreding is nie, maar wel deur die parool ooreenkoms verbied word. In Amerika het byvoorbeeld 22% mans en 14% vroue in 1984 na die gevangenis teruggekeer as gevolg van die oortreding van parool voorwaardes (Latessa & Allen 1997:376-377). Latessa & Allen waarsku dat die mees beperkende aspek van vergelykende studies, die ignorering is van ander vorderings maatstawe. Deur eenvoudig net die residivisme koers te vergelyk, ignoreer navorsers sommige van die hoof doelstellings waarvoor gemeenskaps korrektiewe programme ontwerp is om te bereik. In 'n studie, getiteld, *Do Alternatives To Prison Work?* deur Jackson, de Keijser en Michon van die Nederlands Institute for the Study of Criminality and Law Enforcement (1994:11), word verwys na die ontstellende groot diversiteit oor die wyse hoe residivisme as primêre afhanklike veranderlike gemeet word en word aangehaal: "*Despite the ubiquitous use of recidivism as a basic measure of correctional effectiveness, there is a surprising level of misunderstanding regarding its use and measurement. Yet, the way in which the concept of recidivism is operationalised and measured varies enormously across studies.*" Latessa & Allen wys daarop dat die koste effektiewe voordeel studies van alternatiewe vonnisse nie geïgnoreer moet word nie. Petersilia (1991) in Latessa & Allen

(1997:377) vestig weer die aandag op passiewe en aktiewe navorsingsontwerpe. Petersilia argumenteer dat passiewe ontwerpe slegs aandag skenk aan programme wat reeds funksioneer (byvoorbeeld parool), maar ignoreer die selektering van die deelnemers en vlakke van behandeling. Baie studies is metodologies defektief of beperk in die veralgemening. Latessa & Allen (1997:378), waarsku dat sommige studies poog om korrektiewe toesig sukses met vae konsepte soos selfesteem of ander onmeetbare persoonlikheidskonstrukte te meet. Gendreau (1995) in Latessa & Allen (1997:378), voeg by dat programme wat op nie-kriminogene behoeftes soos selfesteem, angs of depressie fokus, nooit residivisme verminder het nie. In nog 'n studie deur Syrotvik in Latessa & Allen (1997:378), het die navorser weer gepoog om die geboorte rangorde van die oortreder met parool sukses te korreleer. Syrotvik het tot die gevolgtrekking gekom dat eerste geborenes meer geneig is om by te dra tot parool sukses. Die vraag word gevra of hierdie aanname op beide mans en vroue betrekking het, of resultate volgens familie grootte verskil en of die enigste kind in 'n gesin invloed op die uitkoms het ?

Vroeëre navorsing wat die effek ontleed het oor die tydperk wat die oortreder in die gevangenis spandeer het voor parool, het bewys gelewer hoe korter die tydperk in aanhouding is, hoe groter is die kans op parool sukses volgens Gottfredson (Gottfredson & Garofalo, 1977; Eichman, 1965) in Latessa & Allen (1997:380). In 'n latere studie is 3,995 paroolgangers in 22 Amerikaanse state deur Beck (1987) in Latessa & Allen (1997:380) ondersoek. Beck het weer bevind dat die tydperk wat die oortreder binne die gevangenis spandeer geen konsekwente impak op die residivisme koers het nie.

Meeste navorsers is egter van mening dat langer vonnisse wel parool sukses negatief beïnvloed wat daarop aandui dat die negatiewe invloed van die gevangenis met tyd toeneem. Navorsing omtrent die doeltreffendheid van inrigtingsprogramme en gevangenisgedrag is beperkend op die terrein. Dit blyk dat meeste programme geanaliseer word in verhouding tot inrigtingsaanpassing, dissiplinêre probleme en die impak op program deelname tot die parool- keuringsproses. Die paar ontledings wat die parool tydperk insluit, dui min of selde 'n positiewe uitwerking aan aangaande residivisme. Von Hirsch &

Hanrahan, 1979, Morris, 1974 in Latessa & Allen (1997:381), beweer dat meeste navorsers wat gevangenis gedrag ondersoek het, het bevind dat daar geen verbintenis tussen gevangenis gedrag en parool sukses is nie. In 'n soortgelyke studie deur Gottfredson en Adams (1982) in Latessa & Allen (1997:381), is die teendeel weer bevind dat daar wel 'n mate van 'n verbintenis tussen gevangenis gedrag en parool sukses is.

Selfs Martinson en Wilks (1977:26-27) in Latessa & Allen (1997:390), wat hom sterk teenoor die rehabilitasiemodel uitgespreek het, het toegegee dat: "*The evidence seems to indicate that the abolition of parole supervision would result in substantial increases in arrest, conviction, and return to prison.*"

6.4.2 PROBASIE AS ALTERNATIEWE VONNIS

Probasie blyk om net soos in die geval van paroolstudies agterdog te wek. In Amerika was probasie studies beperk in die opsig dat slegs 'n paar Parool Departemente navorsers verwelkom het. Dit gee daarom nie 'n ware prentjie van die werklike probasie situasie nie (Latessa & Allen 1997:390). Drie studies was gedoen wat residivisme koers vergelyk het van individue wat op probasie uitgeplaas is teenoor individue wat tot gevangenisstraf gevonnis is.

Babst en Mannering (1965) se studie in Latessa & Allen (1997:390-391), het oortreders met soortgelyke oortredings vergelyk wat tot gevangenisstraf gevonnis of wat op probasie vrygelaat is. Die proef grootte was bestaande uit 7,614 oortreders in Wisconsin wat statisties vergelykbaar is volgens oorsprong, die toewyding tot die staat, tipe oortreding, aantal vorige oortredinge en huwelik status. Paroolgangers was oor 'n twee jaar periode opgevolg en persone uit op probasie, ook oor 'n twee jaar tydperk of totdat hulle ontslaan is uit die probasie program, of wat eerste gevolg het. Oortredings was gedefinieer gewees as die pleeg van 'n nuwe oortreding of die oortreding van probasie/parool reëls. Die bevindings van die studie het bewyse gelewer dat oortreders met geen vorige oortredings nie, was die oortredingskoers 25% vir probasie- en 32.9% vir paroolgangers. Vir persone met een vorige oortreding, was die oortredingskoers 41.8% vir probasie en 43.9% vir paroolgangers. Vir oortreders met twee of meer vorige oortredinge, was die koers 51.8% vir probasie- en

48.7% vir paroolgangers. Aangaande die verskil in oortredingskoers tussen eerste oortreders wat statisties betekenisvol op 'n .05 vlak was, beweer Babst en Mannering dat die bevinding die resultaat kan wees van die feit dat paroolgangers moeiliker is om toesig oor uit te oefen of toon dat eerste oortreders meer leed as goed aan gedoen word tydens gevangenisstraf.

Weereens in Winconsin is 'n ander studie geloods wat die vordering van oortreders vergelyk het vir die pleeg van diefstal wat geen vorige misdaad rekord het nie en tot gevangenisstraf gevonnies is of op parool geplaas is. Hoewel die studie gepoog het om die eienskappe wat met sukses- sowel as onsuksesvolle parool en probasiegangers te ondersoek, word dieselfde definisie van die oortredingskoers soos in Babst en Mannering (in 6.4.1) gevolg is, naamlik die opvolg oor 'n twee jaar periode. Die oortredingskoers vir persone wat diefstal gepleeg het, was 23% vir diegene wat op parool geplaas is en vir oortreders vir diefstal wat eers gevangenisstraf uitgedien het en daarna op parool geplaas is, was 34%. Dit dui weereens daarop dat probasie- meer suksesvol as die paroolgangers gevaar het.

In 1976 was 'n program vir vroue en meisies in Pennsylvania in die Verenigde State van Amerika geloods om die residivisme koers te bepaal van vroue wat op probasie of parool geplaas is oor 'n twee jaar periode. Residivisme was volgens hierdie studie omskryf as enige tegniese oortreding tydens probasie of parool of enige nuwe misdadige aanklag. Die bevindinge het getoon dat die vroue wat op probasie geplaas is, die residivisme koers 35.6% was. Indien vroue wat geen vorige veroordelings gehad het nie, was die residivismekoers 24% vir probasie- en 23.1% vir die paroolgangers (Latessa & Allen 1997:390-392). Die verskille tussen hierdie koerse was nie statisties betekenisvol nie.

Vito (1978) in (Latessa & Allen 1997:390-392), het 'n interessante studie gedoen waar gewone probasiegangers met diegene wat skokprobasie vir ten minste 30 dae in 'n gevangenis ondergaan het vergelyk. Vito het bevind dat skokprobasiegangers 'n 40% hoër waarskynlikheid het om te misluk in vergelyking met diegene wat tot gewone toesighouding vrygelaat is. Vito & Allen het tot die gevolgtrekking gekom: ".....*the fact of incarceration is having*

some unknown and unmeasurable effect upon (the more unfavorable) performance of shock probationers....It could be that the negative effects of incarceration are affecting the performance of shock probationers“.

In 'n Kaliforniese studie deur die Departement van Justisie word die oortredings koers van oortreders wat op probasie geplaas is met oortreders wat tot probasie gevonnissen is en met 'n gevangenisstraf termyn opgevolg is en oortreders wat net tot gevangenisstraf gevonnissen is. Die studie het die vordering van 'n kohort oortreders ondersoek, almal wat gelykstaande blootstelling van een jaar in die gemeenskap gehad het. Vir die probasie groep, was kohort status verkry op die begin datum van die probasie periode. Vir die groep wat gevangenisstraf ontvang het, het kohort status begin op die dag van vrylating uit die gevangenis. Om die relevante effektiwiteit van die disposisies te bepaal, was drie oortredings vlakke gestel, naamlik: “geen“ of geen arrestasie vir 'n tegniese oortreding of 'n nuwe oortreding nie; “mindere“ of ten minste 'n arrestasie en miskien 'n oortreding wat tot gevangenisstraf van minder as 90 dae of probasie van een jaar of minder, en laastens, “groot“ wat ten minste 'n oortreding behels en met gevangenisstraf gepaard gaan vir nie minder as 90 dae nie of 'n probasie termyn wat oor meer as een jaar tydperk strek. Sedert elke geval slegs vir een jaar opgevolg is, het die finale uitkoms van 'n oortreding gewoonlik nie plaasgevind binne die een jaar periode nie. Die bevinding het egter getoon dat diegene wat gevangenisstraf ontvang het sonder die voordeel van probasie, die swakste residivisme rekord opgelewer het (Latessa & Allen 1997:392-393). Hierdie studies illustreer dat probasie 'n meer effektief as gevangenisstraf is. Dit mag moontlik daaraan toegeskryf word dat probasiegangers onmiddellik na die gemeenskap terugkeer, hulle werk behou en met hulle families herenig.

In 'n belangrike studie oor die doeltreffendheid van probasie het Petersilia (1985) in Latessa & Allen (1997:396), 1,672 probasiegangers van twee distrikte in Kalifornië (Verenigde State van Amerika) oor 'n 40 maande tydperk ondersoek. Haar bevinding was dat meer as 67% herarresteer en 51% aan nuwe oortredings skuldig bevind is. Petersilia het tot die slotsom gekom dat probasiegangers 'n groot risiko vir die gemeenskap inhou. Petersilia se kritici

het gou uitgewys dat die twee distrikte in Kalifornië nie verteenwoordigend vir die res van die State of land is nie. In teendeel, het twee replika studies in Kentucky (Vito, 1986) en een in Missouri (McGaha & Hirschburg, 1987), heel verskillende bevindings opgelewer. In beide Kentucky en Missouri, was probasieganger herarresteer teen omtrent een derde van die koers in Kalifornië (Latessa & Allen 1997:396).

Morgan (1994) in Latessa & Allen (1997:396-397), het in 'n studie van 266 volwassenes in Tennessee (Verenigde State van Amerika), om die faktore te bepaal wat geassosieer word om gunstige probasie uitkoms wat op sukses kan dui. Sy het bevind dat net 27% probasiegangers gefaal het en dat vroue, getroude probasiegangers en diegene met hoër opleiding, die meeste geneë was om sukses te behaal. Morgan het bevind dat probasie 'n doeltreffende alternatief vir gevangenisstraf is. Die mislukking koers het gewissel tussen 14% tot 60% vir die groep wat reeds voorheen misdaad gepleeg het terwyl sukses koers tussen 40% en 86% is. Haar bevinding is dat faktore wat dikwels met mislukking van probasie verbind word, faktore insluit soos ouderdom, geslag, huwelikstatus, lae inkomste, vorige misdaad rekord, beroep en loopbaan. Faktore wat meeste neig om tot die mislukking van die paroolgangers bydra, is werkloos of jong mans met lae besoldiging en 'n vorige misdaad rekord. Die herskuldig bevinde oortredings vir diegene wat misluk het, was hoofsaaklik nietige wangedrag en nie misdaad nie. Probasiegangers wat goeie werk het, getroud is met kinders en in die area vir ten minste twee jaar woonagtig is, blyk om die mees suksesvolle probasiegangers te wees.

6.4.3 KOSTE DOELTREFFENDHEID VAN ALTERNATIEWE

Terwyl die gemeenskap strenger strawwe verwag, is dit belangrik om die koste wat met gevangenisstraf geassosieer word in ag te neem. Die feit dat die Departement van Korrektiewe Dienste se begroting vir die 2007/08 finansiële jaar R11,4 biljoen was, is dit 'n aanduiding van die kapitaal wat benodig word om die Departement in stand te hou (Department of Correctional Services 2007/08 Annual Report :79).

Mauser et.al (1994) in Latessa & Allen (1997:401), voer aan dat 'n beraamde 80% van alle oortreders, met die probleem van die een of ander vorm van afhanklikheid vormende middels worstel. Mauser het reeds in 1994 die totaal jaarlikse beraamde verlies van \$144 biljoen aan substansie verwante oortredinge toegeskryf. Die bedrag sluit nie pyn en lyding van slagoffers en familie in nie, die koste wat deur die slagoffer gely is nie, agteruitgang van gesondheid van substansie afhanklikes of die gebruik van mediese dienste nie. Die Amerikaanse regering het in reaksie hiervan met gespesialiseerde probasie en beradingsprogramme begin sowel as gemeenskap afhanklikheid vormende programme, chemiese verslawings berading, halfweg huise vir verslaafdes om te herstel om weer by die gemeenskap in te skakel, familie berading, lewensvaardigheids programme, krisis bestuur ensomeer. Gevangenis programme behels *Alcoholics Anonymous* en *Narcotics Anonymous*, *Sober Living Programs* en die uitplaas na gespesialiseerde behandelingsentrums. In toevoeging, is *Treatment Alternatives Programs* (TAP) ontwikkel om verslaafdes wegwend van die strafregspiegingsstelsel. Ten spyte van die stereotipiese opvatting van "*nothing works*", is die residivisme syfers vir persone wat hierdie programme voltooi het laag. Dit wissel van 10 tot 15% vir probasiegangers tot 17 tot 36 persent vir gevangenisprogramme. Mauser et al. (1994) argumenteer dat die voordele verbonde aan TAP is groter as die korttermyn koste van die program en is daar minder residivisme onder oortreders wat Tap voltooi het. Besparing was hoofsaaklik in die vermindering van die aantal dae wat in die gevangenis spandeer sou word, die aantal arrestasies en kostes wat die slagoffers as gevolg van die misdade gely het.

Een van die mees belowende reaksies tot die vloed van dwelmverwante strafsake is sake wat die *Miami Treatment Drug Court* hanteer. Sedert 1989, het die voorsittende beampte 'n 'hands on' benadering gevolg om oortreders te hanteer wat skuldig bevind is aan misdade wat dwelm verwant is en die beskuldigde geen vorige veroordelings het nie. Oortreders word behandelings programme aangebied in plek van vervolging. Die kriteria is dat terugvoerings verslae aan die voorsittende beampte gestuur word en die oortreder dan in die hof verskyn. Gunstige resultate is opgelewer vir 67% van die program deelnemers wat nie herarresteer is nie. Die mediaan aantal dae tot eerste

herarrestasie was betekenisvol langer vir program deelnemers en die mislukkings koers om in die hof te verskyn was baie laer vir dwelm sake in vergelyking met ander dwelm verwante misdade. Dit blyk dat dit veral oortreders is wat kollege opleiding het en ouer as 25 jaar is wat veral voordeel hieruit trek. Oortreders vir vorige roof arrestasies en vorige mislukking om in die hof te verskyn, het hoër waarskynlikheid om weer gearresteer te word. Daar is ook geen bewys van toenemende bedreiging van publieke veiligheid vir oortreders wat die behandelings program ondergaan het nie (Latessa & Allen 1997:402).

Met betrekking tot huisarres en elektroniese monitering, het Wagner & Baird (1993) in Latessa & Allen (1997:403), bevind dat die impak van hierdie prosedure op gevangenisoorbevolking, die oortreder se gedrag en koste besparing, baie gunstig is. Slegs 10% van Florida se deelnemers aan die programme het addisionele straf ontvang vir tegniese oortredinge en die heroortredings koers vir hierdie gemeenskaps beheerde oortreders is laer as vir soortgelyke oortreders wat gevangenisstraf ontvang het. Ook Gowdy (1993) in Latessa & Allen (1997:403), het bevind dat huis detensie en elektroniese monitering vir 73% vir deelnemers aan 'n voorverhoor ontslag program suksesvol is. Van die 27% mislukkings, was ten minste as gevolg van tegniese oortredinge terwyl die ander helfte gedros het. Gowdy se gevolgtrekking van huisarres en elektroniese monitering is dat die suksesvolle voltooiing van die programme wissel tussen 74 tot 84% hoewel sukses koerse van tot 97% bereik is.

Aangaande suksesvolle intervensies, word laastens na Gendreau (1995) se navorsing gekyk. Gendreau het honderde korrektiewe en rehabilitasie programme ontleed in 'n poging om met oortreders tussen beide te tree om te bepaal of rehabilitasie programme werk. Na aanleiding van die werk van Lipsey (1992), het Gendreau bevind dat 64% van die oortreder rehabilitasie studies wat geen kontrole groepe gehad het nie, 'n daling getoon het ten gunste van die behandelings groep. Die gemiddelde residivisme koers was 10%. Toe die studies gekategoriseer word volgens die algemene tipe program, byvoorbeeld werk, terugval, voorkoming ensomeer, was die residivisme koers gemiddeld

18%. Gendreau het tot die gevolgtrekking gekom dat die opvatting van “*nothing works*” nie alleenlik voortydig is nie, maar ook onakkuraat is (Latessa & Allen (1997:404-405).

Daar moet in gedagte gehou word dat Robert Martinson (*What works ? Questions and Answers about Prison Reform: 1974*), toegegee het dat baie van die programme wat destyds ontwerp is om oortreders te rehabiliteer, die gevangenes ten minste nie slegter gemaak het nie en dat dit minder geld kos om te administreer. In Martinson se gevolgtrekking omtrent gevangenis hervorming, het hy ter afsluiting tot verskeie gevolgtrekkings gekom, naamlik: “*It may be simply that our programs aren’t yet good enough – that the education we provide to inmates is still poor education, that the therapy we administer is not administered skillfully enough, that our intensive supervision and counseling do not yet provide enough personal support for the offenders who are subjected to them*” (Martinson 1974:49). Die afleiding kan gemaak word dat ten spyte van Martinson se “*nothing works*” opvatting, Martinson wel toegegee het dat daar leemtes in die programme gedurende die 1970’s was wat ’n impak op die hervorming opvatting kon gehad het. Programme het sedertdien heelwat vernuwing en aanpassings ondergaan. Gendreau en Ross (1987:349-350) haal ook aan: “*Even Robert Martinson, who argued most often and most persuasively that ‘almost nothing works’, recognized that he was in error*” asook “*Then, two years later, he declared that under various conditions there were many examples of successful rehabilitation efforts...*” . (Sien ook 4.10).

Palmer (1991) in Latessa & Allen (1997:406), met verwysing na vele meta analitiese studies, het die volgende uitlating hieromtrent gemaak: “*.....the research designs of many individual studies that comprised the meta-analyses and literature reviews were much less than excellent and were in that respect open to valid questions.*”

6.4.4 ALTERNATIEWE vs. GEVANGENISSTRAF STUDIE OM RESIVIDISME KOERS TE BEPAAL

Vervolgens word op 'n Amerikaanse studie gefokus wat alternatiewe vonnisse met konvensionele gevangenissetting vergelyk. Hierdie studie werp lig op kwessies soos die publieke aanvaarding van oortreders in die gemeenskap, residivisme en die vertroue wat die vonnisopleggings gesag in alternatiewe vonnisse stel.

Die *New York City Office of the Criminal Justice Coordinator* het navorsing in opdrag van die *New York City Council* onderneem om 'n omvattende studie oor alternatiewe vonnisoplegging te doen. New York het soos ander Amerikaanse stede 'n geleidelike toename in die gebruik van alternatiewe vonnisse in plaas van gevangenisstraf of "*alternatives to incarceration (ATI)*" ervaar. In plaas van die ATI's self te verrig, het die New York stadsraad tien nie-winsgewende instansies betrek om hulle eie programme te implementeer wie se verteenwoordigers voorsittende beamptes en staatsaanklaers moes ooreed om skuldig bevindiges na hulle te verwys wat in elk geval tot gevangenisstraf gevonniss sou word. Sedert 1997 het hierdie programme die howe ooreed om jaarliks 3,000 oortreders na hulle te verwys. Hierdie studie is die eerste New Yorkse studie wat die ATI stelsel ondersoek het en een van die enigste studies wat op nasionale grondslag, alternatiewe vonnisprogramme sowel as die langtermyn residivisme syfers ondersoek het. Die New York Stadsraad het hierdie studie van stapel gestuur omdat hulle meer wou weet oor watter oortreders tot ATI gevonniss word, wat gebeur tydens hierdie programme, of die programme enige gevaar vir die publiek inhou en hoe die stelsel verbeter kan word. Om hierdie vrae te beantwoord het navorsers by die *Vera Institute* met 687 oortreders onderhoude gevoer wat by nege van die tien programme ingeskakel het en weer met die helfte van dieselfde groep vir 'n tweede keer onderhoude gevoer na drie maande. Oor 'n drie jaar periode, het navorsers die residivisme tempo van oortreders van soortgelyke oortredings begaan het bestudeer, maar nie vir ATI gekwalifiseer het nie. Die navorsers het ook staatsaanklaers, voorsittende beamptes, verdedigings advokate en personeel wat betrokke is by die programme onderhoude gevoer en bywonings data en ander inligting verkry van die

deelnemers se saak lêers. Die studie het getoon dat die howe oortreders wat skuldig bevind is aan ernstige misdrywe vir ATI stuur wat meestal rooftog en dwelmverwante misdade insluit. Die oortreders is meestal armoedig met meermalige sosiale en gesondheidsprobleme asook vorige misdaadrekords. Min van die oortreders het hoërskoolopleiding voltooi en het 'n onstabiele werkrekord gehad.

Navorsing het getoon dat persone wat alternatiewe vonnisse opgehef is, dieselfde heroortredings syfer oplewer as diegene wat in gevangenis-aanhouding was na drie jaar tydperk. Een derde van die oortreders in beide die ATI groep sowel as die vergelykende groep was geherarresteer en skuldig bevind aan hoofsaaklik klein oortredings waarvan persone in die vergelykende groep vir ses maande gevangenisstraf gevonniss is en persone in die ATI groep tot een maand. In terme van publieke veiligheid het die studie getoon dat oortreders tot streng gemeenskapsprogramme gevonniss kan word in pleks van gevangenisstraf sonder dat hulle enige gevaar vir die gemeenskap inhou. Die studie het getoon dat ten spyte van die feit dat die ATI stelsel heroortredings nie meer as gevangenisstraf verminder het nie, is aangedui dat die stelsel residivisme verder sal verminder indien die programme spoediger teenoor oortreders optree wat die programreëls oortree en indien die programme hul voltooiings tempo verhoog (Porter, Lee, Lutz 2002:3).

Ten spyte van die feit dat hierdie 'n Amerikaanse studie is, is die belangrikste kenmerke wat hierdie studie opgelewer het, naamlik dat die vonnisopleggings gesag wel hul vertrouwe in alternatiewe vonnisse gestel het. Dit het ook getoon dat die publiek bereid is om hierdie oortreders in die samelewing te aanvaar. Hoewel die residivisme syfer dieselfde vir diegene is wat in 'n gevangenis in aanhouding was, is dit nie hoër nie en moet die laer koste van behandeling en die rehabiliterende effek in gedagte gehou word. Die residivisme syfer vir vroue wat die ATI voltooi het, was laer gewees en was diegene minder waarskynlik gewees om weer te oortree. Die navorsers het aangedui dat die residivisme syfer kan verminder word indien die voltooiing tempo van die programme verhoog word. Dit is veral ook belangrik dat spesifieke aandag geskenk word aan diegene wat vatbaar vir mislukking is. Porter et al.

(2002:62) stel ook voor dat die program inhoud verstewig word om die moontlikheid vir terugval in heroortredings af te weer.

6.5 SUID-AFRIKAANSE STRAFPROSESWET 51 van 1977 EN ANDER REGSVOORSKRIFTE AANGAANDE ALTERNATIEWE

Heelwat riglyne met betrekking tot die oplegging van alternatiewe vonnisse is tot die straftoemeter se beskikking. In Suid-Afrika maak die Suid-Afrikaanse Strafproseswet 51 van 1977 voorsiening vir alternatiewe vonnisoplegging terwyl internasionale maatreëls soos die *United Nations Minimum Rules for Non-Custodial Measures*, internasionale riglyne neerlê. Vervolgens word meer aandag hieraan gewy.

6.5.1 SUID-AFRIKAANSE STATUTERE REG

Die Suid-Afrikaanse Strafproseswetgewing 51 van 1977 maak voorsiening vir 'n verskeidenheid strafvorme wat alternatiewe vonnisse insluit. Volgens die *Strafproseswet nr. 51 van 1977*, is die volgende nie-aanhoudings verband vonnisopsies in Suid-Afrika tot die straftoemeter se beskikking:

Tabel 6.1 : Strafproseswet no. 51 van 1977 vonnisopsies

Artikel :

Aard van die wetgewing :

<p>S 276(1)(i) (lees tesame met S 276A) Korrektiewe toesig</p>	<p>'n Gevangenisstraf vonnis wat nie langer as 5 jaar strek nie, is hier ter sprake en waar die persoon vir korrektiewe toesig op diskresie van die Kommissaris geplaas kan word. 'n Voorvonnisverslag deur 'n proef-beampte word eerstens benodig. Die</p>
---	---

	vonnisopsie is ook vir enige oortreding van toepassing.
S 276A(3)(a) Korrektiewe toesig	Maak voorsiening in die geval waar die oortreder vir minder as 5 jaar gevonnisd is of (sy/haar vrylatingsdatum minder as 5 jaar in die toekoms is), mag die Kommissaris indien hy van mening is dat die persoon geskik vir korrektiewe toesig is, 'n versoek tot die klerk van die hof rig dat die persoon voor die hof verskyn om die huidige vonnis van die oortreder te heroorweeg. Die hof het die keuse om die vonnis na korrektiewe toesig te verander volgens die hof se goeddenke.
S 287(4)(a) Boete	Handel met die situasie waar die persoon gevonnisd is om 'n boete te betaal met die alternatief tot gevangenisstraf vir 'n periode nie langer as 5 jaar nie indien die persoon nie in staat is om die boete te betaal nie. Die Kommissaris het die diskresie (tensy die hof anders besluit ten tye van die vonnisoplegging) om die vonnis na korrektiewe toesig te verander, as die vonnis gevangenisstraf was soos na verwys word in s 276(1)(i), of om aansoek tot die hof te maak 'n quo volgens die prosedure

	soos uiteengesit is in afdeling 276A(3)
S 287 (4) (b) Boete	Handel oor die situasie waar die persoon tot 'n boete gevonniss word of die alternatief van gevangenisstraf wat nie langer as 5 jaar duur nie, en die persoon nie in staat is om die boete te betaal nie. Die saak kan terug na die hof verwys word en 'n quo om 'n nuwe vonnis van Korrektiewe toesig te bekragtig.
S 290 Onder toesig van proef-beampte	Maak voorsiening vir 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar om onder die toesig van 'n proefbeampte of korrektiewe beampte geplaas word vir 'n twee jaar periode. Die Kommissaris verwys na die Kommissaris van Korrektiewe Dienste, wat hierdie diskresie mag gebruik nadat die persoon ten minste een sesde van sy vonnis uitgedien het.
S 296 Behandelingsentrum	Stel die hof in staat om bo en behalwe die vonnis of in stede van enige vonnis (maar nie in toevoeging tot gevangenisstraf nie), die persoon beveel om in 'n behandelingsentrum aangehou word soos waarna verwys word in die <i>Prevention and Treatment of Drug Dependency Act, 1992</i> .
S 297 Opgeskorte vonnis	Maak voorsiening vir die

	<p>voorwaardelik of onvoorwaardelike opskorting van die vonnis en die rig van 'n waarskuwing. Hierdie is van toepassing op alle vonnisse behalwe waar die minimumvonnisse wetgewing van toepassing is.</p> <p>Die voorwaardes wat ingesluit is behels;</p> <ul style="list-style-type: none">• kompensasie• die lewer van 'n spesifieke voordeel of diens in plek van kompensasie• dienslewering sonder vergoeding buite die gevangenis tot voordeel van die gemeenskap• verwysing na korrektiewe toesig• verwysing vir behandeling of opleiding• verwysing na die toesig of beheer van die proefbeampte• verpligte bywoning of inwoning by 'n spesifieke sentrum vir 'n spesifieke doel• goeie gedrag• enige ander saak. <p>Indien die vonnis opgeskort is met voorwaardes, moet die hof tevrede wees dat die voorwaardes aan voldoen is en kan die hof die oortreder</p>
--	---

	<p>vrylaat sonder die oplê van 'n vonnis. Indien die vonnis onvoorwaardelik opgelê is en die persoon word nie weer gedaag om voor die hof te verskyn gedurende die opgeskorte periode nie, word die persoon as vry beskou.</p>
<p>S300 Kompensasie aan slagoffer</p>	<p>Is van toepassing waar die persoon van 'n oortreding aangekla word van skade of verlies van eiendom (sowel as geld) wat aan 'n ander persoon behoort, mag die hof op aandrang van die slagoffer of aanklaer wat namens die slagoffer optree, onmiddellik kompensasie aan die slagoffer toeken vir die skade of verlies wat gelyk is. Hierdie vonnisopsie is van toepassing nadat die oortreder reeds een derde van sy/haar vonnis uitgedien het. Dit kan beskou word as 'n ongewone alternatiewe vonnis in die sin dat dit in aanhoudingsverband is. Dit word hier ingesluit aangesien die doel hiermee is om as alternatiewe vonnis te dien. Aangesien hierdie afdeling nie 'n minimum tydperiode daarstel nie, is dit buigbaar en kan dit vir kort aanhoudings periode en in kombinasie met ander opvolg buite-pasiënt programme gebruik word. Dit word gewoonlik na verwys as</p>

	<p>gemeenskapsdiens. Die <i>Suid-Afrikaanse Strafproseswet 51 van 1977</i> beperk die gebruik van hierdie vonnis tot persone wat 15 jaar en ouer is en skryf 'n minimum van 50 uur voor. Die vrylaat in verband met beide die voorwaardelik en onvoorwaardelike vonnisse laat die persoon egter steeds met 'n misdadaadrekord.</p>
--	--

Om ten volle te verstaan hoe hierdie bepalings werk wanneer die oortreder sy/haar vonnis in die gemeenskap uitdien, moet die bepalings saam met artikels 84 tot 84E van die *Correctional Services Act no. 8 van 1959* gelees word. Hierdie afdelings handel oor die volgende alternatiewe aangeleenthede wat kortliks as volg opgesom word:

Tabel 6.2 : Bepaling 84 van die *Correctional Services Act no. 8 van 1959*

Artikel :

Aard van die wetgewing :

84	<p>Bepaal dat elke proefpersoon onderworpe sal wees aan monitering, gemeenskapsdiens, huisarres, in diens plasing, uitvoering van diens, betaal van kompensasie aan die slagoffer en rehabilitasie of ander programme soos bepaal word deur die hof of die Kommissaris, en aan enige ander vorm van behandeling, beheer of toesig, wat die toesig deur die proefbeampte insluit na konsultasie</p>
----	--

	<p>met die betrokke sosiale welsyn owerhede.</p>
<p>84B</p>	<p>Indien die Kommissaris daarvan oortuig is dat die persoon gefaal het om aan enige voorwaarde te voldoen, hy die mag het om 'n lasbrief vir die inhegtenisname aan die proefpersoon uit te reik, wat as die goedkeuring vir die detensie van die proefpersoon binne 'n gevangenis dien totdat hy regtens vrygelaat word en weer onder korrektiewe toesig geplaas word, of terug na die hof verwys word binne 72 uur vir die verhoor of om die inwerkingtreding van enige opgeskorte of uitgestelde vonnis.</p>
<p>84E</p>	<p>Lys van die soort programme wat die proefpersoon by betrokke kan raak naamlik;</p> <ul style="list-style-type: none"> • monitering of onder toesig • gemeenskapsdiens • kompensasie aan die slagoffer • herintegrasie terug in die gemeenskap • rehabilitasie • Verhaal van fondse wat die koste insluit wat voortspruit uit die uitvoer van die vonnis • enige ander saak wat noodsaaklik beskou word of behulpsaam te wees

Daar is sekere gedeeltes in die Suid-Afrikaanse Strafproseswetgewing 51 van 1977, wat 'n vennootskap aandui tussen die Departement van Korrektiewe Dienste en Sosiale Ontwikkeling sowel as nie-Staats instellings. Skelton (2004:10), beskryf hierdie wetbepalings vir alternatiewe vonnisse as revolusionêr as gevolg van die volgende twee redes:

1. Artikels 276A (3) (a) en (4) (b) van die Suid-Afrikaanse Strafproseswet 51 van 1977 stel die regterlike beampte in staat om sy/haar vonnis self te verander wat teenstrydig met die algemene vonnisopleggings reël is. Regterlike beamptes kan gewoonlik nie hulle eie vonnis vervang of verander nie. Die Suid-Afrikaanse Strafproseswet 51 van 1977 laat alleenlik foute toe wat dadelik reggemaak kan word wanneer dit plaasgevind het. Artikel 276A laat ook 'n regterlike beampte toe om die vonnis van 'n ander regterlike beampte te verander, aangesien dit die mag aan die hof toestaan, ongeag of dit verskillend saamgestel is of nie.
2. Artikels 276A (3) (a) en 287(4)(b) van die Suid-Afrikaanse Strafproseswet 51 van 1977 verleen diskresie aan die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Departement van Korrektiewe Dienste om sake terug op die hofrol te plaas. Artikel 287(4)(a) van die Suid-Afrikaanse Strafproseswet 51 van 1977 gaan selfs verder deur die Kommissaris van Departement Korrektiewe Dienste die diskresie te gee om sake waar 'n persoon in die gevangenis is omrede 'n vonnis nie betaal is nie, die vermoë het om 'n besluit te kan uitoefen om die vonnis te verander na korrektiewe toesig sonder dat die saak weer voor die hof te verskyn.

Die merkwaardigste punt omtrent hierdie bepalings is dat dit nie gekoppel is aan spesifieke kategorieë oortredinge nie, maar toegepas kan word in verhouding tot enige oortreding. Dit word oorgelaat aan die diskresie van die regterlike beampte en in sommige gevalle die Kommissaris van die Departement van Korrektiewe Dienste. Die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Departement Korrektiewe Dienste se diskresie is beperk tot die lengte van die gevangenisstraf, die tydperk wat alreeds deur die oortreder in aanhouding bestee is of die nabyheid van die vrylatings datum.

Skelton is van mening dat die voorsiening van sulke wyd-uiteenlopende magte van diskresie presies is wat diegene in gedagte gehad het met die samestelling van die wysigings toe meeste alternatiewe vonnisopsies tussen 1987 en 1993 bekendgestel is. Hierdie diskresie word egter geaffekteer deur die inwerkingtreding van die minimum vonnis wetgewing (Suid-Afrikaanse Strafproses Wysigings wetgewing (artikel 105 van 1997), wat deur die *Criminal Law Amendment Act no. 105 of 1997* gemaak is nadat artikel 51 van die Wysigings wetgewing gewysig is. Afdeling 51(2) van die Suid-Afrikaanse Strafproses Wysigings wetgewing (artikel 105 van 1997), skryf ander minimum vonnisse voor wat gekoppel word aan sekere oortredings en verder of die oortreder 'n eerste, tweede of meer oortredings begaan het. Artikel 51(3)(a) van Suid-Afrikaanse Strafproses Wysigings wetgewing (artikel 105 van 1997), magtig die hof om 'n ligter vonnis in te stel indien die hof tevrede is dat daar genoegsaam en oortuigende omstandighede bestaan wat so 'n ligter vonnis regverdig.

Die mate waartoe die minimum vonniswetgewing (Suid-Afrikaanse Strafproses Wysigings wetgewing (artikel 105 van 1997), alternatiewe vonnisse affekteer, is nie maklik om te bepaal nie, maar is volgens Skelton (2004:11) duidelik dat voor die instel van die minimum vonnis wetgewing, dat voorsittende beamptes 'n groter diskresie gehad het om alternatiewe vonnisse op te lê. Alternatiewe vonnisse kan nie meer gebruik word in verhouding tot ander vonnisse wat gelys word in die skedule van die wetgewing nie. Laasgenoemde kan slegs geskied indien die hof bevind dat daar genoegsaam en oortuigende redes bestaan om af te wyk van die voorgeskrewe minimum vonnis wetgewing (Suid-Afrikaanse Strafproses Wysigings wetgewing (artikel 105 van 1997). In so 'n geval is die volle reeks vonnisopsies beskikbaar wat alternatiewe vonnisse insluit. Indien die hof wel van die minimum vonnis wetgewing afwyk, gebruik hulle dikwels 'n korter gevangenis-termyn in plaas van alternatiewe vonnisse.

6.5.2 VERENIGDE NASIES STANDAARD MINIMUM REELS VIR NIE-AANHOUDING MAATREELS

Die internasionale liggaam wat voorskrifte vir die aanhouding van oortreders buite gevangenisskap beywer, staan bekend as die *United Nations Standard Minimum Rules for Non-Custodial Measures*. Laasgenoemde word ook dikwels na verwys as die *Tokyo Rules* en was aanvaar deur die *General Assembly resolution 45/110 of 14 December 1990*. Hierdie liggaam verskaf 'n stel basiese beginsels wat die gebruik van nie-aanhoudings maatreëls bevorder sowel as die aanmoediging van alternatiewe vonnisse. In afdeling 2.3 van die reëls word die volgende basiese riglyn omtrent die bevordering van alternatiewe vonnisopsies voorgestel: *“In order to provide greater flexibility consistent with the nature and gravity of the offence, with the personality and background of the offender and with the protection of society and to avoid unnecessary use of imprisonment, the criminal justice system should provide a wide range of non-custodial measures, from pre-trial to post-sentencing dispositions. The number and types of non-custodial measures available should be determined in such a way so that consistent sentencing remains possible”* en in afdeling 2.4: *“The development of new non-custodial measures should be encouraged and closely monitored and their use systematically evaluated”* (Office of the UN High Commissioner for Human Rights 2002:2).

Meer oor die verskillende alternatiewe vonnisopsies met verwysing na praktiese voorbeelde van die toepassing van die Suid-Afrikaanse Strafbepalingswet 51 van 1977, word in die onderstaande meer hieroor uitgebrei.

6.6 DIE REALISERING VAN STRAFOOGMERKE TEN OPSIGTE VAN ALTERNATIEWE VONNISOPSIES

Na aanleiding van die van *'nothing works'* sienswyse van Robert Martinson (*What works ? Questions and Answers about Prison Reform: 1974*), ten opsigte van behandeling en rehabilitasie, met die gegaande propagering van

vergelding as enigste oorweging by vonnisoplegging, is die laaste paar jare versigtig herbesin. Aandag is geskenk aan die strewe na geregtigheid en gelykheid in strafoplegging en die uitskakeling van dispariteit tussen vonnisse. Een van die basiese oogmerke van alternatiewe vonnisse is ook om die fokus te rig op die menseregte van gevangenes en die ondersoek na die omstandighede in gevangenis. Daar bestaan verskeie vonnisse wat in Suid-Afrika as alternatief tot gevangenisstraf beskou kan word soos in artikel 297 van die Strafproseswetgewing 51 van 1977 vervat is. Van die gewilde alternatiewe vonnisopsies behels boetes, opgeskorte vonnis, ondertoestigstelling, gemeenskapsdiens. Korrektiewe toesig word ook as alternatiewe vonnisopsie beskou, maar tree gewoonlik eers in werking nadat die oortreder reeds 'n tydperk in die gevangenis spandeer het. (sien ook 6.5)

Die strafoogmerke wat gewoonlik tydens vonnisoplegging van toepassing is, is vergelding, afskrikking, beskerming van die gemeenskap en hervorming. (sien ook 5.6). Restitusie word dikwels as die vyfde element bygevoeg. Teenstanders van die behandelingsideaal voer dikwels aan dat alternatiewe 'n ligte vonnisopsie is en nie aan die strafoogmerke voldoen nie. Dit is die doel van hierdie afdeling om spesifiek aandag aan hierdie aannames te gee. Tabel 6.3 illustreer hoe sommige alternatiewe vonnisopsies soos byvoorbeeld boetes of ondertoestigstelling aan die eienskappe van die strafoogmerke voldoen.

Tabel 6.3 : Illustrasie oor hoe alternatiewe aan die strafoogmerk kriteria voldoen.

STRAFOOGMERK :

ALTERNATIEWE VONNISOPSIE :

<p>Vergelding Vergelding is verdiende leed en die beginsel hang ten nouste saam met die kousaliteitsgedagte naamlik dat alle handeling gevolg het. Dit impliseer dat goeie handeling tot</p>	<p>Boete : Doel van boetestraf moet wees om oortreder vir sy misdryf te straf deur hom finansiële te benadeel. Het dus vergeldingsoogmerk as doel. Ondertoestigstelling : Bevat straf-element omrede dit veeleisend is en</p>
---	---

<p>goeie gevolge en slegte handeling tot die teenoorgestelde lei. Vergelding is 'n logiese voorvereiste vir die rehabilitasie van die oortreder in die opsig dat hy tot die insig en besef kom dat hy verkeerd gehandel het. Die intrede van die gesindheidsverandering is 'n belangrike proses van die oortreder se rehabilitasie. In hierdie konteks, regverdig rehabilitasie dan ook vergelding as oogmerk van straf.</p>	<p>baie dwangmaatreëls besit wat nagekom moet word.</p> <p>Gemeenskapsdiens : Die vergeldings element behoort in die aard van die gemeenskapsdiens gesetel te wees, om byvoorbeeld diens by staatslykhuis te lewer na die oortreder skuldig bevind is aan dronkbestuur.</p>
<p>Afskrikking</p> <p>Die vrees vir straf kan 'n besondere rol in die oorwegingsituasie speel, wat die pleeg van 'n misdaad voorafgaan, deur 'n deurslaggewende invloed uitgeoefen word op die voornemende oortreder om hom van misdadige gedrag te weerhou. Die belangrikste regverdiging vir afskrikking as strafoogmerk is geleë in die feit dat die afskrikings invloed van straf kan meehelp om misdaad te voorkom. By die beoordeling van die effektiwiteit van afskrikking as strafoogmerk is dit noodsaaklik dat die straf altyd vrees sal wek, en dat die straf as vergelding van die misdaad spoedig en met sekerheid intree.</p>	<p>Boete : Straftoemeter moet bevel tot gevangenisstraf uitreik indien boete nie betaal word nie.</p> <p>Ondertoesigstelling : Dit is slegs 'n opskorting van 'n vonnis wat in werking gestel word indien die oortreder hom nie hou by die voorwaardes wat deur die hof gestel is nie.</p> <p>Gemeenskapsdiens : Indien gemeenskapsdiens byvoorbeeld as 'n direkte alternatief vir gevangenisstraf gebruik word, dien dit as ware opgeskorte vonnis alternatief tot gevangenisstraf. Dit besit 'n beslissende afskrikwaarde.</p>

<p>Beskerming</p> <p>Weens die onvolmaaktheid van die mens sal oortredings van gemeenskaps-voorskrifte altyd teenwoordig wees. Om hierdie rede is beskerming as strafoogmerk se doelstelling om die gemeenskap teen die gevolge van misdadige gedrag te beskerm. Die grootste moontlike beskerming van die gemeenskap is geleë in die rehabilitasie van die oortreder.</p>	<p>Boete : Straftoemeter se plig om te verseker dat boete gepaste straf is en dit genoegsame beskerming aan gemeenskap bied.</p> <p>Ondertoesigstelling : Die oortreder word slegs vir proef oorweeg as die hof redelik oortuig daarvan is dat die oortreder hom by die gemeenskap sal kan aanpas.</p> <p>Gemeenskapsdiens : Die oortreder word hier ook vir gemeenskapsdiens gekeur nadat die hof redelik daarvan oortuig is dat die oortreder hom by die gemeenskap sal kan aanpas.</p>
<p>Rehabilitasie</p> <p>Die rol wat straf tydens rehabilitasie van die oortreder speel is daarin geleë dat straf die oortreder 'n geleentheid bied om te rehabiliteer deur te verander of beter insigte te kom. Straf op sigself beskik ook sekere inherente eienskappe wat tot die hervorming van die oortreder kan bydra omrede een van die eienskappe van straf is dat dit die oortreder ontvanklik maak vir morele beïnvloeding. Die oortreder is 'n mens en is deel van die samelewing en moet weer terugkeer na die samelewing. Dit is om hierdie rede belangrik dat die oortreder 'n beter mens terugkeer na die samelewing toe. Rehabilitasie kan in wese net</p>	<p>Boete : Het hervormingswaarde in die opsig dat oortreder twee keer sal dink voor hy weer oortree.</p> <p>Ondertoesigstelling : Streef die hervorming van die oortreder na. Die oortreder word slegs vir proef oorweeg as die hof redelik oortuig daarvan is dat dit tot die oortreder se uiteindelijke rehabilitasie sal lei</p> <p>Gemeenskapsdiens : Indien 'n paslike gemeenskapsdiens opsie aan die oortreder toegeken word, kan dit tot die hervorming van die persoon bydra.</p>

<p>binne 'n samelewing van die gemeenskap voltrek word, en waar die misdadiger hierdie geleentheid ontsê word, moet die gemeenskap medeverantwoordelik gehou word vir sy mislukking.</p>	
--	--

Een van die groot struikelblokke tydens die oorweging van alternatiewe vonnisse, is kwessies soos die publieke mening en houding wat die straftoemeter in gedagte moet hou. In *S v Schietekat* 1998 (2) SACR 707 (CPD) at 715, word die hof se sentiment oor die publieke mening opgesom as: *"Courts must stand aloof from public hysteria. We must guard against perverting justice in the service of public passion while, on the other hand, being alive to the critical need that society be kept safe. Law and order are synonymous with the very notion of community. They are the glue which welds it. Nonetheless we must approach our task dispassionately. The interests of justice require rigorous and clinical analysis. Law rules equally with order. Neither can operate unjustly. If they do, society fails"* en in *S v Adriaan de Lange Swart*, saak 9974, Kaapstad Hoogeregshof, 22 April 1974, het Regter J Steyn die opmerking gemaak oor die belang van die gemeenskap: *"Primêr streef ons deur middel van strafoplegging na die beskerming van die gemeenskap. Hierdie beskerming kan beste bereik word in 'n proses waarin die belange van die gemeenskap met die belange van die oortreder versoen word...[D]ie hof mag hom by die bepaling van straf nie laat lei deur die onoorwoë retributiewe eise van die oningelikes in die gemeenskap nie. Indien ons aan hierdie eise sou toegee sal die regsmasjinerie in tru-rat gesit word en sal ons terugbeweeg na openbare teregstellings en die afkap van ledemate vir minder ernstige misdade soos nietige diefstal".*

Soos reeds in tabel 6.3 aangedui is, word die oortreder slegs vir 'n alternatiewe strafsanksie oorweeg as die hof redelik daarvan oortuig is dat die oortreder hom by die gemeenskap sal kan aanpas en nie 'n gevaar vir die gemeenskap

inhou nie. Hieruit kan afgelei word dat meeste alternatiewe aan die strafoogmerke voldoen.

6.7 ALTERNATIEWE VONNISOPLEGGING IN SUID-AFRIKA

Die situasie wat tans in Suid-Afrikaanse korrektiewe stelsel ervaar word, is nie as gevolg van die tekort aan alternatiewe vonnisopsies nie, maar eerder as gevolg van die traag regstelsel wat tot 'n groot aantal verhoorafwagendes gevolg het. Ander bydraende faktore tot die huidige situasie is die langer vonnisse asook gevangenis gesentreerde vonnisse. Gemiddeld 62% skuldig bevindende oortreders ontvang 'n vonnis wat op die een of ander wyse met gevangenis verbinding is (Muntingh 2005:1).


Dit is moeilik om 'n studie oor alternatiewe vonnisopsies in Suid-Afrika te bewerkstellig as gevolg van die gebrek aan akkurate of op-datum kwantitatiewe inligting. Verslae asook vervolgings, skuldigbevindings en vonnisopleggings wat deur die *Central Statistical Services* gelewer is, was sedert 1995/6 gestaak en moet daar ander bronne geraadpleeg word. Die Suid-Afrikaanse Departement van Korrektiewe Dienste se databasis is egter op datum aangaande die gevangenisbevolking.

Daar is skynbaar ook nie 'n oorhoofse en omvattende benadering tot vonnisoplegging wat in lyn is met die nasionale beleid of riglyne nie. Dit is om hierdie rede nie moontlik om nie-aanhoudings-verbandhoudende vonnisse soos korrektiewe toesig, binne hierdie raamwerk te plaas en teenoor die voorgenome uitkomst te evalueer nie. Die uitkomst van die Suid-Afrikaanse Regskommissie se vonnisopleggingsraamwerk vir Suid-Afrika is nog nie gefinaliseer nie. Die Suid-Afrikaanse Departement van Justisie en Konstitusionele Ontwikkelingsprojek wat poog om insette te lewer van hoe die strafregstelsel binne die nuwe demokratiese Suid-Afrika daarna uit te sien, behoort 'n waardevolle bydrae ten opsigte van vonnisoplegging te lewer. (sien ook 5.8)

Voormalige Regter *Johannes Fagan* van die Regterlike Inspektoraat van Gevangenis, het in sy 2004/2005 jaarverslag wat aan mnr. *Thabo Mbeki* voorgelê is, gemeld dat geen blaam op die Suid-Afrikaanse Departement van Korrektiewe Dienste geplaas moet word omtrent die oorbevolkte gevangenis nie, maar eerder oor die funksionering van Suid-Afrikaanse strafregspiegingsstelsel met aspekte soos arrestasie, vonnisoplegging en wetgewing (JIOP 2004/05:11). As deel van sy aanbeveling oor die situasie, het Regter *Fagan* 'n duidelike boodskap aan mnr. *Mbeki* (voormalige President van Suid-Afrika), gerig dat die oorig van meer gevangenis nie die antwoord is nie. Regter *Fagan* het aan die parlement voorgestel, dat 'n verskeidenheid alternatiewe vir gevangenisstraf opsies beskikbaar is en behoort aangemoedig te word. Ook *Mihalik* (1986:690), wie se *Doctor Legum* tesis gehandel het oor die noodsaaklikheid vir alternatiewe strawwe, het reeds in die middel 1980's tot die slotsom van sy studie gekom deur die Suid-Afrikaanse situasie op te som: "Die gebrek aan vertroudheid met alternatiewe strafsanksies by die Suid-Afrikaanse publiek en straftoemittingsbeampies is 'n kenmerk van ons strafregspieging wat telkens deur kommissies en deskundiges beklemtoon word".

Vervolgens gaan aandag aan 'n paar alternatiewe vonnisopsies gegee word wat in Suid-Afrika van toepassing is. *Dissel & Mnyanyi* (1995:11-25) wys daarop dat die alternatiewe vonnisopsies wat in Suid-Afrika beskikbaar is, sluit onder andere in die verwysing van die oortreder na 'n inrigting, boetes, gemeenskapsdiensbevele, korrektiewe toesig, ondertoetsigstelling, vergoedings bevel, opgeskorte vonnis en afwending.

Tabel 6.4 : Alternatiewe vonnisopsies



6.7.1 Verwysing na 'n inrigting

Wanneer alkoholiste, dwelmverslaafdes of persone wat aan 'n geestelike versteuring ly, mag sodaniges deur die hof na 'n inrigting verwys word in plaas van 'n gevangenis, indien hulle skuldig bevind word van 'n oortreding. Oortreders mag vir 'n onbepaalde tydperk in so 'n inrigting aangehou word. Die hof moet redes verskaf waarom die oortreder na 'n inrigting verwys word. In *S v Williams* (1993) (1) SACR 674 (A), het die hof bevestig dat 'n vonnis wat die rehabiliterende behandelings opsie behels vir die behandeling van

dwelmverslawing binne die gemeenskap, 'n baie groter kans op sukses het aangesien die oortreder steeds sy werk behou en by sy familie woon. Dit is noodsaaklik dat 'n voorvonnisevalueringsverslag aan die hof voorgelê word. Daar is egter in sommige gevalle probleme teenwoordig wat 'n invloed op hierdie vonnisopsie mag hê naamlik,

- Die oortreder mag onrehabiliteerbaar wees.
- Daar is slegs 'n beperkte aantal openings beskikbaar binne hierdie instansies.
- Die instellings is baie duur om te onderhou.
- Daar is geen vasgestelde tydperk vir die vrylaat van die oortreder nie. Die oortreder kan dus langer tyd in die instansie spandeer as nodig is vir die oortreding wat hulle begaan het.

6.7.2 Boetes

Die hof mag aan die oortreder 'n vonnis oplê deur die betaal van 'n boete. Dit word gedoen om die oortreder uit die gevangenis te hou. Boetes kan onafhanklik ingestel word maar dien dikwels as alternatief vir gevangenisstraf. Die hof bepaal die boete asook wanneer die betaling moet geskied. Die betaal van 'n boete mag ook vir 'n beperkte periode opgeskort word op voorwaarde dat die oortreder nie weer binne 'n sekere tydperk dieselfde oortreding begaan nie. Die oortreder mag vir die hof vra om die boete op te skort of in paaiemente te betaal. Die hof vereis gewoonlik dat die boete dadelik betaal word sodat die oortreder in aanhouding vrygelaat word.

Dit is geen uitgemaakte saak dat die boete as strafvorm net vir minder ernstige gevalle bedoel is nie; intendeel, boetes en veral die swaar boete, kan ook vir meer ernstige gevalle aangewend word. Dit is dus die plig van die straftoemeter om te verseker dat die erns van die misdaad wat gepleeg is, en as hy bevind dat die misdaad so ernstig is dat slegs gevangenisstraf die gemeenskap effektief teen die oortreder sal beskerm, word 'n boete inderdaad nie oorweeg

nie. Dit is egter belangrik dat die straftoemeter by die oplegging van 'n boetestraf ook 'n bevel tot gevangenisstraf sal uitreik om sy wanbetaling van die boete in werking te tree. Die doel van die boetestraf moet steeds wees om die oortreder vir sy misdryf te straf deur hom finansiëel te benadeel en terselfdertyd sover moontlik uit die gevangenis te hou. Sodoende word die vergeldings-oogmerk nie buite rekening gelaat nie. Die doel van die boete is ook nie om die oortreder geldelik te ruïneer nie, maar volgens die behoeftes van die beskuldigde bepaal word. Die Viljoenkommissie wat die ondersoek na die strafregspiegtingstelsel in Suid-Afrika(1975:147) gedoen het, het Regter Viljoen sy vaste geloof en oortuiging uitgespreek dat die grondslag van iedere vonnis, hoe lig dit ook al is, vergelding is. Vergelding en skuld word as hegte vennote deur die Kommissie beskou. (sien ook 2.3.2)

Indien die oortreder nie die boete betaal nie, kan die hof een van die volgende doen;

6.7.2.1 Die balju van die hof opdrag gee om 'n lasbrief vir die beslag oplegging op die oortreder se eiendom.

6.7.2.2 Opdrag gee dat die geld van die oortreder se salaris afgetrek word.

Die hof probeer gewoonlik eers vasstel hoeveel boete die oortreder in staat is om te betaal en behoort dan proporsioneel te wees van die oortreder se inkomste. In die meeste gevalle skryf die wet nie voor oor hoeveel die oortreder beboet moet word soos in die geval van verkeersoortredings nie. In sekere gevalle vermeld die wet oor die minimum of maksimum bedrag wat die oortreder moet betaal. Indien die betaling nie geskied nie, kan die oortreder gearresteer word en na 'n gevangenis gestuur word vir die tydperk soos deur die hof vasgestel is.


Een van die Suid-Afrikaanse Regskommissie se ondersoek na die nuwe vonnisopleggingsraamwerk vir Suid-Afrika, se aanbevelings is dat boetes as vonnisopsie behoue moet bly. Die boete omskrywing moet egter geherdefinieer word na 'n dagboete stelsel: *'Serious consideration needs.....to be given to a*

formalized system for relating the fine to the ability of the accused to pay. In this regard the so-called unit- or day-fine system is particularly attractive as it presents a model for linking desert and personal circumstances. In this system the seriousness of the offence is reflected in units of days. The accused is then fined an amount that is calculated by multiplying the day units by their daily income minus deductions for basic needs.... However...[It] was argued that a unit fine system was particularly important in a framework where the seriousness of the offence was the primary determinant of punishment. Guidelines developed in terms of fine units rather than monetary amounts were held to be inherently more just than guideline fines set in global amounts that did not take the spending power of the offender into consideration.....' (Terblanche 2008:45). Die Kommissie het die argumente vir hierdie voorgestelde dagboetestelsel aanvaar.

6.7.3 Gemeenskapsdiens bevel

In hierdie afdeling word die gemeenskapsdiens bevel in oënskou geneem. Aandag word ook geskenk aan die Ophelp projek wat as praktiese voorbeeld dien van die bydrae wat oortreders in die gemeenskap kan lewer. Daar word ook gekyk na die verskillende beskouings van gemeenskap sowel as die oortreder se sienings van gemeenskapsdiens bevel en laastens die vraag of gemeenskapsdiens werklik as straf beskou word.

Tabel 6.5 : Gemeenskapsdiens bevel



'n Gemeenskapsdiens bevel dien as 'n alternatiewe vonnisopsie vir gevangenisstraf. Dit kan omskryf word as 'n vonnis wat deur die hof aan 'n oortreder voorgeskryf word om diens te lewer by 'n nie-winsgewende instansie vir 'n bepaalde aantal ure sonder enige vergoeding (*Schmallegger & Smykla* 2005:G-1). Wanneer die hof die oortreder tot gemeenskapsdiens vonnis, dien hy/sy die vonnis buite die gevangenis uit deur gratis diens in die gemeenskap te lewer in sy/haar vrye tyd. Die dienslewering geskied gewoonlik by 'n instansie wat die gemeenskap in sy geheel dien soos byvoorbeeld 'n hospitaal, tuistes vir bejaardes, skole ensomeer. Die doel van hierdie vonnisopsie is om te verseker dat die oortreder sy/haar skuld aan die gemeenskap terugbetaal en terselfdertyd 'n stabiele leefwyse handhaaf.

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat gemeenskapsdiens nie beperk is tot minder ernstige oortredings nie, maar kan ook van toepassing wees op ernstige oortredings waar die oortreder aan die vereistes vir so 'n vonnis voldoen. 'n Voorbeeld hiervan is in die saak *S v Abrahams* 1990 (1) SACR 172 (C), toe die voorsittende beampte met verwysing na gemeenskapsdiens aangehaal het dat dit ook 'n vorm van straf is wat die meeste doelstellings van straf bevredig.

'n Vonnis tot gemeenskapsdiens is ook nie beperk tot in die geval van 'n eerste oortreder nie. In *S v Mogara* 1990 (2) SACR 9 (T), is die aangeklaagde 'n

moeder van drie minderjarige kinders en die familie se enigste broodwinner wat aangekla was vir winkeldiefstal ter waarde van R9,62. Die beskuldigde het alreeds vier vorige veroordelings vir winkeldiefstal en was tot 12 maande gevangenisstraf gevonniss. By die hersiening van die vonnis het die hof gesê dat die belange van die kinders 'n belangrike rol moes gespeel het tydens die oorweging van die vonnis. Die saak is terugverwys na die magistraat wat 'n proefbeampte verslag moes verkry om die oorweging van gemeenskapsdiens in ag te neem.

In die saak *S v Van Vuuren* 1992 (1) SACR 127 (A), het die voorsittende beampte JA Van den Heever opgemerk dat die Wetgewer voorsiening maak vir verbeeldingryke en sosiaal konstruktiewe nie-inrigtings verbandhoudende vonnisse luidens artikel 297 (1) van die Suid-Afrikaanse Strafproseswet 51 van 1977, naamlik die opskorting van die vonnis, *inter alia*, dat die oortreder gemeenskapsdiens lewer. In hierdie geval was die 46 jarige dame 'n eerste oortreder wat beskuldig bevind was vir die diefstal van meer as R73 000 van haar werkgewer wat 'n bank was. Die diefstal het plaasgevind as gevolg van 'n finansiële verknorsing waarin sy haarself bevind het en die diefstal het oor 'n tydperk van meer as twee jaar geskied. Die beskuldigde wat reeds 28 jaar diens by die bank het, was ontslaan gewees as gevolg van die oortreding. Sy het die bank terugbetaal met haar pensioen en geld wat sy by haar familie geleen het. 'n Vonnis van vyf jaar gevangenisstraf wat gedeeltelik opgeskort was is opgelê. Nadat sy appèl aangeteken het, het die appèlhof gemeen dat die oortreder nie weer sou steel nie en daarom nie rehabilitasie of afskrikking benodig nie en dat vergelding nie 'n vonnis van effektiewe gevangenisstraf voorskryf nie, en dat 'n vonnis van gemeenskapsdiens aan al die vereistes van vonnisoplegging voldoen. Hierdie vonnis van gevolglik gewysig tot vyf jaar gevangenisstraf wat ten volle opgeskort was op voorwaarde dat die oortreder nie weer 'n soortgelyke oortreding begaan nie en dat sy 330 uur gemeenskapsdiens in ruil lewer.

Gemeenskapsdiens bevele poog om die volgende doelwitte te bereik;

- Die oortreder in staat stel om sy/haar werk te behou.
- Kontak te behou tussen die oortreder en die familie.
- Die oorbevolkings probleem binne die gevangnisse te verlig.
- Rehabilitering van die oortreder in die gemeenskap.
- Die oortreder in staat te stel om die gemeenskap terug te betaal vir die skade wat aangerig was.

Gemeenskapsdiens bevele is tot voordeel van beide die oortreder en die gemeenskap by wyse van die volgende;

- Die oortreders word uit die gevangenis gehou en daarom word die herintegrasie probleme terug in die gemeenskap vermy.
- Die oortreders kan aan die gemeenskap terugbetaal vir die skade wat berokken is deur onbetaalde diens te lewer.
- Die oortreders bied bystand aan instansies wat op vrywillige diens staat maak.
- Oortreders is vry van die negatiewe effekte van gevangenisstraf.

Volgens wetgewing kan gemeenskapsdiens slegs aan persone van 15 jaar en ouer opgelê word wat 'n eerste oortreder is. Daar word van die oortreder verwag om ten minste 50 uur diens te lewer. Gemeenskapsdiens mag vir enige oortreding opgelê word behalwe in die geval waar die hof 'n minimum of maksimum vonnis vereis.

Artikels 297 (1) (a) en (b)(i)(cc) van die Suid-Afrikaanse Strafproseswet 51 van 1977, maak voorsiening vir die lewering van gemeenskapsdiens as voorwaarde van die uitgestelde of opgeskorte vonnis. Alhoewel die Suid-Afrikaanse Strafproseswetgewing 51 van 1977 voorsiening maak vir hierdie vonnisopsie, word die proses nie duidelik beskryf nie en was dit daarom nie as 'n vonnisopsie gebruik nie. Dit was eers in 1980 nadat loodsprojekte deur die Nasionale Instituut vir Misdaadvoorkoming en die Rehabilitasie van Oortreders

(NIMRO), in Kaapstad en Durban ingestel is dat hierdie prosedures ontwikkel was. Artikel 297(1)(a)(cc) van die Suid-Afrikaanse Strafproses Wysigingswet (nr. 33 van 1986) het die statutêre misverstand opgeklaar en duidelike riglyne omtrent gemeenskapsdiens neergelê.

Die mees belangrikste riglyne vir gemeenskapsdiens volgens Muntingh (2005:117) is:

- Die oortreder moet 15 jaar of ouer wees;
- 'n minimum van 50 uur diens moet verrig word;
- die oortreder en die instelling moet beide skriftelik ingelig word omtrent hul onderskeie verpligtinge en verantwoordelikhede;
- dit is 'n misdryf indien die oortreder vir diens rapporteer onder die invloed van alkohol of dwelmmiddels;
- dit is 'n misdryf vir iemand anders om voor te gee om die persoon te wees wat tot gemeenskapsdiens gevonnissen is;
- enige skade wat mag voortspruit tydens die verrigting van gemeenskapsdiens kan van die staat geëis word;

Die prosedure van hierdie vonnisopsie kan as volg opgesom word:

- na skuldigbevinding kan die hof versoek dat die oortreder vir gemeenskapsdiens geassesseer word en die saak uitgestel word tot 'n later datum;
- 'n assesserings onderhoud word dan gedoen met die oortreder deur 'n proefbeampte, NIMRO sosiale werker, of ouers van die oortreder in die geval van 'n kind;
- die fokus van die assesserings onderhoud sal wees rondom die oortreder se lewenstyl stabiliteit, gewilligheid om gemeenskapsdiens te verrig, persoonlike omstandighede ensomeer;
- gebaseer op die uitkoms van die inligting wat tydens die onderhoud na vore gekom het, sal die proefbeampte 'n aanbeveling tot die hof rig aangaande die oortreder se gepastheid vir gemeenskapsdiens. Indien paslik, word die aantal ure gemeenskapsdiens wat verrig word

gespesifiseer, die periode wanneer dit verrig moet word en die moontlik plek van plasing;

- indien die hof in ooreenstemming is met die aanbeveling tot gemeenskapsdiens sal die hof die aantal ure spesifiseer, die plasingstydperk wanneer die gemeenskapsdiens voltooi moet word, die minimum aantal ure per maand wat diens verrig moet word, gewoonlik ook al die voorwaardes van 'n opgeskorte gevangenis termyn;
- die lewering van die oortreder se diens sal dan deur die proefbeampte of NIMRO gemonitor word;
- indien die oortreder versuim om die voorwaardes van die vonnis na te kom, is hy/sy geregtig tot een geskrewe waarskuwing waarna die hof van die situasie ingelig sal word en die alternatiewe voorwaardes van die vonnis in werking tree.

Die oortreder moet gewillig wees en oor die tyd beskik om 'n onbetaalde diens te lewer. Gewoonlik word die oortreder deur sy prokureur, advokaat, kriminoloog of die hof tot gemeenskapsdiens verwys. Die oortreder word gewoonlik eers deur 'n maatskaplike werker of proefbeampte geassesseer. Elke oortreder word individueel hanteer waarna 'n verslag aan die hof voorgelê word vir oorweging vir gemeenskapsdiens van die oortreder. Dit is soms moeilik om die persoon na 'n toepaslike instansie te verwys aangesien nie alle instellings in staat is om die oortreders te aanvaar en toesig oor hou nie. Gemeenskapsdiens word tans onderbenut op grond van die volgende redes;

- 'n Tekort aan gemeenskapsbetrokkenheid.
- 'n Gebrek aan gepaste instansies waar oortreders hulle vonnisse kan uitdien.
- Dit is 'n vonnisopsie waarmee voorsittende beamptes nie altyd baie vertrouwd mee is nie.
- Onvoldoende beheer en toesig deur die Staat.

Die probleem van onvoldoende beheer en toesig oor die oortreder kan egter oorbrug word deur elektroniese monitering soos reeds in Suid-Afrika van toepassing is. Elektroniese monitering word beskryf as: “*This program requires an offender to wear a bracelet or anklet that will emit an electronic signal, confirming via telephone contact that the offender is located at a specific, required location. Strict curfews are required and restrictions on visitors may be imposed. Some monitoring systems have the capability of emitting signals that can be picked up by cellular listing posts within a community, to signal to a computer monitor that the offender is moving within the community (not at home)*” (Latessa & Allen 1997:55-56).

6.7.3.1 Ophelp Projek

Die *Ophelp-projek* is ’n ideale voorbeeld van hoe ’n gemeenskapsprojek geleentheid aan oortreders bied wat deur die plaaslike gemeenskap gevonniss is om diens in die gemeenskap te verrig. Hierdie projek word aktief deur die Kaapstad se gemeenskapshof gesteun en is ’n illustrasie van hoe ’n sosiale probleem tot voordeel van die gemeenskap aangewend word en terselfdertyd ’n straf-element besit. By hierdie projek word oortreders betrek tot voordeel van Kaapstad se inwoners wat die stad se kantoorwerkers in die stadskom en omliggende gebiede insluit asook toeriste wat die stad besoek. Die *Ophelp-Projek* of beter bekend as “Jesus Saves“, is die inisiatief wat *Straatwerk*, ’n Christelike instansie wat deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in 1965 gestig is. Die fokus van die *Ophelp-Projekte* is op die rehabilitering van persone wat nog nie in staat is om produktief en verantwoordelik op te tree nie, te bevorder. *Projek-Opruim* (’n afdeling van die *Ophelp-Projek program*), se spanne word sewe dae per week ingespan om Kaapstad se strate skoon te hou. Daar is spanne wat *graffiti* verwyder, wat een van die redes is waarom Kaapstad vanaf Kampsbaai tot Woodstock *graffiti*-vry is. Daar is spanne wat op die Kaapstad se Parade rommel opruim, spanne wat net sigaretstompies in die stad optel, en spanne wat omsien na die opruiming van menslike ontlasting wat voor winkels se ingange in die nag agterlaat is. Sosiale oortreders word gereeld deur die Kaapstad Gemeenskapshof gevonniss om skofte van 4 uur werk saam met *Projek-Opruim* te verrig. Dit stel ook

diegene in staat om 'n ekstra verdienste te bekom aangesien baie van hierdie persone haweloses is. Die projek het die stadsvaders van Kaapstad so beïndruk, dat hulle nou reeds vir die dienste van projek *Ophelp* betaal. Die *Cape Town Central Improvement District se Social Development Program* wat deel is van Kaapstad se Stadsraad, was in staat om werk aan 28 haweloses te verskaf as gevolg van die sukses van hierdie projek. 'n Ander sukses verhaal is die Sondag spanne was in staat was om in April 2007 alleen, 3.5 ton rommel te versamel (Straatwerk Inligtingsdokument 2008).

Hoewel gemeenskapsdiens geen nuwe verskynsel is nie, is daar tog vrae wat dikwels hieromtrent gevra word betreffende die effektiwiteit van hierdie vonnisopsie. Vanuit 'n penologiese oogpunt beskou, is dit belangrik om insig te verkry oor die oortreder se siening en mening oor gemeenskapsdiens as straf. Afdeling 6.7.3.2 poog dus om meer lig op sommige van hierdie vrae te werp.

6.7.3.2 Beskouing van gemeenskapsdiens

Nadat 'n Amerikaanse regter gevra is waarom hy gemeenskapsdiens vonnisse oplê, het hy hierop geantwoord :*“I am trying to say to the defendant-not literally, but in essence-You are not getting away scot-free. You are being punished. However, we’re hoping that you learn from this experience that something has happened to you as a result of your arrest and conviction. Next time, it’s jail”*. Die regter wonder ook dikwels of oortreders die boodskap ontvang wat straftoemeters aan die oorteder probeer oordra, en stel dit soos volg: *“Do the defendants view the community service as a joke, thinking, ‘I got away with something’ ? Or do they think ‘this is a real drag’ ? I don’t know how they view it”*. Om hierdie vrae te beantwoord is 81 persone wat tot gemeenskapsdiens gevonniss is, onderhoude mee gevoer deur die *Vera Community Service Sentencing Projects* in Manhattan, Bronx en Brooklyn in New York (Mac Donald 1986:140-141). Vervolgens word 'n paar uittreksels aangehaal wat uit die onderhoude na vore getree het en meer lig op hierdie vrae gewerp.

6.7.3.3 Oortreders se mening omtrent gemeenskapsdiens ?

Nadat die vraag aan die oortreders gevra is waarom hulle hier is om gemeenskapsdiens te verrig, het sommiges dit beskou as om die gemeenskap 'terug te betaal' terwyl ander dit weer beskou as 'n verpligting om 'te werk ' en om 'uit die kwaad te bly' of die volgende uitlatings gemaak;

- *“Basically, all I can see is that the project is here to make us work and do the seventy hours. I haven't seen the project do anything more for us“.*
- *“The project is supposed to make your ass be here for seventy hours and if you aren't, then turn your ass into the court“.*
- *“All the project is supposed to be doing is enforcing the ten days of work or I'll be in trouble“.*
- *“It's giving us a chance to work our sentence off and keep us off the streets until we get a job“.*

Ander oortreders beskou weer die projek as 'n werksopleiding poging wat hulle van vaardighede voorsien en algemene werkgewoontes aankweek;

- *“It's supposed to keep me out of trouble and teach people how to do some work. There are people who never worked before and the project is suppose to teach us what normal people do to support themselves“.*
- *“The project is supposed to be helping us by showing us how to get up early and come to work“.*
- *“It's supposed to rehabilitate a person in a drug-free way. Again the idea of working and trying to get us into motion. The project propels you into a work movement that you need in order to keep a job“.*

Sommige oortreders beskou weer hierdie vorm van sanksie as 'n benadering wat 'n boodskap bevat;

- *“Teaching us that stealing is not a way of life. It’s supposed to teach you how to be responsible by coming on time and keeping your word”.*
- *“The project is supposed to make people face reality. Reality is doing something for yourself, not taking anything for someone, nor harming anyone, and doing something for society. This is a chance to help your people is a poor community so that they have a better place to live”.*

Die uiteenlopende reaksies van oortreders ten opsigte van die beskouing van gemeenskapsdiens as straf, dui daarop dat elke oortreder verskillend is. Strafindividualisasie is daarom 'n noodsaaklike voorvereiste om te bepaal of die oortreder werklik by gemeenskapsdiens as vonnis sal baat vind.

6.7.3.4 Is gemeenskapsdiens straf ?

Daar is 'n persepsie dat gemeenskapsdiens 'n ligte strafsanksie is. Dit is nie altyd so nie omrede die ongerief dikwels groot inbreuk op die oortreder se privaatheid maak. In terme van die felheid van gemeenskaps gebaseerde vonnisse, kan 'n drie maande gevangenisstraf termyn byvoorbeeld deur 'n ses maande tydperk gemeenskapsdiens ingestel word, maar deur 'n twee jaar lank gevangenisstraf vonnis te verdubbel na 'n vier jaar lange gemeenskapsdiens bevel, sal dit baie min sin maak en slegs moeisaamheid vir die afhanklikes van die oortreder beteken (Roberts 2004:155).

As illustrasie dat gemeenskapsdiens nie noodwendig 'n ligte strafsanksie is nie, kan hier verwys word na die voorbeeld van twee mediese dokters, Julius Preddy wat tussen periode 1993 tot 1999, R156,792 en Percy Miller, R756,156 van 'n radiologiese firma ontvang het, as aansporing vir die verwysing van pasiënte na die firma in die Linksfield Park Kliniek in Johannesburg. Die dokters het vyf jaar gevangenisstraf ontvang wat opgeskort was vir vyf jaar op voorwaarde dat hulle nie weer aansporings geld gedurende hierdie tydperk

ontvang nie. Hulle moes verder geld wat hulle verdien gedurende die eerste jaar terugbetaal aan die *Health Professions Council of South Africa*, en elke dokter moes een dag per week gemeenskapsdiens verrig in 'n Staats- hospitaal oor 'n twee jaar periode. Die dokters het appèl teen die vonnis aangeteken en het aangevoer dat: "*the punishment would unfairly rob them of their R800- R1200 hourly rates*". Die Hooggeregshof vir Appèl in Bloemfontein het beslis dat die vonnis wat opgelê is nie te fel is nie. Regter Ken Mthiyane het gesê hy stem nie saam met die dokters se argument dat hulle eerder van hulle praktyk vir ses maande geskors behoort te word in plaas daarvan om deur die hof gedwing te word om een dag per week vir twee jaar lank gemeenskapsdiens verrig nie (Maughan 2008:6).

Die *Vera Institute* se beplanners van strawwe is van mening dat hulle eerder 'n straf ontwerp in plaas van die oortreder net in 'n rehabilitasie program plaas. Die rede hiervoor is dat laasgenoemde nie 'n sanksie is met 'n strafwekkende effek nie, of soos hulle dit stel: "*Unpaid labor performed under threat of jail already bears the marks of punishment*" (MacDonald 1986:153). Die vraag wat gevra word, is of gemeenskapsdiens as straf beskou word deur diegene wat dit moet verrig. Om die vraag te beantwoord was onderhoude met oortreders gevoer nadat hulle gemeenskapsdiens voltooi het. Die oorgrote meerderheid respondente het nie gemeenskapsdiens as straf beskou nie. Daar was ook bewyse gelewer dat dit die oortreders se selfagting verbeter het deur 'n werk te hê, of soos een 38 jarige man dit stel: "*I don't think it is a punishment because when I come to the site in the morning I see things differently. I feel good riding the subway in the morning knowing that I am going to work. You then say to yourself, 'If I did these ten days with no problem, then I can do it on a regular job'*" (MacDonald 1986:154). Wanneer oortreders hierdie vraag beantwoord, dink hulle eerstens aan wat die term straf vir hulle beteken en waarna die standaard dan vergelyk word met die van gemeenskapsdiens. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat meeste van die oortreders reeds voorheen aan die gevangenis blootgestel was en dus gemeenskapdiens direk met gevangenisstraf vergelyk. Een van die respondente het die vergelyking as volg beskryf: "*There's no emotional comparison between this and jail. Out here you can talk to people and tell them about your problems. In jail they don't want to hear about your shit. You have to protect your macho image. In jail, you keep*

your litte spot and protect it, thats it! In jail, everbody bullshits about being a pimp, being this shit, and saying how bad they were. In jail too, everybody is a lawyer. You tell them about your case and right away they tell you what to do to beat the case, how to appeal, and what you have to do. They know what's best for you – a lot of bullshit. Out here, you can sit down and watch a girl pass by and say something sweet. In jail, you just sit and watch the homos. Out here you're free after five to do what you please“(MacDonald 1986:155)

MacDonald (1986:155) is van mening dat gevangenisstraf is omrede dit jou vryheid erg inkort, dit 'n dwang atmosfeer is en die bewaarders geen belang het in die welsyn van die aangehoudenes nie. Gemeenskapsdiens is geensins soos 'n gevangenis nie en word dit om hierdie rede nie as straf beskou nie. Aangesien hierdie navorsing reeds in 1979-1981 uitgevoer is, is navorser van mening dat gemeenskapsdiens programme sedertdien baie aangepas is. Dit kan dus strenger gestruktureer word met inagneming van die oortreding, die oortreder sowel as die strafoogmerke in gedagte. Omtrent die rehabiliterende waarde van vonnisse wat in die gemeenskap volstrek word, is Roberts (2004:38) se beskouing ten opsigte van gemeenskapsdiens meer optimisties: *”Imprisonment is exclusionary, destructive and anathema to the sentencing objectives such as restoration and rehabilitation. In contrast, community custody is an inclusive sanction; although carrying a punitive element, it also encourages rehabilitation and restoration”*.

6.7.4 Waarskuwing en ontslag

Dit is die ligste strafvorm wat 'n hof aan 'n oortreder kan instel. Hierdie vonnis opsie is gewoonlik van toepassing as die oortreder 'n klein oortreding begaan het. Nadat die hof die oortreder skuldig bevind het, sal die hof 'n waarskuwing aan die oortreder rig om nie weer die oortreding te begaan nie en die oortreder is vry om te gaan.

Die feit dat die oortreder skuldig bevind is, word egter deur die hof aangeteken sodat daar 'n rekord is dat die oortreder 'n oortreding begaan het.

6.7.5 Vergoedings bevel

Tydens hierdie vonnis opsie word die oortreder deur die hof aangesê om 'n bedrag geld aan die slagoffer te betaal vir die skade wat aan die slagoffer se eiendom gerig is. 'n Gevangenisstraf of boete mag opgeskort word op voorwaarde dat die slagoffer eers vergoed word. Vergoeding kan ook deel vorm van korrektiewe toesig vonnis opsie. Hierdie vonnis opsie word nie te dikwels deur ons howe verstrekk nie. Dit is dikwels moeilik vir die howe om die werklike bedrag geld te bepaal wat die oortreder aan die slagoffer moet betaal.

6.7.6 Opgeskorte vonnis

'n Opgeskorte vonnis kan omskryf word as: *“A suspended sentence which has been imposed, in all the detail that is required for the proper imposition of such sentence, but of which the operation is suspended for a specific term, subject to the fulfilling by the offender on whom the sentence has been imposed, of the conditions on which the suspension has been based”* (Terblanche 1999:412).

In hierdie geval kan die hof aan die oortreder 'n vonnis hef en dit dan opskort vir 'n sekere periode op voorwaarde dat die oortreder nie enige verdere oortreding van 'n spesifieke aard weer oortree nie. Die hof kan 'n oortreding van 'n boete of gevangenisstraf opskort. Wanneer 'n vonnis opgeskort word, gaan die oortreder nie na die gevangenis of betaal 'n boete nie, tensy die oortreder die voorwaardes van die opskorting verbreek het.

Indien die oortreder egter aan soortgelyke oortreding skuldig bevind is gedurende die vyf jaar periode, mag die hof die vonnis in werking stel. Dit beteken dat die oortreder weer voor die hof gebring word en dan enige toepaslike vonnis opleë of die aanvanklike vonnis uitvoer en die oortreder gevangenis toe stuur.

Die hof kan die vonnis opskort deur een van die volgende positiewe voorwaardes te stel;

- Betaal van kompensasie aan die slagoffer.
- Die lewer van 'n spesifieke diens aan die slagoffer.

- Gemeenskapsdiens verrig.
- Plasing onder korrektiewe toesig.
- Bywoon van 'n spesifieke behandelings program.

Indien die oortreder gemeenskapswerk verrig of skade vergoeding betaal, dan is die opgeskorte vonnis nie meer van toepassing nie. Sodra die oortreder nie gemeenskapsdiens verrig of skade vergoeding betaal nie, kan die oortreder egter weer voor die hof verskyn. Opgeskorte vonnisse het 'n positiewe invloed deur die mense uit die gevangenis te hou en deur voorsiening te maak vir nuwe vonnisse soos gemeenskapsdiens.

Die nadele verbonde aan opgeskorte vonnisse is dat;

- Waar daar nie positiewe voorwaardes ingestel word nie, kan oortreders die indruk kry dat hulle ligtelik afgekom het.
- Howe mag opgeskorte vonnisse vir ligte oortredings instel. As die oortreder dus die voorwaardes verbreek, kan hy/sy na 'n gevangenis gestuur word vir 'n ligte oortreding waarvoor hulle nie eerstens gevangenis toe gestuur sou word nie.

6.7.7 AFWENDING

Afwending is nog 'n manier om oortreders buite die gevangenisopset te hanteer. In plaas van die oortreder voor die hof te daag en skuldig bevind word, word die kriminele klag teen die oortreder onttrek op voorwaarde dat die persoon iets doen in belang van die samelewing. Afwending kan omskryf word as: *"The official halting or suspension, at any legally prescribed processing point after a recorded justice system entry, of formal criminal or juvenile justice proceedings against an alleged offender, and referral of that person to a treatment or care program, administered by a nonjustice agency or a private agency, or no referral"* (Latessa & Allen 1997:436).

Die eerste formele afwendingsprogramme in Suid-Afrika was in 1992 deur Nimro op die been gebring (Muntingh 1998:1). Statistiek volgens die *South-African National Prosecuting Authority* toon dat afwending oor 'n vyf jaar periode vanaf 14,808 tot 44,474 oortreders per jaar gegroei het. Dit is 'n groeikoers van net meer as 200% oor hierdie periode.

Tabel 6.6 : Afwending Vordering Aanduiders

	2002/03	2003/04	2004/05	2005/06	2006/07	Verandering teenoor vorige jaar	Verandering oor periode
Afwendings	14,808	17,952	18,946	37,422	44,474	18.8%	200.3%

Bron: National Prosecuting Authority (2007:06)

Die doelstelling van hierdie gedeelte is om 'n bondige uiteensetting van voorbeelde van 'n paar afwendings-programme binne die *Nimro* kader te gee. Voorbeelde van sommige ander instansies word ook gekategoriseer soos die *Chrysalis Academy*, die *Khulisa Projek*, *Saystop*, *Diversion into Music Education*, *The Restorative Justice Model*, *The President's Award Programme*, die *Ekupholeni Mental Health Centre*, *Big Brothers Big Sisters*, *Edu Africa* en *South Africa Ecotherapy Group*.

Dit is binne hierdie raamwerk wat *Nimro* poog om die oortreder, strafregstelsel, slagoffer en die gemeenskap te bemagtig om in die rigting van herstellende geregtigheid te beweeg. Die doel is om die skade wat deur misdaad aangerig is te herstel. Afwendingsprogramme demonstreer dat daar alternatiewe wyses is vir die hantering van sommige oortreders buite gevangenisverband.


Die stelsel in samewerking met *Nimro* wat ingestel is, is gerig om jeugdige uit die gevangenis te hou. Indien die oortreder 'n geringe oortreding begaan het, kan die polisiebeampte die saak na die proefbeampte of *Nimro* verwys. Die oortreder moet erken dat hy/sy die misdaad begaan het en hoef dan nie voor die hof gebring word nie. Die persoon moet wel die een of ander vorm van gemeenskapsdiens verrig of een van *Nimro* se programme bywoon. Hierdie prosedure kan ook uitgebrei word om volwassenes te akkommodeer onder sekere omstandighede soos byvoorbeeld in die geval waar die oortreder

vir rehabilitasie moet gaan. Die opskorting van die vervolging bied aan die oortreder die geleentheid om sy/haar gedrag te hervorm. Die voordele verbonde van hierdie prosedure is dat die durasie en koste van die vervolgingsproses en lang verhoor uitgeskakel word.

6.7.8 NIMRO PROGRAMME

Die Nasionale Instituut vir Misdaadvoorkoming en Rehabilitasie van Oortreders (NIMRO), is 'n nie-regeringsinstansie wat reeds in 2005 hul 95 bestaansjaar herdenk het. Muntingh (1997:4) beskryf vyf afwendings programme wat deur Nimro geïmplementeer is en wat hoofsaaklik op jeugdiges gemik is naamlik:

Tabel 6.7 : Nimro Programme



6.7.8.1 Youth Empowerment Scheme

Hierdie lewensvaardigheidsprogram betrek jong mense sowel as hul ouers of voogde. Hierdie afwendingsprogram is 'n gesamentlike poging tussen Nimro en die Kantoor van die Prokureur Generaal. Die idee van die program is om dit voor die verhoor laat geskied om te verhoed dat die jongeling 'n misdaad rekord kry wat sy toekoms kan beïnvloed. Die program kan egter ook tesame met 'n ander vonnisse gebruik word. Die *Youth Empowerment Scheme* is bestaande uit lewensvaardigheidsprogramme wat een middag per week vir ses agtervolgende weke plaasvind. Die doel is om die jong oortreder bewus te maak om in die gemeenskap binne sosiale aanvaarbare sosiale norme op te tree ten einde toekomstige misdadige optrede te verhoed.

6.7.8.2 Pre-Trial Community Service

Die program stel die oortreder in staat om gratis gemeenskapsdiens by 'n nie-winsgewende instansie te lewer in stede van vervolging. Die aanklag teen die oortreder word onttrek op voorwaarde dat die diens voltooi word binne die voorgeskrewe minimum aantal uur per maand.

Dit is die verantwoordelikheid van Nimro om 'n indiepte assessering van die oortreder aan die hof te voorsien. Indien Nimro nie die persoon geskik vind vir gemeenskapsdien nie, sal dit so in die verslag aangedui word en aan die aanklaer verduidelik word wat dan gewoonlik voortgaan met die saak.

6.7.8.3 Victim Offender Mediation

Hier word die oortreder saam met die slagoffer gebring in 'n poging om 'n ooreenkoms te bereik wat die behoeftes van beide partye aanspreek. Gedurende die mediasie proses word aspekte van persoonlike gevoelens en restitusie bespreek. Die *Victim Offender Mediation* proses is sensitief teenoor sosio-verhoudings verwante aspekte van misdaad en gee die slagoffer 'n deelnemende rol om die konflik wat uit die oortreding voortspruit

op te los. Die doel van hierdie kommunikasieproses is om met behulp van die bemiddelaar 'n ooreenkoms tussen die partye te bereik wat kan bestaan uit 'n verskoning, monetêre kompensasie of direkte vergoeding wat die slagoffer mag gely het. Die *Victim offender Mediation* konsep is suksesvol in Europa en Noord-Amerika alhoewel dit taamlik nuut in Suid-Afrika is.

6.7.8.4 Family Group Conferencing

Die program is bykans dieselfde as in 6.7.9.11, maar betrek die familie en vriende van die jong persoon. Dit is 'n proses wat daarop gemik is om die balans te herstel en die voorkoming van toekomstige oortredings te verhoed. Die konsep is gebaseer op die siening dat tradisionele familie en vriende alreeds aan die effek van oortredings blootgestel was en dat hulle sodoende bevoeg is om hierdie optredes te hanteer. Die slagoffer moet dat hulle verhaal bekendgemaak word en die verkeerdheid van die misdadige optrede wat hulle ervaar het, reggestel word.

Die idee van hierdie proses is om te verseker dat jong mense verantwoordelikheid aanvaar vir hul optredes en dat die skade van die misdaad genees word.

6.7.8.5 The Journey


Hierdie intensiewe en lang termyn program is daarop gemik om jong persone wat groter risiko is en wie 'n langtermyn verbintenis het tot die strewe na 'n konstruktiewe en onafhanklike lewenstyl. Die doel van die program is om probleemsituasies aan die jeug te voorsien wat gebaseer is op avontuurlike ervarings wat op 'n buitemuurse intervensie model geskied. Die jeug word geleer om eie beheer oor hulle lewe te neem.

6.7.9 Ander Afwendingsprogramme

Benewens Nimro se afwendings programme is daar ook ander instansies wat die oortreder geleentheid bied om die een of ander program te volg. Dit

sluit in The Chrysalis Academy, Khulisa, DIME (Diversion into Music Education), The Restorative Justice Model, The President's award programme, Ekupholeni Mental Health centre, Big Brothers Big Sisters, Educa Africa, SA Ecotherapy Group, ICTIM Offender Mediation, Family Group Conferences en Home supervision. Die aard van hierdie programme word kortliks bespreek en sluit nie die hele spektrum in wat in Suid-Afrika beskikbaar is nie.

Tabel 6.8 : Afwendings programme



6.7.9.1 The Chrysalis Academy

'n Ander afwendings inisiatief wat tot die beskikking van jeugoortreders is, is die bywoon van 'n kursus by *The Chrysalis Academy* in Tokai Kaapstad. Die instansie wat hoofsaaklik mans tussen die ouderdomme van 16 en 22 jaar toelaat, laat ook die laaste tyd 'n beperkte aantal vroue toe. Die *Chrysalis* opleidings konsep is 'n vyf jaar program wat in drie fases verdeel is, poog om werklose jeugdiges fisies sowel as geestelik te bemagtig deur

hulle voor te berei vir die struikelblokke wat hulle in toekoms op hulle lewenspad mag ervaar. Die visie van die instelling is om die misdaadvlak en geweld in die Wes-Kaap te verminder deur jeugdige wat 'n hoë risiko loop te verander in sterk, positiewe gemeenskapsleiers van die toekoms deur intensiewe en deurlopende opleiding.

Fase een behels twaalf weke opleidingsprogram. Studente word vir die program gekeur nadat 'n aansoekvorm en assesseringsproses voltooi is. Fase twee is daarop gemik om jaarliks kontak met die gegradueerdes te behou deur hulle te evalueer, uitruil van inligting, die handhawing van standarde, gemeenskaplike bystand en berading oor 'n een week tydperk. Die finale doelstelling tydens fase drie is die direkte oorplasing van die *Chrysalis* ethos in die gemeenskap by wyse van gegradueerdes.

Gedurende die aanvanklike twaalf weke program word studente aan intens fisieke aktiwiteite blootgestel wat gepaard gaan met verskillende areas van intellektuele en sosiale ontwikkeling. Hulle bekom vaardighede wat hulle voorberei vir die arbeidsmark. In samewerking met die Westlake Tegnieuse Kollege kan studente kursusse doen in motorherstelwerk, sweiswerk, metaal en houtwerk, sjef assistente ensomeer. Dit gaan gepaard met doelstellings, spanwerk, motivering, probleemoplossing en kommunikasie. Die toelating tot hierdie program is hoofsaaklik beperk tot diegene uit voorheen benadeelde gemeenskappe uit die Wes-Kaapse gemeenskap omrede die instansie deur die Wes-Kaapse Regering gefinansier word. 'n Ander toelatingsvereiste is dat die student nie 'n misdaadrekord mag hê nie. Geen drank mag op die perseel gebruik word en daar mag nie gerook word nie.

6.7.9.2 Khulisa

'n Ander erkende inisiatief is die *Khulisa* projek wat onderneem om misdaad te voorkom deur jeug ontwikkelings en opbou programme te fasiliteer. Hoë risiko jeugdige wat in konflik met die reg is vanuit agtergeblewene gemeenskappe word geteiken. Hierdie een jaar rehabilitasie program se fokus is op die bevordering van persoonlikheidsvaardighede asook die

ontwikkeling van emosionele intelligensie ontwikkeling by wyse van self ontwikkelde skeppende skryfkuns. Met die Khulisa se MIB programme word jeugleiers opgelei om met die afwendingsprogramme behulpsaam te wees.

6.7.9.3 DIME

Dime is 'n inisiatief wat programme aanbied en daarop ingestel is om misdadige gedrag te verminder of te elimineer met behulp van die *Diversion into Music Education* projek. Hierdie inisiatief van die Universiteit van die Wes-Kaap, teiken jeugoortreders wat deur die hof aan hulle toegeken is om die afwendingsprogram te fasiliteer. Jeugdige word musikale vaardighede geleer om 'n sin van prestasie te ervaar wat weer hul eie waarde verbeter en hopelik 'n nuwe toekomsvisie te bewerkstellig.

6.7.9.4 The Restorative Justice Model

Die *Restorative Justice Model* is ook 'n afwendingsprogram wat jong persone in plattelandse gebiede teiken.

6.7.9.5 The President's Award Programme

The *President's Award Programme* met programme bekend as *Reintegration and Diversion for Youth (Ready)*. Dit is 'n holistiese program wat die doelwit stel om jeugdige se sosiale, sielkundige en fisiese welsyn te bevorder en te bemagtig vir persone tussen die ouderdomme van 14 en 25 jaar.

6.7.9.6 Ekupholeni Mental Health Centre

'n Projek in Kathorus wat in die ooste kant van Johannesburg geleë is, wat bekend staan as die *Ekupholeni Mental Health Centre* bied geestesgesondheids diens aan by wyse van terapeutiese intervensie metodes soos berading en vaardigheidsontwikkeling aan "moeilik

bereikbaar en hoë risiko seuns en mans tussen die ouderdomme van 12 en 20 jaar.

6.7.9.7 Big Brothers Big Sisters

'n Interessante projek naamlik *Big Brothers Big Sisters* wat sy oorsprong uit Amerika het, bied rigting en leiding aan jeugdige wat risiko loop om met die misdaad te bots. Die metodologie is om een-tot-een verhouding met die jeugdige en volwassenes te bou wat as rolmodel vir risiko persone kan dien.

6.7.9.8 Educa Africa

Educa Africa is ingestel om jeugdige te bereik by wyse van 'n buitemuurse eksperimentele model.

6.7.9.9 South African Ecotherapy Group

Die *South African Ecotherapy Group* het ten doel om eko-terapie deur die land te bevorder deur programme aan hoë risiko jeug bloot te stel en met die nodige lewensvaardighede toe te rus.

6.7.9.10 ICTIM Offender Mediation

Hierdie herstellende geregtigheidsmodel is gebaseer op die basis waar die oortreder en die slagoffer in aangesig met mekaar kom met die hulp van 'n opgeleide mediator in 'n veilige en nie-dreigende omgewing. Die doelwit is om al die aspekte rondom die oortreding te bespreek om sodoende die geleentheid te skep om dit wat verkeerd is reg te stel by wyse van restitusie aan die slagoffer of indirek aan 'n derde party soos die gemeenskap. Daar word ook gekyk na praktiese oplossings en aanbevelings aan die hof wat gebruik kan word vir vonnisoplegging.

6.7.9.11 Family Group Conferences

Hierdie Nieu-Zeelandse konsep is soortgelyk aan die *Victim Offender Mediation* bemiddelingsproses (Naudè, Prinsloo en Ladikos 2003:12). Hier word ondersteuningsgroepe betrek soos gemeenskapsleiers en familie om die oortreder en slagoffer by te staan in die bemiddelingsproses. Familielede neem gewoonlik gesamentlike verantwoordelikheid ten opsigte van die restitusie aan die slagoffer. Hierdie proses is ideaal van toepassing waar jong oortreders by betrokke is. Nimro fasiliteer beide die *Family Group Conference* en die *Victim Offender Mediation* programme.

6.7.9.12 Tuis toesig

Hierdie afwendings alternatiewe word deur die Suid-Afrikaanse Departement van Sosiale Ontwikkeling bestuur en is gemik tot hoë risiko kinders wat 'n misdryf begaan het. Hierdie opsie kan gebruik word :

- a) as 'n alternatiewe plasing in plaas van 'n plek van veilige aanhouding
- b) as 'n afwendingsprogram, of
- c) as 'n vonnisopsie.

Die kind moet onder die sorg van die ouers of voog of toepaslike volwassene geplaas word. Die monitering van die kind word deur 'n assistent proefbeampte gedoen soos gestipuleer word in die Wet van 35 van 2002 maar die proefbeampte bly steeds die saakbestuurder. Tuis toesighouding het getoon dat dit 'n baie suksesvolle program is vir enige hoë-risiko kind wat met die gereg bots. Dit is 'n koste effektiewe manier om gedragsverandering by die kinders te bevorder waarvoor die ouers verantwoordelik gehou word. Verskillende programme kan tydens hierdie opsie van gebruik maak word (Departement van Sosiale Ontwikkeling – Inligtingsbrosjure).

Volgens Nimro het ondervinding geleer dat om afwendingsprogramme suksesvol te laat funksioneer, dit belangrik is om 'n goeie werksverhouding met plaaslike staatsaanklaers te hê. Die feit dat afwending nie geregleer word nie beteken dat die magte van die staatsaanklaers 'n groot impak op die sake het

wat afgewend word. Dit strook met 'n studie wat deur die *Community Law Centre* onderneem is, deurdat tot die gevolgtrekking gekom is dat: "...*the fate of juveniles charged in different regions, is overall, a somewhat arbitrary affair. If this is indeed the case, it is not penologically justifiable, and the goal of equal justice is not being met*" (Muntingh 1998:3).

6.7.10 KORREKTIEWE TOESIG

Artikel 276(1) (h) van die Suid-Afrikaanse Strafproseswet 51 van 1977 kan korrektiewe toesig as suiwer vonnisopsie deur die hof opgelê word. Die hof kan 'n beskuldigde tot 'n maksimum van drie jaar Korrektiewe toesig vonnis, nadat 'n verslag van 'n proefbeampte by die hof ingedien is. Die hof kan beskuldigdes kragtens artikels 276 (1) (i) en 276A (92) van die Suid-Afrikaanse Strafproseswet 51 van 1977 tot hoogstens vyf jaar gevangenisstraf vonnis. Hiervolgens kan die Kommissaris van die Departement Korrektiewe Dienste hulle na goeddunke onder korrektiewe toesig plaas. Die hof kan kragtens artikel 276 (3) van die Suid-Afrikaanse Strafproseswet 51 van 1977 gevangenisstraf saam met korrektiewe toesig oplê.


Korrektiewe toesig poog om sommige probleme op te los wat tydens gemeenskapsdiens bevel ervaar word terwyl die voordele verbode aan hierdie vonnis opsie dieselfde is as die van 'n gemeenskapsdiens bevel. Korrektiewe toesig is in der waarheid nie soseer 'n vonnis nie, maar is eerder 'n samestelling van meervoudige maatreëls waarvan die enkele gemeenskaplike kenmerk is dat dit buite die gevangenis geskied.

Wanneer 'n korrektiewe toesig bevel deur die hof uitgereik is, moet hulle ook sekere take in die gemeenskap verrig alhoewel die wet nie presies voorskryf wat gedoen moet word nie. Dit is gewoonlik die Suid-Afrikaanse Departement van Korrektiewe Dienste se taak om hierdie pligte voor te stel. Die toesiggeval word deur die proefbeampte gemonitor. Korrektiewe toesig is 'n goedkoper vonnisopsie as byvoorbeeld gevangenisstraf en is 'n straf in sy eie reg. Daar is dikwels die persepsie dat korrektiewe toesig 'n sagte vonnisopsie is, maar soos

die appèl afdeling in die volgende uittaling bevestig soos in Schönreich (1999:11) vervat is in: *S v E* 1992 (2) SACR 625 (A) was dit gestel dat 633 a-b: *“What is clear is that correctional supervision is no lenient alternative. It can, depending on the circumstances, involve an exacting regime, even virtual house arrest. Its advantage is that it is geared to punish and rehabilitate the offender within the community, leaving his work and domestic routines intact and without the obvious negative influences of prison. It can also involve specific rehabilitative treatment and community service“.*

Die hof kan las dat die toesiggeval by een of meer van die volgende opsies inskakel :

Tabel 6.9 : Korrektiewe Toesig vonnisopsies



6.7.10.1 Huisarres

Een van die basie elemente van korrektiewe toesig is dat die toesiggeval tydens sy vrye tyd, na werkstyd, onder huisarres is. Die toesiggeval word verplig om by sy huis te bly volgens 'n tyd wat dit billik is vir hom om na werk by sy huis te kom, tot 'n billike vertrektyd om betyds by die werk te wees. As deel van die huisarres word 'n toesiggeval beperk tot die landdrosdistrik waarin hy woonagtig is. Die toesiggeval word verbied om enige alkoholiese drank te gebruik of plekke waar drank bedien word, te besoek (Neser 1993:431). Hier word van die oortreder verwag om gedurende sekere tye tuis by die huis moet wees. Uitsonderings word gewoonlik gemaak om die toesiggeval kans te gee om te gaan werk, inkopies te doen en om godsdienstige byeenkomste by te woon.

6.7.10.2 Gemeenskapsdiens

Hier werk die oortreder 'n sekere aantal ure in die gemeenskap in sy/haar vrye tyd sonder enige vergoeding. Voorbeelde behels die opruiming van openbare parke of werk te verrig by 'n hospitaal. Vir die doeleindes van korrektiewe toesig word gewoonlik 16 uur gemeenskapsdiens per maand vereis.

6.7.10.3 Rehabilitasieprogramme

Die deelname aan 'n behandelingsprogram vir alkohol of dwelmmisbruik of deelname aan 'n program wat hom/haar behulpsaam sal wees om werk te vind. Daar kan miskien oorweeg word om 'n jonk seksuele oortreder te stuur om die SAYStOP program by te woon. Die *South African Young Sex Offenders Project* strewe daarna om innoverende en effektiewe intervensies te gebruik om jonk seksuele oortreders te beheer en te hanteer met die doelwit om te verhoed dat 'n patroon van seksuele afwykende gedrag gevestig word en sodoende die moontlikheid verminder dat die jonk persoon soortgelyke oortredings in die toekoms begaan.

6.7.10.4 Slagoffervergoeding

Oortreders word gelas om hul slagoffers op die een of ander wyse te vergoed. Die korrektiewe toesigbeampte kan toesien dat die slagoffer vergoed word. Dit is juis een van die voordele van korrektiewe toesig dat die oortreder se werk kan behou en sodoende die slagoffer vergoed vir die skade.

6.7.11 ETIOLOGIE VAN GEMEENSKAPSKORREKSIES

Korrektiewe toesig is 'n gemeenskapsgebaseerde vonnisopsie wat deur die howe opgelê en in die gemeenskap uitgedien word onder streng toesig en beheer van korrektiewe toesigbeamptes (Neser 1999:429).

Suid-Afrika se korrektiewe toesig is gebaseer op die fundamente van die Georgia-model. Die staat Georgia in die VSA, het ook met oorbevolkte gevangnisse geworstel en gevolglik korrektiewe toesig op die been gebring om as substituuat vir gevangenisstraf te dien. Die rasionaal vir die skepping van gemeenskapsgebaseerde vonnisse in Amerika was dus die gevangenis oorbevolkings kwessie wat noue verband gehou het met swak aanhoudings fasiliteite. Die Suid-Afrikaanse model is dus op die Amerikaanse konsep wat bekend is as die Georgia-model geskoei.

6.7.11.1 GEORGIA-MODEL

Die Georgia-model van korrektiewe toesig het in die Amerikaanse staat Georgia in die vroeë 1970's ontstaan, vanweë die gevangenisoorbevolkingsprobleme wat hulle ervaar het. Die gevangenisowerhede was van mening dat die oplossing nie daarin lê om meer gevangnisse te bou nie, maar eerder om die aandag te vestig op alternatiewe vonnisopsies. Die Departement van Korreksies het soveel welslae met hierdie konsep behaal, dat die *'Ford Foundation'* in 1987 sy jaarlikse toekenning vir *'Innovations in state and local government'* aan die Departement toegeken is. (Neser, 1993:428).

Verskillende alternatiewe vonnisopsies is binne die Georgia-model tot beskikking en behels die volgende;

6.7.11.2 Basiese Korrektiewe Toesig

Hierdie kategorie wat ook die gewildste opsie is, vorm die hoeksteen van die Georgia-model. Oortreders word volgens verskillende risiko-groepe gegroepeer om die graad van toesig te bepaal. Die monitering van die toesiggevalle word deur korrektiewe toesigbeamptes hanteer.

6.7.11.3 Gemeenskapsdiens

Hierdie gewilde straf opsie dien as voorwaarde vir korrektiewe toesig. Oortreders wat hulle skuldig maak deur voorwaardes te verbreek, se dienslewering word in die gemeenskap aangewend ten voordeel van die gemeenskaplike instansie. Voorbeelde sluit in die opruiming van 'n begrafnisperseel sonder enige vergoeding.

6.7.11.4 Intensiewe Korrektiewe Toesig

Hierdie program is gedurende 1982 geïmplementeer en is gemik op die meer ernstige oortreder maar wat steeds nie 'n risiko vir die gemeenskap inhou nie. Soos verwag kan word, is streng voorwaardes hier van toepassing. Twee klasse word hier toegepas naamlik standaard- en huisarres. Elke vlak het verder drie grade van toesig wat al ligter word met die tyd totdat die oortreder na ongeveer 12 maande onder basiese korrektiewe toesig geplaas word.

6.7.11.5 Afwendingsentrums

Afwendingsentrums bied die howe die geleentheid om jeugoortreders te straf maar deur hulle terselfdertyd aan rehabilitasieprogramme bloot te stel. Die oortreder word verplig om vir sy verblyf te betaal aangesien hy steeds sy werk behou. Hy word ook gereeld vir alkohol en dwelms getoets. Die oortreder bly gewoonlik vir vier tot vyf maande in die sentrum, waarna hy onder gewone korrektiewe toesig geplaas word.

6.7.11.6 Aanhoudingsentrums

Die sentrums is hoofsaaklik gereserveer vir diegene wat voorwaardeverbrekers is vir periodes wat wissel van 60 tot 120 dae en rehabilitasieprogramme wat hoofsaaklik in die aand aangebied word.

6.7.11.7 Spesiale Alternatiewe Aanhouding

Volgens die Georgia-model is dit die strengste kategorie van aanhouding en is slegs vir manlike oortreders tussen ouderdomme 17 tot 25 jaar gereserveer. Gekwalifiseerdes moet fiks wees en word vir 90 dae onder streng militêre toesig aangehou. Daar word gepoog om hom tot ander insigte binne hierdie tydperk te bring.

6.7.12 ONDERTOESIGSTELLING

Artikel 297 van die Suid-Afrikaanse Strafproseswet 51 van 1977 maak voorsiening vir 'n proefdiensstelsel vir volwasse oortreders. Die artikel lees soos volg: 297. (1) Waar 'n hof iemand skuldig bevind aan 'n ander misdryf ten opsigte waarvan 'n wet 'n minimum straf voorskryf, kan die hof na goedgekeurde-

- (a) die oplegging van vonnis vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar uitstel en die betrokke persoon –

- (i) op een of meer voorwaardes vrylaat, hetsy betreffende-
- (aa) skadeloosstelling
- (bb) die verskaffing aan die benadeelde persoon van een of ander bepaalde voordeel of diens in plaas van skadeloosstelling weens skade of geldelike verlies;
- (cc) die verskaffing van een of ander diens tot voordeel van die gemeenskap;

Proefdienste word dikwels beskou as 'n vonnis wat die oortreder in staat stel om gevangenisstraf vry te spring. Indien dit wel die geval is, bereik proefdienste nie die doel waarvoor dit ingestel is nie. Die oortreder word slegs vir proef oorweeg as die hof redelik oortuig daarvan is dat die oortreder hom by die gemeenskap sal kan aanpas en dit tot sy uiteindelijke rehabilitasie sal lei. Proefdienste bevat ook egter elemente van straf aangesien dit veeleisend is, dwangmaatreëls insluit en slegs 'n opskorting van 'n vonnis is wat in werking gestel word indien die oortreder hom nie hou by die voorwaardes wat deur die hof gestel is nie.

6.8 GEMEENSKAPSKORREKSIES IN SUID-AFRIKA

Net soos die Staat Georgia genoop was om oplossings vir hulle oorbevolkte gevangnisse te kry, kon Suid-Afrika ook nie andersins as om indringende oplossings te vind nie. Hoewel die Georgiase stelsel uniek was, kon dit nie ten volle op eie bodem geïmplementeer word nie, vanweë ons eiesoortige Suid-Afrikaanse bevolkingsamestelling en kultuur wat eie aan ons land se opset is.

Prof. Charl Cilliers (Nexus, April 1992:24) maan dat die volgende paar vrae eers gevra moet word omtrent die toepasbaarheid van die Georgiase model binne Suid-Afrikaanse konteks;

- Is die oortreder-samestelling van die betrokke jurisdiksie dieselfde as die in Georgia?
- Kan dieselfde moontlikhede vir korrektiewe toesig geskep word soos in die geval van Georgia ?
- Is Suid-Afrika se residivisme-syfer dieselfde as die van Georgia ?
- Dien die Georgia-model werklik as afskrikmiddel vir oortreders in 'n ander jurisdiksie ?

Een van die merkwaardigste historiese veranderinge wat die Suid-Afrikaanse korrektiewe stelsel in die vroeë 1990's ervaar het, was die skeiding van die Gevangenisdiens van die Departement van Justisie. Dit het tot die verandering van 'n paar gevangenis wetgewings tot gevolg gehad. 'n Ander belangrike historiese verandering was die bekenstelling van die konsep om sekere kategorie oortreders binne die gemeenskap te hanteer, eerder as binne 'n gevangenis. Dit was die begin van die daarstelling van die nie-aanhoudings stelsel of te wel *Korrektiewe Toesig*. Hierdie konsep was spesifiek inwerking gestel om as teenvoeter vir die oorbevolkte gevangnisse te dien.

Deel van die transformasieproses gedurende die eerste vyfjaar periode van die nuwe demokrasie, was die demilitarisasie van die korrektiewestelsel om die Departement se rehabilitasie doelwitte te bevorder. Gemeenskaps korrektiewe toesig dek alle nie-aanhoudings verbandhoudende maatstawe van toesighouding.

Daar is huidiglik 52 Korrektiewe Toesig en Paroolrade of beter bekend as *Correctional Supervision and Parole Boards* (CSPB's) landswyd. Al die CSPB's is gemeenskaps gebaseerd wat beteken dat alle lede vanuit die plaaslike gemeenskap is. Gedurende die Inspekterende Regter van Gevangnisse se inspeksies, het 97% van al die Gevangenis Hoofde tydens onderhoudvoering bevestig dat die CSPB in plek is en ten volle funksioneel is. 32% het egter erken dat daar 'n agterstand is aangaande parool gevalle. Die Departement van Korrektiewe Dienste se probleme wat met die CSPB's ondervind word, is byvoorbeeld die laat inhandiging van Profiel Verslae deur die Case

Management Committees (CMC's) of soms die tekortkoming van bewyse van die oortreder se deelname aan rehabilitasie programme of die tekort aan programme om die oortreder se gedrag aan te spreek. Regter Erasmus het sy kommer uitgespreek oor die voortdurende klagtes van gevangenes dat die rade nie behoorlik voorbereid is vir die paroolverhore nie of deur die CMC's ingelig is oor die parool sitting nie (Erasmus 2007:40-41).

Korrektiewe toesig moet geensins beskou word as 'n ligte vonnis opsie nie. Die voorwaardes verbonde aan hierdie vonnis is gewoonlik streng aangesien die oortreder se lewenstyl drasties ingekort word sowel as die onderwerping aan deurlopende toesighouding deur die Suid-Afrikaanse Departement van Korrektiewe Dienste. Wanneer 'n persoon byvoorbeeld onder huisarres is mag hy/sy nie die huis verlaat of selfs besoekers ontvang sonder die vooraf goedkeuring van die proefbeampte nie. 'n Toesiggeval mag verder nie die munisipale streek verlaat waarin hy/sy woon sonder die vooraf goedkeuring van die proefbeampte nie.

Toesiggevalle mag ook nie plekke besoek waar alkohol verkoop word en mag hulle nie alkohol of dwelmmiddels gebruik nie. Die gemeenskapskorrektiewe kantoor moet ook ten minste een keer per maand deur die toesiggeval besoek word.

Die doel van die voorwaardes onder die korrektiewe toesig opsie, is daarop gemik om die gemeenskap te beskerm sowel as die rehabilitering van die toesiggeval.

Die proefbeampte voer eerstens onderhoude en assesser die oortreder. Hierna word 'n verslag saamgestel wat aandui of die oortreder geskik is vir korrektiewe toesig wat aan die hof voorgelê word vir oorweging. Die volgende kriterium word altyd oorweeg;

- Of die oortreder toesig oor gehou kan word sowel as in die gemeenskap beheer kan word en daarby baat vind.
- Die gewilligheid van die oortreder om deel te neem aan behandelings programme.

- 'n Mate van verantwoordelikheid en standvastigheid word van die oortreder verwag.
- Bestaan daar 'n gevaar indien die oortreder binne die samelewing leef.
- Is die oortreder in staat om op 'n eie verdienste staat te maak of die steun van ander ontvang.
- Of die oortreder enige vorige skuldig bevindings het en vir watter soort oortredings was hy/sy betrokke by.
- Is die persoon 'n eerste oortreder sonder misdadige neigings.

Die toesiggeval word op die volgende wyses toesig oor gehou deur die proefbeampte;

- Die proefbeampte mag die toesiggeval se werksplek en huis besoek om te verseker dat die toesiggeval is waar hy/sy moet wees.
- Die proefbeampte mag die toesiggeval se werksplek telefonies in verbinding tree.
- Die toesiggeval mag die Departement Korrektiewe Dienste se gemeenskapskorreksies kantoor besoek vir konsultasie.

'n Oortreder wat reeds tot gevangenisstraf gevonnisd is, kan sy/haar vonnis verander na 'n vonnis van korrektiewe toesig. Die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Korrektiewe Dienste doen aansoek tot die hof vir die huidige gevangenisstraf vonnis om te verander na korrektiewe toesig. Dit is toelaatbaar wanneer die oortreder se vonnis;

- Minder as vyf jaar gevangenisstraf is.
- Waar die vonnis langer as vyf jaar is, maar minder as vyf jaar oor is om die vonnis uit te dien.

In die geval wanneer 'n oortreder in die gevangenis is omrede hy/sy nie 'n boete kon betaal nie, is die Kommissaris van die Departement van Korrektiewe

Dienste by magte om die vonnis te verander na korrektiewe toesig sonder om eers 'n aansoek by die hof in te dien.

Daar is 'n aantal probleme wat opduik tydens die oorweging van korrektiewe toesig gedurende die vonnis. Van die faktore vir oorweging behels;

- Is daar 'n tekort aan gemeenskaps organisasies waarheen die oortreder verwys kan word.
- Dit is moeilik om hierdie vonnis in te stel vir persone wat nie 'n behoorlike woonadres het en sterk familie ondersteuning geniet nie aangesien oortreders nie altyd toesig oor uitgeoefen word nie.
- Proefbeamptes ervaar probleme om landelike gebiede te monitor sowel as onluste areas en informele nedersettings.
- Die tekort aan arbeid is 'n probleem.
- Ons howe is huiwerig om korrektiewe toesig as vonnis te gebruik.
- Prokureurs is nie altyd op hoogte van hierdie vonnisopsie nie en argumenteer nie as vonnis opsie nie.

Vermaak (2007:52), wys daarop dat dit belangrik is om daarop te let dat voorsittende beamptes op verskillende geleenthede gevra is om nie te huiwer om van korrektiewe toesig in toepaslike gevalle gebruik maak nie. Die uitsprake van vorige hof beslissings is belangrik aangesien dit as riglyn dien van die praktiese uitvoerbaarheid van die reg "*.....providing guidelines for the trial court's exercise of discretion and they sometimes provide useful guidance when they show a succession of punishments imposed for a particular type of crime*" (Terblanche 1999:129).

Een van die mees betekenisvolle uitsprake wat 'n impak op gemeenskapsdiens as vonnis gehad het, was die saak van *S v Abrahams (1) SACR 172 (C)* in 1990. Conradie J het aangevoer dat gemeenskapsdiens nie 'n vonnis is wat alleenlik van toepassing is op ligte oortredings nie. Hoewel gemeenskapsdiens nie vir alle oortreders geskik is nie, is daar wel diegene wat ernstige oortredings begaan het en uiters geskik vir gemeenskapsdiens is. Die voorsittende

beampte was van mening gewees dat direkte gevangenisstraf slegs van toepassing moet wees wanneer die oortreding van so 'n ernstige aard is, dat 'n vonnis in nie-aanhoudings verband, die strafregstelsel in diskrediet sal plaas in die oë van die gemeenskap.

In *S v Mogarain* 1990 (ongerapporteerde saak), is beslis dat gemeenskapsdiens nie beperk behoort te wees tot eerste oortreders nie. In *S v Russouw* 1991 1 SACR 561 (C), het die hof as deel van vonnisoplegging gesê dat gemeenskapsdiens “*a valuable weapon in the fight against crime*”, is dit gewoonlik nie toepaslik vir oortreders wat die een of ander vorm van persoonlikheid versteuring ly of residivisme nie. Gebaseer op die feite van die saak het die hof bevind dat gemeenskapsdiens nie toepaslik is vir 'n tweede oortreder wat skuldig bevind is aan bedrog vir 'n groot bedrag geld nie.

Omtrent die aanname dat gemeenskapsdiens nie altyd prakties uitvoerbaar is nie, is in *S v Sikhunyana* (1) SACR 206 (Tk) 1994 beslis dat die behoorlike ondersoek na alle kwessies noodsaaklik is, ongeag van die administrasie en praktiese probleme wat met gemeenskapsdiens geassosieer word, behoort die hof nie deur hierdie beperkinge gekniehalter word nie. Regter Langa het in 1994 in die Konstitusionele hof beslis dat lyfstraf vonnis in *S v Williams* 1995 2 SACR 251 (CC), onvanpas is aangesien daar 'n aantal alternatiewe vonnis opsies beskikbaar is en daarop gewys dat korrektiewe toesig juis saamgestel is om die strafregstelsel te humaniseer. In die appèlverhoor van *S v Williams* 1995 2 SACR 251 (CC), het die hof gelas dat die oortreder groter sukses met die rehabilitering van sy dwelm-afhanklikheid in die gemeenskap kan behaal. Dit sal die oortreder in staat stel om sy werk te behou en by sy familie te woon. Hierdie aangeleentheid was vir die verandering na korrektiewe toesig verwys nadat aan die vereistes van artikel 276 A (1) (a) van die Suid-Afrikaanse Strafproseswet 51 van 1977 voldoen is.

Suid-Afrikaanse howe het reeds korrektiewe toesig toegepas selfs in gevalle van ernstige misdrywe soos moord en gewapende roof soos in die geval van: *S v Potgieter* 1994 (1) SACR 61 (A) – moord; *S v Kleynhans* 1994 (1) SACR 195 (O) – moord; en *S v Ingram* 1995 (1) SACR 1 (A) – moord. Daar is ook gevalle tydens vonnisoplegging waar die hof die waarde van alternatiewe

vonnisopsies tydens vonnisoplegging beklemtoon het. In *S v Schutte* 1995 (1) SACR 344 (C), het Steyn J die volgende in 349 c-h van die uitspraak aangehaal:

'Counsel for appellant has urged the argument upon us that a sentence of non-custodial correctional service is not necessarily a less severe sentence than direct imprisonment. Support for this viewpoint is to be found in the unreported, but persuasive judgment of Conradie J in the State v Margaret Gladys Harding (unreported case SS61/92 23-9-1992) in which, with reference to correctional supervision, he says the following at 1749 of the record of that case:

'The form of punishment to which a good deal of attention has been devoted in the debates before me is correctional supervision. Generally I should say about correctional supervision, which is a new and welcome sentencing option, that is not a soft sentence. Lieutenant Germishuys who told us something about it was at pains to emphasise that. In some ways it is harder than imprisonment. A cynic once said that the easiest life on earth is being a soldier or a nun: you only have to obey orders. Prison is like that. A model prisoner is the one who best obey orders. These are not ideal circumstances, generally, for the regrowth of character. Correctional supervision gives an offender greater scope for regrowth of character. It takes a great deal of restraint and determination on the part of a probationer. It can be very stressful. A probationer does not have his freedom – far from it – but he is not cut off from the community altogether. His support systems are not destroyed and in this way rehabilitation prospects are enhanced. Moreover there is the benefit that society does not lose the skills of someone who is able to maintain himself and his dependants, as well as the family unit. Community service, which goes hand in hand with correctional supervision, is beneficial. According to Lieutenant Germishuys a probationer must serve at least 26 hours per month, on average, over the period of correctional supervision. Community service is imposed as a matter of course.'

In *S v Ingram* (bogenoemde saak) is aangevoer in 9 g-h dat:

'Murder, in any form, remains a serious crime which usually calls for severe punishment. Circumstances, however, vary and the punishment must ultimately fit the true nature and seriousness of the crime. The interests of society are not best served by too harsh a sentence; but equally so they are not properly served by one that is too lenient. One must always strive for a proper balance.

'It seems to me, taking all relevant considerations into account, that punishment for an effective period of more than three years is not required in the present case. Equally, so it seems to me, the circumstances do not necessitate the removal of the appellant from society; provided he otherwise qualifies for correctional supervision he can be suitably punished using the means available under that sentencing option'.

Aandag word ook gevestig word op soortgelyke saakverwysings soos in *S v Abrahams* 1990 (1) SACR 172 (C); *S v R* 1993 (1) SA 476 (A); *S v Kotze* 1994 (2) SA 214 (C); *S v Flanagan* 1995 (1) SACR 13 (A) en *S v Medell* 1997 (1) SACR 682 (C).

Smit wat verbonde is aan die *Department of Corrections Science*, by die Universiteit van Suid Afrika, het 'n studie gedoen wat gehandel het oor gemeenskapskorreksies as alternatief tot gevangenisstraf in Suid-Afrika. Die studie dui aan die positiewe impak wat gemeenskapskorreksies op die gevangenisoorbevolking situasie kan hê. Smit se verwysing na die bevordering van gemeenskapskorreksies as alternatiewe vonnisopsie, dui daarop dat *"It is recommended that the Department of Correctional Services should embark on a serious marketing campaign to promote community corrections as an alternative option to imprisonment and to persuade the Department of Justice to sentence convicted offenders to community service more often. It is therefore advocated that the magistrate courts should play a leading role by sentencing low-risk offenders directly to correctional supervision and that the option of community service be utilised more often"* Smit (2004:55).

Een van die *Jali* kommissie se Ondersoek na ongerymdhede binne die Departement van Korrektiewe Dienste ondersoek na die aanbevelings omtrent

oorbevolkte gevangenis, was dat aangehoudenenes juis aansoek doen om op korrektiewe toesig uitgeplaas te word. Die Kommissie is van mening dat hierdie strategie 'n bydrae kan lewer om die oorbevolkte gevangenisgetalle te verminder (Van den Berg 2007:37). (sien ook 2.3.4)

6.9 GEMEENSAPSHOWE

Gemeenskapshowe was in 2004 geïdentifiseer as 'n prioriteit vir die staat. In Desember dieselfde jaar is die gemeenskapshof in Fezeka, Guguletu in die Wes-Kaap amptelik deur Adjunk Minister van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling (AMJKO), Advokaat Johnny de Lange geloods (Dugmore, Redpath & Karth 2005:27). Vir geruime tyd lank was geringe oortredings nooit met totale entoesiasme hanteer nie. Die vestiging van gemeenskapshowe is dus 'n stelling wat gemaak is deur die vasberadenheid van ons strafregstelsel en demonstreer dat geringe oortredings spoedig en effektief gehanteer sal word. Dit beteken dat gemeenskapshowe op die minder ernstige oortredings fokus wat beteken dat die 'zero tolerance' konsep in ons bestryding teen misdaad van toepassing is.

Gemeenskapshowe hanteer dieselfde sake wat deur die gewone magistratshowe hanteer word. Die verskil is die wyse hoe dienste geïntegreer word. Die adjunk minister het daarop gewys dat hierdie howe nie met die informele gemeenskaps regstrukture of die tradisionele howe in die platteland gebiede verwar moet word wat minder ernstige twispunte hanteer nie.

Hierdie howe is op die Hatfield model gebaseer wat sy oorsprong in Amerika het. Die howe is daarop gemik om sake wat voortspruit uit geringe misdade te hanteer. In Pretoria het so ook die sogenoemde Hatfield gemeenskapshof in April 2004 tot stand gekom wat 'n gesamentlike vennootskap tussen die AMJKO, die Universiteit van Pretoria, die *National Prosecuting Authority*, die Departement van Sosiale Ontwikkeling, Hatfield CID, City of Tshwane Metropolitan Council, die SAPD en die Departement van Korrektiewe Dienste.

In Mei 2005 het die *Open Society Foundation for South Africa* namens die Adjunk Minister van Konstitusionele Ontwikkeling 'n evaluering gedoen van die

impak van die drie Wes-Kaaplandse gemeenskapshowe in Mitchells Plain, Fezeka (Guguletu) en in Kaapstad se middestad. Die doel van die studie was om die vordering van die gemeenskapshowe in die algemeen te assesser om die volgende doelstellings te behaal:

- Om oplossings vir probleemareas te verkry
- Toegang tot geregtigheid te verkry
- Om geregtigheid effektief en spoedig te bereik
- Om stedelike verval te vermy
- Die doeltreffende hantering van jeugoortreders

Na aanleiding van die *Open Foundation for South Africa* se navorsingsbevindings omtrent 'n ondersoek na die funksionering van die drie Wes-Kaapse gemeenskapshowe, het die volgende bevindings na vore getree:

6. 9.1 Mitchells Plain Gemeenskapshof

Hierdie hof funksioneer met een klerk, een aanklaer, 'n magistraat, 'n Sosiale Ontwikkelings maatskaplike werker, 'n Nimro maatskaplike werker en 'n hofordonnans. Die hofgebou is 'n voorafvervaardigde opslaanwoning wat aan die polisiekantoor en die magistraatshof grens. Die oortredinge wat deur die hof aangehoor word soos deur die National Prosecuting Authority bepaal is, is algemene aanranding, minder ernstige aanranding, die kwaadwillige beskadiging van eiendom, geringe diefstal, geringe verkeersoortredinge, dronkenskap, drink van alkohol in die publiek, oproerige gedrag, die verontagsaming van opdragte deur 'n polisiebeampte en verskeidenheid ander oortredinge. Die grootste oortredings kategorie wat in die Mitchells Plain gemeenskapshof hanteer is was winkeldiefstal (35%), gevolg deur algemene aanranding (27.8%) en die gebruik van alkohol in die publiek (11.1%). Statistiek het getoon dat die uitreiking van opgeskorte boetes die gewildste opsie was naamlik (34.5%), gevolg deur die terugtrekking van die saak (29.9%) en gemeenskapsdiens (18.4%). Die beskuldigde word so spoedig as moontlik deur die sosiale werker van Nimro of die Staat, geassesseer om die geskiktheid

vir afwending te bepaal. Indien die oortreder geskik is, vind voor-verhoor mediasie met die beskuldigde en die klaer plaas.

Die verskil tussen die Mitchells Plain gemeenskapshof en die Hatfield hof, is dat slegs volwassene sake aangehoor word in plaas van beide jeugdige en volwassenes. Navorsingsbevindinge het die volgende opgelewer :

► **Oplossing van die area se misdaad probleme**

Die hof is tans in die posisie om die omgewing se misdaadprobleme aan te spreek deur betrokke te raak by interpersoonlike en alkohol verwante geweld. Die toename in winkeldiefstal word ook aangespreek. Die totstandkoming van die hof het ook daartoe bygedra dat die plaaslike polisie hulle misdaad voorkomingstrategie aangepas het ten opsigte van die ophef van die gemeenskap as 'n geheel.

► **Verbeterde toegang tot die reg**

Daar word meer sake in Mitchells Plain in die geheel hanteer en interpersoonlike geweld word nou meer toepaslik by wyse van voor-verhoor mediasie en innoverende vonnisse benader. Die toegang van die hof is uiters geskik vir die gemeenskap omrede dit langsaan die polisiestasie, die bus en taxi staanplek geleë is.

► **Die lewering van effektiewe en doeltreffende geregtigheid**

Die polisie het gemeld dat sake van aanranding gewoonlik dieselfde dag wat die klag aanhang gemaak is hanteer word. Die afwending en alternatiewe vonnisopsies wat aangebied word soos byvoorbeeld '*anger management*' en alkohol en dwelm rehabilitasie is innoverend en herstellend.

► Voorkoming van stedelike agteruitgang

Van die kern probleme in Mitchells Plain is *graffiti*, smokkelhuise, dronkenskap in die publiek en crimen injuria. Die gemeenskapshof het die potensiaal om 'n impak te maak op die persepsie van die reg, die menslike gedrag in die samelewing.

► Doeltreffende hantering van jeugoortreders

Die hof hanteer nie jeugoortreders nie. Navorsers is van mening dat hierdie aspek 'n groot leemte is en dat gepoog moet word om dit aan te spreek.

6.9.2 Fezeka Gemeenskapshof

Hierdie gemeenskapshof wat in Desember 2004 in werking getree het, is bestaande uit een hofklerk, twee aanklaers, 'n magistraat, 'n Nimro maatskaplike werker en SAPD hofordonnansie. Die hofgebou is op munisipale grond geleë. Die grootste meerderheid (31.1%) sake wat in hierdie hof aangehoor word, is drink in die openbaar, algemene aanranding (23.3%), onwettige of geen bestuurslisensie nie (23.3%), en die besit van dagga (7.8%).

In terme van die uitkoms van die sake was 47.2% 'n boete gehef wat opgeskort is, 24.7% sake is teruggetrek en 14.6% is deur die hof gewaarsku.

Gemeenskapsdiens maak slegs 2.3% van die vonnisse uit.

Volgens die navorsings bevindinge het die volgende na vore getree :

► Oplossing van die area se misdaad probleem

Meeste van die misdaad gevalle is eie aan die area. Dit is tans onduidelik of die hof enige impak op misdaad in die algemeen in die area het.

► Verbeterde toegang tot die reg

Toegang tot die hof het drasties verbeter aangesien inwoners van Guguletu en omliggende areas nou in staat is om na die hof te loop. Daar is ook 'n toename in die sake van aanranding en ander kontak verwante misdade wat aangehoor word.

► Die lewering van effektiewe en doeltreffende geregtigheid

Sake word gewoonlik dieselfde dag hanteer. Daar is 'n paar afwending en alternatiewe vonnisopsies terwyl die hof hoofsaaklik opgeskorte boetes uitreik. Tydens 'n ondersoek in November 2005 is vasgestel dat 63% van die opgeskorte boetes nog nie betaal was nie en geen lasbrief vir arrestasie was uitgereik nie.

► Voorkoming van stedelike agteruitgang

Teen die agtergrond van 'n tekort aan basiese dienste in die area soos publieke toilette, nagskuilings en toepaslike behuising, is die probleem wat die gebied ervaar eerder die tekortkoming van opheffing as stedelike agteruitgang.

► Doeltreffende hantering van jeugoortreders

Fezeka gemeenskapshof hanteer 'n klein aantal jeugoortreders maar word gewoonlik onmiddelik na 'n plek van veilige aanhouding gestuur.

6.9.3 Kaapstad Gemeenskapshof

Hierdie hof wat sedert 2004 funksioneer is bestaande uit een klerk, een aanklaer, 'n magistraat, 'n Nimro maatskaplike werker, 'n *Street People's Ministry* beampte, 'n data prosesserings beampte en SAPD hofordonnansie. Die hof word in 'n gebou in die middestad gehuisves wat saam met ander besighede gedeel word. Die oortredings in die stadsgebied verskil van die

ander areas en is hoofsaaklik drank gebruik in die publiek (41.1%), publieke oorlas (26%), oproerige gedrag (11%) en urinering in die publiek (5%). Meeste van die sake lei tot die terugtrek van die aanklag (30.4%), waarskuwing deur die magistraat (23.2%), opgeskorte termyn (15.9%), gemeenskapsdiens (13%) en opgeskorte boete (8.7%).

Die navorsing bevindinge wat na vore getree het, is as volg:

► **Oplossing van die area se misdaad probleme**

Die gedrag van haweloses wat 'n invloed het op die persepsies van die veiligheid van die inwoners, toeriste en ander stad gebruikers, was deur die polisie so wel as die *National Prosecuting Authority* as 'n voortdurende probleem beskou.

► **Verbeterde toegang tot die reg**

Die hof is naby publieke vervoer geleë. Dit blyk nie of die hof toegang tot die slagoffer verbeter nie omrede meeste van die oortredings slagofferloos is soos die drank verbruik of urinering in die publiek.

► **Die lewering van effektiewe en doeltreffende geregtigheid**

Sake word hier vinniger geprosesseer as in die gewone hof. Die hof het omtrent geen agterstand van sake nie. Baie aangeklaagdes spandeer dikwels 'n nag in aanhouding voordat die saak geproseseer word. Dit is egter nie baie koste effektief nie omrede meeste oortredings baie klein is. 'n Ander negatiewe faktor is dat residivisme van alreeds verhoorde oortreders hoog is. Nie-regerings instansies merk ook op dat daar 'n hoë nie-deelname koers van die oortreders se kant is.

► Voorkoming van stedelike agteruitgang

Die ophef van haweloses benodig ondersteunings dienste en die vooruitsigte van 'n werk. Daar word ook programme benodig wat gerig is tot verslaafdes van afhanklikheidvormende middels.

► Doeltreffende hantering van jeugoortreders

Die afstand van die jeughof van die gemeenskapshof beteken dat jeugdige se sake eerder by die jeughof aangehoor word omrede dit die infrastruktuur en bronne het om hierdie sake te hanteer. Hoewel die gemeenskapshof se fokus op nietige oortredings is, vervul dit steeds 'n belangrike rol omrede hierdie soort oortredings 'n irritasie vir die gemeenskap is en wat terselfdertyd die gewone hof se saaklading verder verhoog deur meer sake tot die hofrol te voeg.

'n Interessante gemeenskapsprojek wat in Kaapstad gebaseer is en nou saamwerk met die gemeenskapshof gekoppel word, is die Ophelp-projek wat volledig in 6.7.3.1 bespreek word.

6.10 VOORBEELDE VAN ALTERNATIEWE VONNISSE IN VERSKILLENDE LANDE

Benewens die erkende vorme van alternatiewe vonnisse soos reeds in hierdie hoofstuk aangedui is, is daar ook 'n paar uiteenlopende en soms kotroversiële vonnisopsies wat in verskillende wêrelddele toegepas word.

6.10.1 In Shenzhen, 'n stad wat in die suide van China geleë is, moes 100 vermeende prostitute en sommige van hul kliënte wat gearresteer is, deur die middestad in aanskouing van menigtes paradeer. Honderde mense het gekla oor die publieke verleentheid waaraan die aangeklaagdes blootgestel was aangesien hulle nog nie van enige misdaad in die hof aangekla

was nie. Publieke paradering van oortreders wat vir ernstige oortredings gevonnissen is, is algemeen in China alhoewel die gewildheid hiervan begin afneem het (Sapa-DPA 2006:6).

- 6.10.2 Vir sommige dronkbestuur oortredinge in die VSA, word party oortreders geforseer om met hul motor voertuie rond te ry met kennisgewings wat duidelik aan die buitekant van die motors aangebring is wat aandui dat die bestuurder skuldig bevind was vir dronkbestuur (Ruth David 2006).
- 6.10.3 Verskeie state in die VSA maak van geloofs gebaseerde rehabiliterende programme (*Inner Change Freedom Initiative*) gebruik. Die godsdienstige beraders help die gevangene met sy/haar reis na buite die gevangenis. Die programme bied opleiding, werk, lewens vaardighede en leiding maar die kern is steeds die godsdienstige orientasie. Baie van hierdie programme maak voorsiening vir Christelike sowel as Joodse en moslem gevangenes (Ruth David 2006).
- 6.10.4 Stephen Saltzburg, voorsitter van die *American Bar Association's Task Force on Effective Criminal Sanctions*, het die voorstel gemaak en gevra waarom kan witboordjemisdadigers nie klasse aanbied in lae-inkomste skole nie. Hy beweer dat menigtes van hierdie oortreders goeie tersiêre onderrig ontvang het en daar geen rede is hoekom hulle heeldag ledig in 'n gevangenis moet leeg lê en uitstaar en dit boonop op die belastingbetaler se geld nie (Ruth David 2006).
- 6.10.5 'n Vonnisopsie om die dronkbestuurder uit die gevangenis te hou, is om bo en behalwe miskien 'n opgeskorte vonnis, verseker dat al hierdie oortreders 'n *'breathalyzer'* in hulle voertuie installeer. Die motor skakelaar verhoed dat die voertuig aangeskakel word alvorens die bestuurder in die mondstuk blaas

om te bepaal of die bestuurder alkohol gebruik het of nie (Ruth David 2006).

- 6.10.6 Gedurende die winter seisoen in Februarie 1988 in Brooklyn, New York, is die eienaar van 'n erg vervalle gebou daaraan skuldig bevind dat hy huurders in haglike toestand laat woon het. Sy vonnis was om 15 dae in die yskoue gebou deur te bring tussen rotte en lekkende waterpype. Hy was gemonitor by wyse van elektroniese monitering (Ruth David 2006).
- 6.10.7 Die Kaliforniese hof was die eerste Amerikaanse staat gewees wat in 1996 die eerste wetgewing te laat goedkeur vir die toepas van chemiese kastrasie vir herhaaldelike kinder-molesteerders. Oortreders word gewoonlik elke drie maande met 'n middel bekend as *Depo-Provera* ingespuut. Hierdie middel inhibeer hormone wat die produksie van testosteroon stimuleer wat gevolglik die seksdrang elimineer. Die seksdrang keer terug na normaal sodra oortreders ophou om die middel te gebruik. Daar is tans nege state in die VSA onder andere Florida, Georgia, Oregon en Texas wat van chemiese kastrasie gebruik maak (Ruth David 2006).
- 6.10.8 Oortreders wat daaraan skuldig bevind is dat hulle by die Wal-Mart kettingwinkelgroep in Alabama, VSA gesteel het, kan blootgestel word aan publieke bekendmaking van hulle misdaad. Een so 'n voorbeeld is 'n 46 jarige vrou, Lisa Fithian, wat genoodsaak was om vir 60 dae lank vanaf 11vm tot 3 nm voor die winkel ingang te staan met 'n groot plakkaat wat die skuldigbevinding van haar winkeldiefstal aan die publiek bekend maak. Die boodskap op die plakkaat lees "*I am a thief, I stole from Wal-Mart*". 'n Ander oortreder het weer vanaf 3nm tot 7nm voor die winkel gestaan. Die oortreders doen diens gewoonlik op 'n Saterdag om die 60 dae gevangenisstraf vry te spring (Cape Times correspondent 2007:06).

- 6.10.9 In 'n Singapore hofbevel, is die oortreder wat wat tot gemeenskapsdiens gevonniss is oor rassistiese opmerkings op 'n internet webwerf gemaak se hofbesluit dat: *“Instead of sending the 17-year-old to jail, he ordered that he be placed on two year’s probation and perform community service with Malay welfare homes, with the intention of reversing his misguided hatred for the Malay community”* (The Straits Times Interactive 02 June 2006).

6.11 ALTERNATIEWE VONNISE BINNE DIE AFRIKA KONTEKS

Smit (2004:65) het sy studie oor alternatiewe vonnisse afgesluit deur die versoek te rig dat daar spesifiek 'n ondersoek geloods word oor alternatiewe in Suider-Afrika lande sodat 'n oplossing vir oorvol gevangenisgevangnisse gevind word. Die Suid-Afrikaanse Regskommissie het eenvormige vonnisse in gedagte wat landswyd deur ons howe toegepas word. Professor Dirk van Zyl Smit stel voor dat die slagoffer eerder vergoed word vir sy skade of op die een of ander manier “herstel” word, indien die vermoëns van die misdadiger dit toelaat. Die ideaal is dat impakstudies onder slagoffers gedoen word om presies te bepaal oor hoe erg hulle deur 'n oortreding geraak word. Die oortreder moet dan op die een of manier betrokke kan raak om die skade ongedaan te maak. 'n Vonnisoplegingsraad, waarin selfs lede van die gemeenskap kan dien om vonnisse te bepaal vir misdade wat hulle ten nouste raak, word ook in die vooruitsig gestel (Pelser 2001:6).

Ander Afrika-beginsels van vergoeding word voorgestel wat op die slagoffer geskoei is in plaas van vergelding. Die oortreder kan die slagoffer selfs met beeste vergoed, indien van toepassing. Indien die oortreder nie geld het nie, moet hy of sy werk om die gemeenskap te verbeter, soos om skoonmaakwerk te verrig. Professor Charl Cilliers is ook van mening dat die “Afrika-beginsel” elders in Afrika geld, maar word bitter min in Suid-Afrika toegepas (Karstens

2007:12). Alternatiewe vonnis oplegging het heelwat vordering in Afrika lande gemaak in die laaste dekade. 'n Gemeenskapsdiens het byvoorbeeld in 1992 in Zimbabwe begin nadat 'n projek wat deur die Zimbabwe se regering en die internasionale instansie, *Penal Reform International* (PRI). Volgens Skelton (2004:16), het statistiek teen Desember 2000 getoon dat Zimbabwe gedurende hierdie tydperk reeds 41,000 oortreders gemeenskapsdiens bevele uitgereik in plaas van direkte gevangenisstraf. Op grond van hierdie sukses het die PRI verdere fondse van die Europese Unie verkry om te help met die implementering van gemeenskapsdiens in Kenia, Malawi, Uganda, Zambie, Burkina, Faso, Kongo-Brazzaville, the Central African Republic en Mosambiek.

'n Voorbeeld van gemeenskapsdiens in Botswana, is artikels 96 en 97 van Botswana se *Prisons Act* wetgewing wat reeds in 1979 verander het om voorsiening te maak vir buitenmuurse arbeid. Buitenmuurse arbeid is werk wat die oortreder buite die gevangenis verrig eerder as om straf binne 'n gevangenis uit te dien. Arbeid kan of in 'n publieke instansie as diens verrig word of buite. Buitenmuurse arbeid mag deur die hof beveel word alhoewel die oortreder deur die hof gevangenisstraf vir nie langer as ses maande opgelê word nie. Hierdie vorm van vonnis is ook van toepassing indien 'n persoon alreeds in aanhouding in 'n gevangenis is maar weereens vir nie langer as ses maande nie. Die ander kwalifiserende kriteria behels dat die oortreder 'n eerste oortreder moet wees. Die aard van die oortreding word ook in ag geneem en mag 'n oortreder wat byvoorbeeld 'n geweldadige oortreding begaan het, nie vir buitenmuurse arbeid as 'n vonnis kwalifiseer nie. Die beskikbaarheid van 'n toepaslike werksplek is ook van belang. Sedert die inwerkingstelling in 1980 van die buitenmuurse arbeid strategie, was slegs 21 persone in die eerste jaar hierdie vonnisse opgelê. Die syfer het jaarliks gestyg tot 474 in 1988 wat die laaste beskikbare statistiek vir hierdie vonnis was. Die dryfveer vir buitenmuurse arbeid was as gevolg van 'n skerp toename in die gevangenisbevolking van Botswana (Frimpong 1992:238-241,251).

Die Suid-Afrikaanse *National Prosecuting Authority* is ten vinde vir die herstellende geregtigheds konsep omrede dit beginsels van die 'ubuntu' stelsel inkorporeer en sodoende toepaslik binne die Suid-Afrikaanse konteks

is: *"In the African social systems the concept of "ubuntu" has for many years been the basis for the resolution of disputes through African customary processes. Reconciliation, restoration and harmony were seen as the basis for settlements of disputes. The fundamental purpose of the customary law was to determine what harms have been done and to ensure the reparation of harm caused. In this process the victim, offender and community were placed at the centre of the dispute. The restorative justice approach closely links to this customary system and should be acceptable to many South Africans. A more effective and satisfactory response to crime will also be provided through this approach since the needs of the victims are taken into consideration and offenders are assisted in taking responsibility for their actions on an individual level"* (NPA 2008:4). Die herstellende geregtigheids-konsep is veral toepaslik vir nietigheidsoortredings soos sakkerolery, 'n eerste oortreder, skade aan eiendom, die besit van klein hoeveelheid dwelms, crimen injuria of dronkbestuur waar niemand se lewens in gevaar gestel was nie.

6.12 PRAKTIESE ASPEKTE RONDOM ALTERNATIEWE

In 'n omvattende studie oor alternatiewe vonnisoplegging in Suid-Afrika deur *The Civil Society Prison Reform Initiative*, is resultate beskikbaar gestel wat belangrike inligting oor alternatiewe sanksies opgelewer het. Hierdie bevindings sowel as aanbevelings is van toepassing vir diegene wat direk of indirekte betrokke is by vonnisoplegging. Die doel van afdeling 6.12.1 is om spesifiek aandag te gee aan die probleemareas rondom alternatiewe vonnisoplegging asook moontlike oplossings soos deur die navorsing bevind is. (Skelton 2004:44-47).

6.12.1 Knelpunte met die toepassing van alternatiewe vonnisopsies

Skelton (2004:44-45), het sekere probleemareas geïdentifiseer wat bydra tot die verminderde oplegging van alternatiewe vonnisse deur Suid-Afrikaanse

straftoemeters. Benewens die feit dat daar nie alleenlik onvoldoende inligting bestaan oor die gebruiksaanwysings van gemeenskapsdiens bevels nie, is die gebruik van hierdie vonnisopsie ook besig om te daal. Een van die groot probleme tydens vonnisoplegging is dat regters nie alternatiewe vonnis opsies op 'n groot skaal toepas nie en steeds neig om van korttermyn gevangenisstraf gebruik te maak wat verantwoordelik is vir die helfte van alle gevonnisdes. Hierdie teensinnigheid om van alternatiewe gebruik te maak mag toegeskryf word as gevolg van die volgende redes;

- Daar is eerstens negatiewe houdings omtrent alternatiewe vonnisse wat deur wetstoepassing gedryf word met die “*tough-on-crime*” perspektief. Verskillende van die respondente waarmee onderhoude gevoer is, het aangedui dat regters van mening is dat alternatiewe vonnisse 'n “sagte” opsie is.
- 'n Tekortkoming aan kennis asook vertroue in die werking van alternatiewe vonnisse is van die hoofredes. Die aanname is bevestig nadat hulle fisies uitgenooi is om die uitvoering van gemeenskaps-korreksies eerstehand te ervaar. Hulle was na hierdie blootstelling meer geneig om alternatiewe vonnisse toe te pas. Daar moet egter in gedagte gehou word dat baie van die hofpersoneel die laaste paar jaar aangestel of bevorder was in hul huidige poste en gevolglik nie in die huidige posisies was toe alternatiewe vonnisse aanvanklik bekendgestel was nie.
- 'n Magtige aansporing vir die nie- gebruikmaking van alternatiewe vonnisse spruit voort uit die druk op regters om volgens sekere “kwotas” en “vorderings maatstawe” te funksioneer. Dit veroorsaak dat hulle teensinnig is om van die normale roete af te wyk deur voorvonnis-verslae te versoek en sake sodoende langer op die hofrol te hou. Hul pragmatiese reaksie tot hierdie situasie is om persone eerder tot 'n boete te vonnis of korttermyn gevangenisstraf te ople. Verskillende stel

maatstawe word benodig nadat ooreengekom is aangaande die bevordering van alternatiewe vonnisse.

Om hierdie probleme te oorbrug, maak die Suid-Afrikaanse Departement van Korrektiewe Dienste sekere aanbevelings met betrekking tot gemeenskaps-korreksies deur alternatiewe vonnisoplegging te bevorder deur:

- Die produsering van 'n gemeenskapskorreksies inligtingsboek wat die wet uiteen sit, voorbeelde van gevalle, programme, positiewe stories, toepaslike statistiek en kontak besonderhede van relefante persone. Nimro se Adjunk Uitvoerende Direkteur het na 'n ondersoek na alternatiewe vonnisopsies in 'n poging om die gevangenisgetalle te verminder, die volgende opmerking gemaak betreffend die verryking van besluitnemers se kennis oor alternatiewe: "*Though many alternative sentencing options exist, Nicro says officials in the justice system are often unaware of them*" asook "*.....a new programme to educate justice officials on non-custodial punishment will be in place across all provinces by the end of next year (2007) (McIntire 2006:4).*"
- 'n Memorandum oor die verstaanbaarheid moet in oorleg met die Suid-Afrikaanse Departement van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling (spesifiek die *Justice College*), Suid-Afrikaanse Departement van Sosiale Ontwikkeling (Proefdienste) en die Suid-Afrikaanse Departement van Korrektiewe Dienste, wat regters sal ontvang betreffende sosiale konteks opleiding in alternatiewe vonnisoplegging.
- Verteenwoordigers van die Suid-Afrikaanse Departement van Korrektiewe Dienste, Suid-Afrikaanse Sosiale Ontwikkeling (Proefdienste) en Justisie en die Konstitusionele Ontwikkeling, moet saam as kundiges kan meewerk om die inhoud van toepaslike opleidingsprogramme saam te stel.

- Die herlewing van en waar nodig, die skep van forums vir die bevordering van Korrektiewe Toesig soos benodig word in terme van Hoofstuk VII (3) (22) van die Korrektiewe Toesig reëls. Staatsaanklaers en prokureurs van die Regshulpraad en regsentrums moet ook by die forums ingesluit word.

'n Ander knelpunt is 'n tekort aan aansporing vir die oplegging van alternatiewe vonnisse (Skelton 2004:46). Dit neem tyd asook kreatiwiteit vir die reël van hierdie vonnisse terwyl staatsaanklaers en regters onder druk geplaas word om sake so spoedig moontlik te finaliseer. Dit verskil van voorverhoor afwending is dat die aanklaer die sistemiese voordeel van afwending kan insien omrede elke saak wat afgewend word, een saak minder op die hofrol is. Die volgende aanbevelings word gemaak om hierdie probleem te bowe te kom:

- Skep 'n aansporing vir alternatiewe vonnisoplegging vir sommige sake deur alternatiewe vonnisse aan die nuut gevestigde wetsprosedure vir pleitonderhandeling en vonnis ooreenkomste te koppel. Dit sal die behoefte vir 'n verhoor uit die weg ruim wat 'n goeie "*trade-off*" sal wees vir die tyd wat spandeer word vir die aanvra van die voorvonnisverslag.
- Die Regshulp Raad het 'n program wat die gebruik van pleitonderhandeling en vonnis ooreenkomste bevorder. Die rede hiervoor is dat die ooreenkomste tans slegs beskikbaar is vir oortreders wat eie regsverteenvoerding het. Die Suid-Afrikaanse Departement van Korrektiewe Dienste en die Suid-Afrikaanse Departement van Sosiale Ontwikkeling (Proefdienste) behoort met die Regshulp Raad vergader om oor maniere te besluit wat die ten volle verstaanbaarheid van alternatiewe vonnisoplegging insluit sowel as die opleiding en aktiwiteite wat gekoppel is aan die bevordering van pleit en vonnis ooreenkomste.

- Pleit en vonnis ooreenkomste betrek altyd 'n regsverteenwoordiger. Dit is daarom belangrik om persone van die privaat regsprofessie in te lig oor hierdie inisiatief by wyse van 'n publikasie wat hulle lees soos byvoorbeeld *De Rebus*.
- Die Departement van Justisie moet herbesin oor die vorderings aanduiers en kwotas in die lig van die belangrike behoefte om alternatiewe vonnisse te bevorder. 'n Meer buigbare benadering sal ruimte skep vir die groter gebruik van hierdie vonnisse.

6.12.2 Praktiese probleme rondom alternatiewe vonnisse.

Daar is menigte ander praktiese probleme rondom die effektiewe toepassing van alternatiewe vonnisse geïdentifiseer naamlik:

- Verdragings met indiening van voorvonnis verslae aan die hof.
- 'n Groot aantal persone wat dros.
- Onvoldoende toesighouding oor proefpersone.
- Tekort aan programme waarheen proefpersone verwys kan word.
- Die getal personeel wat betrokke is by die uitvoering van gemeenskapskorreksies (562), is minimaal in vergelyking met die aantal personeel wat in die gevangenis werk naamlik (33 285) gedurende 2004.

Ten spyte van hierdie praktiese probleemareas wat geïdentifiseer is, word die volgende twee voorstelle deur Skelton (2004:47-48) aanbeveel:

- Die Suid-Afrikaanse Justisie, Misdaadvoorkoming en Sekuriteit behoort 'n studie te onderneem om die gevolge van die huidige vonnis neigings te ondersoek en verskillende scenarios ondersoek soos die verhoogde toename in die gebruik van alternatiewe vonnisse, en die bekendstelling van die vonnis raamwerk soos vervat is in die *South African Law Reform Commission*.

- Die Suid-Afrikaanse Gemeenskaps Korreksies se Direkoraat benodig om 'n hoogs professionele beplanning oefening te onderneem om die koste behoorlik te bepaal asook die begroting wat benodig word vir die diens wat gelewer moet word. Dit behoort alle relefante kostes in te sluit soos personeel, vrywilligers, programme (insluitend die koste vir uitkontraktering) vervoer ensomeer. Hierdie plan en begroting moet dan binne die Suid-Afrikaanse Departement van Korrektiewe Dienste MTEF geprosesseer word sodat die stelsel met die noodsaaklike bronne gesteun kan word.

Dit is navorsers se mening dat die konkrete basis van alternatiewe vonnisoplegging beginsels reeds tydens regsopleiding geïmplementeer word. Dit blyk nie die situasie te wees nie soos Skelton (2004:31) ondervind het nadat 'n regter in Ga-Rankuwa gesê dat die wet bestaan wel om alternatiewe vonnisse op te lê, maar hulle nie aangemoedig word om dit te doen nie: "*Although they included the relevant legal provisions in their training, the Justice College did not really promote the use of alternative sentences from a philosophical or contextual perspective*". Ook Mihalik (1986:690), wie se *Doctor Legum* tesis gehandel het oor die noodsaaklikheid vir alternatiewe strawwe, het reeds in die middel 1980's tot die slotsom van sy studie gekom deur die Suid-Afrikaanse situasie op te som as: "*Die gebrek aan vertroudheid met alternatiewe strafsanksies by die Suid-Afrikaanse publiek en straftoemittings-beamptes is 'n kenmerk van ons strafregsplegning wat telkens deur kommissies en deskundiges beklemtoon word*".

'n Ander belangrike praktiese implikasie is die impak wat die minimum vonnis wetgewing (Suid-Afrikaanse Strafproses Wysigings wetgewing (artikel 105 van 1997), vir alternatiewe vonnisse inhou en die hantering hiervan. Mnr Thys de Coning, verteenwoordiger van NIMRO in Braamfontein, bevestig dat die minimum vonnis wetgewing aanvanklik 'n groot struikelblok vir die organisasie was, maar sê dat: "*We have been quite successful by concentrating, in our recommendations to court on the issue of substantial and compelling reasons why the court should not impose the minimum sentence. In some cases, the law requires that a first offender be given a minimum sentence of 15 years; but*

we have managed to get the court to bring that down to 5 years. In the beginning it was hopeless as the court was very stereotypical in its approach to sentence, but we are now being successful. A lot of Probation Officers don't realise that this can be done. You have to make a specific recommendation, and state the section of the Act so that it is officially on record and make an official recommendation. If the magistrate does not support this and the case is appealed, the magistrate must have addressed all points raised (Skelton 2004:31-32). Ten spyte van die stremming wat die minimum vonniswetgewing op vonnisoplegging plaas, is dit tog moontlik dat hierdie beperking oorbrug kan word soos hierbo deur Nimro aangedui word.

'n Belangrike aspek wat na vore getree het, is dat regters nie kreatief is met verwysing na alternatiewe nie. Die hoofrede is dat hulle nie onnodige tyd wil verspil deur voorvonnisverslae van proefbeamptes en Departement Korrektiewe Dienste personeel aan te vra nie (Skelton 2004:34).

6.13 GEVOLGTREKKING

Navorsers het met hierdie hoofstuk gepoog om al die fasette wat betrekking het op alternatiewe vonnisoplegging te ondersoek.

Die kern van hoofstuk 6 draai om alternatiewe vonnisoplegging. Na 'n inleiding wat alternatiewe vonnisoplegging as vonnis verduidelik is, is 'n begripsoomsrywings weergee volgens die Departement van Korrektiewe Dienste se oogpunt, die Verenigde Nasies se Standaard Minimum Reëls vir Nie-Aanhoudings maatreëls asook volgens die Suid-Afrikaanse Strafproseswetgewing 51 van 1977 se definisie. Probleme met die behandeling van die oortreder binne die regsplegingstelsel is verduidelik waarna empiriese navorsings-bevindings bespreek is met spesifieke verwysing na parool-, probasie- en residivisme studies asook kostedoeltreffendheid studies oor alternatiewe vonnisse. 'n Gedeelte is afgestaan aan Suid-Afrika se Strafproseswet 51 van 1977 se wetgewing aangaande alternatiewe vonnisse en die beskrywing hiervan. Alternatiewe vonnisoplegging in Suid-Afrika is breedvoerig bespreek met 'n aantal praktiese voorbeelde van die verskillende

soorte vonnisse. Die effektiewe funksionering van gemeenskapshoue asook korrektiewe toesig is bespreek. Die fokus is verskuif deur bondig na voorbeelde van alternatiewe vonnisopsies in ander lande te verwys. 'n Bespreking van alternatiewe binne die Afrika konteks vorm ook deel van die bespreking. Die hoofstuk het afgesluit deur belangrike praktiese oorwegings in te sluit met voorbeelde wat voortgespruit uit navorsing deur die *The Civil Society Prison Reform Initiative* in 2004, wat 'n ondersoek oor alternatiewe vonnisse binne die Suid-Afrika konteks gedoen het. Die hoofstuk is afgesluit met 'n opsomming van die hoofstuk.

Die algehele gevolgtrekking is dat die nadele verbonde aan die behandeling van die oortreder binne die huidige gevangenisstelsel, nadelige gevolge vir die oortreder sowel as die gevangenispersoneel inhou. Benewens die gevangenskultuur wat die oortreder aan blootgestel word, worstel die gevangenisstelsel ook met 'n oorbevolkingsprobleem. Laasgenoemde het 'n nadelige impak op die kwaliteit van dienslewering wat die oortreder gevolglik nadelig beïnvloed. Dit is vir hierdie rede wat afdeling 6.1.3 in die Witskrif vir Korrektiewe Dienste (2005:49), stipuleer dat direkte gevangenisstraf nie as die enigste vonnisopsie beskou behoort te word nie: "*Incarceration should, however, not be treated as the primary sentencing option*". Daar is tans nie 'n tekort aan alternatiewe vonnisopsies nie, alhoewel daar ruimte bestaan dat meer kreatiewe alternatiewe strafvorme verder ondersoek word. Benewens die praktiese probleme wat by alternatiewe vonnisse indruis (sien 6.12), is daar tog hoop dat hiervoor 'n werkbare oplossing gevind kan word.

Hoofstuk 7 is die finale hoofstuk waar spesifiek aandag aan die probleemstelling vrae gegee word soos in 1.7 (p.10) gestel is.

Hoofstuk 7

BEVINDINGE EN AANBEVELINGS

7.1 INLEIDING

Navorsers het met hierdie studie gepoog om 'n ondersoek in te stel na die moontlikheid van rehabilitasie van die oortreder binne die korrektiewe stelsel. Die doel is dus om binne hierdie raamwerk iets by te dra tot die uitbreiding en verdieping van kennis en insig omtrent alternatiewe vonnisoplegging en die rehabilitasie van die oortreder.

Suid-Afrika se gevangenisstraf koers beloop tans 413 aangehoudenes per 100,000 landsburgers. Dit besorg Suid-Afrika as een van die grootste gevangenisbevolkings ter wêreld (sien ook 3.5). Geen demokratiese land met 'n verkose verteenwoordigende regering behoort toelaat dat so 'n groot persentasie van sy bevolking tot gevangenisstraf gevonnies word nie. Daar moet om hierdie rede soveel as moontlik alternatiewe in die weg van gevangenisstraf geplaas word.

7.2 BEVINDINGE EN AANBEVELINGS

Die nukleus van die ondersoek was nie slegs gerig op die blote versameling van feite nie, maar om langs weë van verwerking, sistematisering, besinning en beredenering van die ingesamelde stof by 'n bepaalde insig in die vraagstukke uit te kom soos in afdeling 1.7 (p.10) van hoofstuk een gestel is naamlik:

7.2.1 Kan die rehabilitering van die oortreder tot sy volle reg binne die gevangenisopset geskied ?

Samevattend kan gesê word dat gevangenisstraf nie daarin slaag om enige van die oogmerke van straf op 'n betekenisvolle wyse te verwenslik nie. Daar bestaan trouens heelwat getuienis dat gevangenisstraf dikwels ernstige nadele vir sowel die gemeenskap as die oortreder inhou. Van die bevindinge en aanbevelings betreffende vraag 7.2.1 is as volg:

► Die opleiding en behandeling in die gevangenis is van so 'n beperkte aard en omvang dat dit misleidend is om voor te gee dat die skemas enige betekenisvolle rol speel. Buitendien word selfs die nietige voordele wat uit die gemelde skemas mag spruit, deur die dehumanisering van die sogenaamde dissiplinestelsel geneutraliseer.

► Enige suksesvolle poging tot rehabilitasie vereis die volle medewerking van die oortreder. Om hierdie rede is gevangenisstraf 'n negatiewe strafsanksie aangesien die oortreder hom teen sy wil in die gevangenis bevind.

► Hoewel verskeie kommissies en komitees oor die jare eenparig op die wanaanwending van gevangenisstraf en die nadele daaraan verbonde gewys het, was daar geen effektiewe politieke druk op die wetgewer of die hof om die straf en vonnisbeleid sodanig aan te pas dat alternatiewe in plek van gevangenisstraf behoorlik benut word nie. Die ernstige onderbenutting van die alternatiewe strafsanksies blyk uit die verslae van kommissies en navorsingsprojekte asook uit die beskikbare statistiek oor vonnisse. Die gebrek aan vertroudheid met alternatiewe strafsanksies by die Suid-Afrikaanse publiek en straftoemetersbeamptes is 'n kenmerk van die strafregpleging wat dikwels beklemtoon word. Met die oorbelaide hofrol is navorser van mening dat die indruk dikwels geskep word dat dit veel geriefliker is om 'n oortreder eerder tot gevangenisstraf te vonnis as om 'n alternatiewe strafsanksie op te lê.

7.2.2 Hoe kan alternatiewe vonnisse op 'n groter skaal in howe opgelê word ten einde rehabilitasie meer effektief laat geskied ?

Navorser is van mening dat gemeenskapsdiens vonnisse minimale impak op gevangenisbevolking mag hê veral as in ag geneem word dat sommige oortreders herhaaldelik na die gevangenis gestuur word vir die verbreking van 'n maatreël of vir nuwe oortredings. Sou die hele spektrum van beskikbare alternatiewe opsies wat tot die straftoemeter se beskikking is optimaal toegepas word, behoort 'n merkbare afname in die gevangenisgetalle waarneembaar wees. Die beskikbare alternatiewe behels opgeskorte vonnisse, gemeenskapsdiens bevele, parool, boetes en ondertoesigstelling. Ander aanbevelings behels die volgende aspekte waaraan aandag gegee behoort te word:

► Lae-risiko oortreders moet op groter skaal uit die gevangenisstelsel gehou word. Gevangenisstraf moet beperk word tot hoë risiko oortreders waarteen die gemeenskap beskerm moet word. Gevangenisstraf moet as heel laaste opsie oorweeg word en nie soos in baie gevalle eerste nie.

► Die plasing van oortreders in gemeenskapsgebaseerde vonnis programme geskied meestal in staatsinstansies en is verbeeldingloos. Dit is belangrik dat bestaande gemeenskapsgebaseerde vonnis programme daadwerklik verder uitgebrei word aangesien dit tans onvoldoende is om aan die groot vraag te voorsien.

► Dit is al die rolspelers binne die regplegingstelsel se verantwoordelikheid om toe te sien dat werkbare alternatiewe vir gevangenisstraf daargestel en geïmplementeer word. Die Departement van Korrektiewe Dienste se Witskrif stel duidelike riglyne voor omtrent die hantering van die oortreder binne die gevangenisstelsel. Indien alle rolspelers soos byvoorbeeld die Suid-Afrikaanse Polisie, Departement van Korrektiewe Dienste, Nasionale Vervolgingsgesag, Departement van Justisie, Maatskaplike Dienste en Nie-regerings instansies egter nie saamwerk nie, is baie van die bestaande planne nutteloos indien dit nie effektief geïmplementeer en gekoördineer word nie.

► Dit is belangrik dat alternatiewe vonnis riglyne aan die vonnisopleggings gesag beskikbaar gestel word asook om hulle op hoogte te hou oor die stand van die gevangenis kapasiteit.

7.3 GEVOLGTREKING

Die klimaat vir die optimale toepassing van alternatiewe vonnisopsies bo gevangenisstraf, was nog nooit gunstiger soos in die huidige veranderende Suid-Afrikaanse politieke fase nie. Straf en vonnisbeleid kom toenemend onder die publiek se aandag en die noodsaaklike depolitisering van misdaad en straf word algemeen aanvaar. In hierdie klimaat is dit noodsaaklik dat daar met alle erns na geskikte van reeds bestaande sowel as ander vorme van alternatiewe vir gevangenisstraf gekyk word en dat dit nie slegs by besprekings bly soos so dikwels in die verlede nie. Dit is goed en wel om aandag aan oplossings soos amnestie te gee maar dit is 'n korttermyn kitsoplossing in reaksie om die gevangenisgetalle onder beheer te bring. Die visier moet eerder op langtermyn oplossings gerig word. Vervolgens word meer lig gewerp op 'n aantal addisionele faktore waaraan aandag gegee behoort te word.

Navorsers is van mening dat die onafhanklike Paroolrade oor groter outonomie en mag behoort te besit om die toewys van parool of ondertoetsigstelling vir langtermyn gevangenes wat nie meer 'n gevaar vir die gemeenskap inhou nie, te bekragtig. Dit kan bydra om die las op die oorvol gevangnisse te verlig.

Daar moet herbesin word oor die verpligte minimum vonnis wetgewing. Navorsing het getoon dat verpligte minimum vonnisse die lengte van die vonnisse verleng en besit nie veel afskrikingswaarde effek op residivisme nie, maar dra eerder by tot oorbevolkte gevangnisse en verhoogde koste. Die tydperk wat die oortreder in die gevangenis spandeer behoort ook ondersoek te word vir sommige lae-risiko oortreders.

Die oprigting van nuwe gevangenis is nie die oplossing vir die bestaande gevangenisoorbevolking situasie nie. Daar is die uiters hoë koste verbonde aan die bou en instandhouding van gevangenis. Die negatiewe effekte van gevangenis op personeel en gevangenes kan wel in 'n mate beheer en voorkom word met nuwe generasie gevangenis-ontwerpe en alternatiewe vonnisopsies.

Gemeenskapsgebaseerde vonnisse bied 'n oplossing vir die meerderheid korttermyngevangenes, naamlik diegene wat hulle in die gevangenis bevind omdat hulle nie boetes kan betaal nie. Selfs waar gemeenskapsdiensvonnisse nie bevredigend voltooi word nie, behoort daar nie op gevangenisstraf teruggeval te word nie. As voorsorgmaatreël behoort voldoende maatstawe in plek wees om te verseker dat voldoende beheermeganismes in plek is wat die toesiggevalle kan kontroleer.

Heelwat studies aangaande residivisme toon dat hewiger vonnisse geen afskrikingswaarde op residivisme het nie. Meer aandag moet hieraan gegee word en behoort die navorsing verder ondersoek te word.

Daar moet weer herbesin word oor die instel van Saterdag howe om die groot agterstand in hofsake onder beheer te bring.

Die moontlikheid moet ondersoek word vir die inrigting van howe by die korrektiewe sentrums. Dit sal baie hoftyd bespaar deur die vervoer van gevangenes tussen die gevangenis en die hof uit te skakel. Dit benodig ook meer personeel om die oortreders te bewaak en is daar ook 'n groter ontsnappings risiko aan verbonde.

Die Suid-Afrikaanse Polisie behoort meer mag te hê oor die vasstel van borgtog vir persone wat in hegtenis geneem word. Die aantal verhoor-afwagendes wat in die gevangenis is, is ook onaanvaarbaar hoog met veral diegene wat nie in staat is om borg te bekostig nie. Aanhouding moet gevolglik beperk word tot diegene wat 'n gevaar vir die gemeenskap inhou.

Gevangenisgetalle kan verder verminder word deur die aantal immigrante wat in aanhouding is te deporteer. Baie van die persone is onwettige immigrante asook diegene wat aan dwelmverwante oortredings in aanhouding is.

Die optimale aanwending van die Suid-Afrikaanse Strafproseswet 51 van 1977 en die Korrektiewe Diens wetgewing wat voorsiening maak vir alternatiewe vonnisse.

Navorsers is van mening dat benewens die algemene publieke houding wat hoofsaaklik onsimpatiek staan teenoor die oortreder betreffende alternatiewe, dra die wetstoepassing se “*getting tough on crime*” ook by tot ’n persepsie onder straftoemeters dat alternatiewe strafsanksies ’n ligte vonnisopsie is. Navorsing het reeds getoon dat hewiger strafsanksies geen afskrikking vir toekomstige oortredings is nie. Dit het uit die navorsing na vore getree dat daar ’n behoefte bestaan dat alternatiewe vonnis riglyne deel van die regspraak opleiding moet uitmaak. Die Departement van Justisie het reeds begin om die vonnis-opleggings gesag te probeer oortuig om sosiale konteks kursusse by te woon. Die Departement glo dat dit alternatiewe vorme van rehabilitasie sal help bevorder eerder as om net gevangenisstraf aan oortreders op te lê (Timse 2004:8).

Die Suid-Afrikaanse misdaadverskynsel is ingewikkeld en is daar nie kitsoplossings nie. Werkloosheid, armoede, dwelm- en alkoholmisbruik asook ongeskooldheid is ’n groot probleem in Suid-Afrika. Die oortreders is dikwels afkomstig vanuit omgewings waar hulle aan die negatiewe faktore blootgestel is en is een van die redes waarom die residivisme syfer so hoog is. Met die gevangenis-omgewing wat beslis nie bydra tot die bevordering van die positiewe ontwikkeling van die oortreder nie, is dit noodsaaklik dat ernstiger besin moet word oor die belangrikheid van alternatiewe vonnisse. Dit is daarom noodsaaklik dat al die rolspelers ’n gesamentlik poging aanwend om die misdaadverskynsel in sy geheel aan te spreek. Veel belangriker is dat daadwerklik tot aksie oorgegaan word.

BIBLIOGRAFIE

Publikasies

Allen HE & Simonsen CE 1998. *Corrections in America. An Introduction*. 8th edition. New Jersey: Prentice Hall

Barrow O 1999. *Criminal Procedure Act 51 of 1977*. Cape Town: Juta & Co.

Bartol CR 1999. *Criminal Behavior. A psychological approach*. 5th edition. New Jersey: Prentice Hall

Bekker PM, Geldenhuys T, Joubert JJ, Swanepoel JP, Terblanche SS & Van der Merwe SE 2005. *Criminal Procedure Handbook*. 7th edition. Cape Town: Juta and Company Ltd

Carney LP 1974. *Introduction to correctional science*. New York: McGraw-Hill Book Company

Clear T & Cole G 1990. *American Corrections*. Pacific Grove: Brooks/Cole.

Coetzee W, Krüger W, Loubser J 1995. *Korrektiewe Dienste in Fokus*. Johannesburg: Hodder & Stoughton

Conklin JE 1995. *Criminology*. 5th edition. Massachusetts: Allyn and Bacon

Cullen T & Gilbert K 1982. *Reaffirming rehabilitation*. Cincinnati: Anderson

Dodge CR 1975. *A nation without prisons. Alternatives to incarceration*. Massachusetts: Lexington Books

Du Toit E 1981. *Straf in Suid-Afrika*. Kaapstad: Juta

Geldenhuys T & Joubert J. 1996. *Strafprosesreg-handboek*. Kenwyn: Juta

Hansson D & Van Zyl Smit D 1990. *Towards Justice. Crime and State Control in SA*. Cape Town: Oxford University Press

Huysamen GK 1993. *Metodologie vir die sosiale en gedragwetenskappe*. Johannesburg: Southern Boekuitgewers (Edms.) Bpk

Jordaan W & Jordaan J 1989. *Mens in Konteks*. Johannesburg: Lexicon Uitgewers

Kriegler J 1993. *Hiemstra: Die Suid-Afrikaanse strafproses*. Durban: Butterworths

- Latessa EJ & Allen HE** 1997. *Corrections in the community*. Cincinnati: Anderson Publishing
- Louw Dr DA, Van Heerden Prof TJ & Smith Dr PR** 1978. Kriminologiewoordeboek. Durban: Die Vaktaalbuuro van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns
- Lovegrove A** 1989. *Judicial decision making, sentencing policy, and numerical guidance*. London: Springer – Verlag
- MacDonald DC** 1986. *Punishment without walls. Community Service Sentences in New York City*. New Jersey: Rutgers University Press
- Meyer WF, Moore C & Viljoen HG** 1997. *Personologie: Van individu tot ekosisteem*. Johannesburg: Heinemann
- Morris N & Tonry M** 1990. *Between Prison and Probation. Intermediate punishments in a rational sentencing system*. New York: Oxford University Press
- Neser J.J** 1993. *Penitensiêre Penologie*. 2de uitgawe. Johannesburg: Lexicon Uitgewers
- Newburn T** 2007. *Criminology*. Devon: Willan Publishing
- Odendal FF, Schoonees PC, Swanepoel CJ, Du Toit SJ & Booyesen CM** 1983. *HAT Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Pretoria: Perskor Uitgewery
- Porter R, Lee S & Lutz M** 2002. *Balancing Punishment and Treatment. Alternatives to Incarceration in New York City*. New York: Vera Institute of Justice
- Rabie MA, Strauss SA & Maré MC** 1994. *Punishment. An Introduction to Principles*. 5th edition. Durban: Lex Patria Publishers
- Reid ST** 1981. *The correctional system. An introduction*. The University of Tulsa College of Law. New York: Holt, Rinehart and Winston
- Roberts JV** 2004. *The Virtual Prison: Community custody and the evolution of imprisonment*. Canada: Cambridge University Press
- Rosnow RL & Rosenthal R** 1996. *Beginning behavioral research. A conceptual primer*. 2nd edition. New Jersey: Prentice Hall International, Inc. Englewood Cliffs
- Sarantakos S** 1998. *Social Research*. 2nd edition. London: Macmillan Press Ltd

Schmallegger F 2005. *Criminal Justice Today*. 8th edition. New Jersey: Pearson Prentice Hall

Schmallegger F & Smykla JO 2007. *Corrections in the 21st century*. 4th edition. New York: McGraw-Hill

Senna JJ & Siegel LJ. 1984. *Introduction to Criminal Justice*. 3rd edition. Minnesota: West Publishing Company

Silverman IJ. 2001. *Corrections. A Comprehensive View*. 2nd edition. United States of America: Courier Westford

Snyman CR 1992. *Strafreg*. 3de uitgawe. Kaapstad: Butterworths

Terblanche SS 1999. *The Guide to Sentencing in South Africa*. Durban: Butterworths

Terre Blanche M & Durrheim K 2004. *Research in Practice. Applied methods for the social sciences*. Cape Town: University of Cape Town Press

Van der Merwe D 1996. *Sentencing*. Cape Town: Juta

Vass AA 1990. *Alternatives to prison. Punishment, Custody and the community*. London: Sage Publications

Walker N 1980. *Punishment, danger and stigma: The morality of criminal justice*. London: Basil Blackwell Publisher Ltd

Artikels

Besozzi C 1993. Recidivism: How inmates see it. *Correctional Service of Canada*, 5, (93).

Bouvier O 2000. The Senegalese Reform Project on Alternatives to Imprisonment. *The Penal Reform International*.

Bukurura SH 2003. Prison overcrowding in Namibia : The problem and suggested solutions. *Acta Criminologica* 16(1). Pretoria

Cilliers CH & Nesor JJ 1992. Die studiegebied van die penologie. *Studiegids 1 vir PNL100-C*. Pretoria: Departement Penologie, Unisa.

Cilliers CH & Ovens M 2003. A Penological perspective on the handling of the drug offender : A theoretical approach. *Acta Criminologica* 16(2). Pretoria

Cilliers CH 2006. New horizons for parole application in South Africa. *Acta Criminologica* 19(3). Pretoria.

- Cilliers C & Smit J** 2007. Offender Rehabilitation in the South African Correctional System: Myth or Reality ? *Acta Criminologica* 20(2).Pretoria.
- Cloete MGT** 1972. Enkele beskouings oor die individualiseringsproses en misdaad. *NIMRO: Misdaad, Straf en Hervorming*. Vol. 1, (April).
- Cloete MGT & Stevens R** 1990. Criminology. Johannesburg: Southern Publishers
- Cochrane R & Van Zyl Smit D** 1993. Punishment. *Social Justice Resource Project*. Cape Town: UCT Printing Unit
- Corrections Review** 2009. Department of Correctional Services newsletter, March.
- Cullen FT, Latessa EJ, Burton JRV & Lombardo LX** 1993. The correctional orientation of prison wardens: Is the rehabilitative ideal supported. *Criminology* Volume 31 Number 1.
- Dauids L**1995. Paroolrade in Suid-Afrika. Voorgelê luidens die vereistes vir die graad Honneurs Baccalaureus Artium in die vak Penologie. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- David R** 2007. Ten alternatives to prison. <http://prisonministry.wordpress.com> (accessed 9/1/2009)
- Department of Correctional Services**. History of transformation of the correctional system in South Africa. Information document.
- Department of Correctional Services** 2004. Report of the Portfolio Committee on Correctional Services on Solutions and Recommendations to Prison Overcrowding.Pretoria.
- Department of Correctional Services** 2005. White Paper on Corrections in South Africa.
- Department of Correctional Services** 2006. Annual Report for the 2006/07 Financial Year.Pretoria.
- Department of Correctional Services** 2007. Annual Report for the 2007/08 Financial Year.Pretoria.
- Department of Correctional Services Amendment Bill 2007**. Government Gazette No 29893 of 18 May 2007. Pretoria.
- Department of Correctional Services** 2007. Annual Report for the 2007/08 Financial Year.Pretoria.

- Department of Correctional Services** 2008. Statistics. (www.dcs.gov.za), accessed 09/11/2008.
- Department of Correctional Services** 2008. [www-dcs.pwv.gov.za/Offender Management/Newplacements.htm](http://www-dcs.pwv.gov.za/OffenderManagement/Newplacements.htm)
- Department of Justice and Constitutions** 2007. Nationale IJS Case Backlog Reduction Strategy. Presentation by Advocate PA du Rand.
- Dissel A & Mnyani M** 1995. Sentencing Options in South Africa, Cape Town: UCT Printing Unit.
- Dissel A & Ellis S** 2002. Reform and Stasis : transformation in South African Prisons. *Centre for the Study of Violence and Reconciliation*. Cape Town.
- Dissel A** 2003. A review of civilian oversight over correctional services over the last decade. CSPRI Research Paper No 4. *Civil Society Prison Reform Initiative*. CapeTown.
- Dugmore M, Redpath J & Karth V** 2005: Evaluation of the Western Cape community courts. Open Society Foundation for South Africa
- Erasmus NJ** 2007. Judicial Inspectorate of Prisons. Annual Report for period 1 April 2006 to 31 March 2007. Cape Town
- Fagan JJ** 2000. Judicial Inspectorate of Prisons. Annual Report 2000. Cape Town.
- Fagan H** 2004. Curb the vengeance. *SA Crime Quarterly* No. 10
- Fagan JJ** 2005. Judicial Inspectorate of Prisons. Annual Report 2004/2005 Cape Town.
- Fagan JJ** 2006. Judicial Inspectorate of Prisons. Annual Report 2005/2006 Cape Town.
- Fagan JJ** 2006. Judicial Inspectorate of Prisons. Memorandum from the Inspecting Judge on replacing the Minimum Sentence legislation with Sentencing Guidelines. Cape Town.
- Frimpong K** 1992. Searching for alternatives to imprisonment : an African experiment. *South African Journal of Criminal Justice* Volume 5 no.(3)
- Gendreau P & Ross RR** 1987. Revivication of Rehabilitation: Evidence from the 1980's. *Justice Quarterly*, Volume 4 Number 3, September
- Giffard C & Muntingh L** 2007. The numbering of days. Sentencing and prison population growth. *South African Crime Quarterly* No. 20

Glanz L 1993. Managing Crime in the new South Africa. Selected readings. Human Sciences Research Council 1993. Pretoria.

Graser R 1975. Enkele gedagtes oor hervorming van die Suid-Afrikaanse strafstelsel. *Misdaad, Straf en Hervorming* 4 (no.3).

Gresse JB 2006. Attorney's visit to Krugersdorp Prison. Dokument.

Gxilishe B 2004. Revitalising the Department of Correctional Services. Service Delivery Review Vol.3 No. 2. Pretoria

Hoffman S 2005. Rehabilitation of Prisoners in a transforming South Africa. Criminal Justice Conference 7-8 February

Independent Online 2007. (www.iol.co.za:2007).

Jackson JL, De Keijser JW, Michon JA 1994. Do Alternatives to Prison Work? Evaluating progress in a complex research field. Nederlands Institute for the Study of Criminality and Law Enforcement.

Jacobs JJ 1976. Enkele aspekte van maatskaplike werk in proefdienste. Magister Artium graad in die sosiale wetenskappe in die Departement Maatskaplike Werk. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Jacobson L 2005. Profitable Prisons. The Big Issue September. Cape Town

Klopper CF 1987. Straftoemeting deur die bril van die staatsaanklaer, die raadsman van die beskuldigde en die hof, met besondere klem op strafversagting. *Die Landdros / The Magistrate* 22 (4).

Klopper CF 1990. Strafindividualisasie in Suid-Afrika. Referaat voorberei vir die simposium oor vonnisdiskresie. Pretoria

Krügel WF 1991. Ondersoek na Proefdienste en Ondertoesigstelling as lewensvatbare beskikkingsmoontlikheid by vonnisoplegging in die Suid-Afrikaanse Strafrechtspleging. Pretoria

Küpper-Wedepohl L 1980. Alternatives to Traditional Incarceration with special reference to juveniles. Institute of Criminology. Cape Town: University of Cape Town Printing Unit

Law Society of South-Africa. Executive Summary of Prison Visits.

Louw A 2007. Overview of crime trends in South Africa. Institute for Security Studies

Lue-Dugmore M & Karth V 2005. Petty crimes that matter. Evaluating the Western Cape Community Courts. *SA Crime Quarterly* No 15.

Martinson R 1974. What Works ? - Questions and answers about prison reform. *Public Interest* 35:22-54.

- Mihalik J** 1986. Gevangenisstraf : Die noodsaaklikheid vir alternatiewe strawwe
- Mokgoro Y** 2000. A new Sentencing Framework. (Project 82). *The South African Law Commission*. Pretoria.
- Mti LM** 2005. Preamble to the White Paper on Corrections in South Africa.
- Mubangizi JC** 2001. The constitutional rights of prisoners in South Africa. The law versus the practice. *South African Journal of Criminal Justice*. Volume 14, no 3.
- Muntingh LM & Shapiro RJ** 1997. Diversions. An Introduction to Diversion from the Criminal Justice System. National Institute for Crime Prevention and the Rehabilitation of Offenders. Cape Town (Unknown Printer).
- Muntingh LM** 1998. Prosecutorial attitudes towards diversion. Nicro National Office, Cape Town.
- Muntingh L** 2005. Alternative sentencing in South Africa : An update. Institute of Security Studies Monograph no 111, February 2005.
- Muntingh L** 2006. Prisons in a Democratic South-Africa. A guide to the rights of prisoners as described in the Correctional Services Act and Regulations.
- Muntingh L & Giffard C** 2006. The effect of sentencing on the size of the South African prison population. Open Society Foundation for South Africa. Report 3. Newlands Cape Town: Compress
- Muntingh L** 2008. Deaths in custody and medical parole. Submission to the portfolio committee on correctional services regarding deaths an custody and medical parole. Civil Society Prison Reform Initiative, *Community Law Centre*. Bellville: University of Western Cape.
- Muntingh L** 2008. Punishment and deterrence. Don't expect prisons to reduce crime. SA Crime Quarterly no.26. December
- Nacro Newsletter** 2007. Prison report shows results of addiction to custody. (Paul Cavadino). 30 January 2007
- National Prosecuting Authority** 2007 Annual Report. Section 2 Delivery. (Diversions).
- National Prosecuting Authority**. Guidelines for Retorative Justice for Prosecutors. Information document.
- National Prosecuting Authority**. Court and Case flow management - Legislation and policy. Practical guide for South-African Lower Courts. NPA information document.

- Naude B, Prinsloo J & Ladikos A** 2003. Magistrate's and prosecutor's sentencing preferences based on crime case scenarios. *Acta Criminologica* 16(5). Pretoria: Unisa
- Naude B, Prinsloo J & Ladikos A** 2003. Restorative Justice : A global overview as it's functioning and effectiveness. *Acta Criminologica* 16 (5) 2003. Institute of Criminological sciences. Pretoria: Unisa
- Naude B, Prinsloo J & Ladikos A** 2003. Restorative Mediation Practices. *Acta Criminologica* 16 (5) 2003. Institute of Criminological sciences. Pretoria: Unisa
- Nel GJ** 1986. 'n Penologiese evaluasie van die kommissie van ondersoek na die strafstelsel van die republiek van Suid-Afrika se hantering van die oogmerke van straf. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat
- Neser JJ** 1980. 'n Teoreties-prinsipiele studie oor sekere aspekte van die straf en behandeling van die oortreder vanuit 'n penologiese perspektief. D. Litt. Et Phil. in die vak Penologie. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika
- Neser J** 2001. Reformation of sentencing in South Africa. *Acta Criminologica* Vol 14 (2) 2001. Pretoria: Unisa
- Office of the United Nations High Commissioner for Human Rights** 1997-2002. United Nations Standard Minimum Rules for Non-custodial Measures (Tokyo Rules) Geneva Switzerland
- Open Society Foundation for South Africa** 2005. Workshop on minimum sentencing. Cape Town January
- Open Society Foundation for South Africa** 2006. Roundtable discussion on plea and sentence agreements. Pretoria
- Oppler S** 1998. Correcting Corrections: Prospects for South Africa's prisons. Institute of Security Studies Monograph Series No 29.
- Parliamentary Monitoring Group** 2002. Jali Commission of Inquiry. Report to be presented to the Parliamentary Portfolio Committee.
- Penal Reform International** 1999. Alternatives to Imprisonment in the Republic of Kazakhstan. Conference.
- Penal Reform International** 2006. Annual Report
- Pete S** 1998. The politics of imprisonment in the aftermath of South Africa's first democratic election. *South African Criminal Journal* (11).

Report of the Portfolio Committee on Correctional Services on Solutions and Recommendations to Prison Overcrowding. 15 November 2004. South Africa

Roach K 2000. Changing punishment at the turn of the century: Restorative justice on the rise. *Canadian Journal of Criminology*, Canada

Sarkin J 2008. Human Rights in South African Prisons. Human Sciences Research Council. Cape Town South Africa

Schönteich M 1999. Sentencing in South Africa. Public perception and judicial process. Occasional Paper No. 43. Institute for Security Studies. South Africa

Schönteich M, Mistry D & Struwig J 2000. Qualitative Research Report on Sentencing. Commissioned by German Technical Co-operation Legislative Drafting Project

Sekhonyane M 2004. Rehabilitation starts with alternatives to prison. SA Crime Quarterly No 7 March 2004

Sekhonyane M 2002. The Jali commission on prison corruption - Showing its teeth. SA Crime Quarterly 2 November 2002. Institute for Security Studies. South Africa.

Selfe J 2007. *Frequently, there are not enough staff members on duty, with consequent implications for their security* (www.news24.com), accessed 18/05/2007.

Shabangu KI 2006. Prison overcrowding in the South-African Correctional Services : A penological perspective, Master of Arts degree. Pretoria: University of South Africa.

Singh S 2002. Community based sentences : An alternative to short-term imprisonment. Master of Arts degree in Penology. Pretoria: University of South Africa.

Skelton A 2004. Alternative Sentencing Review. Civil Society Prison Reform Initiative Research Paper Series No 6.

Sloth-Nielsen J, Ehlers L 2005. Assessing the impact. Mandatory and Minimum sentences in South Africa. *S.A. Crime Quarterly* no. 14. December 2005

Smit J 2004. Community corrections as an alternative to imprisonment in South Africa. *Acta Criminologica* 17(3). Department of Corrections Science. Pretoria: University of South Africa

South African Constitution, No. 108 of 1996,

Statistics South Africa 2001. Census 2001: Primary tables South Africa. Census '96 and 2001 compared Statistics South Africa. Report No. 03-02-04 (2001). Pretoria

Steinberg J 2005. Prison overcrowding and the constitutional right to adequate accommodation in South Africa. Paper commissioned by the Centre for the Study of Violence and Reconciliation.

Terblanche S 2008. Research on the sentencing framework bill. Report 4. The Open Society Foundation for South Africa

The Law Society of South Africa, May 2003 (De Rebus).

United Nations Standard Minimum Rules for the Treatment of Prisoners 13 May 1977. First United Nations Congress on the Prevention of Crime and the Treatment of Offenders, Geneva Switzerland

Van den Berg A 2007. Summary and comment on the Final Report of the Judicial Commission of Inquiry into Allegations of Corruption, Maladministration and Violence in the Department of Correctional Services - "The Jali Commission". CSPRI Report No. 13.

Van der Merwe DP 1982. Straftoemeting: Intuisie of wetenskap ? De Jure 15:260-266

Van Rooyen JH 1980. The decision to imprison - the court's need for guidance. Suid-Afrikaanse tydskrif vir Strafreë en Kriminologie.

Van Zyl Smit D 1999. Sentencing and Punishment.

Van Zyl Smit D & Dünkel F 2001. Imprisonment Today and Tomorrow. International Perspectives on Prisoners Rights and Prison Conditions. Kluwer Law International The Hague Netherlands

Vermaak L 2007. Crime and Sentencing in the new South Africa. A brief perspective. Advocate.

Verslag van die kommissie van ondersoek na die strafstelsel van die Republiek van Suid-Afrika (Viljoenkommissie) 1976. Pretoria: Staatsdrukker.

King's College London 2009. Prison Brief for South Africa.
www.kcl.ac.uk/depsta/rel/icps/world-prison-population-list-2005.pdf

Wolela M 2009. Minister of Correctional Services Ngconde Balfour, on the event of the release of Mr Shabir Shaik on medical parole by the Durban Westville Management. South African Government Information. Pretoria.

Yekiso NJ 2007. Judicial Inspectorate of Prisons. Annual Report for the period 1 April 2007 to 31 March 2008. Cape Town.

Persberigte

Beeld 2001. Afrika-gerigte vonnisse nodig (Waldimar Pelser), 18 April,6.

Beeld 2003. Regstelaksie lei tot vol tronke (Philip De Bruin), 30 Januarie,2.

Business Day 2005. Renewed pleas for early releases to alleviate prison crowding (Ernest Mabuza), 8 Februarie,9.

Business Day 2006. Backlash follows Chinese police 'naming and shaming' prostitutes (Sapa-DPA), 8 December, 6.

Cape Argus 2003. Why prisons are universities of crime (Lynne Altenroxel), 11 November,14.

Cape Times 2003. Half of all "rehabilitated" criminals go back to crime (Sefara Makhudu), 08 October,4.

Cape Times 2003. One woman to deal with 800 offenders (Fatima Schroeder), 20 May,1.

Cape Times 2004. Community service for 2 doctors who took kick backs, rules court (Karyn Maughan), 01 April,6.

Cape Times 2004. Judge to check filthy prison (Ilse De Lange), 3 September, 10.

Cape Times 2006. Giving prisoners the key to open gates of the future (Monwabisi Mtyiwazo),16 May, 09.

Cape Times 2007. Balfour admits to Pollsmoor healthcare problems (Angela Quintal), 5 June,4.

Cape Times 2007. Independent experts needed to solve prison problems, say reform group (Vusumuzi Ka Nzapheza), 5 June, 4.

Cape Times 2008. Private companies submit bids to build, run five new prisons (Jo-Anne Smetherham), 12 March,6.

Cape Times 2008. Hundreds of terminally ill prisoners dying in jail because of parole neglect,(Siyabonga Mkhwanazi), 6 August, 5.

City Press 1994. Nkosi Mwelo Nonkonyane 01 August,4.

Die Burger 2003. Vol gevangenis: Omstrede voorstel amnestie vir tronkvoëls SA het 4 keer meer in tronk as die Britte (Anesca Smith), 24 Mei,1.

Die Burger 2007. Tronkbesoek ontstig LP (Marelize Barnard), 1 Februarie,6.

- Die Burger** 2007. Al daal misdaadsyfers, dink SA nie so (Liesl Pretorius), 19 Mei, 4.
- Die Burger** 2008. Kruger-saak wys tronke help nie rehabiliteer (Llewellyn Prince), 27 Maart, 8.
- Die Burger** 2008. Verdagte kry nie vigspele in tronk (Jackie Pienaar-Brink), 17 Mei, 5.
- Die Burger** 2008. Die sonder borg geld kos R2 miljoen per dag (Llewellyn Prince), 30 Junie, 5.
- Die Burger** 2008. Tronke bars uit hul nate (Llewellyn Prince), 1 Julie, 11.
- Fair Lady** 2004. Judging our judges (Laura Twiggs). March, 45-47.
- Pretoria News** 2008. Langa wants the press to judge SA judiciary (Sapa), 31 March, 2.
- News24.com** 2007. Prison doc gets his job back. (www.news24.com), accessed on 27/12/2007.
- Rapport** 2007. Die tronke raak al voller en die skole al leer (Lizel Steenkamp), 26 Mei, 16.
- Rapport** 2007. Howe moet slimmer dink oor strafmaatreëls (Sonja Karstens), 29 September, 12.
- The Citizen** 1997. Use of ships as prisons again mooted (Brian Stuart), 12 September, 17.
- The Citizen** 1998. Ponte prison plan go-ahead this year (Brian Stuart & Hugo Hagen), 13 February, 13.
- The Citizen** 2000. General public distrusts SAPS, justice system (Herman Conradie), 26 May, 8.
- The Mercury** 2006. Alternative sentencing on cards (Nathan McIntire), 21 June, 4.
- The Star** 2008. Man jailed for stealing shoe polish (Oris Mnisi), 21 January, 6.
- The Straits Times Interactive** 2006. Judge's innovative sentencing approach Singapore (Staff reporter), 2 June.
- Weekend Argus** 1997. Prison ships afloat next year, says minister (Glynnis Underhill), 30 November, 4.

Weekend Argus 2006. Courts urged not to send moms to jail without thought for kids (Estelle Ellis), 11 November,15.

Weekend Argus 2007. The multitude battling to get into jail. Officials blame overcrowding for Pollsmoor's visiting hours chaos (Patrick Burnett), 12 May,18.

Weekend Argus 2007. Sex on the floor and your choice of drugs (Helen Bamford), 9 June,10.

Weekend Argus 2008. Arthur Brown in sex attack (Bronwynne Jooste), 17 May,1.

Weekend Post 2004. Courts in bid to understand criminal behaviour (Tabelo Timse), 3 April,8.

(www.news24.com) 27/12/2007

AANHANGSELS

SKEDULE : A

Persone met wie informele gesprekke gevoer was :

Mnr Gideon Morris	Regterlike Inspektoraat vir Gevangenis
Mnr Hein Mans	Goodwood Gevangenis
Me Rene van Staden	Nimro Hoof: Bellville
Me Elmarie Du Toit	Hoof Landdros : Bellville
Mr David Kessler	Prokureur
Mnr Fourie Truter	Hoof: Straatwerk – (Ophelp projek)

SKEDULE : B

SAAKVERWYSINGS:

SAAK
<i>S v Abrahams</i> (1) SACR 172 (C)
<i>S v Abrahams</i> 1990 (1) SACR 172 (C)
<i>S v Abrahams</i> 1990 (1) SACR 172 (C)
<i>S v Adriaan de Lange Swart</i> , saak 9974
<i>S v E</i> 1992 (2) SACR 625 (A)
<i>S v Flanagan</i> 1995 (1) SACR 13 (A)
<i>S v Ingram</i> 1995 (1) SACR 1 (A)
<i>S v Kleynhans</i> 1994 (1) SACR 195 (O)
<i>S v Kotze</i> 1994 (2) SA 214 (C)
<i>S v Kumalo</i> (1973) (3) S.A. 697 (A)
<i>S v Makwanyane</i> 1995 (2) SACR 1 (CC)
<i>S v Malgas</i> (117/2000) (2001) ZASCA 30 (19 Maart 2001)
<i>S v Margaret Gladys Harding</i> (unreported case SS61/92 23-9-1992)
<i>S v Mathee</i> 1971 3 SA 433 (A) 486-487
<i>S v Maxaku, Williams</i> 1973 (3) SA 248 (C) 256
<i>S v Medell</i> 1997 (1) SACR 682 (C)
<i>Minister of Justice v. William A Hofmeyer</i> (240/91) 1993 ZASCA 40; 1993 (3) SA 131 (AD),
<i>S v Mogara</i> 1990 (2) SACR 9 (T)
<i>S v Mogarain</i> 1990 (ongerapporteerde saak)
<i>S v Nel</i> (1995 (2) SACR 362 (W)
<i>S v Potgieter</i> 1994 (1) SACR 61 (A)
<i>President of the RSA v Hugo</i> 1997 (1) SACR 567 (CC)
<i>S v R</i> 1993 (1) SA 476 (A)
<i>S v Rabie</i> 1975(4) SA 855 (A)
<i>S v Russouw</i> 1991 1 SACR 561 (C)
<i>S v Schietekat</i> 1998 (2) SACR 707 (CPD) at 715
<i>S v Schutte</i> 1995 (1) SACR 344 (C)
<i>S v Sikhunyana</i> (1) SACR 206 (Tk) 1994
<i>S v Swanepoel</i> (1945) AD 444 - 454
<i>S v Van Vuuren</i> 1992 (1) SACR 127 (A)
<i>S v Viljoen</i> 1971 3 SA 483 (A)
<i>S v Whitehead</i> 1970 e SA 424 (A) 439
<i>S v Williams</i> 1995 2 SACR 251 (CC)
<i>S v Zinn</i> 1969 2 SA 537 (A)